Geanker in die Rots

JESUS CHRISTUS

PJ Stassen

Geanker in die Rots

JESUS CHRISTUS

Kopiéreg © 2024 PJ Stassen
Alle Regte Voorbehou

"Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting. Want wie is God buiten die HERE, en wie is 'n rots behalwe onse God? Die HERE leef! En geloofd sy my rots, en laat verhoog wees die God van my heil!"
[Psalm18:3, 32, 47AOV]

ISBN 978-0-7961-4647-2

1ste Uitgawe 2024
2de Uitgawe 2024

PJ STASSEN
EvangelismRSA
SUID-AFRIKA

Opgedra aan

Jeanette Etricia Brits *Née* Gouws

(Nettie)

"Many people will walk in and out of your life, but only true friends leave footprints in your heart."

Eleanor Roosevelt
(1884-1963)

DANKBETUIGING

1. Andrews, Allen (1969) *Quotations for Speakers and Writers*. Newnes Books.
2. Bybel, Ou Afrikaanse Vertaling (AOV).
3. eSword.net. Bybel (AOV).
4. Eleanor Roosevelt (Aanhaling).
5. Voorblad-ontwerp: PJ Stassen.
6. Outeurs & Bronne soos aangehaal & aanbeveel.
7. 'Geanker in die Rots Jesus Christus': 1 ste Uitgawe, Revisie #1: 24 Februarie 2024.

L.W. Vir die doel van hierdie Eboek, wanneer statistiek gerapporteer word, verkies hierdie outeur die gebruik van die *desimale punt,* en nie die *desimale komma,* as sy voorkeur *desimale skeider ('decimal separator')* wanneer syfers aangehaal word.

VOORWOORD

Na 'n reeks van boeke in Engels, is hierdie my eerste boek in my moedertaal Afrikaans, met die titel, *Geanker in die Rots, Jesus Christus.* Volgens die Bybel:

"... en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.
"Hy het hom laat ry op die hoogtes van die aarde, en hy het die opbrings van die veld geëet; en Hy het hom heuning uit die rots laat suig en olie uit die klipharde rots;
" Ja, Hy sou hulle voed met die beste van die koring; en met heuning uit die rots sou Ek jou versadig."
[1Korinthiërs10:4; Deuteronomium32:13; Psalm81:17AOV].

Let wel hoe die Bybel benadruk dat Jesus Christus die ware geestelike Rots is waarop die universele Kerk van Christus gebou is, en dus nie gebou op die Apostel Petrus, soos sommige denominasies ons tevergeefs probeer leer, nie. Mag die geestelike drank en heuning van God se genade, guns en oorvloed ryklik uit daardie Rots oor die leser van hierdie boek vloei.

Leeswenk: Aangesien hierdie nie 'n storieboek is wat vereis dat dit van vóór tot agter gelees word nie, maar eerder 'n 'nie-fiksie teksboek', word lesers aangeraai om selektief te lees en hoofstukke in terme van die onmiddellike belangstellingsveld eerste te lees, ongeag die hoofstuk nommer.

PJ Stassen
Centurion
SUID-AFRIKA

November 2023.

Piet Stassen (Geb.1947),
Deon Stassen (Geb.1979) &
Cecilia Stassen (Geb.1981)
(Margate, RSA, 1980s)
Foto: Meisie Stassen
(Stassen argiewe)

INHOUD

Dankbetuiging 4
Voorwoord 5

1. Vasgevang in die Gevangenis van Ateïsme? 9
2. Ateïsme: Verwarring van ‘n Enorme Omvang 13
3. Die Gordiese Knoop van die Humanis Ontrafel 16
4. Die Frustrerende Doodloopstraat van die Ateïsme 22
5. Die Ateïs se Finale ‘Catch-22’ 26
6. Armageddon (Geestelik): ’n Botsing tussen Twee Beskawings 30
7. Ateïsme: Die Beliggaming van Meedoënlose, Hartelose Onverskilligheid 33
8. Die Olifant van Ateïsme in die Kamer 35
9. Redes waarom Ateïste God nie sal sien nie 37
10. Ateïsme: Die Verwardheid van Richard Dawkins 45
11. Ateïsme: Ellende hou van Geselskap 51
12. Redes waarom Ateïste nie die Bybel wil lees nie 54
13. Redes waarom Ateïste nie van God hou nie 57
14. Is Demone Slimmer as Mense? 63
15. Waardevolle Geskenke wat die Ateïste van die hand gewys het 66
16. Hoop vir Ateïste 71
17. Demokrasié: Moet die Meerderheid altyd Vertrou word? 74
18. Demokraties versus Totalitêre Regimes: Watter Leërs Presteer tydens Oorlog die Beste? 77
19. Geweld in Skole: Waarom is ons nie Verras nie? 80
20. Hoe om “Nee!” te sê vir die Kommunisme 84
21. Kapitalisme of Sosialisme? 87
22. Kennis wat nie die moeite werd is om te Weet nie 89
23. Klimaatsverandering: En steeds wil die Pennie nie val nie! 94
24. Kosmos of Chaos? 98
25. Mites wat Mense steeds Verwar 101
26. Is Mense dalk besig om hul Siel te Verloor? 106
27. Vrae wat die Wetenskap nie kan beantwoord nie 108
28. Waar Kritiese Ras Teorie (KRT) die spoor byster geraak het 116
29. Bybelse (Jong Aarde) Skepping vs. Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping 119
30. Bybelse Skepping vs. Ateïsme: Waar Richard Dawkins sy Weg Verloor 124
31. Die Drosophila Vrugtevlieg en Evolusie 128
32. Christelike Ateïsme: Kultus van Onredelikheid 131
33. Weerlegging van sogenaamde ‘Voorbeelde van Evolusie’ 134
34. Evolusie: Maak kennis met die Top Spesies 144
35. Evolusionisme se Gallery van Skaamte 147
36. Het Evolusie regtig die ‘Fossiel Rekord’ veroorsaak? 151
37. Skeppende Evolusie? Jy Maak Seker ’n Grap? 154

38. Sal God die Wetenskap Oorleef? 157
39. Het Jesus Christus in Evolusie geglo? 159
40. Alle Lewens is Belangrik! 161
41. BYBEL: Basiese Instruksies voordat Jy die Aarde Verlaat 163
42. Bybelse Klimaatsverandering: Maak jou klaar vir die Ergste Klimaatsverandering nog aan die Kom! 166
43. Blinde Geregtigheid 169
44. Bou Jou Huis op die Rots 171
45. Christendom: Die Grootste Land ter Wêreld! 173
46. Christologié: Die Lewe en Missie van Jesus van Nasaret (Die Christus) 176
47. Die Anatomié van 'n Wonderwerk 187
48. Die Berg Golgotha Geklim 192
49. Die Kwaaddoener aan die Kruis 194
50. Die Bybel: Hoeveel 'Adams' in die Geskiedenis? 195
51. Die Genealogié van Jesus Christus terug herlei na Adam 199
52. Die Vier Seisoene van die Lewe 202
53. Die Vrees van God: Is dit regtig Nodig? 204
54. 'n Saak van Lewe en Dood 209
55. Gered deur die Klok van die Verlosser 213
56. God se Wonderbaarlike Gedenkboek 215
57. Die Bloed van die Kruis 219
58. Hoe die Bybelse Argeologié getuig van die Historisiteit van die Bybel 222
59. Hoe Christene weet dat Adam en Eva die Eerste Twee Mense ooit was 224
60. Hoe Christene weet dat die Sondvloed van Noag regtig plaasgevind het 230
61. Hoe Jesus Christus vandag deur Nuusberigte geregverdig word 234
62. Hoop vir die Mensdom 237
63. Jesus Christus: Die LIG van die Wêreld 240
64. Ken Jesus Christus Wetenskap? 244
65. Kettery in die Kerk? 247
66. Kom in die Ark in! 253
67. Leer die Bybel werklik Sosialisme? 256
68. Lees die Laaste Hoofstuk! 262
69. Omdat die Bybel ons so leer! 265
70. Omdat Jesus Christus so gesê het! 268
71. Reuse in die Bybel 272
72. Sieraad vir as 274
73. Geestelike Oorlogvoering: Die Gebedsdagboek 276
74. Tien Empiriese Bewyse dat God Waarágtig is 279
75. Waarom Wetenskaplikes net 5% weet van dit wat in die Kosmos aangaan 288
76. Waarom Christene nie hul tyd met die Spiritualisme verspil nie 291
77. Waarom Diamante so Waardevol is 296
78. Waarom Christene nie hul tyd met New Age-Spiritualiteit verspil nie 299
79. Waarom Christene nie hul tyd met die 'Skiëntologié' ('Scientology: Church of

Scientology') verspil nie 302
80. Waarom Christene nie Waarsêers raadpleeg nie 308
81. So jy reken dat jy slegs 'n Nul is op pad na Nêrens? 314
82. Waarom Boeddhiste, Hindoes en Moslems Jesus Christus as Verlosser mag Aanvaar 318
83. Wee die Herders wat die Skape verstrooi! 322
84. Saggies en teer is die Roepstem van Jesus 325
85. Waarom ons Wedergebore moet word 328
86. Kyk, Hy kom met die Wolke! 334
87. Wat Jesus Christus alle Oorwinnaars belowe het 337
88. Wees Stil en Weet dat Ek God is! 342

Epiloog 347
Aanhangsel A: Name & Titels van Jesus Christus 348
Aanhangsel B: Die Genealogié van Jesus Christus 355
Aanhangsel C: Aanbevole Boeke 356
Outeursprofiel 362

1

VASGEVANG IN DIE GEVANGENIS VAN ATEÏSME?

"Ken jouself!"?
Indien ek myself moes geken het, sou ek waarskynlik weggehardloop het.

Johann Wolfgang von Goethe
(1749-1832)

1. **"Daar bestaan nie soiets soos 'Morele Absolutes' nie!** Dit wil voorkom asof vele ateïste, agnostici, moderne 'neo-paganiste' of geswore sekulêre humaniste tans wegkwyn agter die tralies van die intellektuele gevangenis van ateïsme, agnostisisme of skeptisisme, byvoorbeeld die tralies van so 'n vreemde oortuiging as: *"Daar bestaan nie soiets soos morele absolutes nie!"*

Die vraag is egter: Indien die spreker dan so seker is oor sy sentiment dat daar nie soiets soos "morele absolutes" bestaan nie, hoe kan die spreker dan absoluut seker wees van sy standpunt dat daar nie soiets soos morele absolutes bestaan nie? In terme van sy eie filosofié lieg hy dalk juis vir homself aangesien hy in terme van sy eie lewensbeskouing nie glo aan morele absolutes (soos byvoorbeeld, 'die absolute waarheid') nie. Ironies genoeg wil dit dus blyk dat die ateïs ook nie in 'Absolute Waarheid' glo nie (m.a.w. wie wil volstaan by die humanisme se beginsels van die situasionele etiek en morele relativisme) behalwe vanselfsprekend (volgens hom) vir die "absolute waarheid van die ateïsme".

Irónies genoeg sal dieselfde ateïs wie se voertuig gesteel of gekaap word ook blou moord skreeu by die ontdekking daarvan, en hom dan dadelik na die naaste polisiestasie haas om 'n klag daaroor te registreer en 'n assuransie-nommer te verkry; hoe weet hy dan nou skielik so duidelik wat die verskil tussen 'reg' en 'verkeerd' is? Nietemin is die ateïs se oortuiging dat hy "moreel sonder 'n God" kan wees, en "moreel" kan optree omdat hy eenvoudig net sy "gewete" hoef te volg, gebaseer op 'n foutiewe begrip van die gewete; deur die invoer van inligting, opleiding, opvoeding en selfs deur subliminale indoktrinasie kan die gewete geprogrammeer word om te glo wat dit moet glo, wat die gewete dus 'n onbetroubare norm of maatstaf maak. Adolf Hitler en Hermann Göring se 'gewete' het hulle oortuig dat dit moreel geregverdig was om miljoene Jode sistematies uit te moor, terwyl Christen-leiers soos Dieter Bonhoeffer, wie die hoogste prys betaal het, en Martin Niemöller, wie die Holocaust oorleef het, se gewete hulle oortuig het dat dit verkeerd was.

Maar, as daar nie soiets soos 'n transendente, Hemelse 'norm' of goue standaard vir 'reg' en 'verkeerd' bestaan het nie, hoe sou ons ooit kon weet of Hitler en

Göring verkeerd en Bonhoeffer en Niemöller reg was? Ons kan weet omdat Hitler en Göring se maatstaf (morele kompas) Hitler se boek, *Mein Kampf*, en die *Nazi ideologié* (onder andere te danke aan mense soos J.G. Fichte, W.H. Riehl en A. Rosenberg ens.) hulle norm was, terwyl die *Bybel* (m.a.w., arguments-onthalwe, die waardes en leringe van Moses en Jesus Christus) Bonhoeffer en Niemöller se moréle kompas was. Interessant genoeg is die Nazi se top leiers (m.a.w. diegene wat nog in die lewe was na 1945) by Nuremberg veroordeel, nie op grond van enige wet wat in Duitsland op die boeke was nie, maar wat in die Bybel geleer word, nl., "Jy mag nie iemand doodmaak (vermoor) nie!"

2. **"Daar bestaan nie soiets soos 'n 'God' nie!"** Wetenskaplikes erken vandag ruiterlik dat hulle slegs ongeveer 5% weet van wat alles in die Kosmos aangaan, en beskryf die res (95%) as, "onverklaarde donker materié en donker energie", wat nie deur wetenskap-instrumente opgespoor of verklaar kan word nie.

Dit is dus logies dat God (die Wese wat volgens die ateïs kwansuis nie bestaan nie) van die wetenskap se waarneming verberg kan wees in die 95% van die Kosmos wat die wetenskap tans nog nie kan waarneem of verklaar nie. Dink so daaraan: Dit verg darem 'n geweldige klomp moed om jou lewe en toekoms te wil waag op 'n akadémiese fondament waar jy aanspraak kan maak op slegs sowat 5% betroubare inligting oor daardie fondament waarop jy wil waag.

Verder, net so erken wetenskaplikes verder ook ruiterlik dat hulle tans slegs sowat 10% tot 20% weet wat alles aangaan in die oseane van ons planeet, en dat 80% tot 90% van inligting oor die oseane nog onbekend is. Indien die evolusioniste, nes ander wetenskaplikes, dan ná 'miljoene jare' (sogenaamd) nog steeds net 5% van die Kosmos en 10% tot 20% van die oseane af weet (van wat daar alles te wete is) hoe lank gaan dit wees voordat hulle eendag 100% van alles (van die geheime en dinamiek van die Heelal waarin ons leef) gaan weet? Hoe kan enige regdenkende mens (veral iemand wat homself/haarself 'n "wetenskaplike" noem) teen die agtergrond van sulke karige wetenskaplike inligting oor die Heelal die moed wil bymekaar skraap om met soveel oortuiging te beweer dat daar nie so iemand soos God bestaan nie?

Verder moet ons ook in gedagte hou dat die wetenskaplike se syfer van 5% (vir die somtotaal van huidige wetenskaplike kennis) waarskynlik in die eerste plek nie korrek is nie, aangesien hierdie skatting (5%) van dieselfde (relatief onkundige) wetenskaplikes af kom ... en, 5% van wat? Hoe kan iemand wat net 5% van 'n saak of voorwerp af weet, weet wat 100% omtrent daardie saak of voorwerp alles behels, of hoeveel die persentasie van die 100% wat hy nie weet nie, sal wees? Vir al wat ons weet, weet hulle net 0.5% van alles wat geweet kan word, indien nie nog minder nie.

3. **"Daar bestaan nie soiets soos lewe ná die dood nie!"** Hierdie bygeloof (dat daar nie soiets soos lewe-ná-die-dood bestaan nie) is klinkklare bewys hoe die godsdienskultus van die Ateïsme die wêreldbeskouing, d.i., dat daar nie soiets soos lewe-ná-die-dood bestaan nie (met ander woorde, die kultus van 'dood-ná-dood') omarm het.

Doen die berekening: Indien daar nie soiets soos lewe-ná-die-dood bestaan nie, wat sou moord, diefstal, huisbraak, ontvoering, 'n voertuig-kaping, geldverduistering, geldwassery, bankroof, afpersing, aanranding, volksmoord, rasse-diskriminasie, regerings-korrupsie ens. verkeerd of immoréél maak?

Buitendien, indien die dood-ná-dood vertrekpunt dan vir die ateïs so belangrik is om te handhaaf, waarom handhaaf regters en magistrate (wie self soms ateïste mag wees) in ons howe dan so getrou (en streng) die beginsels van die *Tien Geboie* (uit die Bybelse boeke van Exodus en Deuteronomium) met die verbod op en strawwe vir aanranding, moord, diefstal en meineed, ens.? Waarom sou dit dan in die hof dan nog hoegenaamd saak gemaak het?

Nietemin, ek dink dit was Charles Spurgeon (1834-1892) wat geskryf het dat die dood (soos ons dit ken) nie die einde van ons lewe is nie, maar die einde van ons 'dood' (die tradisionele gebruik om te sterf) is. Terwyl hierdie lewe vir die ateïs al is waarna hy kan streef om te koester en te geniet (of om te ly en te verduur) begin wáre lewe vir die gelowige Christen dus eers ná die 'dood', met hierdie lewe op aarde dalk slegs 'n broodnodige soort (voorbereidende) 'kleed-repetisie'. Mens kan, arguments-onthalwe, baie dinge in 'n kits in die klaskamer leer; maar, die aanleer van 'n verterende konsep soos 'nostálgie' (d.i., die hartroerende pynlike of aangename verlange na of herinneringe aan vervloëe dae, plekke en vriende) kan mens byvoorbeeld net oor 'n lang tydperk heen (bv., 70 tot 80 jaar as mens sterk is) leer.

4. **"Die lewe het geen doel of betekenis nie!"** Dink mooi hieroor na: Indien hierdie stelling wáár en geldig was, sou ons waarskynlik nie eers daarvan geweet het nie. Met ander woorde, hoe sou ons kon weet dat die lewe nie oor 'doel' en 'betekenis' beskik het nie indien daar nie eers sulke woorde soos 'doel' en 'betekenis' in ons woordeboeke (en gevolglik in ons woordeskat) sou bestaan het nie? Net die feit dat ons hierdie twee konsepte kan oproep, en, hierdie twee woorde kan opsoek in 'n woordeboek met die doel om daaroor ná te dink (omdat die bestaan daarvan duidelik nodig was), vereis alreeds die bestaan daarvan, en dat die lewe gevolglik oor 'doel' en 'betekenis' beskik.

Wat wel onder sekere omstandighede geldig kon wees is om te beweer dat, byvoorbeeld, *"My besondere bestaan en lewe in hierdie wêreld beskik volgens my besondere opinie nie tans oor enige besondere doel of betekenis nie!"* Maar, hoe sou dit dan ooit oor doel en betekenis kon beskik wanneer iemand 'n ateïs was ... iemand wat die Outeur van die Lewe (en van ware Doel en Betekenis) uit die staanspoor uit sy lewe verban het?

Wat dit alles op neerkom is dat die ateïs toegesluit is in die gevangenis van ateïsme deur sy eie toedoen; die sleutel waarmee hy die tronkdeur kan oopsluit is in sy eie sak, 'n sak van ongeloof en trots wat hom verhoed om die deur oop te sluit en uit te stap na die vryheid van geloof in God en in 'n lewe in wat wel oor doel en betekenis sou beskik.

5. **Steeds agter tralies?** Al wat die ateïs dus verhoed om uit die intellektuele gevangenis van ateïsme te ontsnap is sy TROTS. Die Bybel leer:

"Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie."
[Psalm14:1bAOV].
"Die goddelose, met sy neus in die hoogte, sê: Hy ondersoek nie: daar is geen God nie—dit is al sy gedagtes!"
[Psalm10:4AOV].□

"Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie."
[Psalm14:1bAOV]

2

ATEÏSME: VERWARRING VAN ENORME OMVANG

Die grootste handeling van geloof is wanneer 'n man uiteindelik tot die slotsom kom dat hy nie God is nie

Oliver Wendell Holmes
(1841-1935)

1. **Inleiding.** Alreeds eeue gelede is die Christendom gewaarsku teen die verwarring wat ongeloof onder die heidendom sou bring. Vandag wil ongelowiges, en veral die ekstreme groep bekend as 'ateïste' (wie in dieselfde asem wil beweer dat God "dood" is) irónies alle teëspoed en ongeluk toeskryf aan die God van die Bybel, salig onbewus daarvan dat Satan die god van hierdie wêreld is en wie verantwoordelik is vir alle vorme van rasse-haat, chaos en tragédie in die samelewing. Die Bybel leer:

> "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie. Want ons verkondig nie onsself nie, maar Christus Jesus as Here, en onsself as julle diensknegte om Jesus wil." [2Korinthiërs4:3-5AOV].

2. **'n Disfunksionele persoonlike geloofstelsel?** Dit wil ook voorkom asof die ateïste geen benul het van wat hulle regtig glo nie: Sommige meen dat daar nie soiets soos "goed en kwaad" in die Kosmos bestaan nie, maar net die feit van God se "hartelose en meedoënlose onverskilligheid" (Richard Dawkins) terwyl ander (weer soos Dawkins) glo dat God en godsdiens "boos" is. Ander bewegings glo weer dat God wel bestaan het maar dat Hy sekerlik intussen "oorlede" is ("God is dead!"*),* terwyl hulle steeds volstaan by die houding dat hulle (en inderdaad alle mense) nogtans sonder die Bybelse gelowiges (die Jode en Christene) se God steeds "meelewend" en "regverdig" voor die samelewing kan staan en "goed" kan wees sonder 'n "God".

Indien ateïste dan inderdaad "goed" kan wees "sonder God"', hoe kan sommige van hulle dan die stelling maak dat daar nie soiets soos "goed" en "kwaad" bestaan nie, of, in dieselfde asem, reken dat God "boos" (sleg) is? In die finale analise wil ons graag weet wat hulle nou eintlik glo:

- God bestaan maar Hy is "boos" (sleg)! (?)
- God het wel bestaan maar Hy is intussen "dood"! (?)

- God bestaan maar is terselftertyd "boos" en "dood"'! (?)
- Daar bestaan nie soiets soos "goed" of "kwaad" (boosheid) nie maar God is wel "boos" en ateïste kan nogtans "goed" wees sonder God! (?)

3. **Geen Moréle Kompas?** Bovermelde vrae lei tot nuwe vrae: Byvoorbeeld, as God dan "boos" is (die tése) wat sou dan die ántitese (teenoorgestelde) daarvan wees? En, as ateiste dan "goed" kan wees sonder God (die tése) wat sou die ántitese daarvan kan wees? Sonder die universele goue standaard van die Hebreeuse Bybel (Nuwe Testament) se *Tien Gebooie* (die morele Wet van Moses, die *Evangelie van Jesus Christus* (Nuwe Testament) en *Judeo-Christelike waardes* in die algemeen, kom die ateïste se posisie voor as 'n onsamehangende mosaïek van 'n groter verskeidenheid van persoonlike opinies (gefundeer op die humanisme se morele relativisme en situasionele etiek) as wat daar verskillende modelle en kleure selfone en lipstiffies bestaan.

4. **Verkeerde keuses?** Die lewe gaan, onder andere, ook oor lewenskeuses, en in die Bybel spoor God ons almal aan om die *Lewe bó die Dood* te kies. Daar word dus van alle (regsaanspreeklike) rasionele mense as *vrye moréle agente* verwag om 'n moréle keuse uit te oefen:

> "Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag,
>
> deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee."
> [Deuteronomium30:19-20AOV].

5. **'n Ongelowige gesindheid?** Wat 'n kompliment dat God aan ons dus die reg en vermoë gegee het om ons eie moréle keuses te maak, 'n kompliment wat die ateïs natuurlik in totaal ontken. Uiteindelik kom die ateïste se situasie neer op één ding: Die ateïste wil *graag* glo dat God dood is (dieselfde God wie hulle beweer nie bestaan nie) omdat Hy hulle herinner aan hulle sonde en ongeloof; daarom sal die ateïs gewoonlik, bv. in 'n hotelkamer ens., vermy om na daardie Gideon's Bybel te kyk of om dit te lees aangesien dit sy eie toestand van verval en verderf weerspiëel, wat nogal 'n groot verleentheid kan wees (en selfs 'n klomp kognitiewe ongemak kan veroorsaak). Daar bestaan dus 'n goeie rede waarom ateïste God afstootlik vind, en die profeet Samuel verduidelik:

> "Maar ek was opreg voor Hom, en ek was op my hoede vir my ongeregtigheid.

So het die HERE my dan vergelde na my geregtigheid, na my reinheid voor sy oë.
By die liefderyke betoon U Uself liefderyk, by die opregte man opreg,
by die reine, rein; maar by die valse betoon U Uself verkeerd.
En U verlos die verdrukte volk, maar u oë is teen die hoogmoediges; U verneder hulle.
Want U is my lamp, o HERE! En die HERE laat my duisternis opklaar.
[2Samuel22:26-29AOV].□

"Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag."
[Deuteronómium30:19AOV]

3

DIE GORDIESE KNOOP VAN DIE HUMANISTE ONTRAFEL

Die geluid van 'n soen is nie so hard soos die geluid van'n kanon nie;
maar die éggo daarvan hou veel langer

Oliver Wendell Holmes
(1809-1894)

1. **Beginsels waarop die Humanisme berus.** Die herkoms van die 'Gordiese Knoop' word soos volg verduidelik:

> *"In 333 v.C. het Alexander die Grote na Gordium (gereis na) die hoofstad van Frigië (deel van moderne- dag Turkye). Daar het hy die strydwa van Gordius, die stigter van die stad, gevind met die juk van die strydwa vasgemaak aan 'n paal deur 'n uitgebreide en betrokke knoop, sonder sigbare punte. Hierdie knoop was geglo onmoontlik om deur mensehande losgemaak te word."*
>
> [Avareurgente.com. *Wat is die Gordiese Knoop: Geskiedenis en Betekenis.* Aanlyn].

Dit wil voorkom asof die patológiese frustrasie van die humanis met die wêreld toegeskryf kan word aan sy/haar 'Gordiese Knoop' lewensbeskouing van ons bestaan in die Heelal. Voorbeelde van sulke beginsels:

1.1 HUMANISME #1: *"Toets u oortuigings; moenie alles in goeder trou in die geloof aanvaar nie; die mens se rede, bewyse en die wetenskaplike metode is die beste metode om oplossings op probleme en vraagstukke te vind."*

Die humanis (iemand wat volgens die Bybel die waarheid in ongeregtigheid onderdruk) wil sy inligting uitsluitlik baseer op die sogenaamde "wetenskaplike metode" van ondersoek, met ander woorde onpersoonlike "empiriese bewyse", 'n stelsel van wetenskaplike ondersoek wat alreeds na bewering 400 jaar oud (en waarskynlik uitgedien) is.

Daarenteen is die geloof van die Christen in beginsel gebaseer op die Woord van God en die bona fides (getuienis) van die Heiland Jesus Christus, plus ervaring uit 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus en millennia van beproefde Judeo-Christelike waardes. In teenstelling met dit wat ongelowiges glo, is die geloof van die Christen nie gebaseer op "blinde geloof"

nie; trouens is dit net die teenoorgestelde, aangesien Jesus Christus juis gekom het om blindes se oë te open. Die Bybel waarsku dus:

> "Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword."
> [Romeine1:18-22AOV].

1.2 HUMANISME #2: *"Benadruk Vervulling, Groei en Kreatiwiteit vir die individu sowel as vir die mensdom."*

Vir persone wat weier om die historisiteit en geldigheid van die *Genesis Skeppingsverhaal* te aanvaar, plaas die ateïs darem buitengewoon nadruk op konsepte soos *vervulling, groei* en *kreatiwiteit,* idees wat gewoonlik uitsluitlik met die Bybel en Bybelse (Judeo-Christelike) waardes geassosieer word en iets wat slegs deur Jesus Christus gebied of geskenk kan word. Die Bybel leer:

> "Jesus antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe. Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."
> [Johannes4:13-14; 10:9-11AOV].
> "En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar."
> [Openbaring21:6; 22:7AOV].

1.3 HUMANISME #3: *"Soek voortdurend na objektiewe waarheid met die besef dat wetenskaplikes idees voortdurend verander om die werklike wêreld beter te beskrywe en dat nuwe kennis en ervaring ons persepsie daarvan voortdurend verander."*

Indien humaniste werklik belang gestel het in die najaag van waarheid sou hulle Jesus Christus liefgehad het en na Sy stem geluister het. Jesus het geleer:

"... Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem."
[Johannes14:6b; 18:37bAOV].

1.4 HUMANISME #4: *"Beklemtoon die ideaal om ons lewe (ons enigste lewe) so goed moontlik te maak voor alle mense."*

Let wel dat die humanis, waarvan sommige in terme van die *Situasionele Etiek* en *Morele Relativisme* glo dat daar nie soiets soos "goed" of "boos" bestaan nie, tog instinktief 'n begeerte koester om "goed" te wees; en mens wonder waarom. Nietemin, hierdie lewe op aarde (d.i., BIOS lewe) hoef nie ons enigste lewe te wees soos wat die humanis glo nie. Jesus Christus belowe Ewige (d.i., ZOE lewe) Lewe aan diegene wat in Hom glo en Hom as Verlosser en Saligmaker aanvaar. Terwyl die humanis glo in die humanistiese vertrekpunt van 'n "Enigste Lewe" (hierdie lewe op aarde), glo die Evangeliese Christen in die Bybelse vertrekpunt van die "Ewige Lewe" (die Hiernamaals). Jesus, sowel as die Apostel Paulus, vermaan Christene om nie hul hoop op hierdie lewe (asof dit die enigste lewe is) te plaas nie:

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."
[Johannes3:16-17AOV].
"As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense."
[1Korinthiërs15:19AOV].

1.5 HUMANISME #5: *"Soek na 'n goeie stelsel van individuele, sosiale en politieke etiek."*

Hierdie stelling verg inderdaad die vrae, (i) Waarom stel die ateïs in "etiek" belang? en (ii) Wáár sal ek so 'n "stelsel" gaan soek? Indien nie by die tydbeproefde Bybel nie, waar dan?

- Mao se *Klein Rooi Boekie*?

- Charles Darwin se *The Origin of the Species* (wat in elk geval nie die oorsprong van spesies verklaar nie)?

- Bertrand Russell se *The Autobiography of Bertrand Russell* of sy *Principia Mathematica*?

- Richard Dawkins se *The God Delusion?*

- Karl Marx en Friedrich Engels se *The Communist Manifesto?*

- Ernest Jones se *The Life and Work of Sigmund Freud?*

- Erich von Daniken se *Chariots of the Gods*?

- Ron L. Hubbard se *Dianetics*?

- Jeremy Griffith se *Freedom: The End of the Human Condition*?

Bogenoemde literatuur (almal verteenwoordigend van die moréle relativisme) is tipies van die humanistiese lugkasteel bestaande uit 'n verwarrende potpourri van bisarre opinies en idees vanuit die geledere van moderne, voorstedelike sekulêre heidene, brandarm aan die beproefde, betroubare en ware moréle kompas van die Bybel.

Wees eerlik; het u al ooit iets (geskrywe deur humaniste) gelees wat as 'n goeie, samehangende en rasionele stelsel van individuele, sosiale en politieke etiek vertolk sou kon word wat eers naastenby met die moraliteit van die Tien Gebooie, die Psalms van Dawid, die wysheid van Salomo en van die profeet Jesaja (na wie sommige verwys as die "Shakespeare" van die Ou Testament) die bergrede van Jesus Christus, die Evangelies en die Sendbriewe van die Nuwe Testament vergelyk kan word?

Die bovermelde heilige omnibus van Goddelike openbaring, heilige literatuur en 'n ekklesiastiese wekroep tot besinning bevat sulke diepgaande wysheid sodat enige ateïs of humanis wat dit nog nie aanvaar het nie (of steeds weier om te waardeer) waarskynlik dit nog nooit gelees het nie, of andersins omdat dit geestelik onderskei moet word en onmoontlik deur onwedergebore ongelowiges verstaan en waardeer sal kan word. Die ateïs se geestelike oppervlakkigheid vloei inderdaad diep. Die Bybel leer:

> "Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word."
> [Romeine8:6; 1Korinthiërs2:14AOV].
> "Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God; want daar is geskrywe: Ek sal die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak.

Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red;
maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke;
maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God."
[1Korinthiërs1:18,21,23 & 24AOV].

1.6 HUMANISME #6: *"Streef die uiteindelike doel van die bou van 'n beter wêreld vir onsself en ons nakomelinge ná deur samewerking."*

'n Edele gedagte, maar so 'n "beter wêreld" sal eers kom met die wederkoms van Jesus Christus wanneer God uiteindelik die trane van alle oë sal vee. Goeie bedoelings alleen sal nie die wêreld se probleme oplos nie. Die Bybel leer:

"En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."
[Openbaring21:4AOV].

2. **Die Gordiese Knoop van die humanis.** Wanneer hy die dringende boodskap en tydbeproefde wysheid van die Bybel (slegs 'n paar millenniums of wat oud) en die Evangelie van Jesus Christus afmaak as "antiek" en "verouderd", net om daarna óm te draai en sy hoop op die wankelrige fondasie van sy voorkeur-godsdiens van die ateïsme, d.i., op die ateïsme se Siamese tweeling, die Darwinisme, te plaas, is dit wanneer die humanis homself ideológies met die Gordiese Knoop knoop, want hy maak (byvoorbeeld) staat op:

- data en waarnemings in verband met sterrestelsels miljarde ligjare verwyder van ons sonnestelsel af wat hy nooit in sy lewe empiries sal kan verifeer in terme van die "wetenskaplike metode" nie, aangesien niemand so ver sal kan reis om die geldigheid van sulke data en waarnemings te gaan verifieer as falsifiseerbare inligting en teoriëe nie. Ware 'wetenskap' dring aan op die *falsifiseerbaarheid van inligting*.

- data en waarnemings in verband met sterrestelsels wat na bewering "miljarde jare" oud is, met ander woorde, sterrestelsels wat so oud en so vér terug in die verlede ondersoek moet word dat dit onmoontlik vir eerlike maar skeptiese bystaanders sou wees om te besoek en empiries in terme van die "wetenskaplike metode" te kontroleer om sulke resultate as geldige inligting en teoriëe te laat kwalifiseer, aangesien niemand so vér terug in die tyd sal kan reis om sulke inligting te gaan versamel, laat staan nog die terugkom om die

verslag daaroor te kan kom skryf. Weereens: Ware 'wetenskap' dring aan op die *falsifiseerbaarheid van inligting*.

- data en waarnemings oor die natuur gebaseer op paleontológiese inligting in geológiese strata en fossiele wat na bewering "miljarde" of 'miljoene' jare oud is en dit dus onmoontlik sou wees vir enige onafhanklike waarnemer om die geldigheid en dus falsifiseerbaarheid van sulke inligting vas te stel, aangesien niemand so vér terug in die tyd sal kan reis om die geldigheid van die inligting volgens die "wetenskaplike metode" empiries te gaan verifieer nie, laat staan nog terug te keer om die verslag daaroor te skryf. Ware 'wetenskap' dring aan op die *falsifiseerbaarheid van inligting*.

3. **Die Humaniste het die wáre Hoeksteen verwerp.** Humaniste (Ateïste) gaan vandag uit hulle pad om as ideológiese "bouers" die Bybel (die wáre Hoeksteen) te verwerp en die persoon van Jesus Christus as 'n antieke, sektariese mite of eerste eeuse godsdiens-askeet of -fanatikus af te maak, maar die Bybel waarsku:

"Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie.
Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling—"
[1Petrus2:6-7AOV].□

Verwysings

1. The Intelligencer.net. *Humanism's Tenets Cited.* Aanlyn. 2021.

"En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."
[Openbaring21:4AOV]

4

ATEÏSME SE FRUSTRERENDE DOODLOOPSTRAAT

Geen persoon gemoeid met 'n moeilike taak, en, wie dit ordentlik doen, sal ooit sy selfrespek verloor nie

George Bernard Shaw
(1856-1950)

1. **Frustrasie #1: Ateïste 'glo' in Dood-ná-Dood.** 'n Belangrike kenmerk van die Ateïsme is die feit dat ateïste, soos reeds genoem, glo aan dood-ná-dood, en nie, soos Christene, aan lewe-ná-dood, nie. Ateïste verwerp die idee van lewe-ná-dood en dus alles wat daaroor in die Bybel (Ou Testament of Hebreeuse Bybel) en die Nuwe Testament geleer word.

> FRUSTRASIE ELEMENT #1. Watter sin maak 'n lewe en 'n wêreld waar die enigste voordeel waarop mens kan hoop is om maar die beste van die slegte saak van die lewe, wat geen vooruitsigte vir na die dood bied, te probeer maak? Hoe kan so siel-uitmergelende, morbiede uitkyk op mens se eie bestaan enige rede wees vir optimisme, laat staan nog om ander daaroor te wil vertel en te probeer wen vir jou "saak"? Dit is 'n 'Dode Digters Vereniging' ('Dead Poets Society') van enorme omvang, daarom dat ek dikwels in gesprekke oor die ateïsme na "The Atheist's ABC" verwys, 'n akroniem (Engels) wat die profiel of temperament van die gemiddelde ateïs die beste beskrywe, d.i., altyd Kwaad/Woedend (ANGRY), Verbitterd (BITTER/EMBITTERD) en Sinies (CYNICAL).

2. **Frustrasie #2:** Ateïste verwerp die Judeo-Christelike waardes van die Judaïsme en die Christendom soos gefundeer op die Bybel (Hebreeuse Bybel/Ou Testament en Nuwe Testament).

> FRUSTRASIE ELEMENT #2. Die neiging van die ateïste om Bybelse waardes te verwerp is 'n filosófiese anomalié van groteske omvang omdat ateïste oor die algemeen, ondanks die verwerping daarvan, waarskynlik steeds glo dat moord, diefstal, roof, geldwassery, regerings-korrupsie ens. verkeerd is. Regstelsels in beskaafde lande regoor die wêreld, d.w.s., waar daar darem 'n beskaafde tipe van regering en regstelsel aan bewind is, ondersteun en benádruk die euwel van hierdie soorte van misdade deur middel van landswette ongeag die godsdienstige en demográfiese profiel van sulke lande.

Selfs die geharde ateïs, wat hoofsaaklik glo dat die mens niks meer is nie as 'n intelligente tipe primaat, dra skaapagtig en onderdanig nog steeds die kleed wat God aan Adam en Eva gegee het om hulle naaktheid mee te bedek ... waarom? Waarom loop hulle nie maar eerder naak rond nie?

Buitendien sal dieselfde ateïs wat God, die Bybel en Bybelse waardes, soos byvoorbeeld die Bybelse Gebod, "Jy mag nie steel nie!", soos alreeds genoem is, verwerp en by elke geleentheid wil verloën en bv. blou moord skreeu wanneer daar by sy huis ingebreek word of 'n swendelaar sy Rolex horlosie in die straat by hom steel. Hoe weet hy dan nou skielik so goed dat *steel* verkeerd is? En, hoe sou hy dit geweet het indien daar nie soiets soos die moréle standaard van die Bybel bestaan het nie en dit dienooreenkomstig in landswette opgeneem was nie?

3. **Frustrasie #3:** Alhoewel ek verplig word om te veralgemeen, kan mens met redelike veiligheid aanvaar dat meeste ateïste God en die Bybel waarskynlik (soos wat Jode en Christene glo en onderskryf) verwerp en hulle deesdae verlaat op hulle eie keuse-van-godsdiens, d.i., Darwinisme, met hulle gunsteling godsdiens mantra, "Ons glo aan Evolusie!"

FRUSTRASIE ELEMENT #3. Die Bybel leer, in teenstelling met wat die Ateïsme leer, dat verstand, goeie insig, wysheid en kennis uit die vrees (respek/ontsag) vir God kom:

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug."
[Spreuke1:7AOV].
"Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand."
[Job28:28AOV].
"Leer my 'n goeie insig en kennis, want ek glo aan u gebooie."
[Psalm119:66AOV].
" ... dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind, want die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand."
[Spreuke2:5-6AOV].

Doen nou self die berekening: Indien die ateïs dan nou die Outeur en Universele Oorsprong van alle Goddelike Verstand, Goeie Insig, Wysheid en Kennis (met ander woorde, God, die Absolute en Oneindige gesaghebbende daaroor) verwerp, hoe sal die ateïs dan ooit oor genoeg goeie insig, verstand, kennis en wysheid beskik om te weet dat hy op die verkeerde (afdraende) pad is, d.i., dat hy nie oor God se definisie van insig, verstand, kennis en wysheid beskik nie? Verder, hoe sal ander wat God tóg eer en respekteer (d.i., "vrees") ooit kan bekostig om te glo en vertrou op wat die ateïs te sê het, selfs al sou

hy desnoods op 'n gegewe tydstip tog korrek met betrekking tot 'n saak wees? Soos die spreekwoord lui ... selfs 'n horlosie wat staan sal minstens tweekeer per dag steeds 100% akkuraat wees (maar, sou iemand op daardie oomblik vir die horlosie kyk, sou hulle nooit kon weet dat die horlosie eintlik staan en hopeloos onbetroubaar is nie). Wenk: Wanneer die ateïs-evolusionis dus, wanneer hy oor die Heelal praat, in sy onkunde na die "Kosmos" (die ordelike Sterreruim) in plaas van die "Chaos' (die ongeordende verwarring van 'n sterreruim waarin ateïste eintlik glo) verwys, vind een van daardie rare oomblikke plaas wanneer die horlosie wat staan tóg die tyd akkuraat rapporteer, aangesien die Heelal inderdaad 'n pragtige, majestuese, geordende en intelligent-ontwerpte Kosmos is en gladnie 'n ongeordende, onbeplande Chaos, wat per ongeluk en heel toevallig breinloos ontstaan het, is nie.

4. **Frustrasie #4:** Die mens se kennis is erg beperk. Soos reeds genoem erken wetenskaplikes ruiterlik dat hulle maar net 10% tot 20% weet van wat alles in die oseane van ons planeet aangaan; hulle erken ook dat hulle maar net sowat 5% weet van alles wat in die Heelal aangaan (dalk 'n hopeloos té optimistiese skatting). Die res van die Heelal (95%) word deur hulle beskrywe as, "Onwaarneembare donker materié en donker energié."

FRUSTRASIE ELEMENT #4. Indien die wetenskaplikes (slim, geleerde mense) dan (relatief) so min weet van wat alles in ons oseane en in die Kosmos aangaan, is dit dan nie logies moontlik dat God van hulle wetenskaplike waarnemings verberg kan word agter die 80% tot 90% wat hulle nog nie van die oseane af weet en agter die 90% tot 95% wat hulle nog nie van die Kosmos af weet nie? Mens sal mos tog nie vir Henry Ford in die enjin van 'n Ford-motor gaan soek nie? Nietemin leer die Bybel dat slegs God *alles* weet oor Sy Skepping:

> "Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet." [Deuteronomium29:29AOV].

5. **Frustrasie #5:** Ateïste maak beswaar oor die idee van 'n Skepper en die Christene se onwankelbare fokus op die Bybel en Bybelse waardes. God behou egter die reg en diskrésie voor om soms, soos met die profété van ouds, vandag nog steeds verborge kennis of openbaringe met gelowiges na goeddunke te deel, veral met diegene wat glo dat Hy IS (d.i., dat Hy inderdaad bestaan) en Hom ywerig opsoek (bv., deur middel van gebed ens.), mits sulke verborge kennis strook met wat die Bybel leer en nie in stryd daarmee is nie.

FRUSTRASIE ELEMENT #5. Die ateïs se beswaar is dikwels dat hy in God sal glo sodra hy Hom kan "sien" en/of "empiries kan waarneem" in terme van die "sien-is-glo" beginsel, wat nie altyd 'n slim idee is nie. 'n Besoek aan die naaste sirkus sal die ateïs gou en maklik oortuig dat nie alles wat mens "sien" noodwendig, as gevolg van die kuns van oëverblindery en die behendige gebruik van optiese illusies, vertrou kan word nie. Trouens glo ek dat die ateïs se 'Ateïsme' niks anders as ideológiese oëverblindery (of 'n ideológiese optiese delusie) is nie. Die Bybel leer:

"Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie."
[Jeremia33:3AOV].
"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."
[Hebreërs11:6AOV].

6. **Frustrasie #6:** Die ateïs weier om God se Woord te eer en respekteer.

FRUSTRASIE ELEMENT #6. Die feit is dat God slegs sal let op persone wat arm en verslae is van gees, en soos Hy dit noem, *" ... wie bewe vir My Woord":*

"Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord."
[Jesaja66:2AOV].

7. **Frustrasie #7:** Daar is 'n groot verskil tussen 'inligting', 'data', 'kennis' (aan die een kant) en 'wysheid' (aan die anderkant). Sekulêre universiteite is belangrike en uitstekende bewaarplekke en verskaffers van inligting en data, maar volgens die Bybel is God die ware Outeur en Hemelse Bron van kennis en wysheid.

FRUSTRASIE ELEMENT #7. Die groot vraag is dus: In sy verwerping van God en die Bybel, en dus die verwerping van Goddelike kennis en wysheid, hoe sal iemand, wie nie oor die kennis en wysheid van God beskik nie, ooit kan wéét (besef) dat hy nie oor die kennis en wysheid van God beskik nie? So iemand sal dus, met ander woorde, nooit kan weet wat hy nie weet nie.□

"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."
[Hebreërs11:6AOV]

5

DIE ATEÏS SE FINALE 'CATCH-22'

Hy is só ongelukkig dat hy in ongelukke beland wat oorspronklik besig was om met iemand anders te gebeur

Don Marquis
(1878-1937)

DEFINITION: ENGLISH:

> *"A catch-22 is a paradoxical situation from which an individual cannot escape because of contradictory rules or limitations."*

[1] The term was coined by Joseph Heller, who used it in his 1961 novel *Catch-22*.

An example is:

> *"How can I get any experience until I get a job that gives me experience?"*

– Brantley Foster in *The Secret of My Success*.

[Wikipedia: Logic].

1. **Inleiding.** Hierdie hoofstuk handel oor die vier dodelike 'Catch-22' faktore plus advies oor hoe om dit te ontsnap:

- die LEEFTYD faktor
- die HULPELOOSHEID faktor
- die DWAASHEID faktor
- die TROTS faktor
- Hoe om uit 'CATCH-22' te ontsnap.

1.1 **Die LEEFTYD faktor.** Die *Leeftyd faktor* is 'n kritiese een om te oorweeg, aangesien meeste mense nie ouer as 70 jaar of 80 jaar sal word nie en die sterftesyfer vir alle mense in alle lande sonder uitsondering vir alle nasies altyd 100% is. Byvoorbeeld:

- Namate die tyd verbygaan en die lewe verstryk, hoe ouer word so persoon sonder die berou oor sonde.

- Hoe langer hy wag om hom te bekéér van daardie sondige lewe en sy vrede met God te sluit, hoe meer nuwe sonde versamel hy intussen, met toenemende 'rente' op vorige onbelyde sonde, byna soos rente op agterstallige, onbetaalde skuld.

- Hoe méér sonde hy versamel terwyl die tyd verbysnel, hoe minder word die tyd vir 'n geleentheid om sy saak met God te beredder terwyl die probleem net al groter word totdat hy naderhand geen begeerte meer het om met God te skik nie aangesien hy teen daardie tyd waarskynlik al vas glo dat dit in elk geval waarskynlik te laat is vir enige herstel. Daarom waarsku die Bybel:

"En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie."
[Prediker12:1AOV].

1.2 **Die HULPELOOSHEID faktor.** Met die tyd wat verbygaan word die persoon al hoe ouer en dus swakker:

- Hoe ouer die persoon word en hoe swakker hy word (hetsy deur die ouderdom of deur 'n besondere soort siekte) hoe minder word sy kragte en hoe minder is hy in staat om deur middel van sy eie kragte van God hulp te vra.

- Hoe minder hy in staat is om op eie krag hulp van God te vra en hoe langer hy uitstel om dit te doen, hoe minder is hy in staat om homself op te tel en te lig uit die moeras van ge-akkumuleerde sonde of lewenslange slegte gewoontes en praktyke (bv., misdaad, ateïsme of agnostisisme).

- Hoe minder sy kragte word en hy gevolglik in staat is om homself te help, hoe méér begin hy die Verlosser (Jesus Christus) nodig kry maar, irónies genoeg, hoe minder is hy in staat (of gewillig) om te vra vir hulp. Die Bybel waarsku:

"... en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer."
[Psalm 50:15AOV].

1.3 **Die DWAASHEID faktor.** Wanneer 'n persoon nooit die Bybel lees nie of, weier om hom tot God te bekeer, leer die Bybel:

- Hy is 'dwaas' omdat hy oor geen wysheid sal beskik daarvoor nie.
- Hy beskik nie oor die wysheid daarvoor nie omdat hy God nie vrees nie.

- Hy vrees God nie omdat hy die Bybel (God se Woord) verwerp en nie wil lees nie.

- Omdat hy God nie vrees en die Bybel nie lees nie en al dwaser en dwaser word, hoe minder sal hy God vrees.

- Hoe minder hy God vrees hoe minder wysheid het hy en hoe minder sal hy dus weet om God se hulp te vra. Die Bybel waarsku:

" ... Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; ... almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand."
[Psalm111:10aAOV].
"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug."
[Spreuke1:7AOV].
"Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand."
[Job28:28AOV].

1.4 **Die TROTS faktor.** Die deur van die gevangenis van die ateïsme is van binne gesluit met die bos sleutels van trots, hoogmoed, selfvoldaanheid, eiegeregtigheid, selfversekerheid, onkunde oor God en die Bybel ens.; die ateïs kan enige oomblik daaruit ontsnap net wanneer hy wil, maar dan sou hy afstand van sy ateïsme moes doen en erken dat hy al die tyd op 'n dwaalspoor was, vir hom 'n openbare verleentheid net te pynlik om te oorweeg (maar later dalk nog meer pynlik sou hy dit gladnie oorweeg nie). Die Bybel waarsku:

"Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val."
[Spreuke16:18AOV].

2. **Ontsnap uit 'Catch-22'.** Die oplossing is eenvoudig:

"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.
As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet.
Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."
[Jesaja1:18-19AOV].

"So sê die HERE: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees?
Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord."
[Jesaja 66:1-2AOV].

L.W. Catch-22 (LOGIC):

"A catch-22 is a paradoxical situation from which an individual cannot escape because of contradictory rules or limitations.[1] The term was coined by Joseph Heller, who used it in his 1961 novel Catch-22.

Catch-22s often result from rules, regulations, or procedures that an individual is subject to, but has no control over, because to fight the rule is to accept it. Another example is a situation in which someone is in need of something that can only be had by not being in need of it (e.g., the only way to qualify for a loan is to prove to the bank that you do not need a loan). One connotation of the term is that the creators of the "catch-22" situation have created arbitrary rules in order to justify and conceal their own abuse of power.

[Wikipedia. *Catch-22 Logic.* Aanlyn].□

Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord."
[Jesaja 66:1-2AOV]

6

ARMAGÉDDON (GEESTELIK): ’N BOTSING TUSSEN TWEE VERSKILLENDE BESKAWINGS

Die eerste óngeval wanneer die oorlog kom is die waarheid

Hiram Jognson
(1866-1945)

1. **Inleiding.** Wanneer ons die nuus lees of kyk, kom ons dadelik agter dat daar groot fout met die wêreld is; dis die één pestilensie, die één aardbewing, die één ramp en die één oorlog op die ander. Wat pandémies en natuurrampe aanbetref, sal ons die antwoorde daarvoor dalk kry in die Bybel in Boeke soos Daniël, Jesaja en Esegiël ens., die Evangelies, die Sendbriewe en die Boek van Openbaring ens.

Polities en kultureel, wat is fout met ons planeet? Die probleem is ’n reuse botsing tussen twee wêrelde, twee ‘beskawings’, twee wêreldbeskouings van astronómiese omvang. Dit is nie die enigste wêreldbeskouings wat bestaan nie maar waarskynlik die vernaamste twee, en hulle is in ’n épiese konflik vasgevang, myns insiens soos volg:

1.1 **Stelling #1.** ’n Botsing tussen diegene wat God (die YHWH van Moses en die Tien Gebooie) vrees, en diegene wie dit nie doen nie.

1.2 **Stelling #2.** ’n Botsing tussen diegene wat die Bybel (Hebreeuse Bybel/Ou Testament & Nuwe Testament) eer en koester as die onfeilbare Woord van God, en diegene wie dit nie doen nie.

L.W. Die Bybel probeer nie die bestaan van God bewys nie; die Bybel openbaar slegs die eenvoudige, voor die hand liggende feit van die bestaan van God as vanselfsprekend.

1.3 **Stelling #3.** ’n Botsing tussen diegene wat die moréle aspekte van die Wet van Moses (en die Gebooie van God) respekteer en koester as ‘n geloofwaardige, duursame moréle kompas (rigtingwyser) soveel so dat dit feitlik deur elke beskaafde regstelsel van die wêreld opgeneem is, en diegene wie dit nie doen nie.

L.W. Die verbod op byvoorbeeld moord, diefstal, meineed en die gebod om ons ouers te eer is nog net so geldig vandag as in die tyd toe Moses dit op die berg Sinai van God ontvang het.

1.4 **Stelling #4.** 'n Botsing tussen diegene wat die verskyning van Jesus Christus (die Seun van God, Seun van Dawid en Seun van die mens) liefgehad het, en diegene wie dit nie doen nie.

1.5 **Stelling #5.** 'n Botsing tussen diegene wat die Evangelie van Jesus Christus glo, eer en koester, en diegene wie dit nie doen nie.

1.6 **Stelling #6.** 'n Botsing tussen diegene wat Jesus Christus as Redder (Heiland) van die wêreld en langverwagte Messias van die Kinders van Israel aanvaar, en diegene wie dit nie doen nie.

1.7 **Stelling #7.** 'n Botsing tussen diegene wat die Judeo-Christelike waardes van die Bybel eer en koester, en diegene wie dit nie doen nie.

L.W. Dit sal alle nasies baat indien hulle kennis wou neem van die feit dat Jesus Christus 'n Jood was en dat die *Saligheid uit die Jode* is. Eers wanneer ons dit verstaan sal ons die Goddelike waarde en relevansie van die Sionisme begryp. Jesus Christus bevestig self:

"Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet,
want die saligheid is uit die Jode.
Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in
gees en waarheid sal aanbid;
want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.
God is Gees; en die wat Hom aanbid,
moet in gees en waarheid aanbid."
[Johannes4:22-24AOV].

1.8 **Stelling #8.** 'n Botsing tussen diegene wat die ateïstiese, anti-God, anti-Bybel, anti-Evangelie, anti-Christelike, anti-Sionisme, anti-Israel en heidense (sekulêr humanistiese) waardes van die Linkses verwerp, en diegene wat dit nie doen nie.

1.9 **Stelling #9.** 'n Botsing tussen diegene wat glo aan LEWE-ná-die-dood in die Vader se huis van baie wonings (Johannes14:1-3) en diegene wie glo in DOOD-ná-Dood, met ander woorde, 'n botsing tussen diegene wat glo dat God bestaan en diegene wat dit nie glo nie; 'n botsing tussen diegene wat glo aan Absolute Waarheid en diegene uit die Humanise (voorstaanders van Morele Relativisme en Situasionele Etiek) wie nie glo aan Absolute Waarheid nie ... behalwe natuurlik vir die absolute waarheid van die Ateïsme.

1.10 **Stelling #10.** 'n Botsing tussen diegene wat die letterlike, fisiese, werklik sigbare Wederkoms van Jesus Christus verwag en diegene wie dit nie doen nie.□

**"Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet,
want die saligheid is uit die Jode.
Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid;
want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.
God is Gees; en die wat Hom aanbid,
moet in gees en waarheid aanbid."
[Johannes4:22-24AOV]**

7

ATEÏSME: DIE BELIGGAMING VAN MEEDOËNLOSE, HARTELOSE ONVERSKILLIGHEID

Niemand praat so dikwels oor God as juis hulle wat beweer dat daar nie
'n God is nie

Heywood Broun
(188-1939)

1. **Die Profiél van 'n Ateïs.** Oor die algemeen kan ons, te oordeel aan die literatuur in die verband, aanvaar dat die ateïs gewoonlik sal redeneer vanuit die vertrekpunte van die vier pilare van (i) *Menslike Rede*, (ii) *Sekulêre Etiek*, (iii) *Filosófiese Naturalisme* en (iv) die *Gelukkige Man ('Happy Man') Teorié*, met variasies op hierdie témas in oorvloed. Verder wil dit voorkom asof die meeste ateïste saamstem oor die volgende, naamlik dat lewe in die Heelal beskik oor geen besondere BETEKENIS, DOEL, ONTWERP of EMPATIÉ vir die mens of die menslike toestand nie. Soos Richard Dawkins dit miskien sou stel, leef ons in 'n Heelal wat beskryf kan word as "meedoënlose, hartelose onverskilligheid" ("pitiless, heartless indifference") aan die kant van God of aan die kant van die Heelal.

2. **Hoe die 2de Wêreld Oorlog (1939-1945) se Holocaust (Nazi Duitsland) die ateïsme blootgelê het.** Tydens die Tweede Wêreld Oorlog (1939-1945) het die ateïsme-gedrewe Nazi regime sy "Ariese rasse" teorié in die vorm van 'Eugenetika-wetenskap' (deur middel van die 'nasionaal-sosialistiese' beleid, gebaseer op die beginsels van moréle relativisme en situasionele etiek vir die vestiging van Adolf Hitler se sogenaamde "Derde Ryk", "Het Derde Rijk" of "Third Reich") probeer implementeer.

Die vraag is egter: Hoe het hierdie 'mooi ideaal' (!) van die Nazis vir die miljoene wat in die gaskamers en oonde van Auschwitz-Birkenau en ander 'Doodskampe' gewerk? Hoe het dit gewerk vir die miljoene soldate en burgerlikes insluitend die grootste tol, naamlik 27 miljoen Russe, wat gedurende hierdie oorlog gesterf het? Hoe probeer 'n nasie sy geluk dan bou op die ellende en lyding van ander?

Hoeveel *betekenis, doel, ontwerp* en *empatié* het die Nazis tot die wêreld self hierdeur bygedra met hul beesagtige (ateïsme-gedrewe) meedoënlose, hartelose onverskilligheid teenoor hulle slagoffers, insluitend die slagoffers van anti-Semitiese volksmoord? Hoe kan die ateïs dan nou, teen die agtergrond van hierdie brutale wreedhede, omdraai en, soos Richard Dawkins, God en die Christendom wil beskuldig van, "meedoënlose hartelose onverskilligheid"?

3. **Die Oorlog verklaar teen God.** Toe Adolf Hitler teenoor die Jode van Duitsland (en uiteindelik teenoor die Jode van Europa en die res van die wêreld) oorlog verklaar het hy, inderwaarheid, oorlog verklaar teen God; hy het onder andere die kruise op kerktorings met die swastika vervang en aanbidding in die kerk met die 'aanbidding' (verering) van de Führer en die Nazi-party. Vooraanstaande geestelikes soos Martin Niemöller en Dietrich Bonhoeffer (wie Hilter gekritiseer het) is na konsentrasiekampe gestuur waar Bonhoeffer uiteindelik omgekom het, alhoewel Niemöller oorleef het en later by Neurenberg teen die Nazis getuig het.

4. **Kom Neurenberg.** Teen 1945 het die meeste van die argitekte van Nazisme (die argitekte van hartelose, meedoënlose onverskilligheid teenoor hulle slagoffers) óf selfmoord gepleeg óf is by Neurenberg verhoor en teréggestel, die natuurlike gevolg vir diegene wie dit wou waag om God se waarskuwings te ignoreer, naamlik God se belofte aan Abraham (Abraham >Isak >Jakob >Israel), soos volg:

> "En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."
> [Genesis12:2-3AOV].□

"En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."
[Genesis12:2-3AOV]

8

DIE OLIFANT VAN ATEÏSME IN DIE KAMER

God kan dit hanteer wanneer Professor Ayer en Marghanita Laski vir
Hom probeer vertel dat Hy nie bestaan nie

J. B. Priestly
(1894-1984)

1. **Die 'Olifant' in die kamer.** My nederige apologié vir die onvanpaste naam; dit behoort eintlik 'n 'kudde olifante' te wees, met ander woorde daardie nételige kwessies wat die ateïste gerieflikheidshalwe wil ignoréér as té groot van 'n verleentheid om in die openbaar te bespreek, byvoorbeeld:

1.1 **Die Bybel.** Na letterlik millennia van aanvalle, misbruik en pogings om die Bybel te vernietig, weier die Bybel, die Kerk ('Ekklesia') as God se Moréle Kompas vir die samelewing, steeds koppig om weg te gaan en die wêreld van die ateïs met rus te laat.

1.2 **Die Jood & Israel.** Die mees voor die hand liggende bewys ter ondersteuning van die historisiteit en dus geldigheid van die Bybel (veral die Ou Testament) bly steeds die werklikheid van die bestaan van die Jood, veral ná die onafhanklikheid van die volk sedert 1948, presies soos die profete van ouds geprofeteer het.

1.3 **Die Evangelie en professiëe van Jesus Christus.** Geen goed-ingeligte persoon sal vandag meer die sukses van die Evangelie probeer ontken nie. In China groei die Christendom na bewéring teen 7% per jaar en, volgens 'n onlangse BBC verslaggewing, sal 50% van alle Chinese in China teen 2030 Christene wees, alhoewel statistiek kan fluktueer. . Volgens ander berigte vind die snelgroeiendste vordering met die Christendom tans egter in Iran (van alle plekke!) plaas.

Die toenemende vervolging van Christene, oorloë en gerugte van oorloë, aardbewings op verskillende plekke ens. dien steeds om die waarheid in die eindtyd professiëe van Jesus Christus eskatológies te illustreer.

1.4 **Darwinisme.** Hierdie is 'n tipiese, makábere 'Dooie Digters Vereniging' ('Dead Poets Society') van die morbiede ideologié van Dood-ná-dood (m.a.w, geen Hiernamaals) met geen vooruitsigte vir die toekoms behalwe om by die dood biológies as kompos teruggeploeg te word in die natuur vir die volgende generasie 'evolusioniste'.

1.5 **Die mensdom se Sterftesyfer van 100% vir elke mens uit alle nasies in alle lande.** Na "miljarde jare van Kosmiese en Ster Evolusie" (sogenaamd) en "miljoene jare" van die "evolusie van mense" (sogenaamd) kon die "Progressiewe Evolusie" (sogenaamd) nog nooit vorder tot by die punt waar die sterftesyfer van 100% vir die mensdom vir elke generasie verkeerd bewys kan word nie. Laat mens wonder ... watter voordeel is daar dus vir die samelewing indien daar dan na "miljoene jare van evolusie" (sogenaamd) nog steeds geen vordering op hierdie gebied (die mens se mortaliteit-syfer) is nie?

3. **Die Bittere Ironié.** Wanneer die ateïs met sy ikóniese slagspreuk van, "The Happy Man", gekonfronteer word oor die ware nut van sy geloof (d.i., die godsdienskultus van Evolusionisme) antwoord hy dikwels dat hy volkome gelukkig in (en heel tevrede met) sy wêreldbeskouing is. Maar, as "geluk" dan so belangrik vir hom is, waarom volstaan hy daarmee om die enigste Bron en Outeur van ware, duursame geluk, naamlik Jesus Christus, te verwerp? Jesus Christus roep steeds:

> "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.
> Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart,
> en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig."
> [Mattheüs11:28-30AOV].
> "Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te
> betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees
> en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het,
> kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."
> [Openbaring22:16-17AOV].□

"Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."
[Openbaring22:16-17AOV]

9

REDES WAAROM ATEÏSTE GOD NIE SAL SIEN NIE

’n Ateïs is iemand wat nie oor ’n onsigbare stelsel van ondersteuning beskik nie

John Buchan
(1875-1940)

1. **Sonder GELOOF is dit onmoontlik om God te behaag.** God beloon slegs diegene wie glo dat Hy IS (bestaan) en Hom ywerig soek.

“En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ‘n beloner is van die wat Hom soek.”
[Hebreërs11:6AOV].

2. **Ateïste is nie ALMAGTIG nie.** Om God te kan sien sal die ateïs net so almagtig soos God moet wees; hoe anders sal hy Hom ooit kan opspoor?

“Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige?”
[Job11:7AOV].

3. **Ateïste is nie ALOMTEENWOORDIG nie.** Om God te kan sien sal die ateïs oral in die Heelal tegelykertyd teenwoordig moet wees, anders sal hy God dalk heeltyd misloop. God is gees, en Hy gaan nie iewers spesifiek plaasneem en sit en wag om ontdek te word asof hy vir die vermaak van ateïste, agnostici en intellektuele snobiste aangestel is nie. God is ‘daar’ om ontdek te word slegs vir *diegene wat glo dat Hy bestaan* en *Hom ywerig soek.*

“Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?
Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!
Neem ek die vleuels van die dageraad,
gaan ek by die uiteinde van die see woon,
ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou.
En as ek sê: Mag tog net die duisternis my oorval en die lig nag wees tot my beskutting,
dan is selfs die duisternis vir U nie donker nie,
en die nag gee lig soos die dag, die duisternis is soos die lig.”
[Psalm139:7-12AOV].

4. **Ateïste is nie ALWETEND nie.** Ateïste weet nie alles wat daar in die Kosmos te wete is nie.

> "My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie. Hoe kosbaar is dan vir my u gedagtes, o God! Hoe geweldig is hulle volle som nie!"
> [Psalm139:15-17AOV].

God, inteendeel, weet alles wat daar oor die Kosmos te wete is.

> "Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet."
> [Deuteronomium29:29AOV].
> "En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is;
> en ons sal ons harte voor Hom gerusstel,
> want as ons hart ons veroordeel,
> God is meer as ons hart,
> en Hy weet alles."
> [1Johannes3:19-20AOV].
> "Moet dan nie soos hulle word nie,
> want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra ...
> Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie?
> En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie."
> [Mattheüs6:8, 10:29AOV].
> "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper
> as enige tweesnydende swaard,
> en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg,
> en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.
> En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie,
> maar alles is oop en bloot voor die
> oë van Hom met wie ons te doen het."
> [Hebreërs4:12-13AOV].
> "Maar Jesus het hulle redeneringe gemerk,
> en Hy antwoord en sê vir hulle:
> Wat redeneer julle in jul harte?"
> [Lukas5:22AOV].

5. **Ateïste is gewone, feilbare en SONDIGE wesens net soos alle ander mense.** Daarenteen is God, anders as mense, absoluut en oneindig heilig en volmaak. Waarom sal God dan nou so hoedanig deur ongelowige, godloënaars "gesien" wil word wanneer selfs van die vroomste mense wat ooit gelewe het, bv. Moses, toegelaat was om slegs die agterhoede van God te sien?

”Niemand is heilig soos die HERE nie; ja, daar is niemand buiten U, en daar is geen rots soos onse God nie.”
[1Samuel2:2AOV].

L.W. Bybelstudie: Sien ook Romeine3:23; Jesaja6:1-4; Openbaring4:8.

6. **Ateïste is GESKAPE wesens.** Alle mense is geskape wesens. God, daarenteen, IS (Hy bestaan) en was nooit ‘geskape’ nie. Die mens se bestaan word beskrywe as “Geleende BIOS lewe”. God is die ongeskape “EK IS!” en Sy lewe word beskrywe as “Selfonderhoudende ZOE lewe”. Toe Moses vir God vra wat “EK IS” dan nou sou beteken, antwoord God met die verbasende (futuristiese), “EK IS WAT EK IS!”, aangesien daar geen sin daarin sou wees om verder in die saak in te gaan nie.

“En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur.
Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag.”
[Exodus3:14-15AOV].

7. **Ateïste se lewens is van TYDELIKE aard.** Ateïste se lewens is nie van ewige, maar van tydelike aard. Daarenteen is God se bestaan *‘absoluut oneindig’* en *‘oneindig absoluut’*. Daar is geen deurgronding van Sy verstand deur enigiemand, wat nog deur godloënaars.

“Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie?
‘n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde;
Hy word nie moeg of mat nie;
daar is geen deurgronding van sy verstand nie.”
[Jesaja40:28AOV].

8. **Ateïste se lewens is GELEENDE lewe.** Soos reeds genoem is ateïste se lewens BIOS (tydelike, geleende) lewens en nie outentieke, selfonderhoude lewens nie. God, daarenteen, lewe uit selfonderhoudende ZOE lewe. Soos God die Vader oor selfonderhoudende ZOE lewe beskik, so het Hy ook aan God die Seun (Jesus van Nasaret, die Christus) gegee om oor selfonderhoudende ZOE lewe te beskik.

“Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.

> En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood van die lewe."
> [Johannes5:26-27; 6:47-48AOV].

9. **Die ateïs se gesigsvermoë (VISIE) is onvolmaak.** Die gesigsvermoë (visie) van alle mense is uiters beperk; dit verteenwoordig slegs 'n klein gedeelte op die *Elektromagnetiese Spektrum.* Die visie van God is, daarenteen, absoluut en oneindig volmaak in alle opsigte, byvoorbeeld fisies, intellektueel, astronómies, geológies, biológies, metafisies, geestelik of hoe mens ookal sou verkies om dit te beskrywe. God, by name Jesus Christus, beheer die infrastruktuur en instandhouding van die Heelal, bv., die *Universele Swaartekrag*, die *Sterk & Swak Kernkragte*, die *Akoestiek*, die *Elektromagnetiese Spektrum* en die *Periodieke Tabel van die Elemente* ens.

> "So sê God, die HERE, wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop wandel:"
> [Jesaja42:5AOV].
> "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte."
> [Hebreërs1:1-3AOV].

10. **Ateïste weier om hulle te BEKEER.** Hoewel God welwillend is en die son laat skyn oor almal wat leef, sal dit nooit goed gaan met die goddelose nie vir die eenvoudige rede dat hy weier om hom te bekéér tot God. Hou in gedagte dat alle ateïste (net soos ander mense) sondaars is, maar dat nie alle sondaars noodwendig ateiste is nie; en, alhoewel goddeloses almal sondaars is, is nie alle sondaars noodwendig goddeloos nie. Christene is sondaars, maar *sondaars gered deur genade,* daarom dat Paulus hulle met groot vrymoedigheid in sy sendbriewe kon aanspreek as "heiliges". Nou, hoe kan mens dan die verskil weet? Dit hang alles af van wie jou VADER is! Jesus praat met die Fariseërs:

> "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.
> Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie.

Wie van julle oortuig My van sonde? En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie?
Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie."
[Johannes8:41-44AOV].

11. **Ateïste aanbid die gereedskap, in plaas van die GEREEDSKAPMAKER (God).** Ateïste aanbid (vereer) die 'gereedskap' (die reëls onderliggend aan die Natuurwetenskap of Fisika) in plaas van die Gereedskapmaker, naamlik God, wie die Wette van die Fisika of Natuurwetenskap geskep het. Hulle weier om te buig voor die Gereedskapmaker, Skepper van Hemel en Aarde, en verkies om die gereedskap (die reëls wat die natuurwette, wette van die fisika reguleer ens.) waarmee God die Heelal in stand hou, te vereer; dit staan bekend as 'Materialisme', 'Naturalisme' of 'Skiëntisme' (Scientism).

12. **Ateïste beskik nie oor die HULBRONNE & BEFONDSING om na God te gaan soek nie.** Ondersoek-finansiering of die middele om na God te soek in 'n Heelal na bewering biljoene ligjare in deursnee is te kompleks en duur, dus heeltemal buite die kwessie, want diegene wat sal gaan om na God te soek sal elke liewe vierkante millimeter in die Heelal moet fynkam, en alles terselftertyd, anders kan God verberg wees van enige waarnemings iewers elders waar hulle op 'n gegewe oomblik nie is nie.

13. **Ateïste eer nie vir JESUS CHRISTUS nie.** Dit is één ding om te beweer dat jy nie in God glo nie, maar om van 'n ateïs te verwag om Jesus van Nasaret, 'n "armoedige eerste eeuse skrynwerker en lekeprediker", te eer is blykbaar vir sommige ateïste te véél gevra. Die waarheid is egter dat God (die Vader) slegs diegene sal eer wie Jesus Christus eer:

"Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,
sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.
Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe."
[Johannes5:22-24AOV].

14. **Daar rus geen SEËN op die ateïs nie.** Ateïste, ryk of arm, geniet nie die seën van God op hulle lewens nie maar, inteendeel, leer die Bybel dat God se toorn op hulle rus.

> "Hy wat in Hom [JESUS] glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.
> En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos.
> Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie.
> Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is."
> [Johannes3:18-21AOV].

15. **Ateïste sal STERF indien hulle God sou sien.** Hierdie reël geld vir alle mense, en nie net vir ateïste nie; geen gewone mens kan God sien en bly lewe nie. Moses praat met God op die berg Sinai:

> "Daarop vra hy: Laat my tog u heerlikheid sien.
> Maar Hy antwoord: Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees,
> en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.
> Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.
> Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is 'n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan.
> En as my heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het.
> En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan nie gesien word nie."
> [Exodus33:18-23AOV].

16. **Ateïste kan gladnie (net soos enige ander mense) die ONTOEGANKLIKE LIG waarmee God omhul is betreë nie.** God woon in ontoeganklike lig verbode vir die mens. Selfs die vroomste Christene word nie daarin toegelaat nie. Die Bybel leer:

> "Ek gebied jou voor die aangesig van God wat aan alle dinge die lewe gee, en van Christus Jesus wat voor Pontius Pilatus die goeie belydenis betuig het, dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van onse Here Jesus Christus

wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here,
wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen."
[1Timotheüs6:13-16AOV].

17. **Mense (Christene sowel as Ateïste) is oor die algemeen eenvoudig net nie INTELLIGENT genoeg om God te sien nie.** God beskik oor 'n veronderstelde I.K. (Intelligensie Kwosiënt) van:

ONEINDIG[oneindig]

God se verstand (intellek) is met ander woorde oneindig. Die Bybel leer:

"Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig."
[Psalm147:5AOV].

18. **Ateïste is nie NEDERIG nie.** Volgens die Bybel dink God nie veel van hoogmoedige mense nie; so, hoekom sal Hy hulle (hoogmoedige mense, of hulle ateïste is of nie) dan nou sodanig wil toelaat dat hulle Hom sien?

"Die trotsheid van 'n mens verneder hom, maar die nederige van gees sal eer verkry. Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes. Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."
[Spreuke29:23; Jesaja57:15; 1Petrus5:5-7AOV].

19. **Ateïste is nie REIN van hart nie.** Hoe kan enige ateïs 'rein van hart' wees wanneer hy God, die Bybel en die Kerk (die 'Ekklesia') heeldag loop en beswadder en beledig met sy lasterlike anti-God vitriool en banaliteite, die Bloed van Jesus Christus (waardeur hy veronderstel is om gereinig te word) onder sy voete vertrap en die Bybel verwerp as 'n versameling verouderde Joodse fabels en mites? Jesus het belowe:

"Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien."
[Mattheüs5:8AOV].

20. **GEHEIME versus GEOPENBAARDE dinge.** Volgens die Bybel bestaan daar beide sulke goed soos (i) *geheime* en (ii) *geopenbaarde dinge* en mense (ateïste ingesluit) word nie goedsmoeds toegelaat om sulke geheime dinge te weet nie. Die Bybel leer:

> "Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet." [Deuteronomium29:29AOV].□

"Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet."
[Deuteronomium29:29AOV]

10

ATEÏSME:
DIE VERWARDHEID VAN RICHARD DAWKINS

Vir meeste mense gaan ongeloof in een ding gewoonlik gepaard met 'n blinde geloof in iets anders

G. C. Lichtenberg
(1742-1799)

1. **INLEIDING.** Hieronder volg 'n ontleding van sommige van Richard Dawkins se opmerkings in die publiek gepaard met hierdie outeur se weerlegging daarvan.

1.1 **DAWKINS #1:** My vertaalde parafrase: *"Geloof (Godsdiens) kan soms gevaarlik wees en die inplanting daarvan in die kwesbare gees van 'n onskuldige kind is 'n ernstige fout."*

WEERLEGGING #1. Ondanks die bovemelde voorstel van Dawkins sien hy nogtans niks daarmee fout om sy eie "godsdienstige idees" (geloof) in sy verering van die godsdienskultus van die Ateïsme (die werk van 'n geswore godloënaar) soos konfetti oor die Internet te strooi waar almal, insluitende kwesbare kinders, dit kan lees en waar hy homself skuldig maak aan die inplanting van allerhande boheemse idees in die gemoedere van opgroeiende kinders, presies dit wat hy sê behoort te gebeur nie! Weereens sien ons hier die klassieke flater van die ateïs (oftewel die sekulêre humanis) wat gladnie glo aan Absolute Waarheid soos die Bybel dit leer nie, behalwe egter vir die 'absolute waarheid' van die Ateïsme (of die Sekulêre Humanisme).

1.2 **DAWKINS #2:** My vertaalde parafrase: *"Geloof is 'n geloof ondanks, of selfs danksy die gebrek aan, bewyse daarvoor."*

WEERLEGGING #2. Wat 'n merkwaardige onwetenskaplike uitspraak. Doen self die sommetjie: Daar bestaan nie soiets soos "geloof" gebaseer op empiriese feite nie, want geloof gebaseer op empirise feite is nie geloof nie, maar "kennis". Dawkins se probleem is dat hy wil 'wéét', nie 'glo' nie, 'n voorreg wat eintlik net vir godvresende mense bestem is. Geloof kan net vorder tot by *99% geloof,* daarna (by die 100% kerf) skakel dit oor na 'kennis' (ons 'weet'). Dit is sekerlik geen prestasie om

te "glo" terwyl jy tog 100% oor die saak "weet" nie; so persoon het dan gevorder vanaf die status van 'n 'geloofsheld' na 'n 'kennisheld'.

Ek noem dit terwyl die Heelal eintlik propvol empiriese bewyse is van die bestaan van God, d.i., die YHWH van Moses en die Tien Gebooie. Drie voorbeelde:

VOORBEELD #1. Die man Job (uit een van de oudste boeke van die Bybel, indien nie die oudste) het alreeds in sy tyd geweet dat die aarde 'n hemelliggaam (planeet) is wat in die ruimte sweef:

> "... voor Hom wat die noorde uitspan
> oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks."
> [Job6:7AOV].

Later was Job so beïndruk met die toespraak wat God hom afgesteek het dat hy uiteindelik moes besgee en erken dat God bestaan en dat niks vir Hom onmoontlik sou wees nie. Wat Job ook hier gedoen het was om al sy klaery van die vorige hoofstukke (1-41) gekanselleer en herroep het; hy met ander woorde *al sy woorde teruggetrek het:*

> "Toe het Job die HERE geantwoord en gesê:
> Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie.
> Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek
> sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie.
> Hoor tog, en ék sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my! Volgens
> hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Daarom
> herroep ek en het berou in stof en as."
> [Job42:1-6AOV].

Moet ons dus nou aflei dat Job, 'n man wat nooit aan 'Oxbridge' gestudeer het nie, in sy tyd (alreeds eeue gelede) beter ingelig en intelligenter was 'Professor' Richard Dawkins?

VOORBEELD #2. Na afloop van die Sondvloed en nadat Noag en sy gesin die ark verlaat het, maak God toe hierdie belofte aan Noag:

> "Van nou af sal al die dae van die aarde, saaityd en oestyd, koue en hitte,
> somer en winter, dag en nag nie ophou nie."
> [Genesis8:22AOV].

Besluit nou self: Het God Sy belofte aan Noag nagekom of nie? Dink u ons sal op die woorde van God uit die Bybel kan staatmaak of nie? Dink u die son gaan more oggend opkom of nie?

VOORBEELD #3. Selfs na "miljoene jare" van sogenaamde "progressiewe evolusie" is die sterftesyfer van die mens nog steeds 100% vir alle mense en vir alle nasies. Die ateïste se progressiewe evolusie het, met ander woorde, geen vordering gemaak oor "miljoene jare" heen nie; indien hierdie godsdienskultus enigsins geldig was, sou die sterftesyfer teen hierdie tyd waarskynlik al 0% (zero) gewees het. So, wat het dan verkeerd geloop met 'Evolusie'? Nietemin kan ons dus met veiligheid aanvaar dat *alle mense* bestem is om een maal te sterwe. Die Bybel bevestig:

> "En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."
>
> [Hebreërs9:27AOV].

1.3 **DAWKINS #3:** My vertaalde parafrase: *"Moenie kinders indoktrineer nie. Leer hulle om vir hulleself te dink en hoe om bewyse te evalueer en hulle dus so kan leer om met jou (die ouer) te verskil."*

WEERLEGGING #3. Met ander woorde, wat dit hier op neerkom is dat ouers hulle kinders nie moet indoktrineer met die *Absolute Waarheid van God* nie, maar wel moet indoktrineer met Dawkins se eie, persoonlike "absolute waarheid" ... die "absolute waarheid" van die Ateïsme!

Het Dawkins ooit kinders? Hy behoort mos te weet dat kinders (veral tieners) in elk geval baie innovérend en kreatief is en in elk geval met hulle ouers gaan verskil; dit is byna asof dit in hul DNS ('DNA') ingebrand is en hulle dit nie nodig het om spesiaal daarvoor "opgelei" te word nie. Buitendien is dit 'n lawwe idee ... watter ouer gaan opsetlik en onnodig sy kind leer om met hul ouers rusie te wil maak en te verskil? Wat het geword van die Gebod, "Eer jou vader en jou moeder ..."? Duidelik lees Dawkins nie die Bybel nie, of, indien hy hom wel al gelees het, steur hy hom eenvoudig nie aan God en Sy Gebod nie.

1.4 **DAWKINS #4:** My vertaalde parafrase: *"Wees dankbaar dat jy 'n lewe het en laat staan die aanmatigende verlange na 'n tweede lewe."* (Met verwysing na die Hiernamaals).

WEERLEGGING #4. Ek gebruik 'n analogié: Die opgroeiende kind ontwikkel eers 'melktande' en later, wanneer hy ouer word, word die

melktande vervang deur permanente tande; moet so kind nou beskou word as 'n aanmatigende klein snip omdat hy nie tevrede was met sy melktande nie? Vir 'n akademikus wat in Evolusie glo, is Dawkins daarem baie naïef met sy bovermelde stelling ... hulle leer dan self in die Evolusie Leer dat organismes 'evolve' (evolusionêr ontwikkel); waarom sou die vervanging van melktande met permanente tande nou skielik (by implikasie) verkeerd wees? Selfs krokodille en haaie het rye ekstra tande om uitgediende voorste rye tande mee te vervang; wat is so snaaks daaromtrent?

Wat Dawkins nie mooi verstaan nie is dat die mens se lewe op aarde geleende (verganklike) BIOS lewe in sy huidige toestand van verbygaande, vlietende aard is. Die Ewige Lewe waarna die Bybel verwys is daarenteen egte, onverganklike, selfonderhoudende, permanente ZOE lewe wat slegs deur God, en wel deur bemiddeling van Jesus Christus, geskenk kan word. Wanneer Christene verlang na die Ewige Lewe, is dit nie omdat hulle aanmatigend en onvergenoegd is nie, maar omdat hulle vertrou op die bona fides en beloftes van die Bybel en van Jesus Christus as hulle Verloser en Saligmaker. Hy het geleer:

> "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.
> In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.
> En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."
> [Johannes14:1-3AOV].
>
> "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
> Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."
> [Johannes3:16-17AOV].
>
> "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."
> [Romeine6:23AOV].

1.5 **DAWKINS #5:** Dawkins se beskrywing van God is so impertinent, onbeskof en kru dat ek dit nie wil waag om dit hier in Afrikaans te probeer vertaal en aan te bied nie uit vrees dat ek dit verkeerd of minder korrek sal doen, daarom haal ek dit liewer in Dawkins se eie woorde in Engels aan. Ek het nou wel die keuse gehad om dit uit te laat of in te voeg maar, net die gedagte dat die leser nie sal weet en begryp wat Dawkins alles van God sê nie, laat my nie toe om dit uit te laat nie. Hy beskryf God soos volg:

> *"The God of the Old Testament is arguably the most unpleasant character in all fiction: jealous and proud of it; a*

petty, unjust, unforgiving control-freak; a vindictive, bloodthirsty ethnic cleanser; a misogynistic, homophobic, racist, infanticidal, genocidal, filicidal, pestilential, megalomaniacal, sadomasochistic, capriciously malevolent bully."

(GoodReads.com. *Richard Dawkins Quotes.* Online, 2023. From *The God Delusion*).

WEERLEGGING #5. Die groot vraag: Hoe gaan Dawkins by die Groot Wit Troon Oordeel in die Ewigheid of Hiernamaals vir God, die groot EK IS van Moses en die Tien Gebooie, in die oë kan kyk sonder om totaal ineen te stort van skok, vrees en verskrikking? Hoe gaan hy ooit die miljoene eksemplare van sy boek vinnig genoeg van die mark af (en uit al die openbare en privaat biblioteke van die wêreld, asook vanaf alle winkelrakke) kan ontrek as apologié en restitusie vir die Jehovah wat hy in sy onbesonnenheid so kras beledig het? Die Bybel leer:

"As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?" [Hebreërs10:28-29AOV].

1.6 **DAWKINS #6:** My vertaalde parafrase: *"Ons is oorlewingsmasjiene; robot-outomate blind geprogrammeer om die selfsugtige molekules bekend as 'gene' te bevat."*

WEERLEGGING #6. Hierdie stelling klink heeltemal te veel na 'n wetenskap-fiksie aangedrewe draaiboek vir 'n Hollywood riller, of te veel boeke gelees met betrekking tot Darwinisme en die Sekulêre Humanisme. Daar is 'n bekende spreekwoord wat lui, "Jy is wat jy eet!" ("You are what you eat!"). Ek wil egter daarop verbeter: "Jy is wat jy lees!"

Wat oorspronklik waarskynlik as wetenskapfiksie bedoel was, is uiteindelik deur goedgelowige ateïste, wie God nie ken nie en wie hoegenaamd ook nie in die Bybel belangstel nie, as 'natuurwetenskap' ingesluk omdat hulle heidense gemak vir hulle belangriker was as hulle moréle plig om God te respekteer. Wanneer mens in terma van die situasionele etiek vir 'niks' in die besonders staan nie sal jy (gewoonlik) vir 'enigiets' val.

2. **GEVOLGTREKKING**. Die leser mag nietemin hier stilstaan, reflekteer en op hierdie interessante opmerking van Dawkins let: *"Ons is oorlewingsmasjiene; robot-outomate blind geprogrammeer om die selfsugtige molekules bekend as 'gene' te bevat."* Hier vlek Dawkins skaamteloos twee belangrike feite oop:

2.1 Eerstens dat hy nie konsekwent as 'wetenskaplike' is nie: Waar het jy al ooit in die natuur iets soos "blind geprogrammeer" raakgeloop? Besluit self: Word rekenaar-programme "blind" of "opsetlik" ("intelligent") deur iemand (opgelei vir die doel) geprogrammeer? Indien hy "instinktief geprogrammeer" bedoel het, moes hy liewer so gesê het, want anders as wat ateïs-evolusioniste glo, is dit juis wat mense van primate (en van ander diere) onderskei: Primate en ander diere is deur God geskape om 'instinktief' op stimuli in hul omgewing te reageer, terwyl God die mens geskape het om 'intuïtief' (na die 'beeld van God') op stimuli in sy omgewing te reageer, 'n enorme verskil.

L.W. Dit is 'n vry land en dit staan Dawkins egter vry om dan te sê dat primate en diere almal 'intstinktief geprogrammeer' en mense 'intuïtief geprogrammeer' was deur 'Evolusie'. Hy sal egter, aangesien hy nie in God glo nie, waarskynlik daarby volstaan dat alle primate (die mens ingesluit) en diere per ongeluk en 'instinktief geprogrammeer' was deur dom, breinlose 'Evolusie' aangesien hy waarskynlik nie die woordjie 'intuïtief' (te abstrak) sal aanvaar nie ... alles 'n wonderwerk van enorme omvang en eenvoudig te groot om te begryp. Iets anders blykbaar te groot vir hom om te begryp is dat die feit dat hy nie in God glo nie, nie gaan veroorsaak dat God gaan weggaan nie.

2.2 Tweedens dat, indien enige 'programméring' van die Kosmos (of van organismes in die Kosmos) plaasgevind het, dan moes daar dus logies gewys 'n Super Programmeerder ('n Intelligente Ontwerper) gewees het. Dawkins se gebruik van die term "blind geprogrammeer", veral as wetenskaplike, verraai met ander woorde sy oppervlakkige benadering tot ernstige, lewenskritiese onderwerpe; en, weereens: Sy oppervlakkigheid vloei inderdaad diep.□

Verwysings

1. GoodReads. *Richard Dawkins Quotes.* Aanlyn.
"

"Die loon van die sonde is die dood, maar die geandegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus onse Here."
[Romeine6:23AOV]

11

ATEÏSME:
ELLENDE HOU VAN GESELSKAP

Praktiese ateïsme erken geen ander tipe leiding as dit wat voortspruit uit die ateïs se eie insig nie, en gevolglik strewe hy daarna om self god te speel deur self te besluit wat goed of sleg vir mense sal wees om te doen

Herbert Spencer
(1820-1903)

1. **Waarom Ateïsme?** Baie mense vra hulself deesdae die vraag: Waarom dan Ateïsme? Wat gee daartoe aanleiding dat 'n man of vrou 'n geloofstelsel (ideologié) aanhang en wil promoveer soos die geloof van *Dood-ná-dood* (in plaas van Lewe-ná-dood) gebaseer op sy/haar keuse van 'n wetenskap model wat na "miljoene jare" van "progressiewe evolusie" nog steeds niks beter kan bied nie as 'n 100% sterftesyfer vir die mensdom vir elke generasie en elke nasie in elke land, wat nog om te praat van al die oorloë, misdaad, natuurrampe, siektes, pandémies, epidémies, liggaamlike en ander gebreke, ongelukke bv. (natuurlik, industrieel, sport, verkeers, pad & voertuig, huishoudelik) ens? Wat het fout gegaan met 'Progressiewe Evolusie' op sy pad na die ateïs se biológiese 'Nirvana'?

2. **Die "Daar is geen God nie!" mantra.** Stel u voor 'n 'Herehuis' van enorme omvang met 100 vertrekke (kamers), wat gladnie buitensporig is in sommige weelderige omgewings nie; die Ming Dinastie se 'Verbode Stad', wat vanaf 1420 tot 1924 die Heerser van China se paleis was, beskik na bewéring oor 9 999 vertrekke in 980 geboue komplekse. Buckingham Paleis ('n enkele gebou-kompleks) beskik oor 775 vertrekke.

Stel u nou verder vóór hoe 'n wetenskaplike die beroemde (fiktiewe) herehuis van 100 vertrekke binnestap met die doel om vas te stel of die gerug, naamlik dat daar 'n ryk kluisenaar sakeman in hierdie herehuis woon, wáár is. Wat sou u nou dink van die geloofwaardigheid van so 'n wetenskaplike indien hy net die eerste vyf kamers sou deursoek en daarna uitstap op die stoep om vir die honderde joernaliste buite te vertel dat hy 'niks' gesien nie het ... dat daar gladnie so iemand soos soos 'n skatryk, kluisenaar sakeman in die paleis leef nie en dat dit alles 'n bedrogspul was ... sou dit nie inderdaad 'belaglik' verby wees nie?

Dit is egter wat ateïste byna elke dag doen. Die wetenskap vertel ons byvoorbeeld dat wetenskaplikes tot op datum slegs ongeveer 5% weet van alles wat te wete is oor die Kosmos, met die res (95%) wat deur hulle beskrywe word as, "onnaspeurbare donker materié + donker energie". Vanselfsprekend beteken dit dus dat, soos voorheen genoem, God verberg kan wees van hulle waarnemings en wetenskap

instrumente in die 95% waarvan hulle nog nie iets weet nie; so, hoe 'n ateïs dan met soveel oortuiging kan beweer dat daar geen God is nie gaan mens se verstand te bowe ... hy/sy het dan nog net in 5 kamers gekyk? Nietemin is dit verder ook aanmatigend van wetenskaplikes om te wil beweer dat hulle alreeds 5% weet van alles oor die Kosmos wat moontlik te wete kan wees; hoe kan hulle dit weet terwyl hulle nie regtig weet hoeveel die 100% gaan wees nie? Voordat iemand die 5% kan bereken moet hy/sy tog sekerlik eers weet wat die 100% behels? Hoe dit ookal sy, selfs al sou wetenskaplikes 100% weet van wat in die Kosmos aangaan, sou hulle God waarskynlik steeds nie in die Kosmos kon opspoor nie. Soos die spreekwoord lui: Mens sal nie vir Henry Ford gaan soek (of vind) in die enjin van 'n Ford motorkar nie.

3. **Waarom Ateïsme?** Die rede is eenvoudig: Omdat die Bybel (dit wil sê die Moréle Wet van Moses of die 'Torah', en die Evangelie van Jesus Christus) die mens se feilbaarheid en sondige natuur genadeloos aan die kaak stel en die Skepper se eis dat die mens hom/haar bekeer die ateïs grensloos irriteer. Ateïsme is met ander woorde 'n handige ideológiese kruk en skuilplek vir die afvallige, ongelowige mens, veral in die helder skitterlig van God se onveranderlike heiligheid ... loop maar net enige vertrek vol mense met 'n Bybel in die hand binne en let op hoe die ateïs ineenkrimp van ongemak, of, opstaan en uit die kamer vlug asof die Bybel 'n pakkie dodelike kriptoniet is ... en, metafóries gesproke, is dit dalk.

4. **Die misterié van die aantrekkingskrag van die Bybel vir die opregte mens.** Daar word vertel dat in sekere Joodse gemeenskappe en tradisies, die ou Jode van kindsbeen af geleer was om fragmente van 'n verslete Torah te neem, dit met heuning te meng en daarna te eet (dit wil sê in die dae toe toksiese drukkers-ink nog nie bestaan het nie). Vandaar die gesegde (soos dit in die Bybel voorkom):

> "Hoe soet is u beloftes vir my verhemelte,
> meer as heuning vir my mond."
> [Psalm119:103AOV].

Jesus Christus het geleer:

> "Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is."
> [Johannes3:20-21AOV].

5. **Dus waarom Ateïsme?** Ateïste is in die algemeen 'n morbiede groep mense en meeste van die tyd gedurende debatte of gesprekke met Christene kom hulle voor (soos voorheen vermeld) as *kwaad, verbitterd* en *sinies,* daarom die verwysing na ateïste se openbare temperament as "The ABC of Atheism": 'Angry, Bitter & Cynical', of in Afrikaans: 'Die ABC (KVS) van Ateïsme':'Kwaad, Verbitterd & Sinies'. Ellende hou van geselsskap.□

"Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."
[Openbaring22:16-17AOV]

12

ATEÏSME:
WAAROM ATEÏSTE DIE BYBEL NIE WIL LEES NIE

Wat is die nut van hardloop indien mens op die verkeerde pad is?

(Anoniem)

1. **Rede #1. Ateïste is bang vir die LIG.** Ateïste is soms geneig om te kla dat Christene daardie mense is wat bang is vir die donker. Wel, ons kan maar netsowel antwoord dat ateïste daardie mense is wat bang is vir die LIG. Jesus het geleer:

> "En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is."
> [Johannes3:19-21AOV].

2. **Rede #2. Ateïste vrees VERANDERING.** Uit ervaring weet ek dat die rede daarvoor dikwels is omdat ateïste bevrees is dat hulle dalk (drasties) sal moet verander, veral wanneer hulle sien hoe voormalige ateïste deur die Bybel en die Evangelie oor tyd heen getransformeer word. Die prospek van 'n "nuwe blaadjie" omslaan vind nie maklik aanklank by die gesoute ateïs of geharde sondaar nie, en dit terwyl Jesus Christus van ons verwag om na Hom toe te kom 'net soos ons is'.

Die woord 'bekeer' of 'bekéring' beteken nie noodwendig om met 'n soort van Nuwejaar's voorneme 'n "nuwe blaadjie" óm te slaan nie, maar om heeltemal (180°) óm te draai weg van die ateïsme af in die rigting van die Kruis en die Evangelie van Jesus Christus, of die persoon nou 'n nuwe blaadjie omslaan of nie. Wanneer ons besluit om die Evangelie te gehoorsaam en te glo, kom dit daarop neer dat ons besluit het om prys te gee dit wat ons besef ons nie sal kan behou nie in ruil vir dit wat ons weet ons nooit sal verloor nie, naamlik skatte in die Hemel waar mot en roes nie verniel nie.

Op Pinksterdag (Handelinge Hoofstuk 2) het die Apostel Petrus 3 000 mense gedoop sonder om 'n enkele een te vra of hulle darem 'n "nuwe blaadjie" omgeslaan het, of om enigsins by hulle aan te dring op 'n getuigskrif deur hulle plaaslike predikant.

> "Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos

wol.As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."
[Jesaja1:18AOV].

3. **Rede #3. Ateïste is, soos alreeds genoem, in die reël bang vir die BYBEL.** In plaas van om God te vrees, is hulle bang vir die Bybel en ontwyk, vermy en beur weg van die Bybel asof dit, soos reeds genoem, 'n pakkie dodelike kriptoniet is. Hulle is eintlik reg, aangesien min mense, wie eerlik en opreg met die woorde van die Wet van Moses en die Evangelie van Jesus Christus gekonfronteer word, nie merkwaardig in hul gemoed getransformeer word nie. Die Bybel is inderdaad die belangrikste, grootste en mees invloedryke literatuur-skat (en in soveel tale!) wat ooit deur die geskiedenis van die mensdom aan die letterkunde geskenk is.

[PSALMIS]: "Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal."
[Psalm12:7AOV].
[JESUS]: "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie."
[Mattheüs24:35AOV].

4. **Rede #4. Ateïste (en selfs sommige Christene) begryp die term 'BEKÉRING' waarskynlik verkeerd.** "Bekéring" beteken nie om op te hou rook of om nie op Sondae gholf te speel nie ... dit beteken om weg te keer van 'n sondige, heidense lewe en leefstyl en te draai na Jesus Christus, Seun van God, Seun van Dawid en Seun van die Mens, vir sondevergifnis en die Ewige Lewe danksy die genade van God en die lyding, dood, opstanding en geregtigheid van Jesus Christus. *Die essensie van 'bekéring' is om die Evangelie te glo.*

"En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig
en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."
[Markus1:14-15AOV].

5. **Rede #5. Ateïste vind die EVANGELIE onsmaaklik en oninteressant.** Die rede is omdat die Evangelie nie alleen berou en regverdigmaking [Markus1:15; 1Johannes1:7; 1Petrus1:18] deur die Bloed van Jesus Christus vereis nie, maar ook toewyding en heiligmaking [Romeine6:19,22; 2Korinthiërs5:17; 7:1; Efesiërs4:24; Hebreërs12:14]. Die Bybel leer:

"Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie."
[Hebreërs12:14-15AOV].

Dit word vertel dat Teddy Roosevelt eenmaal gesê het: *"As jy 'n konserwatiewe persoon* (soos bv. 'n Christen) *wil kwaad maak, lieg vir hom. As jy 'n linksgesinde* (soos bv. 'n ateïs) *wil kwaad maak, vertel hom die waarheid."* Dit laat mens wonder ... indien die ateïs dan nie in God glo nie (deur bv. volstrek te weier om die Bybel te lees of hom te bekeer) teen wie is dit dan wat hy so heftig en vasbeslote rebelleer en in opstand kom?□

"Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal."
[Psalm12:7AOV]

13

REDES WAAROM ATEÏSTE NIE VAN GOD HOU NIE

Alle veralgemenings is gevaarlik ... ook hierdie een
Alexandre Dumas
(1824-1895)

1. **Inleiding.** Die meeste mense wat al ek teëgekom het wat hulle as 'ateïste' uitgee is waarskynlik slegs 'onsekere agnostici', aangesien ware ateïste (en ateïsme) in werklikheid eintlik seldsaam is. Die meeste ateïste, alhoewel hulle glo dat hulle 'ateïste' is, dink ek, verkeer onder 'n wanindruk aangesien die definisie van 'n ware ateïs iemand is wat nooit tot God vir genade sal uitroep nie ... selfs nie op sy sterfbed nie (die lakmoestoets vir ware ateïsme, alhoewel te laat).

2. **Enkele redes waarom ateïste nie van God hou nie.**

2.1 **Omdat God HEILIG is.** Mense vrees God gewoonlik, wanneer hulle wél God vrees, nie omdat Hy sleg (boos) is, maar omdat Hy heilig is, en terwyl die Christen sy Hemelse Vader vrees (vereer en respekteer) het die ateïs 'n hekel in God as sy teëstander en loop hy heeldag die gif en vuur van godslastering spoeg, hetsy mondelings of op skrif in die hoofstroom sowel as in sosiale media waar almal van sy dwaasheid kan kennis neem. Richard Dawkins glo byvoorbeeld dat God "sleg" (boos) is; geen wonder dan dat hy God nie vrees nie, aangesien mense wat God wel vrees, soos reeds genoem, dit doen omdat God heilig is en hulle ook so glo.

2.2 **Omdat God ALMAGTIG is.** Dit is nie maklik om in onderwerping aan die almagtige God te lewe nie, vandaar die gewilde mantra van die ateïs om gedurig aan te wil dring op die idee en reg tot "vrye denke". Die ateïs wil instinktief graag heeltyd sy "eie ding" doen terwyl die gedaante van 'n heilige en almagtige God gedurig soos 'n vergeldings-swaard (of nat kombers) bokant hom sweef om, soos hy glo, hom wreed vir sy vrye denke te straf, en dit terwyl Jesus gesê het dat hy gekom het om vrylating aan die gevangenes te verkondig.

2.3 **Omdat God ALWETEND is.** God weet alles wat daar oor hierdie Heelal te wete is en waarskynlik nog baie méér, aangesien die bestaan van God nie

eindig by of begrens kan word deur die dimensies van hierdie Kosmos nie; God 'het' bestaan lank voordat hierdie Kosmos geskep was.

Dit maak die ateïs waarskynlik senuweeagtig en heel ongemaklik, aangesien dit nie vir hom lekker is om te besef dat hy, aan die einde van die dag, dalk toe nie die skerpste potlood in die pakkie is nie, veral nie teen die agtergrond van die feit dat daar waarskynlik iemand in die Heelal is wat (i*) absoluut en oneinding slimmer en meer briljant as hy is* en (ii) wat boonop ook nog *elke beweging dophou wat hy maak*. Selfs van die vroomste Christene sidder soms by hierdie gedagte. God het immers belowe:

> "Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord."
> [Jesaja66:2AOV].

2.4 **Omdat God ALOMTEENWOORDIG is.** Die ateïs besef waarskynlik baie goed dat sy misdade, sondes, heidense leefstyl en selfs net sy gewone, alledaagse toestand van ongeloof miskien van ander mense, byvoorbeeld soos van sy vrou, sy kollegas en sy baas, weggesteek kan word, maar nie van die alomteenwoordige, almagtige God nie. Hoewel hy die kerk en die God van sy biddende moeder miskien alreeds jare gelede verlaat het, weerklink die woorde van die bekende ou lied, *"Sy oog is op die mossie, en ek weet Sy oog is op my!"* steeds van tyd tot tyd nog lastig-ontydig in sy gedagtes wanneer hy dit die minste verwag.

2.5 **Omdat God LIEFDE is.** Die Bybel leer dat God die wêreld (die ateïs ingesluit) so lief gehad het dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie maar die Ewige Lewe kan hê. (Johannes 3:16). Dit irriteer die ateïs, wie van 'nature' deur sy 'instink' gelei word en dus gewoonlik altyd kwaad, verbitterd en sinies (en dus agterdogtig) teenoor Christene is wat hom gedurig in die openbaar loop en embarrasseer deur vir hom te wil vertel dat God hom lief het en hom nog boonop, terselftertyd, te wil betig vir sy ongeloof.

Na baie jare se ervaring met ateïste het ek 'n vermoede dat die ateïs se vernaamste probleem waarskynlik eerder *depressie as ateïsme* is, aangesien dit wil voorkom asof ateïste in die toestand van 'n konstante, toksiese, lewensvernietigende depressie wandel en leef, soos reeds voorheen na verwys as die ateïs se temperament as 'KVS' (Kwaad, Verbitterd & Sinies) afgelei uit die Engels ('ABC': Angry, Bitter & Cynical).

2.6 **Omdat God (volgens hom) "SLEG/BOOS)" is.** Omdat die ateïs instinktief vanuit die vertrekpunt redeneer dat God "boos" (sleg) is, sal die

ateïs God heeldag straffeloos, astrant en vermetel loop en beledig en afbreek, vas onder die indruk dat hy heeltemal veilig is, en, uit sy hart giet die ateïs dan gewoonlik 'n bitter fontein van godslasterlike retoriék, net soos die spreekwoord lui, "Soos 'n man in sy hart dink, so is hy." Jesus Christus het geleer:

> "Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond.
> "Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn,
> en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn.
> "Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat,
> daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.
> "Want uit jou woorde sal jy geregverdig word,
> en uit jou woorde sal jy veroordeel word."
> [Mattheüs12:34-37AOV].

2.7 **Omdat God (volgens hom) "DOOD" is.** Omdat die ateïs vas glo dat God "dood" is, verwag hy niks van die "fiktiewe of mitológiese God" nie behalwe dit wat hy beskrywe as, "meedoënlose, hartelose onverskilligheid" (bv., Dawkins, soos alreeds bespreek). Maar, hoe God tegelykertyd dood en boos kan wees, sal slegs die ateïs ooit weet ... is dit miskien 'n nuwe, soort gevorderde 'ultra-almag' weergawe van almagtigheid waaroor Christene nooit ingelig is nie? Nietemin, soos reeds voorheen na verwys, is die enigste meedoënlose, hartelose onverskilligheid wat ek ontdek het daardie spesifieke meedoënlose, hartelose onverskilligheid waarmee die ateïs God, die Bybel en Jesus Christus behandel wanneer hy byvoorbeeld sal sê dat dit hom gladnie skeel nie hoe Christus kwansuis aan die kruis van Golgotha vir die wêreld se sondes, insluitend die sondes van die ateïs, moes ly nie.

2.8 **Omdat kosmoloë die ateïste in 'n VERLEENTHEID bring.** Kosmoloë het toegegee dat hulle slegs 5% weet van wat in die Heelal aangaan, en, dat die res (95%), "onnaspeurbaar deur wetenskap-instrumente donker materié + donker energié" is. Dit spreek dus vanself dat God, soos voorheen genoem, van die wetenskaplikes se waarnemings verberg kan wees in die 95% van dit wat hulle nog nie van die Heelal af weet nie, wat die ateïs in ietwat van 'n pynlike verleentheid laat.

Die ideológiese implikasies van hierdie enorme gebrek aan 'n goeie, uitgebreide kennis oor die aard van die Heelal beteken dan waarskynlik dat 'n vis gebore sonder oë in 'n rivier onder die aarde 'n beter kans het om te bewys dat lig nie bestaan nie as die kans wat die ateïs, verblind deur sy ongeloof, het om te bewys dat God nie bestaan nie.

2.9 **Omdat daar (volgens hom) geen "BEWYSE" vir die bestaan van God is nie.** Ateïste beweer dat hulle in God sal "glo" sodra hulle "bewyse" vir sy bestaan kan "sien", wat die verspotte naïwiteit van ateïste (en dit dikwels geniale, geleerde mense met doktorsgrade) skaamteloos aan die kaak stel.

Doen self die berekening: Enige idioot sal mos vanselfsprekend glo, byvoorbeeld nadat hy sy eerste reënboog gesien het, dat daar soiets soos reënboë bestaan. Hy sal waarskynlik ook nie glo dat dubbele reënboë bestaan voordat hy sy eerste dubbele reënboog gesien het nie. Dat wetenskaplikes sulke infantiele argumente op die tafel kan gooi gaan gewone, normale mense se verstand te bowe; watter prestasie is daarin om in iets te glo nadat alle data, inligting en empiriese bewyse oor 'n saak of aangeleentheid volledig vasgestel is en bekend geword het?

Die probleem is dat die ateïs nie die verskil tussen 'geloof' en 'kennis' verstaan nie. Soos reeds voorheen genoem, wil die ateïs nie 'glo' dat God bestaan nie, hy wil 'weet' dat God bestaan, en hoe gerieflik, terwyl Moses, iemand wat God Sy 'vriend' genoem het, slegs die agterhoede van God mag gesien het. Wel, God was toe tog so vriendelik om vir die ateïs nie net te help om te glo nie, maar ook om te help sodat hy kan weet dat God bestaan! Ek verduidelik:

> 2.9.1 <u>GELOOF</u>: Sodra die ateïs sy hart opreg oopmaak vir God met die doel om in Hom te glo, staan God reeds lankal gereed om aan hom die kosbare gawe van geloof te gee, en, al wat hy hoef te doen (selfs terwyl hy nog nie 'glo' nie) is om net die Bybel te neem, die bul by die horings te pak en dit te begin lees. Meeste (nuwe) Christene wat ek ken het waarskynlik vir die eerste maal hul Bybel as ateïste, of minstens as skeptici, begin lees. Die Bybel, waarvoor sommige ateïste bang is en graag wil vermy asof (soos by herhaling genoem) dit 'n allemintige en dodelike pakkie toksiese kriptoniet is, is inderdaad 'n kragtige boek, 'n reuse, 'Goddelike Battery' van 'Hemelse Elektromagnetisme' vol geloof, hoop en liefde om met met die mens (*enige* mens, die ateïs ingesluit) te deel sodra hy bereid sal wees om dit sy eie te maak, dit te lees en hart en siel met sy verstand aan te raak. 'Geloof' kom uit die 'Gehoor', met ander woorde, deur die Woord van God te 'hoor' (d.i., deur dit te lees). Die Bybel leer:
>
> "Die <u>geloof is dus uit die gehoor</u>,
> en die gehoor is deur die <u>woord van God</u>."
> [Romeine10:17AOV].
>
> Dus, wanneer die ateïs weier om die Bybel te lees, is hy besig om God se (gratis) aanbod van die gawe van geloof van die hand te wys, aangesien die gawe van geloof deur die 'geskenkpakkie' of 'kanaal' van die Bybel

kom, en dit geld vir alle mense, ook vir Christene. Dit sal byvoorbeeld nie help om vir mense te bid om méér geloof te verkry indien hulle sou weier om die Bybel te lees, of weier om dit méér dikwels te lees nie. *Geloof kom uit die hoor van die Woord van God.* Persone wat meer geloof begeer het nie 'n ander keuse as om die Bybel te lees en dit hartstogtelik hul eie te maak nie. Die Bybel is die waardevolste boek wat ooit deur die wéreld geken is ... dit is 'n brief van God aan die mens reguit uit die Troonkamer, Hart en Reddende Regterhand van God self.

2.9.2 KENNIS: Wat die ateïs, iemand met 'n byna wanhopige behoefte om te weet dat God bestaan, moet doen, is om te doen wat Job alreeds duisende jare gelede gedoen het, naamlik om met volle vertroue na God te gaan en regstreeks met Hom te redeneer. Die ateïs se dodelike "Catch-22" doodloopstraat van 'n situasie is dat hy weier om te redeneer met 'n God wie hy vas glo "dood" (of selfs "boos" is, 'n baie erger scenario). Eerser as om reguit na God te gaan, sal hy liewer na mense gaan vir raad, debatte, argumente, rusies en allerhande bitsige retoriek oor die 'God' wat kwansuis dood en boos tegelykertyd is. Soos reeds voorheen opgemerk; niemand praat so baie oor God as juis die die ateïs wat nie in Hom glo nie. Sommige skryf tot boeke daaroor, en dit is eintlik baie komieklik, want, wie sal nou 'n boek van 464 bladsye skryf oor die feit dat die tandmuis nie bestaan nie? Maar, dit is presies wat Richard Dawkins gedoen het: Sy boek oor redes waarom God nie bestaan nie, d.i*., The God Delusion*, beslaan 464 bladsye.

Dink so daaraan: Indien God regtig nie bestaan nie, is almal van ons op hierdie oomblik besig om, in die aarde se wentelbaan om die son, teen die spoed van ongeveer 107 000 kilometer per uur te vlieg met niemand in die stuurkajuit in beheer van die stuurmeganisme nie! Dit maak die wonder van die Kosmos eintlik baie groter, want, waar die Evangeliese Christen glo dat die aarde so veilig en effektief teen hierdie verbysterende spoed (sonder 'n ongeluk!) om die son kon wentel vir slegs 'n klompie millenniums sedert die (Genesis) Skepping, glo die ateïs dat dit alreeds vir die algemene 4.54 miljard jaar die geval is! Ateïste het inderdaad soms baie meer geloof as Christene. Die Bybel leer:

> "Toe het Job die HERE geantwoord en gesê:
> Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie.
> Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek
> sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie.
> Hoor tog, en ék sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my!
> Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.
> Daarom herroep ek en het berou in stof en as. "
> [Job42:1-6AOV].

"Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is."
[Johannes21:24AOV].
"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."
[Johannes8:32AOV].
"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag;
want hy wat tot God gaan,
moet glo dat Hy is [BESTAAN] en 'n beloner is
van die wat Hom soek."
[Hebreërs11:6AOV].

3. **Ateïste het geen VERONTSKULDIGING nie.** Die dag van die Here sal aanbreek, asook die oomblik van die *Groot Wit Troon Oordeel* in die Hemel, en dan sal geen verskoning oor hoekom God kwansuis "dood" of "boos" moes gewees het, van enige nut wees nie. Waar gaan die ateïs dan die tyd vandaan kry om al die boeke wat die hele wêreld in biblioteke en op winkelrakke vol lê te onttrek in 'n gebaar van berou en verootmoediging? Daar gaan op daardie oomblik nie eers tyd wees om gou badkamer toe te gaan nie. Dit herinner mens aan die gewoonte-misdadiger wat beweer dat hy "nooit tyd kry om die Bybel te lees nie"; maar, skielik, na sy vonnis-oplegging van 20 jaar, het hy nou die tyd. Daar is 'n ou Engelse spreekwoord wat, effens gewysig, nou eerder behoort te lui, *"Commit crime (in a haste) and repent at leisure (in prison).*" Ateïste wie nou nie die tyd kry om die Bybel te lees nie sal 'n in die ewigheid weg van God af die tyd gegun word om hul (te laat) te wil bekeer.

"Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in , maar gaan dit dan hesy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie."
[Romeine1:20AOV].□

**"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag;
want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is [BESTAAN] en 'n beloner is
van die wat Hom soek."
[Hebreërs11:6AOV].**

14

ATEÏSME:
IS DEMONE SLIMMER AS MENSE?

Daar is 'n nuwe, hoër tribunaal as die Tribunaal van God ... die tribunaal van die 'geleerde man'!

Robert Browning
(1812-1889)

1. **Is Demone slimmer as Mense?** Om die vraag te beantwoord: Miskien nie slimmer as alle mense nie, maar beslis slimmer as sommige mense. Enkele opmerkings oor die interessante eienskappe van demone:

1.1 **Demone GLO in en VREES God.** Dit is meer as wat baie ateïste, heidene en allerhande ongelowiges kan sê. Die Bybel leer:

"Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder."
[Jakobus2:19AOV].

OORDENKINGSPUNT #1. Ateïste glo nie in God nie en vrees Hom nie.

1.2 **Demone RESPEKTEER Jesus Christus.** Toe die besetene van Gadára (met 'n 'onreine gees'/Gk. 'Daemonizomai') vir Jesus in die land van die Gadaréners konfronteer, leer die Bybel:

"En toe hy Jesus van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer en skreeu met 'n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God?
Ek besweer U by God om my nie te pynig nie."
[Markus5:6-7AOV].

OORDENKINGSPUNT #2: Ateïste respekteer nie vir Jesus Christus nie.

1.3 **Demone BID (vir wat dit vanselfsprekend werd is).** Byvoorbeeld het die besete Gadaréner ook gebid:

"Ek besweer U by God om my nie te pynig nie."
[Markus5:7cAOV].

L.W. Jesus Christus het sy gebed dan ook beantwoord deur die demone ('duiwels') in varke in te stuur (Gk. 'Choiros" (Varke).

OORDENKINGSPUNT #3: Ateïste, wie nie in die voorreg en plig van gebed glo nie, bid nie.

2. **Dinge waarmee demone waarskynlik vandag mee besig is.** Demone is waarskynlik steeds meer aktief as ooit vantevore, byvoorbeeld:

- deur mense te probeer oortuig van die nut en waarde van ateïsme, agnostisisme en sekulêre humanisme;

- dat die mens nie deur God geskape is nie maar oor "miljoene jare" heen as 'n soort "hominiede" ontwikkel het en wat 'n "gemeenskaplike voorouer" met die primate (bv. ape, bobbejane ens.) deel;

- dat God (Elohim, of die YHWH, Yahweh of Jehovah van Moses) nie bestaan nie; óf, dat Hy wel bestaan het maar intussen "dood" is; óf dat, indien Hy wel bestaan het, Hy in elk geval "boos" is, wat mens laat wonder: Indien die ateïs se God "boos" is, is sy Satan (wat seker ook nie bestaan nie) dan "goed"?;

- dat Satan nie bestaan nie;

- dat die Hemel nie bestaan nie;

- dat die Hel nie bestaan nie;.

- dat die Bybel (Ou en Nuwe Testament) niks méér is nie as 'n verspotte versameling nuttelose mites, legendes en Joodse tradisies en oorlewerings;

- dat Jesus van Nasaret, indien Hy ooit bestaan het, niks méér was nie as bloot 'n godsdiens-fanatikus wat deur die Romeinse regering gearresteer was, nie omdat Hy die Seun van God was nie, maar omdat Hy (kwansuis) 'n "openbare oorlas"van Homself gemaak het, soos geleer word deur die 'Jesus Seminar' (VSA) en die 'Nuwe Hervormers' (RSA)).

- dat Jesus Christus geen egte (outentieke) wonderwerke gedoen het soos in die Evangelies geskrywe staan nie, maar waarskynlik die goedgelowige publiek vir die gek gehou het en om die bos gelei het met die tipiese goedkoop oëverblinderye van die straat-towenaars van die tyd;

- dat die bloed (lyding, offer en dood), opstanding en geregtigheid van Jesus Christus nie sondaars kan red van sonde en die ewige verdoemenis nie;

- dat Jesus Christus nie die Seun van God is nie en aan niemand die Ewige Lewe kan gee nie;

- dat Jesus Christus nie sal terugkeer soos Hy belowe het nie en (in sommige gevalle) dat Jesus Christus waarskynlik gladnie eers bestaan het nie;

- dat die moderne wetenskap en ontwikkelende, beskikbare tegnologié uiteindelik die enigste en beste oplossings sal bied vir alle probleme en uitdagings wat die mensdom bedreig, bekend as die humanisme-gedrewe geloofstelsel van 'Skiëntisme' ('Scientism').

3. **Jesus Christus waarsku soos volg oor die laaste dae (die 'Eindtyd').**

"Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele."
[Markus 8:38AOV].□

"Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele."
[Markus 8:38AOV]

15

ATEÏSME:
WAARDEVOLLE GESKENKE WAT DIE ATEÏSTE VAN DIE HAND GEWYS HET

Hoeveel kinders, en hoeveel volwassenes, is bang vir spoke, maar vrees God nie!

Lord Macauley
(1809-1859)

1. **Kosbare geskenke geweier.** Die leser word versoek om, by die lees van hierde gedeelte, te onderskei tussen die term 'geskenk' of 'gawe' (i) waar dit bv. bedoel word as 'n besondere soort 'talent' of 'vaardigheid' en (ii) waar dit bedoel word as 'n 'beloning' wat verdien kan word.

Nietemin, toe die ateïste besluit het om die DOOD bo die LEWE te kies (byvoorbeeld om te weier om met God vrede te maak en die Evangelie te glo) het hulle in alle opsigte 'n oorvloed van waardevolle, kosbare geskenke (hetsy talente, gawes, vaardighede, presente of belonings) verwerp en van die hand gewys, d.i., geskenke wat al die geld in die wêreld nie sou kon koop nie. Hier volg 'n klompie voorbeelde:

1.1 **Die Gawe van die VERGIFFENIS van SONDE.** Hierdie uitnodiging kom van God:

> "Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."
> [Jesaja1:18-20AOV].
>
> "Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie."
> [1Johannes1:7-10AOV].

1.2 **Die Gawe van die EWIGE LEWE.** Die beloftes van die Bybel (Jesus Christus en die Apostel Paulus):

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word ...
Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."
[Johannes3:16-17; Romeine6:23AOV].

1.3 **Die Gawe van GENADE.** Die Bybel leer:

"Maar aan elkeen van ons is die genade gegee
volgens die mate van
die gawe van Christus."
[Efesiërs4:7AOV].

1.4 **Die Gawe van GEREGTIGHEID.** Die Bybel leer**:**

"Want as ten gevolge van die misdaad van die één [ADAM] die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus."
[Romeine5:17AOV].

1.5 **Die Gawe van GELOOF.** Die Bybel leer:

"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie:
dit is die gawe van God; nie uit die werke nie,
sodat niemand mag roem nie."
[Efesiërs2:8AOV].

1.6 **Die Gawe van die HEILIGE GEES.** Die Bybel leer:

"En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes,
en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."
[Handelinge2:38AOV].

L.W. Let asseblief op die voorwaarde wat aan hierdie besondere gawe gekoppel is, naamlik die vereiste van *bekéring en doop,* wat die gawe van *geloof* vóórveronderstel. Die lakmoestoets vir kinderlike geloof is die doop, d.w.s., wanneer die gelowige, wat tot die geloof in Jesus Christus gekom het, hom/haar laat doop.

1.7 **Die GEESTELIKE Gawes.** Die Bybel leer uit 1Korinthiërs, Hoofstuk 12:

1.7.1 'n Woord van <u>WYSHEID</u>.

"Want aan die een word deur die Gees
'n woord van wysheid gegee ..."
[1Korinthiërs12:8aAOV].

1.7.2 'n Woord van KENNIS.

" ... en aan die ander 'n woord van kennis
vanweë dieselfde Gees."
[1Korinthiërs12:8bAOV].

1.7.3 Die Gawe van GELOOF.

"... aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees."
[1Korinthiërs12:9aAOV].

1.7.4 Die Genadegawes van GESONDMAKING.

"... en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking
deur dieselfde Gees."
[1Korinthiërs12:9bAOV].

1.7.5 Die Gawe van die WERKING van KRAGTE.

"... aan 'n ander werkinge van kragte."
[1Korinthiërs12:10aAOV].

1.7.6 Die Gawe van PROFESIÉ.

" ... aan 'n ander profesié."
[1Korinthiërs12:10bAOV].

1.7.7 Die Gawe van die ONDERSKEIDING VAN GEESTE.

"... aan 'n ander onderskeiding van die geeste."
[1Korinthiërs12:10cAOV].

1.7.8. Die Gawe van TALE.

"... aan 'n ander allerhande tale."
[1Korinthiërs12:10dAOV].

1.7.9 Die Gawe van die UITLEG VAN TALE.

" ... aan 'n ander uitleg van tale."
[1Korinthiërs12:10eAOV].

1.8 **Die Hemelse Vader se GOEIE GAWES.**

"As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!"
[Mattheüs 7:11AOV].

1.9 **Die Gawe van 'n HEMELSE HUIS in die Vader se 'Huis van Baie Wonings'.**

.

"In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."
[Johannes14:2-3AOV].

1.10 **Die Geskenk van SIERAAD vir as.**

"... om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as."
[Jesaja61:3aAOV].

1.11 **Die Geskenk van VREUGDE-OLIE vir treurigheid.**

"... vreugde-olie vir treurigheid."
[Jesaja61:3bAOV].

1.12 **Die Geskenk van 'n GEWAAD VAN LOF vir 'n verslae gees.**

"... 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees."
[Jesaja61:3cNSV].

1.13 **Die Geskenk van LEWENDE WATERFONTEINE en GEEN TRANE in die Ewige Woning.**

"... want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee... En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."
[Openbaring7:17; 21:4AOV].

2. **Die Gawes van die WATER VAN DIE LEWE en die BOOM VAN DIE LEWE.** Die uitnodiging staan nog steeds:

"En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. In die middel van sy

straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies ... En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."
[Openbaring22:1-2, 17AOV].□.

"... want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee... En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."
[Openbaring7:17; 21:4AOV].

16

HOOP VIR ATEÏSTE

Die optimis beweer dat ons in die beste van alle moontlike wêrelde woon; die pessimis is bevrees dat dit die waarheid is

James B. Cabell
(1879-1958)

1. **Stelling #1. God wil graag hê dat ALMAL gered word.** Hierdie wete is die beste verweer teen die depressiewe, morbiede (sogenaamde) 'Uitverkiesingsleer'.

"Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd."
[1Timotheüs2:3-6AOV].

2. **Stelling #2. God nooi ALMAL, ook die ateïs, om vandag na Hom te keer vir Saligheid.**

"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."
[Jesaja1:18AOV].

3. **Stelling #3. God behou die reg voor om GENADE te bewys aan wie Hy wil.**

"Maar Hy antwoord: Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm."
[Exodus33:19AOV].

4. **Stelling #4. God weerstaan hoogmoediges maar gee GENADE aan die NEDERIGE.**

"Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."
[Jakobus4:6AOV].

5. **Stelling #5. Die loon van die sonde is die DOOD.**

"Want die loon van die sonde is die dood ..."
[Romeine6:23aAOV].

6. **Stelling #6. ALMAL het gesondig; daar bestaan geen uitsonderings nie.**

" ... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."
[Romeine3:23AOV].

7. **Stelling #7. Die genadegawe van God is die EWIGE LEWE deur Christus Jesus onse Here.**

"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here"
[Romeine6:23AOV].

8. **Stelling #8. Jesus Christus het in die wêreld gekom om SONDAARS te red.**

"Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is."
[1Timotheus1:15aAOV].

9. **Stelling #9. God het nie vir Jesus Christus gestuur om die wêreld te VEROORDEEL nie.**

"Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."
[Johannes3:17AOV].

10. **Stelling #10. Jesus Christus is die ENIGSTE NAAM waardeur die wêreld gered kan word.**

"En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."
[Handelinge 4:12AOV].

11. **Stelling #11. Indien die ateïs die Naam van Jesus Christus in GELOOF sou BELY sal hy gered word.**

"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word."
[Romeine10:9AOV].

12. **Stelling #12. Daar is BLYDSKAP in die Hemel oor elke SONDAAR (die ateïs ingesluit) wat tot bekering kom.**

"So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."
[Lukas15:10AOV].□

"So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."
[Lukas15:10AOV]

17

DEMOKRASIÉ:
MOET DIE MEERDERHEID ALTYD VERTROU WORD?

Demokrasié is die vermoede dat méér as die helfte van die mense méér
as die helfte van die tyd reg sal wees

E.B. White
(b.1899)

1. **Demokrasié (definisie).** *"Regering deur die volk; veral, heerskappy van die meerderheid."*

[Merriam-Webster].

2. **Die Meerderheidsreël.** *"'n Politieke beginsel wat bepaal dat die meerderheid, gewoonlik gevorm deur vyftig persent plus een (50% + 1) van 'n georganiseerde groep, die mag het beslissings bindend vir die geheel te maak."*

[Merriam-Webster].

3. **Besware teen die 'Demokratiese Meerderheidsreël'.** Daar is etlike besware teen hierdie reël en dit staan die leser vry om dit te ondersoek. Basies kom dit op die volgende neer, naamlik (i) *die moontlikheid van die tirannié van die meerderheid*, (ii) *ongelykheid*, (iii) *besluiteloosheid onder leierskap* en (iv) *manipulériing van die stelsel vir eie gewin op grond van 'n meerderheid-stemming*, ens.

4. **Die Sodom voorbeeld.** In die Bybel lees ons van Lot, Abraham se neef, en sy gesin wat in Sodom, 'n stad berug vir losse sedes, gaan woon het. Een aand, toe Lot 'n besoek deur twee engele ontvang, waarskynlik in die gedaante van menslike wesens, word sy huis meteens omsingel deur bose mense van die stad wat so bevange was met die skoonheid van die engele sodat hulle Lot se huis met geweld wou betreë met die doel om die twee mans onwelvoeglik aan te rand. Lot se pleidooie het op dowe ore geval wat God genoop het om die bose indringers met blindheid te slaan. Uiteindelik moes Lot vlug uit die stad en is Sodom, soos die Bybel leer, deur God met vuur en swael getref en vernietig.

[Verw. Genesis13:10,13; 18:20-26; 19:1-28].

5. **Die val van die Meerderheidsreël in Sodom.** Nadat God Sodom vernietig het, het dit baie duidelik geword dat, wanneer God 'n nasie of 'n gemeenskap oordeel, Hy gladnie geïnteresseerd is in 'n 'meerderheidstem' by die stembus of die meerderheids-magsbasis van 'n besondere politieke party nie. God se koninkryk is gegrondves op *geregtigheid,* en nie op 'n *meerderheidstem* nie. 'n Groep kan, aan die een kant óf (i) te groot wees om te sink, óf, aan die anderkant, nes die Titanic, (ii) te groot wees om nie te sink nie. By Sodom het slegs 'n klein minderheid (Lot en sy gesin) die oordele van God vrygespring; die meerderheid is gestraf (uitgewis). Die Bybel leer:

> "Toe hy uitkyk oor Sodom en Gomorra en oor die hele land van die Jordaanstreek, sien hy dat die rook van die land optrek soos die rook van 'n smeltoond. En onderwyl God die stede van die Jordaanstreek verwoes, het God aan Abraham gedink en Lot uitgelei uit die omkering toe Hy die stede omgekeer het waar Lot woonagtig was."
> [Genesis19:28-29AOV].

6. **Méér lesse uit die geskiedenis.** Hou in gedagte:

6.1 Slegs ágt mense was gered deur die ark; die meerderheid het omgekom in die vloed.

6.2 Eén man, Josef van Egipte, red die hele Egipte en Israel van hongersnood.

6.3 Slegs één man in die geskiedenis van die mensdom (Moses) het persoonlik gesien hoe die Vinger van God die Tien Gebooie uit die kliptafels 'gegraveer' het.

6.4 Die gebede en inspanning van slegs één vrou, Ester, ook genoem Hadassah, het 'n hele Joodse volk van gewisse dood gered.

6. 5 Die gebed van één man, Josua, het tot gevolg gehad dat die son vir byna 'n volle dag stilgestaan het in die Dal van Ajalon.

6.6 Die gebed van slegs één man, Jesaja, het die skaduwee op die sonwyser van Agas tien grade agteruit laat beweeg.

6.7 Die gebed van één man, Elia, het veroorsaak dat dit vir drie-en-'n-half jaar nie gereën het nie.

6.8 Met slegs 300 man het Gideon 'n groot oormag ("soos 'n menigte sprinkane") op die vlug laat slaan.

6.9 Slegs één Verlosser, Jesus Christus, sterf vir die sondes van die hele wêreld, ens.

7. **'n Belangrike les geleer.** God self waarsku vandag nog teen die 'die meerderheid is reg-sindroom':

"Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie. En jy mag in 'n regsaak geen getuienis aflê agter die meerderheid aan om die reg te verdraai nie."
[Exodus23:2AOV].□

Verwysings

1. Heckelman, Jac (2016) *The Problems of Majority Rule.* ElgarBlog. Edward Elgar Publishing Staff Picks. Online.

"Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie. En jy mag in 'n regsaak geen getuienis aflê agter die meerderheid aan om die reg te verdraai nie."
[Exodus23:2AOV]

18

DEMOKRATIESE VERSUS TOTALITÊRE REGIMES: WATTER LEËRS PRESTEER TYDENS OORLOG DIE BESTE?

Watter soort klokke word gelui vir hulle wat soos beeste sterf? Slegs die beesagtige woede van kanonne

Wilfred Owen
(1893-1918)

1. **Inleiding.** Die Evangeliese Christendom is gewoonlik méér tuis in die tradisionele Westerse demokrasiëe as byvoorbeeld in tipiese totalitêre lande, daarom ook hierdie artikel oor die kwessie van oorlog.

Demokratiese versus totalitêre regimes: So, in 'n oorlog om lewe en dood, watter leër (weermag) dink die leser sou die beste presteer? Soos boksers en gholfspelers waarskynlik sou redeneer, is dit byvoorbeeld regtig 'n geval van dat 'n mens maar net so goed soos is jou volgende toernooi of geveg? Blykbaar is daar is geen waarborge nie; in oorlog, net soos in sport, is enige leër maar net so goed soos sy volgende veldslag.

Nietemin, in sy boek, *D-Day: 6 June 1944: The Battle for the Normandy Beaches*, verskaf die outeur Stephen E. Ambrose 'n interessante, samehangende analise van hoe die Geallieerde (demokratiese) magte gedurende die Tweede Wêreld Oorlog (1939-1945) in vergelyking met die Nazis (ateïste) se totalitêre magte gepresteer het tydens die Geallieerdes se massiewe 'Overlord' inval van Europa.

2. **Die Ambrose Analise.** Hier volg 'n samevatting van Stephen E. Ambrose (Ambrose: 178-179] se interpretasie van die epiese botsing tussen die twee titane op die strande van Normandië op 6 Junie 1944:

> 2.1 **Geallieerde foute vs. Duitse foute**. My vertaalde parafrase: *"Geallieerde foute was min in vergelyking met die foute van die Duitsers. Deur oral te probeer verdedig was die Duitsers nie in staat om enige enkele plek ordentlik te kon verdedig nie. Die Duitsers se kommando-struktuur was eerder 'n belemmering as van enige hulp."*
>
> [Ambrose:178].

> 2.2. **Strand versus Binneland-verdediging.** My vertaalde parafrase: *"[Veldmaarskalk Erwin] Rommel se idee om die [geallieerde] inval op die*

strande te stop versus [opperbevelhebber West] Rundstedt se idee van 'n teenaanvaal in die binneland versus [Adolf] Hitler se voorstel van 'n kompromis tussen die twee het die effektiewe gebruik van beskikbare middele verhinder. Poolse, Russiese en ander krygsgevangenes wie gebruik was vir bouery was logies; om hulle egter in 'Wehrmacht-uniforms' en in loopgrawe te plaas met die doel dat hulle sou help om verset te bied was van weining nut."

[Ambrose: 178].

2.3 'Wehrmacht'* en 'Luftwaffe'**. My vertaalde parafrase: *"Die vele foute van die Wehrmacht was verder oortref deur die foute van die Luftwaffe, wat nie normaalweg die geval was nie. Op D-Day het [Hermann] Göring die Luftwaffe opgeroep tot 'n totale aanslag op die Geallieerdes wat nie veel gehelp het nie: Grootste poging was 'n massiewe lug-bombardement teen die massa skeepvaart en die kongestie op die strande, waartydens Göring elke Duitse vliegtuig wat kon vlieg gebruik het. Maar, Göring was in Berchtesgaden en eens met Hitler se selfsugtige, belaglike bewering dat die Geallieerdes die inval presies daar gelanseer het waar hulle dit verwag het, terwyl administratiewe en brandstofprobleme die Luftwaffe erg gekortwiek het. Die verskrikking van die wêreld, die Luftwaffe, was op 6 Junie 1944 'n grap."*

[Ambrose: 178].

*Duitse Weermag
**Duitse Lugmag.

2.4 **Die 'Kriegsmarine'*.** My vertaalde parafrase: *"Die 'Kriegsmarine' was nie veel beter nie. Sy duikbote en kruisers was óf tuis in hul hawens óf elders besig in die Noord-Atlantiese Oseaan, op jag na die handelsvloot van die vyand. Buiten een klein aksie waarin drie duikbote betrokke was, het die Kriegsmarine geen enkele aanval, op die grootste armada ooit versamel, gedoen nie."*

[Ambrose: 178].

*Nazi Krygsvloot: 1935-1945.

2.5 **Die 'V-1' vuurpyle.** My vertaalde parafrase: *"Die V-1 [vuurpyle] waarop Hitler sulke hoë verwagtinge geplaas het en waaraan hy soveel tegnológiese en konstruksie-kapasiteit bestee het, was op hierdie tydstip nog nie gereed vir gebruik nie. Toe dit wel beskikbaar word, toe lanseer hy dit teen die verkeerde teiken."*

[Ambrose: 178-179].

2.6 **Strategieë en taktieke.** My vertaalde parafrase: *"Die taktiese en stratégiese foute van die Duitsers was ernstig, maar hulle politieke flaters was die grootste*

van almal. Hulle besettingsbeleid in Pole en Rusland het die Oos-bataljons van enige entoesiasme vir die saak gestroop aangesien troepe die kommuniste gehaat het. Hoewel Duitse gedrag in Frankryk beter was as hul gedrag in Pole en in Rusland, kon die Duitsers selfs in Frankryk nie daarin slaag om entoesiasme vir hulle saak op te wek nie, en gevolglik kon die Duitsers nie die groot potensiaal van 'n verowerde Frankryk winsgewend benut nie. Duitsland was getroef aangesien die jongmanne van Frankryk as saboteurs of leiers van verset in fabrieke inteendeel eerder 'n aanwins vir die Geallieerdes was." [Ambrose: 179].

2.7 **Leierskap.** My vertaalde parafrase: *"Wat Hitler as sy belangrikste troefkaart beskou het, d.i., die leierskapsbeginsels van die 'Derde Ryk', naamlik die onvoorwaardelike gehoorsaamheid wat van Wehrmacht-personeel verwag was, dit wil sê van veldmaarskalk tot soldaat, het op D-Day téén die Duitsers gewerk.*

Die waarheid is dat, ondanks individuele dade van moed en fanatisme van sommige 'Wehrmacht' troepe, was die prestasies van die opperbevel van die 'Wehrmacht', offisiere uit die middelklasse en onderoffisiere maar power. Die oorsaak was eenvoudig: hulle was bang om enige inisiatief te neem en verlam deur die dom bevele wat geen verband gehou het met die toestand op die slagveld nie.

Die Tenk-kommandante het die heeldag in hul hoofkwartier sit en wonder waar die vyand was en hoe en wanneer daar aangeval moes word al wagtende op instruksies vanaf die Opperbevel in Berchtesgaden om hulle te vertel wat om te doen.

Die kontras tussen [Geallieerde] manne soos Generaals Roosevelt en Cota, kolonels Canham en Otway, majoor Howard, kaptein Dawson, luitenante Spaulding en Winters, in hul aanpassing en reaksies op onverwagte situasies en hul Duitse teenstanders kon nie groter wees nie. Die manne uit die demokrasié was in staat om ter plaastse snelle beslissings te maak en daarvolgens te handel, terwyl manne uit die totalitêre regime dit nie kon doen nie. Behalwe vir (die Duitse) kolonel Heydte en 'n kaptein hier en 'n luitenant daar, het geen enkele Duitse offisier voldoende gereageer op die uitdaging van D-Day nie."

[Ambrose: 179].□

Verwysings

1. Ambrose, Stephen E. (1994) *D-Day: June 6, 1944: The Battle for the Normandy Beaches.* Pocket Books, Simon & Schuster UK Ltd.

19

GEWELD IN SKOLE: WAAROM IS ONS NIE VERRAS NIE?

Wanneer die ouer versuim om die tiener rebél met liefde en welwillendheid in sy hart te dissiplineer, sal die magistraat self die rebél dissiplineer ... sonder liefde en enige welwillendheid in sy hart

(Anoniem)

1. **Geweld in Skole: Die nuwe 'Normaal'?** Die golf van geweld in openbare skole die afgelope jare in de VSA, Suid-Afrika en elders kom nie as 'n verrassing vir Jode en Christene (wie gesamentlik hul Judeo-Christelike waardes koester) en vir opregte, vredeliewende landsburgers van ander godsdiensoortuigings of lewens-beskouings, wie almal die demokratiese ideaal nastreef van byvoorbeeld politieke stabiliteit, 'n welvarende mark-ekonomié en 'n verantwoordelike, stabiele en bekwame regering in staat tot kwaliteit dienslewering, nie.

2. **Moontlike redes vir die toename in geweld in skole.** Dit sluit in:

2.1 **De opkoms van die Sekulêre Humanisme.** Die Sekulêre Humanisme ry tans die kruin van die golf van gewilde, linkse ideologiëe of wêreldbeskouings. Terme soos *Ateïsme, Agnostisisme, Humanisme, Kubernetika, Postmodernisme, Posthumanisme, Transhumanisme; Dianétika, Vrye-Denke; Konsekwensialisme, Morele Relativisme, Situasionele Etiek, Rede & Rasionalisme, Nuwe Era, Okkultisme, Darwinisme, Kommunisme, Sosialisme, Fascisme, Satanisme* en selfs *Christelike Ateïsme* (!) word alles onsamehangend en lukraak as die 'silwer koëel' oplossing vir die probleme en uitdagings van die mensdom aangebied, teen die agtergrond van tergende vrae soos: .

- Waarom is daar iets (bv., 'n Kosmos, die buitenste ruimte, sterrestelsels, sonnestelsels, allerhande hemelliggame, planete en mane, mense, diere, plante ens., en verval die menslike bewussyn) in plaas van niks?
- Waar kom ons vandaan?
- Waarom is ons hier?
- Waarheen is ons op pad?
- Wat is die doel en sin van die lewe?
- Hoe kan ons die verskil tussen goed en kwaad weet?

- Wat is die toekoms van Planeet Aarde?
- Is daar hoop vir die mensdom?
- Is daar lewe na die dood?
- Gaan daar werklik aan die einde van die eeue soiets soos 'n Groot Wit Troon Oordeel wees soos wat die Bybel leer en soos wat Evangeliese Christene glo?

2.2 **Ontmoet die nuwe 'Dooie Digters Maatskappy' ('Dead Poets Society').** As daar ooit werklik soiets soos die 'Dooie Digters Maatskappy' sou bestaan, sou dit waarskynlik die Sekulêre Humanisme in al sy sinistêre vorme en konfigurasies soos hierbo beskrywe moet wees. Enkele redes:

- Hul geloof in die 'Geen Hiernamaals' (d.i., geen moréle verantwoording teenoor God en geen oordeel na die dood).

- Hul geloof in 'Dood-ná-Dood' in plaas van 'Lewe-ná-Dood' (geen langtermyn perspektief vir mense on na uit te sien of om voor te lewe).

- 'n 100% sterftesyfer vir elke generasie in elke land vir elke nasie ondanks "miljoene jare" se 'progressiewe evolusie" (sogenaamd).

L.W. Hoe begin 'n feëverhaal gewoonlik? Soos volg: *"Lank, lank gelede ... !"* Hoe begin die evolusionis se verhaal nou weer? Soos volg: *"Miljoene, miljoene jare gelede ...!"*

2.3 **Die verwerping van Judeo-Christelike lewenswaardes.** Die arrogante, onoordeelkundige verwerping van Judeo-Christelike waardes, die Bybel en die ontmoediging van gebed in skole tesame met die vervanging daarvan met die moreel bankrot Darwinisme gedrewe onderwys-kurrikulum (wat gebaseer is uitsluitlik op kennis oor die kosmiese en biológiese kragte en wette van die natuur) in die afwesigheid van die beproefde moréle kompas van die Bybel, en, sonder enige koherente stelsel van moraliteit of etiese kode om leerlinge mee te kersten sodat hulle model burgers kan ontwikkel, is waarskynlik verantwoordelik vir die verval in ons skole.

Die groot vraag: Dus, as daar volgens hierdie bewegings geen Hiernamaals, geen Lewe-ná-Dood en verantwoording in die Ewigheid gaan wees nie, geen Groot Wit Troon Oordeel waar Jesus Christus sal sit as Hoofregter, waarom sal die volgende verskynsels soos hieronder gelys dan nou noodwendig 'n "sosiale euwel" of "verkeerd" wees?

- Staatskaping, bedrog, korrupsie, tender-samespanning en boewery onder bedryfsleiers en politieke leiers betrokke by geldwassery,

omkopery, tribuutgeld vir regeringsgunsies, kader-ontplooiing en die misbruik en vermorsing van staatsfondse ens.;

- Oorlogsugtigheid, onwettige wapenhandel, smokkelarye, politieke moorde;

- Moord, aanranding, diefstalle, bankrowe, inbrake, geldverduistering, voertuigkapings, verwaarlosing van kinders, owerspel, ontug, seksuele perversie; brandstigting, assuransie-bedrog, belasting-bedrog ens.;

- anargié; openbare plundering en vernietiging van eiendom (publiek en privaat), afpersing; georganiseerde en klein misdaad, kriminaliteit, belasting-ontduiking, geweld in skole en op universiteit-kampusse ens.;

- finansiële bedrog, piramide-skemas, kuber-misdaad, mensehandel, prostitusie en dwelmhandel ens.

3. **Wat leer opvoeders ons kinders?** Opvoedkundige kragte wêreldwyd se leerstellige invloed (veral op DSTV, die hoofstroom media, sosiale media en die Internet) met enkele uitsonderings hier en daar (veral op DSTV en in die gereguleerde media) strooi die wêreld vol van hulle dekadente 'Linkse waardes' (en ek gebruik die woord 'waardes' baie los) gebaseer op sosiale bewegings en verskynsels soos 'Eugeniese Wetenskap' (Adolf Hitler & kie.); 'Darwinisme' & 'Darwiniaanse Skepping' (Charles Darwin & kie); Psigoanalise & Psigoterapie (Sigmund Freud & kie); Kommunisme en Sosialisme (Karl Marx & kie); Ateïsme (Bertrand Russell & kie); die postmoderne gedrewe Christelike Ateïsme ('Jesus Seminar' & kie); Hollywood gedrewe (pop) 'Boeddhisme' en (pop) 'Hindoeïsme' (reïnkarnasie-teorieë), Astrologié (Sterre Voorspel ens.); Skiëntologié & VVV ('UFO') kultusse (L Ron Hubbard & Erich von Däniken & kie).

Voeg hierby die toksiese mengsel van 'n DSTV-gedrewe film-dieet van stories oor vampiere, zombies, bose geeste, aaklig- gemuteerde buiteaardse wesens uit die hel en seksuele perversie ondersteun deur 'n oorvloed van swak, vulgêre, onsmaaklike (en soms selfs godslasterlike) draaiboeke van hoek tot kant gesmeer met die botter van anti-christelike, anti-God; anti-Bybel; anti-kerk; anti-Jesus Christus en anti-Evangeliese retoriek; so, waarom sal ons dan verbaas wees oor al die geweld in skole? Het ons opvoeders vanuit die waardige universiteits-gange en lesingkamers van die Pedagogiek nog nooit gehoor van die uitdrukking, "Vullus in > Vullus uit!" ("Garbage in > Garbage out!") nie?

4. **Geen Moréle Kompas nie.** Hoe beplan die Departement van Onderwys dan om, sonder 'n behoorlike, betroubare moréle kompas (soos byvoorbeeld die Bybel

met sy bewese, tydbeproefde Judeo-Christelike waardes) in die Onderwys en in skole (veral in ons publieke skole) rigting te gee aan ons kinders? Waarom het hulle God, die Bybel en veral die Genesis Skeppingsverslag (en Judeo-Christelike waardes) uitgesmyt en toe vervang met die nuttelose, leë pseudo-akademiese dop van die Darwiniaanse Skeppingsmodel, 'n wêreldbeskouing, ideologié en valse godsdienskultus so onbeskryflik arm aan 'n koherente stelsel van etiek en moraliteit? Elke liewer ouer en opvoeder in Suid-Afrika behoort hulself die volgende vraag ernstig en dringend áf te vra: *"Waar die Bybel, Bybelse Skriflesing & Gebed en Bybelse (Joods-Christelike) waardes nie meer in 'n skool die norm is nie, wat gebruik ons opvoeders as 'n moréle kompas vir (i) hulself as opvoeders en (ii) om leiding aan leerders te gee?"* □

"Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."
[Jakobus4:6AOV]

20

HOE OM "NEE!" TE SÊ VIR DIE KOMMUNISME

'n Kommunis is iemand wat hunker na die gelyke verdeling van ongelyke verdienstes

Ebenezer Elliott
(1781-1849)

1. **Massamoord onder die Kommunisme.** Wikipedia bied die volgende statistieke:

1.1 **110 miljoen mense.** *"110 miljoen mense uit binne- en buiteland, gedood deur die 'kommunistiese demokrasié' van 1900-1987."* (*Death by Government* deur R.J. Rummel, R.J., 1994).

1.2 **148 miljoen (38 miljoen sterf deur hongersnood).** *"148 miljoen (38 miljoen dood deur hongersnood) deur kommunistiese 'democide'."* (gedood deur regerings-agente) tussen 1900-1999, *The Great Chinese Famine* deur Chang & Jon Halliday).

1.3 **100 miljoen.** *"100 miljoen, 'ruwe benadering'"/"tussen 85-100 miljoen."* (*Black Book of Communism* deur Stephane Courtois, 1999).

1.4 **21-70 miljoen.** *"21-70 miljoen 'nie-vegters in die Volksrepubliek China en Cambodia'."* (Benjamin Valentino, 2005).

1.5 **60 miljoen.** *"60 miljoen, miskien tientalle miljoene meer."* (*Red Holocaust* deur Steven Rosefielde, 2010].

1.6 **70 miljoen.** *"70 miljoen van teregstellings, werkkampe, hongersnood, etniese suiweringing en wanhopige vlugting in lekkende bote waarvan die dode in oorlog nie bygereken is nie."* (Matthew White, 2011).

1.7 **100 miljoen.** "*Algemene skatting van 42 870 000 tot 161 990 000, waar 100 miljoen die mees genoemde syfer is."* (*Victims of Communism Memorial Foundation,* 2016).

1.8 **65 miljoen.** *"Minstens 65 miljoen tussen 1917 en 2017."* (Prof. Kotkin, *The Wall Street Journal*, 2017/Wikipedia, *Mass Killings Under Communism*. Online 2020).

2. **Sê "Nee!" vir die Kommunisme!** Ons sê "Nee!" vir kommunisme wanneer ons "Ja!" sê vir die Evangelie van Jesus Christus. Die rede is dat die kommunisme inherent ateïsties is, en dus onversoenbaar met die Bybel en Bybelse (Joods-Christelike) waardes.

> *"Throughout the history of the Soviet Union (1917–1991), there were periods when Soviet authorities brutally suppressed and persecuted various forms of Christianity to different extents depending on State interests. 1] Soviet Marxist-Leninist policy consistently advocated the control, suppression, and ultimately, the elimination of religious beliefs, and it actively encouraged the propagation of Marxist-Leninist atheism in the Soviet Union ... The Communist Party destroyed churches, synagogues and mosques, ridiculed harassed, incarcerated and executed religious leaders, flooded the schools and media with anti-religious teachings, and introduced a belief system 'scientific atheism', with its own rituals, promises and proselytizers."*
>
> [Wikipedia, *Persecution of Christians in the Soviet Union.* Online 2020].

3. **Sosialisme ook onversoenbaar met die Bybel, die Wet van Moses en die Evangelie van Jesus Christus.** Hou in gedagte dat, hoewel die kommunisme deurgaans die ateïsme as sy godsdiens-van-keuse sal volg, dit ook sosialisme as keuse van 'n ekonomiese model sal volg, hoewel daar vandaag heelwat variasies op die temas van 'kommunisme' en 'sosialisme' bestaan. Oral waar sosialisme of kommunisme nie slaag nie, sal die voorstaanders daarvan natuurlik altyd kom met die tipiese mantra en verskoning dat dit is omdat dit kwansuis nie die "korrekte kommunisme of sosialisme" was wat geïmplementeer was nie.

Ek staan steeds verbaas hoeveel mense, waaronder etlike Christene, nog steeds glo (i) dat die Bybel die 'Sosialisme' van Marx en die (ii) 'Evolusie' skeppingsmodel van Darwin leer, beide verouderde, ongeldige idees omtrent die Bybel en die Skepping. Nóg Moses nóg Jesus Christus nóg die Apostel Paulus (wie ongeveer een-derde van die Nuwe Testament geskryf het) het ooit die kommunisme, sosialisme of evolusie gepreek, geleer of aanbeveel. Christene wat enigeen of al drie van bovermelde geloofstelsels of wêreldbeskouings volg ("ter wille van die vrede") volg vreemde vuur en vreemde waterbakke wat, teen die LIG van die Bybel, nie water hou nie.

Die ekonomiese stelsel wat die Bybel leer is die Vryemarkstelsel, insluitend die demokratiese reg op 'privaatbesit', soos gegee deur God (YHWH, Jahweh, Jehova) self met die Tien Gebooie, geskrywe deur die vinger van God. Die Bybel leer byvoorbeeld:

> "En jy mag nie steel nie. En jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. En jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; en jy mag nie na jou naaste se huis hunker nie—na sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie."
> [Deuteronomium5:19-21AOV].

4. **Gevolgtrekking.** Ons se dus "Nee!" vir die Kommunisme, die Sosialisme en die Darwinisme wanneer ons "Ja!" sê vir die Evangelie van Jesus Christus en Jesus Christus as ons persoonlike Verlosser en Saligmaker graag vrywillig aanneem. [Verw. Johannes3:16; Romeine6:23].

Dit slaan my verder steeds dronk hoeveel mense steeds vandag nog beswaar maak teen die sogenaamde 'Kolonialisme', maar self nog ywerige volgers van hulle eertydse koloniale leiers is, byvoorbeeld mense soos Karl Marx, Friedrich Engels en Leon Trotsky (Kommunisme/Sosialisme); Charles Darwin (Evolusie); L. Ron Hubbard (Skiëntologié); Sigmund Freud (Psigoanalise & Psigoterapié) ens. Vanselfsprekend is meeste van die gewilde sportsoorte van Suid-Afrika soos rugby, sokker, krieket, gholf, tennis ens. alles die produk van die kolonialisme, maar daarteen het hulle nie beswaar nie (?). Jesus Christus het geleer:

> "Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie.
> Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.
> Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.
> Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.
> Maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar.
> En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie."
> [Johannes10:8-13AOV].□

"... die Bloed van Jesus Christus, Sy seun, reinig ons van alle sonde."
[1Johannes1:7bAOV]

21

KAPITALISME OF SOSIALISME?

Wanneer jy 'n vrye mark vernietig, skep jy 'n swart mark. Indien jy tien duisend regulasies het, vernietig jy respek vir die wet

Winston Churchill
(1874-1965)

1. **Sosialisme.** Die probleem met Sosialisme is die históriese erfenis van ondoeltreffendheid en produksie-beperkinge en, gevolglik, die lang rye van wagtende mense in winkels (en in hospitale, klinieke, poskantore en allerhande staatsdepartemente ens.) wat veroorsaak word deur chroniese tekorte, aangedrewe deur 'n disfunksionele, gesentraliseerde regeringsbeheerde bevels-ekonomie.

Die gevolg van hierdie sisteem is die fenomeen waar mense , veral die "kamerade van die burokrasié" in die regering, almal streef na en meeding om die beste posisies in die regeringskringe om die staats-apparaat so aan te wend sodat hulle die beste voordele en geriewe vir hulself kan verseker met die skamele middele en kontakte in die regering tot hul beskikking, hetsy in kontant of in die een of ander vorm van voordele en voorregte. Ons sien byvoorbeeld vandag hoe dit gedemonstreer word met die kader-ontplooing van "kamerade" in die huidige regering.

Aangesien die Sosialisme nie bekend is daarvoor as as 'n sisteem wat in staat is om uitsonderlike welvaart te produseer nie, is daar te véél mense wat te min voordele najaag wat lui tot uitbuiting en korrupsie, en, wat op sy beurt weer werkloosheid, haweloosheid, armoede en allerhande sodiale ontbéringe veroorsaak.

2. **Kapitalisme.** Die 'probleem' met Kapitalisme is dat dit die sisteem by uitstek is wat welvaart en rykdom produseer, en, omdat die Sosialisme in sosialistiese lande nie die monopolié op korrupsie en misdaad het nie, sal die kriminele elemente in sulke lande (net soos in sosialistiese lande) ook sy kop uitsteek juis omdat daar soveel oorvloed geproduseer word wat deur omkopery en tender-knoeiery ingepalm kan word. Hulle steel so baie juis omdat daar so baie is om gesteel te word, baie meer as in sukkelende, armlastige sosialistiese lande.

3. **God se keuse van 'n ekonomiese model.** Dit is duidelik uit die Bybel dat God se keuse van 'n ekonomiese model die Vryemarkstelsel van die Kapitalisme is waar sulke Judeo-Christelike* waardes as vlytigheid, harde werk en die privaatbesit van

eiendom nagestreef word; daarom dat kapitalistiese ekonomiëe so vlytig, innovérend en produktief is.

*Sien die Tien Gebooie: (i) Exodus Hoofstuk 20 of (ii) Deuteronomium Hoofstuk 5.

4. **Daar kom 'n Nuwe Wêreld.** Helaas, vanweë die feit dat ons in 'n gebroke Heelal en samelewing lewe, en hoewel die Kapitalisme/Vryemarkstelsel by verre die beste opsie is om ondernemerskap, innovasie en ekonomiese welvaart te skep, is geeneen van die twee modelle ideaal nie. Ek dink dit was Winston Churchill wat gese het: *"Kapitalisme is die ongelyke verdeling van rykdom; Sosialisme is die gelyke verdeling van ellende en armoede."* (my parafrase). Wanneer Jesus Christus terugkeer sal Hy oor die nasies regeer met die volmaakte ekonomiese model en wel met die "skerp swaard" en "ysterstaf" van Geregtigheid:

> "En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here."
> [Openbaring19:15-16AOV].□

"En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here."
[Openbaring19:15-16AOV]

Kopiereg © 2024 PJ Stasssen Alle Regte Voorbehou

22

KENNIS WAT NIE DIE MOEITE WERD IS OM TE WEET NIE

Wat jy nie weet nie sou 'n fantastiese boek gemaak het

Sydney Smith
(1771-1845)

1. **Inleiding.** As 'n ou man in die sonsondergang van my lewe, sou ek jong mense nog in hul fleur graag wou adviseer om hul kosbare tyd nie te verspil met kennis wat nie die moeite werd is om te weet nie. Enkele voorbeelde van sulke kennis:

1.1 **Ateïsme.** Hierdie doodskultus, waarna ek ook verwys as die ware 'Dooie Digters Maatskappy' ('Dead Poets Society') glo nog steeds vandag in *Dood-ná-dood* (in plaas van Lewe-ná-dood) nadat hulle die Absolute Waarheid (oor en van God) verwerp het terwyl hulle, ironies genoeg, nogtans naarstigtelik vashou aan die 'absolute waarheid' van die drogbeeld van Ateïsme.

Anders as die ateïs, glo die agnostikus dat ons nie kan weet oor wat en wie God is nie en dit daarom futiel sou wees om die saak oor en van God te probeer naspeur of ondersoek; mens kan die agnostikus byna beskrywe as 'n ateïs wat nie seker is oor sy Ateïsme nie. Byvoorbeeld, 'n kennis van my uit my verre verlede (1962) wat 27 jaar uitgedien het in Suid-Afrikaanse sowel as in Britse tronke vir bankrowery en 'n selferkende ateïs, het, kort vóór sy dood, die volgende ruimhartige erkenning teenoor my gedoen, d.i., deur teenoor my te erken, *"Ek is nou wel 'n ateïs, maar ek sê nie ek is reg nie."* Hy was met ander woorde 'n agnostikus, nie 'n ateïs nie, en ek vertrou dat hy sy saak met God geskik het voordat hy in die Baraghwana Hospitaal in Johannesburg gesterf het. 'n 'Ware' ateïs is iemand wat tot op sy sterfbed sal weier om met God vrede te maak.

1.2 **Astrologié.** Hierdie 'vakgebied' is so oud en verouderd dat dit al millenniums gelede in die tyd van die Ou Testament (Hebreeuse Bybel) deur God as bedrog verwerp is. Mense wat nog steeds vir hulle 'n sogenaamde "horoskoop" laat opstel en nog heul met die Astrologié se 'Die Sterre Voorspel' (byvoorbeeld in die Huisgenoot 'gesins-tydskrif') is besig om hul tyd te verspil met 'n heidense bygeloof wat minstens drie millennia agter die tyd is.

" ... dat jy ook jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie—dinge wat die HERE jou God aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het."
[Deuteronomium4:19AOV].

1.3 **Spiritualisme.** Die praktyk van die "raadpleeg" of "oproep" van die geeste van afgestorwenes word deur God in die Bybel veroordeel. As oningeligde kinders, moet ek ruiterlik erken, het ons ook "glasie-glasie" saam met sommige grootmense gespeel, maar hoe 'n ernstige, opgevoede, ontwikkelde mens uit die 21ste eeu nog steeds hom met die infantiele fantasié van hierdie skewe stokperdjie uit die oertyd kan ophou (en selfs geld, d.i., vuil gewin, daarmee maak) is niks minder as verbysterend nie. Die Bybel leer duidelik:

"Julle mag niks met bloed en al eet nie. Julle mag nie met verklaring van voortekens of goëlery omgaan nie."
[Levitikus19:26AOV]
"Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet
deur sy gebooie en sy verordeninge en
sy insettinge wat ek jou vandag beveel,
nie te hou nie."
[Deuteronomium18:11AOV]
"En hy het altare gebou vir die hele leër van die hemel in altwee die voorhowe van die huis van die HERE;
ook sy seun deur die vuur laat deurgaan en met goëlery en verklarings van voortekens omgegaan en dodebesweerders en waarsêers aangestel; hy het baie gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE
om Hom te terg."
[2Konings21:5-6AOV]
"En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel—moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word?"
[Jesaja8:19AOV].

1.4 **Skiëntologié ('Scientology').** Hierdie beweging, niks anders nie as maar net nog 'n valse, voorstedelike VVV ('UFO') kultus wat God ignoreer en onverskillig staan tenoor die Judeo-Christelike tradisies en waardes van die Bybel, het nietemin steeds die waagmoed gehad om ditself as 'n "kerk" ('Die Kerk van Skiëntologié'/'Church of Scientology') te registreer. Dit is belangrik dat die leser moet verstaan dat die woord 'kerk' afgelei is van die Griekse woord 'Ekklesia' en dat die Skiëntologié se gebruik van die term, alhoewel nie onwettig, deur Evangeliese Christene as 'n sinistêre en onopregte gebruik van die woord beskou word.

"The Greek word ekklēsia, literally 'called out' or 'called forth' and commonly used to indicate a group of individuals

> *called to gather for some function, in particular an assembly of the citizens of a city, as in Acts 19:32–41, is the New Testament term referring to the Christian Church (either a particular local congregation or the whole body of the faithful). In the Septuagint, the Greek word ἐκκλησία is used to translate the Hebrew קהל (qahal). Most Romance and Celtic languages use derivations of this word, either inherited or borrowed from the Latin form ecclesia."*
>
> [Wikipedia: *Church (Congregation)].*

1.5 **Wetenskaplikheid of 'Skiëntisme' ('Scientism').** Die ideologié van die Skiëntisme ('Wetenskaplikheid') wat die Natuurwetenskap 'aanbid' (vereer) as die uiteindelike oplossing vir alle probleme en uitdagings wat deur die mensdom gekonfronteer word. Mense is egter geneig om te vergeet dat die Wetenskap, alhoewel 'n goeie 'dienskneg, ('slaaf') aan die een kant mag wees, dit aan die ander kant ook 'n brutale meester kan wees, soos wat die atoombom op Hiroshima en Ngasaki ruim van getuig en nuwe en kragtiger missiel-tegnologié om lewens en stede mee te verwoes vandag selfs nog ruimer van sal kan getuig.

1.6 **Die Darwiniaanse Skeppingsmodel.** Asof die heidense wêreldbeskouing van die *Klassieke (ateïstiese) Darwinisme* nie genoeg was nie, is die *Darwiniaanse Skeppingsmodel* (oftewel 'Skeppende Evolusionisme') deur sommige teïste (mense wat in God glo) in die lewe geroep in sekere kringe van die postmoderne, linksgesinde Christen-gemeenskap as 'n tipe *"versoenings-teologié"* met die doel om die *Genesis Skeppingsmodel* van die Bybel met die *Darwiniaanse Evolusieleer* te versoen. Ironies genoeg is hierdie postmoderne Christene (teen alle logika heen) vasbeslote om 'n model ('Progressiewe Evolusie') te volg en te ondersteun wat ten beste steeds niks beter na "miljoene jare van evolusie" kan bied nie as 'n 100% sterftesyfer vir elke mens in elke land en vir elke nasie. Die groot vraag: Wanneer gaan die Evolusionisme (hetsy die Darwiniaanse Evolusieleer of die Darwiniaanse Skeppingsmodel van sekere postmoderne Christene) dan ooit na vore kom met iets beter as dit?

Terwyl Evangeliese Christene natuurlik beide van hierdie modelle as onwerkbaar verwerp, is dit noodsaaklik dat die leser verstaan dat die twee modelle in elk geval nie albei gelyktydig korrek (geldig) kan wees nie en dat hulle, alhoewel hulle tydens simposiums en debatte dalk sal voorkom as "kop in een mus" en as "akademiese dissiplines" wat eenvormig as vennote oor die akademiese landskap heen perambuleer, hulle eintlik ideológiese aartsvyande is. Vanuit hulle hoek lieg minstens één van die twee, maar vanuit ons hoek lieg albei. Ek sê natuurlik dat albei lieg, want indien enigeen van die twee

korrek (geldig) sou wees, sou dit beteken dat die Bybel vals is en dat Jesus Christus Sy dissipels (en vir ons) mislei het.

1.7 **Die 'dinge van 'n kind'.** Daar bestaan te véél van bovermelde tipes dwaallere om in hierdie publikasie oor uit te brei. Voorbeelde van sulke wêreldbeskouings (die 'dinge van 'n kind') om van kennis te neem maar nie om te omarm, sluit in:

- Marxisme; Neo-Nazisme; Neo-Fascisme; Wetenskaplikheid ('Skiëntisme'); Christelike Ateïsme;

- Die 'Wêreld Transformasie Beweging' ('World Transformation Movement'); Dianetics; Sikhisme; Taoïsme; Islam; Hindoeïsme; Boeddhisme; Afrika, Asiatiese & Oosterse Mistiek;

- Voorvader-verëring; Voedoeïsme; Uniformitarianisme (Darwinisme);

- Wetenskaplike Panteïsme (Ateïsme-Evolutionisme); Mormonisme, Russellisme (JGs);

- Sekulêre Humanisme; Transhumanisme en Posthumanisme;

- Postmodernisme; Godsdiens Sinkretisme; 'Pro-Choice' Gerieflikheids-aborsies; Antifa (VSA);

- 'Kritiese Ras Teorie' ('Critical Race Theory' of CRT); 'WOKE' & 'LGBTQ'-filosofié;

- Die 'Pre-Adamitiese Ras-teorie' ens.

Die Bybel leer:

> "Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê. Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is."
> [1Korinthiërs13:11-12AOV].

2. **'n Oproep tot Bybelse Werklikheid.** Jesus Christus het nie "miljoene jare" nodig gehad om 'n mandjie brode en vissies te vermeerder (met ander woorde, om materié uit die niet te skep, 'n wetenskaplike onmoontlikheid) sodat duisende daarvan kon eet, versadig word en steeds twaalf mandjies oorskiet agterlaat nie; óf,

om water in 'n kits in (die beste) wyn te verander; óf, om mense van dodelike siektes te genees en selfs uit die dood op te wek, nie. Jesus Christus het, vir alle praktiese doeleindes, 'n bespotting gemaak van die wette van die natuur en die fisika, nie om spesifiek snaaks, oulik of moedswillig te probeer wees nie, maar *om te demonstreer dat Hy oor die mag en reg (gesag, outoriteit) beskik het om sonde te vergewe*. Hy het verder gewaarsku:

> "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." [Mattheüs24:37-39AOV].

Let op hoe Jesus hier die waarheid (historisiteit) en dus geldigheid van die Genesis Skeppingsverslag bevestig. Om die klassieke Darwiniaanse Evolusionisme te kan ondersteun sal die ateïs die Bybel totaal moet verwerp, terwyl die postmoderne Christen, alhoewel hy almiskie soms nog die Bybel lees, noodgedwonge die Genesis Skeppingsmodel sal moet verwerp aangesien dit gladnie strook met wat die Darwiniaanse Evolusionisme leer nie.

Vergelyk dit nou met die woorde van Jesus hierbo waar hy die egtheid van die Genesis Skeppingsverslag (Mattheüs24:37-39) bevestig deur die waarheid van die bestaan van Noag, die ark en die sondvloed persoonlik en mondelings te bevestig. Jesus Christus het nooit in Evolusie geglo nie, dit nooit gepreek nie en ook nooit daaroor gepraat asof dit 'wetenskap' of 'Evangeliese waarheid' was nie. Die leser moet dus hier besluit: Glo ek Charles Darwin of glo ek Jesus Christus? Die besluit is maklik: Lees en vergelyk net albei se CVs ('Curriculum vitae').□

"Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê. Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is."
[1Korinthiërs13:11-12AOV]

23

KLIMAATSVERANDERING: EN STEEDS WIL DIE PENNIE NIE VAL NIE?

In politiek, wat aanvanklik in vrees begin het, eindig gewoonlik in dwaasheid

S.T. Colebridge
(1772-1834)

1. **Inleiding.** Lank gelede, toe ek nog werksaam was by ‘n myn in Limpopo (‘n provinsie van Suid-Afrika) waar daar op kantoor dikwels van die tipiese interpersoonlike konflik, wedywering en afguns onder sekere personeellede voorgekom het, kom ‘n kollega een dag na my met die opmerking: *“Die probleem met ou Herman* (‘n alias) *is dat hy onder die indruk is die hele Heelal om hom wentel.”* By ‘n ander geleentheid (in ‘n boek gelees) word vertel hoe ‘n sekretaresse haar prokureur-baas, wat in ‘n hewige stryery gewikkel was met ‘n woedende kliënt, moes kalmeer met die woorde (my parafrase): *“Meneer, hy probeer maar net sin maak uit die Heelal, en u sal moet erken ... dit is een bielie van ‘n Heelal!”*
[Laaste aanhaling: Anoniem].

2. **Die pennie wil nie val nie!** Dus, na hierdie opmerkings het ek die tallose kere begin onthou waartydens ek ook deur die lewe gewandel het asof die Heelal om my gewentel het. Om die waarheid te sê, dit het feitlik ‘n hele 70 jaar geduur (ek word 77 in 2024) voordat ek begin besef het hoe egoïsties my lewenswandel op aarde ingestel was; ek het, in retrospek, gesien hoe ek al die tyd nes die tipiese lomp, grotbewoner van ‘n tipiese voorstedelike ‘Neandertalman’ (soos in die films) ‘n onbeskaamde en ongeskikte lieplapper was (die spreekwoordelike oerang-oetang wat probeer viool speel) asook, die baie jare wat dit geneem het (en steeds neem) vir die ‘pennie’ van selfontdekking om te val.

3. **Die probleem vandag.** De tragédie is dat mense hulle dikwels steeds gedra asof die Heelal, miljarde ligjare in deursnee, nog steeds om hulle wentel en spesiaal vir hulle gerief, plesier en welsyn geskep was; dit wil sê, asof die Heelal ‘n reuse, majestueuse mallemeule is wat hulle gedurig wil smeek en nooi om in al hul behoeftes te laat voorsien in ‘n dolle vaart na onmiddellike bevrediging en plesier. Vir sommige mense, helaas, wil die pennie net nooit val nie.

Ons sien op sosiale media, oral in die openbaar en tuis, hoe broers met mekaar wedywer tot op ‘n punt waar dit onherroeplik toksies geword het. Hou in gedagte dat ek nie beswaar maak teen ‘n gesonde mate van ‘ego’ nie; sonder ‘ego’ sou mens

waarskynlik nie vér kon kom in die lewe nie. Ons het almal 'n gesonde dosis 'ego' (dit wil sê, selfrespek, eiewaarde) vir 'n positiewe selfbeeld en selfvertroue nodig om ons te laat geld in die samelewing teen al die boelies, misdadigers en veral teen geharde, oneerlike en korrupte sakemanne en politici. Na bewéring het iemand eendag ewe sinies erken: *"Hulle sê ek is 'n onbeskaamde en onrehabiliteerbare idioot, en dit kom van my vriende; wat my vyande egter van my sê kan ek nie eers durf waag om hier te herhaal nie!"*

[Aanhaling: Anoniem].

4. **Ons word almal 'barbare' gebore.** Elke mens wat vandag gebore word, word (satiries gestel) gebore 'n klein naakte, ongeletterde en ongedomestikeerde barbaartjie wat slegs met moeite getem en gedissiplineer kan word. Sommige word later selfs na 'n 'Afrondingskool' ('Finishing School') gestuur maar teen die tyd wanneer hulle terugkeer is hulle, in plaas van "afgerond", inderdaad 'finished' (gedaan en beskadig vir altyd). Ander kom terug vanaf hulle prestige kolleges en universiteite so "progressief" en "oopkop" (postmodern, 'Woke' ens.) dat hulle brein dreig om uit te val.

Nietemin, terwyl die ongedomestikeerde barbaartjie sy morbiede godsdiensbelydenis van 'Dood-ná-dood' (sodra hy geleerd en slim geraak het) slaafs navolg met die oortuiging dat hierdie tydelike, aardse BIOS lewe al is om na uit te sien, weet Evangeliese Christene dat hierdie lewe waarskynlik slegs 'n soort van proeftydperk of voorbereidings-werkwinkel vir die Hiernamaals verteenwoordig in afwagting op die egte, ZOE lewe wat slegs Jesus Christus kan bied.

5. **Wetenskap & Akadémie.** Dit is interessant hoe wetenskaplikes in die afgelope tyd naarstigtelik betrokke is by die klimaatsverandering en aardverwarming histeria. Akadémiese opleiding het onmisbaar geword, en 'n gesonde werk-etiek 'n onmisbare bestanddeel vir sukses, maar ons moet nooit die fout maak om akadémiese opleiding, 'n groot geleerdheid en ondernemerskap te verwar met lewenswysheid nie.

'Ware wysheid' en 'ware kennis' kom van die vrees van die Here, dit wil sê, van die respekteer van en ontsag vir God. Die Bybel leer:

> "Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug ... Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand."
> [Spreuke1:7; Job28:28bAOV].

Dus, omdat dit ons dikwels aan die Goddelike kennis en wysheid ontbreek, begaan ons baie foute en verspil ons onnodig baie tyd, geld en moeite om 'n wiel, wat so rond is wat mens dit ooit sal kan kry, nog 'ronder' te probeer maak. Die

lewensles: Sodra die wiel uiteindelik 'rond' is, hou op om dit verder ronder te probeer sny. Voorbeelde:

5.1 **Paleontologié.** Die paleontolóóg wat homself besig hou met die moeisame opgrawe, kategoriséring en ordening van fossiele by die museum of universiteit en salig onder die indruk is dat hy besig is om "empiriese bewyse" te versamel as getuienis vir die Darwiniaanse Evolusie Leer, is intussen ook salig onbewus van die feit dat hy eintlik besig is om empiriese bewyse te versamel vir die historiese feit van die Bybelse Sondvloed van Noag se dae wat die diversiteit van fossiele in die eerste plek waarskynlik veroorsaak het.

5.2 **Wetenskap.** Die wetenskaplike of aktivis wat hom besig gou met die stryd teen aardverwarming en klimaatsverandering is salig onder die indruk dat hy besig is om "empiriese bewyse" (of dit geldig is of nie) vir die een of ander toekomstige eskalasie van die probleem en katastrófe te versamel, terwyl hy eintlik empiriese bewyse versamel vir die feit van die komende natuurrampe, meteorológiese verskynsels en geopolitieke katastrófes, soos wat dit deur die Bybel in die Boek van Openbaring, Daniël en Mattheüs ens. aangekondig word en wat uiteindelik gaan uitloop op die Sewe Skale van Oordele en die Groot Wit Troon Oordeel waartydens Jesus Christus sal sit as Hoofregter vir die Oordeel, feite waarvan die gemiddelde aktivis salig onbewus is. As die pennie maar net betyds vir almal sal val.

[Verwys: Mattheüs 24:1-51; Openbaring Hfstk1-22].

6. **Jesus Christus die 'Finale Bewys'.** Soos voorheen genoem, let asseblief op hoe Jesus Christus (wie nooit gelieg het nie) die bestaan van Noag, die ark en die Sondvloed van Noag (en dus die historisiteit en geldigheid van die Genesis Skeppingsverslag) persoonlik bevestig het:

> "Want soos die weerlig wat van die een kant onder die hemel blits en tot by die ander kant onder die hemel skyn, so sal die Seun van die mens ook in sy dag wees. Maar eers moet Hy baie ly en deur hierdie geslag verwerp word. En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het."
>
> [Lukas17:24-27AOV].

Christene wat die Darwiniaanse Skeppingsleer van die evolusioniste dus ondersteun het dus geen ander keuse nie as om die Nuwe Testamentiese bona fides, lering en woorde van Jesus Christus te verwerp as nuttelose mites en legendes nie, aangesien mens nie albei (ideológies onversoenbare) modelle tegelykertyd kan aanvaar nie. Wat ons as Evangeliese Christene aanbetref staan die saak vas: Ons stel die Woorde van Jesus Christus hoër as die woorde van Charles Darwin en

Darwin-gesinde ‘Christene’, wie se vernaamste besware is dat dat die Bybelse Skeppingsleer, soos wat ons in die Boek van Génesis lees, nie deur die huidige “Fisika” ondersteun word nie. Die vraag is egter: Gaan die Wéderkoms van Jesus Christus, wanneer Hy voor die oë van alle volke (Openbaring 1:7) in die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid verskyn, vergesél van die trompetgeskal van ‘n magtige engel en al die majestuese prag en praal wat daarmee gepaard gaan, deur die “huidige Fisika” van daardie dag verklaar en ondersteun kan word? ☐

“Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!”
[Openbaring1:7AOV]

24

KOSMOS OF CHAOS?

Sonde skryf die geskiedenis; maar, vroomheid is baie stil

Johann W. von Goethe
(1749-1832)

1. 'Kosmos' en 'Chaos' gedefinieer (my vertaalde parafrase).

1.1 **Kosmos:** *"Die woord word oor die algemeen gebruik om 'n ordelike en harmonieuse kosmos aan te dui, soos Pythogoras die woord oorspronklik gebruik het in die 6de eeu voor Christus."*

1.2 **Chaos:** *"'n Verwarde massa of mengsel; 'n toestand waar veral toeval voorop staan; die verwarde ongeorganiseerde toestand van die oorspronkelike materié vóór die skepping van die verskillende vorme; die inherente onvoorspelbaarheid in die gedrag van 'n komplekse natuurlike sisteem ..."*

[Merriam-Webster].

2. **Wat Christene glo.** Christene glo in die Hiernamaals (Lewe-ná-Dood) en dat God (d.i., die 'YHWH' van Moses en die berg Sinaï) die Kosmos (d.w.s., die ordelike en harmonieuse Kosmos) deur Jesus Christus geskape het en steeds deur Hom onderhou en beheer:

"Wie het die waters met die holte van sy hand afgemeet, en van die hemele met 'n span die maat geneem, en in 'n drieling die stof van die aarde opgevang, en die berge geweeg met 'n weegtoestel en die heuwels met 'n weegskaal?
Wie het die Gees van die HERE bestier en as sy raadsman Hom onderrig?
Met wie het Hy raad gehou, dat dié Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom bekend maak die weg van volledige insig?
Kyk, die nasies is soos 'n druppel aan die emmer, en soos 'n stoffie aan die weegskaal word hulle gereken. Kyk, Hy hef die eilande op soos 'n stoffie!"
[Jesaja40:12-15AOV
So sê die HERE, die Heilige van Israel en sy Formeerder: Vra My aangaande die toekomstige dinge; vertrou my seuns en die werk van my hande aan My toe!
Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskape; Ek—my hande het die hemel uitgespan, en Ek het aan sy ganse leërskare bevel gegee."
[Jesaja45:11-12AOV].
"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat

> Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle."
> [Hebreers1:1-4AOV].

3. **Wat Ateïs-Evolusioniste ('Wetenskap Panteïste') glo.** Ateïs-evolusioniste (wetenskap panteïste) verwerp die idee van die Hiernamaals en "glo" (!) in Dood-ná-Dood, d.i., dat die Kosmos geskape is en beheer en onderhou word deur die pure toeval en ongeluk van die kragte van die natuur sonder enige besondere spesifieke 'intelligent ontwerpte' rede of doel in gedagte en sonder die hulp van 'n sogenaamde 'Intelligente Ontwerper' of 'Almagtige Skepper' (d.w.s., God/'YHWH'*).

*YHWH: Hierdie skrywer verkies om nie hierdie woord/Naam van God te ver-Afrikaans nie.

4. **Biogénesis versus Evolusie.** Christene ondersteun dus die idee van biogénesis, d.w.s., die skepping van verganklike BIOS-lewe, aangedrewe deur God (YHWH) se reeds bestaande onvergankelik ZOE-lewe. Doen die volgende berekening en vergelyk: Danksy Gods se ZOE-lewe word Jesus Christus binne drie dae opgewek, terwyl die evolustioniste, na "miljoene jare" van sogenaamde "progressieve evolusie" en die studie van 'Darwinisme', nog steeds (op sy beste) die volgende aan sy volgelinge (dissipels?) belowe:

(i) Dood-ná-Dood;

(ii) 'n sterftesyfer van 100% vir alle vorme van lewe, insluitend elke mens vir elke generasie vir alle nasies op aarde; en

(iii) 'n lidmaatskap-kaart van u naaste tak van die Suid-Afrikaanse Sekulêre Humaniste Vereniging (Klub vir Ateïste).

5. **Kosmos of Chaos?** Die woord 'Kosmos' verwys dus na 'n ordelike, harmonieuse, intelligent-ontwerpte Heelal aangedrewe deur die Intelligente Ontwerper en Skepper, Jesus Christus [Hebreërs:1-4], terwyl die woord 'Chaos' dus verwys na 'n wanordelike, verwarde massa of mengsel. Nou, indien die ateïs dan wil volhou dat die Heelal geen Intelligente Ontwerper van 'n Skepper gehad

het nie, waarom staan hy dan op (tydens sy lesings, debatte en in sy publikasies ens.) om na die Heelal te verwys as die "Kosmos" en nie na die "Chaos" nie?

Verder, is dit nie eienaardig hoe die 'Evolusie' van die ateïs se "Kosmos" vir "biljoene en miljoene jare" goed en onafhanklik klaargekom het sonder die hulp van 'n Skepper (Intelligente Ontwerper) en sonder die hulp van ateïste (evolusioniste) maar nou, na al die duisende millennia (sogenaamd) kan Evolusie nie meer sonder die hulp van ateïs-evolusioniste klaarkom nie? Let bietjie op hoeveel hulle, in terme van kapitaal, arbeid, tyd en geleerdheid, spandeer aan universiteite waar Evolusie gedoseer word, die bou van laboratoriums en geld vir navorsing vir die studie van byvoorbeeld die paleontologié, debatte, lesings, simposiums, en die skryf en publikasie van boeke, teksboeke en ensiklopediëe ens. Waarom kan die Evolusie, wat, volgens hulle, al vir "miljoene jare" onafhanklik aktief is, nou skielik (sedert 1859 en die verskying van Darwin se boek) nie langer sonder die hulp van 'akademici' en 'wetenskaplikes' klaarkom nie? Die Bybel leer:

" ... omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.
Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword."
[Romeine1:21-22AOV].□

"Kyk, die nasies is soos 'n druppel aan die emmer, en soos 'n stoffie aan die weegskaal word hulle gereken. Kyk, Hy hef die eilande op soos 'n stoffie!"
[Jesaja40:12-15AOV]

25

MITES WAT MENSE NOG STEEDS VERWAR

Miljoene hunker na onsterflikheid maar weet steeds nie wat om met hulself aan te vang op 'n reënerige Sondagmiddag nie

SusanErtz
(b.1894)

1. MITE #1. "God was totaal oorbluf toe Adam en Eva in Eden sondig!"

ONWAAR: God is almagtig, alwetend en alomteenwoordig en kan dus deur niks of niemand ooit onkant betrap, verras of oorbluf word nie. Hy ken die EINDE van die BEGIN en, teen die tyd dat die fondamente van die aarde gelê was, het Hy lankal alreeds die liggaam van Christus as offer vir die sonde van die wêreld, insluitend vir die sonde van Adam en Eva, uitgesonder:

"Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen."
[Jesaja46:9-10AOV].

" ... omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil."
[1Petrus1:18-20AOV].

"En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie."
[Openbaring13:8AOV].

2. MITE #2: "Wetenskaplikes sal ons eendag presies kan vertel hoe die Heelal begin het en hoe dit sal eindig!"

ONWAAR. Dit is duidelik dat kennis teen die eindtyd fenomenaal sal toeneem, maar buiten Bybelse openbaring kan niemand die 'werk' ontdek wat God van BEGIN to EINDE beplan het nie.

"En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.

> En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder."
> [Daniël12:3-4AOV].
> "Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind."
> [Prediker 3:11AOV].
> "Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet."
> [Deuteronomium29:29AOV].

3. MITE #3: "God is beperk, en spesifiek beperk tot die 'leefruimte' van (maksimum) 'Drie Hemele'!"

ONWAAR. Dit is wáár dat die hemele God se Troon vorm en die Derde Hemel die plek is waar die Paradys geleë is, maar hou in gedagte die Bybel leer dat die hemel en die hemele der hemele God nie kan bevat nie. God het nie die bekende dimensies van Tyd, Ruimte en Materié (soos ons dit ken) nodig om Sy bestaan te waarborg of te verseker nie; trouens, dit is net mooi andersom! Hy het Tyd, Ruimte en Materié self gemaak.

> "In die begin [TYD geskape] het God die hemel [RUIMTE geskape] en die aarde [MATERIË geskape] geskape."
> [Genesis1:1AOV].

L.W. Logies gesproke, Tyd ('Begin') vóór Ruimte (vóór Materié) en Materié anders wanneer en waar sou Hy Ruimte en Materié neersit? Nietemin, omdat God *God* is, kon Hy dit alles nogtans gelyktydig in een enkele 'beweging' gedoen het in 'n aksie van supernatuurlike skepping. Een van die moeilikste dinge om te verstaan is dat God nie *hierdie Heelal in hierdie Heelal (met hierdie Heelal se ru-materiaal)* geskape het nie, maar met die 'ru-materiaal' van Sy 'gedagtes' en 'woorde' voordat die Heelal soos ons dit ken nog bestaan het. Wetenskaplikes wat dit nie verstaan nie probeer die huidige Heelal se ontstaan en oorspronge verklaar aan die hand van materialistiese beginsels, natuurwette en vervaardigings-prosesse eie aan hierdie bestaande Heelal se huidige "Fisika", 'n absurde idee.

> "So sê die HERE: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees?"
> [Jesaja 66:1AOV].
> "Dit is waarlik vir my nie nuttig om te roem nie, want ek sal kom tot gesigte en openbaringe van die Here. Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—

dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so 'n man—of dit
in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit—
dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het
wat 'n mens nie mag uitspreek nie."
[2Korinthiërs 12:1-4AOV].
"Maar sou God werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel
kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het."
[1Konings 8:27AOV].

4. MITE #4: "Die slimste wetenskaplikes sal God kan uitoorlê!"

ONWAAR. Geen man, selfs al sou hy toegerus wees of gebore gewees het met 'n I.K. ('Intelligensie Kwosiënt') van 'n Einstein of 'n Goethe, sal God ooit kan uitoorlê nie, aangesien God oor 'n (veronderstlede) I.K. van *Oneindig tot die mag van Oneindig* beskik:

ONEINDIG[oneindig]

L.W. Die Bybel leer dat God se verstandsvermoë oneindig is:

"Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig."
[Psalm147:5AOV].

5. MITE #5: "Wetenskaplikes is in staat om die bestaan van God te weerlê!"

ONWAAR. Om dit te kan doen, sal sulke (ateïstiese) wetenskaplikes almal tegelykertyd oral in die Kosmos teenwoordig moet wees om te verseker dat hulle nie dalk iets misloop nie, en selfs dan sal hulle God heelwaarskynlik nie kan opspoor of sien nie ... mens gaan sekerlik nie vir Henry Ford loop en soek in die enjin van 'n Ford motorkar nie. Enkele opmerkings:

5.1 **Die oorwig van kennis vandag.** Soos reeds genoem gee wetenskaplikes toe dat hulle slegs (i) ongeveer 10% tot 20% weet van wat in ons oseane aan die gang is en (ii) slegs ongeveer 5% van wat in die Kosmos aan die gang is, met die res (95%) beskrywe as, "onnaspeurbare donker materié en donker energié."

Dit verbaas my nogal dat mense vandag belangstel om na die planeet Mars te reis, 'n ware wildernis van onbeskryflike toestande en proporsies en dit een die agtergrond van die kennis en beloftes van wetenskaplikes en ruimtevaarders wat erken dat hulle slegs 5% weet van die geheime van die Heelal! Mars is darem baie ver van die huis af sou daar iets verkeerd loop : Verbeel u hierdie nagmerrie scenario enigiets tussen 140 miljoen

en 225 miljoen kilometer van die huis af: *"Houston ... ons het 'n probleem!"*

5.2 **Om God te vind.** Dis is dus voor die hand liggend dat God van die waarnemings en visie van wetenskaplikes verberg kan wees in die 80% tot 90% wat wetenskaplikes nie oor ons oseane weet nie en die 95% wat hulle nog nie oor die Kosmos weet nie.

6. **MITE #6: "Die vele anatómiese ooreenkomste tussen die mens en die primate is te wyte aan die feit dat die mens 'n 'gemeenskaplikes oer-voorouer' met die primate deel!"**

ONWAAR. Die vele anatómiese ooreenkomste tussen die mens en die primate is nie te wyte aan die 'feit' dat die mens 'n *gemeenskaplike oer-voorouer* met die primate deel nie, maar te wyte aan die feit dat die mens 'n *gemeenskaplike Skepper* met die primate (en met alle ander diere) deel.

7. **MITE #7. "Evolusie is progressief van aard en sal mettertyd die mensdom na 'n volmaakte (of méér gevorderde) toestand van ontwikkeling lei!"**

ONWAAR. My advies aan diegene wat die anti-Bybel, anti-Christelike en anti-God retoriek van die "progressiewe evolusioniste" glo, is soos volg:

7.1 **Die mens se lewensduur.** Hier is die feite: Na "miljoene jare" van sogenaamde "progressieve evolusie" (d.w.s., van die prosesse van 'natuurlike seleksie'; fiktiewe 'voordelige mutasies'; biológiese 'aanpassings' ('adaptasies'); 'soortvorming' ('spesiasie'); 'punktuele ekwilibrium') en 'Lamarckisme' ens. het Evolusie tot vandag gevorder (sogenaamd) tot by 'n punt in die geskiedenis waar die sterftesyfer van die mens vir alle mense en alle nasies en generasies nog steeds 100% is Na al hierdie (sogenaamde) "miljoene jare", wanneer gaan Evolusie nou eendag uiteindelik die proses begin vervolmaak?

7.2 **Dood-ná-Dood.** Klassieke evolusioniste (ateïste) glo aan Dood-ná-dood, 'n beleid wat gebaseer is op die feit van die mens se 100% sterftesyfer vir alle mense ten spyte van "miljoene jare" se "progressiewe evolusie". Dit is met ander woorde niks anders as die sekulêre wetenskap se eie unieke en morbiede 'Dooie Digters Maatskappy' wat die volgende merkwaardige (beperkte) voordele, soos voorheen genoem, bied:

- ‘n lidmaatskapkaart van u naaste ‘Sekulêre Humaniste Vereniging’ (‘Ateïste Assosiasie’);

- ‘n sterftesyfer van 100% vir alle mense in alle nasies; en

- Dood-ná-dood.

L.W. Daar bestaan nie soiets soos ‘n Hitleriaanse ‘Ariese’ of ‘Superras’ onder die volke nie. Die sterftesyfer vir alle mense en alle volke na (sogenaamde) miljoene jare van “progressiewe evolusie” is steeds presies dieselfde, nl. 100%. Satiries gesproke, indien ‘n superras regtig sou bestaan het, sou dit waarskynlik die Nederlanders, die Masai mense of die Skotte moes gewees het: Die Nederlanders en Masai (omdat hulle die langste mense in die wêreld is) en die Skotte (omdat hulle gholf uitgevind het). □

“So sê die HERE: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees?”
[Jesaja 66:1AOV]

26

IS MENSE DALK BESIG OM HUL SIEL TE VERLOOR?

In die moderne samelewing is ryk mense sonder beginsels méér gevaarlik as losbandige vroue

George Bernard Shaw
(1856-1950)

1. **Forbes & Rykdom.** Op sy blog, 'Grow Business Grow', herinner George Bakmchev ons aan die verhaal van nege ryk mense en hul uiteindelike lot in die lewe soos vertel deur Forbes.com (my vertaalde parafrase):

> *"In 1923 vind daar 'n byeenkoms, van sommige van Amerika se magtigste manne, plaas in die Edgewater Beach Hotel in Chicago. Teenwoordig by die byeenkoms was die volgende nege invloedryke finansiële en mags-makelaars ('powerbrokers'):*
>
> *- Die president van Amerika se grootste staalbedryf*
> *- Die president van Amerika se grootste utiliteits-maatskappy*
> *- Die president van Amerika se grootste gasvoorsiener*
> *- Die president van die 'New York Stock Exchange'*
> *- Die president van die 'Bank for International Payments'*
> *- Die grootste koringspekulant in die land*
> *- Die grootste 'beer' (Effektebeurs) spekulant van die land in 'Wall Street'*
> *- Die hoof van die wêreld se grootste monopolié*
> *- 'n lid van die kabinet van president Harding.*
>
> *... dit was die leiers van hulle respektiewelike industriële en dus van die mees suksesvolle sakeleiers van hul tyd."*

2. **Hoe sake uiteindelik verloop het.** Binne 25 jaar het al daardie manne die een of ander treurige einde gehad:

> *- "Die president van die grootste staalbedryf, Charles Schwab, sterf as 'n gevalle man.*

- "Die president van die grootste utuliteits-maatskappy, Samuel Insull, sterf bankrot.

- "Die president van die grootste gasbedryf, Howard Hobson, kry 'n senuwee-ineenstorting en beland in 'n gestig.

- "Die president van die 'New York Stock Exchange', Richard Whitney, was vrygelaat om by die huis te sterf.

- "Die bankpresident, Leon Fraser, het selfmoord gepleeg.

- "Die koringspekulant, Arthur Cutten, sterf bankrot.

- "Die hoof van die wêreld se grootste monopolié, Ivar Krueger, het sy lewe verloor.

- "Die kabinetslid van president Harding, Albert Fall, is deur die gevangenis vrygelaat om by die huis te sterf.

- "Die 'Wall Street Bear', Jesse Lauriston Livermore, beroemde spekulant op de aandele-en grondstof-markte ... pleeg selfmoord in 1940."

3. **Wat die Bybel leer.** Jesus Christus het gewaarsku:

"Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind. Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel? Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade."
[Mattheüs10:38-39; 16:25-27AOV].□

Verwysings

1. Bakmchev, George *Grow Business Grow.* Online.
2. Graham, Billy *Peace With God.*
3. Forbes.com.

"En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie."
[1Johannes1:5AOV]

27

VRAE WAT DIE WETENSKAP NIE KAN BEANTWOORD NIE

Die grootste tragédie van die wetenskap: Die verwerping van ‘n pragtige teorié deur ‘n aaklige feit

T.H. Huxley
(1825-1895)

1. Die **Wetenskap het gefaal.** Dit het duidelik geword dat die Skiëntisme (d.i., ‘Scientism’ of ‘Wetenskaplikheid’) nl., die idee dat dat die natuurwetenskap die finale antwoord en oplossing op elke liewe probleem en uitdaging sal bied waarmee die mensdom ooit tans of in die toekoms gekonfronteer mag of sal word, liederlik gefaal het in die belofte. Soos reeds voorheen genoem (in terme van die andragógiese en pedagógiese leerbeginsel van ‘herhaling’) kan die wetenskap byvoorbeeld steeds nie die volgende vrae bevredigend beantwoord nie:

1.1 **Waarom is daar IETS in plaas van NIKS?** Byvoorbeeld, waarom bestaan daar ‘n Heelal? Waarom het God dit in die eerste plek nodig geag om iets soos ‘n Heelal te skep? Sou dit nie, uit ‘n filosófiese oogpunt, logies afgelei kon word dat daar ‘n besondere belangrike rede moes bestaan het vir God om die ruim Kosmos met al sy duiselingwekkende sterrestelsels, sonnestelsels, planete, mane en allerhande soorte majestuese hemelligame en verskynsels, die diereryk en planteryk te geskep het nie? Is dit nie wáár dat, indien God niks sou geskape het nie, ons die verskil in elk geval ook nie sou geweet het nie? Per slot van rekening, waarom sou ‘n volmaakte God, wie niks van niemand nodig het en 100% selfvoorsienend in eie reg is, dan nog die moeite doen om mense te maak; mense wat nie regtig, wil dit blyk, vir Hom waarskynlik van enige nut sou wees nie?

KRITIESE DENKE: Alleen die Bybel kan hierdie vraag intelligent, samehangend en waarheidsgetrou beantwoord, en die logiese afleiding is dat daar IETS (in plaas van NIKS) is omdat God dit nodig geag het in terme van die planne (wat sulke planne ookal mag behels) wat Hy vir die Skepping in gedagte het.

“In die begin het God die hemel en die aarde geskape.”
[Génesis1:1AOV].
“Want nou sien ons deur ‘n spieël in ‘n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.”
[1Korinthiërs13:12AOV].

1.2 **Waar kom ons vandaan?** Die wetenskap het geen idee waar ons vandaan kom nie, en, om die illusie van 'kennis' te skep, het dit die "Oerknal" (net as 'n voorbeeld) of die idee dat mense 'n gemeenskaplike voorouer met die primate deel, geformuleer, en in sommige gevalle dalk gefabriseer, om ons oorspronge mee te verduidelik. Selfs al sou die (nogal interessante) "Oerknal" gedagte geldig wees, het die wetenskap steeds nie die antwoord op die vraag waar ons vandaan kom nie. Om te wil beweer dat alles begin het by die "Oerknal" is mos onbevredigend, onvolledig en onwetenskaplik ... die vraag is, wat het dan die "Oerknal" veroorsaak (d.w.s., indien die idee van 'n "Oerknal" wel geldig is)? Net die Bybel kan daardie vraag samehangend en logies antwoord.

Soos reeds genoem kom die mens en die primate (bv. anatómies ens.) in sommige aspekte so merkwaardig ooreen, nie omdat die mens soos die evolusioniste glo 'n gemeenskaplike voorouer met die primate deel nie, maar eenvoudig omdat die mens 'n gemeenskaplike *Skepper* met die primate (en met alle ander diere) deel; vir ateïste dus om die maagdelike geboorte van Jesus Christus by Bethlehem as 'n sprokie af te skryf is darem baie onopreg van hulle wanneer hulle self die maagdelike geboorte (danksy die innovasie, kreatiwiteit en magiese bemiddelling van die breinlose, dom, toevallige en lukraak vroedvrou van Evolusie) van 'n Kosmos uit die niet voorstel. Ons as mense is deur God geskape, en wel met 'n besondere Hemelse doel in gedagte.

> KRITIESE DENKE: Alleen die Bybel kan hierdie vraag intelligent en samehangend vir ons antwoord.

> "Die verborge dinge is vir die HERE onse God;
> maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid,
> om te doen al die woorde van hierdie wet."
> [Deuteronium29:29AOV].

1.3 **Waarom is ons hier?** Die wetenskap het nie die vaagste benul waarom ons, as kaartdraende lede van die menslike ras, hier is nie, dus word die lukraak, breinlose toeval van die "Evolusie", en wel deur sulke magiese prosesse van die evolusionis, soos 'natuurlike seleksie', 'aanpassing' 'adaptasie', 'soortvorming' ('spesiasie'), 'onderbroke ewewig' ('punctuated equilibrium'), 'voordelige mutasies', 'Lamarckisme' ens., verduidelik as 'n gerieflike verskoning, verklaring of rede (vir waarom ons hier is) en aangebied, dit alles terwyl dieselfde wetenskap steeds versuim om te verduidelik waar die dom, breinlose toeval van die "Evolusie" self in die eerste plek vandaan kom en wat dit veroorsaak het.

Die enigste rede vir die bestaan van die mens, uit die evolusionis se oogpunt, blyk te wees vir die mens om, soos voorheen genoem en, in term van die 'Dood-ná-dood' ideologié, te sterf en as kompos teruggeploeg te word in die aarde vir die komende generasies van evolusioniste om te gebruik en te geniet (en wat 'n sieldodende, morbiede geloofstelsel).

> KRITIESE DENKE: Alleen die Bybel (van Génesis regdeur tot by die Boek van Openbaring) kan die vraag intelligent, sameghangend en waarheidsgetrou beantwoord, en al wat die ateïs hoef te doen is om die Bybel te neem en dit te lees.
>
> Trouens behoort geen Christen-apologéét met enige ateïs oor God te debatteer alvorens die ateïs die Bybel nie minstens eenmaal ordentlik deurgelees het nie; al hoekom Christen-apologéte dit wel doen is omdat hulle goed weet dat ateïste nie die Bybel sal lees nie, aangesien die lees van die Bybel (en die inspraak van die Heilige Gees) hulle sal oortuig van *sonde, geregtigheid* en *oordeel.* Ek herhaal ... ateïste vrees die Bybel soos 'Superman' kriptoniet vrees (of, beter nog, soos 'n korrupte politikus 'n leefstyl-oudit vrees).

1.4 **Waarheen is ons oppad?** Die wetenskap weet nie waarheen die mensdom oppad is nie, daarom het die wetenskap tot die gevolgtrekking gekom dat, óf ons vergaan op die planeet Aarde as gevolg van oorbevolking, aardververaming, klimaatsverandering, wêreldwye pandémies of 'n atoom-oorlog, óf ons sal moet uitwyk na die planeet Mars toe waar ons in 'n massiewe woestynagtige wildernis vir ewig gelukkig gaan lewe in 'n enorme, klimaat-gekontroleerde koepel. Duidelik het wetenskaplikes en filosówe wat hierdie soort van toekoms vir die mens probeer visualiseer en beplan een enorme gesamentlike probleem: Te véél (stereotipe, vervélige en verbeeldinglose) 'Star Trek' en (bisarre) 'Star Wars' rolprente; daar is nie 'n manier hoe die mensdom (soos ons dit tans ken) ooit eers ons eie sterrestelsel (die 'Melkweg') gaan baasraak nie, laat staan nog die Kosmos.

> KRITIESE DENKE: Alleen die Bybel kan hierdie vraag intelligent, samehangend en waarheidsgetrou beantwoord. Die Bybel is oorvloedig aan verduidelikings waarheen die gelowiges wat God vrees en in erkentenis hou (aan die een kant) en die goddelose wat God nie vrees en nie in erkentenis hou nie (aan die ander kant) op pad is. Byvoorbeeld:

1.4.1 Die Gelowiges wat God vrees.

> "En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos. En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder."

[Daniël 12:3-4AOV].

"Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer."
[Maleági3:16AOV].

"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."
[Johannes14:1AOV].

1.4.2 Die Goddeloses wat God se Genade vertrap en Sy liefde verag.

"En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik ... En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder."
[Daniël 12:2, 4AOV].

"En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp ... "Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood."
[Openbaring20:14-15; 21:8AOV].

1.5 **Wat is die Geheime van die Kosmos?** Soos reeds voorheen genoem, weet wetenskaplikes slegs 5% van wat aangaan in die Kosmos; die res word deur hulle beskrywe as "onnaspeurbare donker materié en donker energie". Die wetenskaplikes gee ook toe dat hulle tans net ongeveer 10% of 20% weet van wat in die oseane van die wêreld aangaan. Ag nee wat; soos Rick Warren skryf: *"Ek wandel liewer saam met Jesus Christus met al my vrae as alleen saam met al my antwoorde!"* Soms kan mens te slim vir jouself en jou eie gesondheid word.

KRITIESE DENKE: Alleen die Bybel kan die vraag intelligent, samehangend en waarheidsgetrou beantwoord. Lees die Bybel vir die antwoorde vanaf Génesis tot Openbaring. Hierdie is egter vir my genoeg:

"En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar

> sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar."
> [Handelinge21:1-4AOV].

1.6 **Is daar Lewe ná die Dood?** Wetenskaplikes van die ateïstiese denkrigting 'glo' aan Dood-ná-dood, nie in die Hiernamaals (Lewe-ná-dood) nie. Mens sou nou kon dink dat, "miljoene jare" ná 'progressiewe ster-evolusie en "miljoene jare" se biológiese evolusie op aarde ('Darwinisme') Evolusie teen hierdie tyd (metafóries gesproke) sy Evolusie-eendjies alreeds mooi in 'n ry sou gehad het, maar steeds kan dit niks beter aan ons bied as 'n 100% sterftesyfer vir elke mens in elke volk en nasie op aarde nie, en ek herhaal hierdie feit so dikwels aangesien mense moet besef hoe belangrik dit is.

> KRITIESE DENKE: Alleen die Bybel kan die vraag intelligent, samehangend en waarheidsgetrou beantwoord. Nietemin, die woord 'glo' is 'n woord wat normaalweg met godsdiens (religié) geassosieer word, en nie met die natuurwetenskap nie, wat daarop dui dat die Evolusie Leer niks meer (en niks minder) as 'n godsdienskultus is nie, en 'n valse een daarby, aangesien evolusioniste byvoorbeeld so graag sê, *"Ons glo aan Evolusie!"*

1.7 **Is daar Hoop vir die Mensdom?** Die ateïsme-gedrewe wetenskap het waarskynlik alle hoop vir die mensdom opgegee, want, soos reeds genoem, kan die ateïsme steeds niks meer bied as die volgende, nl. (i) 'n sterftesyfer van 100% vir alle mense, volke en generasies; (ii) 'n lidmaatskapkaart van u naaste 'Sekulêre Humaniste Vereniging' (Klub vir Ateïste); en die kersie op die Darwiniaanse Evolusie-koek, (iii) Dood-ná-dood.

> KRITIESE DENKE: Alleen die Bybel kan die vraag intelligent, samehangend en waarheidsgetrou beantwoord. Wees nou eerlik ... waarom sou iemand by sy volle verstand 'n lid wou word 'n klub met so 'n sombere, morbiede ('Dooie Digters Vereniging') uitkyk op die lewe? Groot was mense se verbasing dus toe 'n bekende teológ ('n postmodernis en 'Jesus Seminar' aanhanger) verbonde aan die teológiese fakulteit aan een van ons bekendste universiteite 'n prys ontvang van die Suid-Afrikaanse Sekulêre Vereniging vir sy sogenaamde (onbybelse) "progressiewe teologié". So vér het godsdiens in ons land alreeds gedaal; en dit nogal iemand wat hoofsaaklik gemoeid is met die opleiding van predikante vir die hoofstroomkerke in die land. Die Bybel leer duidelik:

"Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."
[Jeremia29:11AOV].
"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.
[Johannes3:16-17AOV].
"Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.
[Romeine6:22-23AOV].

1.8 **Hoe kan ons die verskil tussen Reg en Verkeerd ken?** In hierdie tyd van florerende 'Sekulêre Humanisme' ('n 'beskaafde' woord vir die moderne, voorstedelike heidendom) wat sy weg, d.i., sy morele kompas en etiese gravitas, in die ideológiese wildernis van verspotte idees verloor het (soos bv., die 'morele relativisme', 'situationele etiek', 'vrye denke', 'konsekwensialisme' ('consequentialism'), 'postmodernisme', 'rasionalisme', 'humanisme' en 'godsdiens-sinkretisme'; m.a.w., dieselfde ou uitgediende ateïsme in fraai, kleurvolle (maar bedrieglike) nuwe frokkies; selfs méér kleurvol as 'n versameling lipstiffies of selfone.

Omdat die perspektief van die sekulêre humanisme spruit vanuit die ateïstiese heidendom en hulle die Bybel as agterlik, verouderd en uitgedien beskou (m.a.w., as niks meer as 'n versameling nuttelose Joodse oorlewerings, tradisies, mites en legendes nie) lewer dit 'n interessante situasie op waar die ateïs:

- sal volhou dat hy nie in 'n Intelligente Ontwerper (Skepper) glo nie maar steeds in debatte, paneelbesprekings, lesings en publikasies irónies genoeg steeds na die Heelal sal verwys as die "Kosmos" ('n beplande, ordelike, harmonieuse, intelligent ontwerpte geheel) in plaas van die "Chaos" ('n toevallige, wanordelike deurmekaarspul) waarin hy eintlik mos veronderstel is om te glo.

- daarop sal aandring dat die Wet van Moses (die Tien Gebooie ens.) vanuit die (Hebreeuse Bybel) of die leringe van Jesus Christus (uit die Nuwe Testament) verouderd en uitgedien is, dus heeltemal onprakties om te wil gebruik in die moderne, tegnológies gevorderde samelewing van ons tyd.

- sal daarop aandring dat die Bybel, en in die besonder die Génesis Skeppingsverslag (slegs 'n klompie duisend jaar oud) verouderd, uitgedien en onbetroubaar is, en dus nie die moeite werd vir so 'n briljante, gesofistikeerde akademikus soos hy om hom daaraan te steur nie, terwyl hy in dieselfde asem (voor lewende getuies soos God, triljoene engele en 7 miljard mense op aarde) sal verklaar dat hy in terme van die die "wetenskaplike metode" sy saak baseer op die "empiriese bewyse" van 'n Kosmos wat "13.8 miljard jaar"' oud, 'n aarde (en geológiese stratifikasies) wat "4.54 miljard jaar" oud en fossiele wat "miljoene jare" oud is (maar hy durf dit waag om te kla dat die Bybel "oud", "verouderd" en "uitgedien" is?).

KRITIESE DENKE: Sogenaamde 'empiriese bewyse' wat as argumente vir 'Evolusie' aangebied word, maar nie *verifieerbaar (falsifiseerbaar)* is nie, word nie beskou as ware wetenskap nie, maar slegs as geleerde raaiskote ('conjecture'). *Ware wetenskap-data is veronderstel om verifieerbaar (falsifiseerbaar) te wees.* Met ander woorde, indien die wetenskaplike na die oorsprong van die Heelal kon reis en terugkom met ooggetuies (en bv. video-materiaal ens.) tot die effek oor die oorspronge van die Heelal, die aarde, die dierelewe en die oorspronge van die mensdom, sou dit dalk desnoods as *falsifiseerbaar* beskou kon word; intussen bly die 'jurie' egter uit en bly dit ons 'n antwoord verskuldig.

2. **Deur uitsluitlik op Ateïsme en Evolusie-Wetenskap staat te maak kan mense nog duur te staan kom.** Hoe kan enige van hierdie kontroversiële beskouings van die (heidense) humanistiese wetenskaplikes ooit hoop om in die praktyk te slaag wanneer hulle argumente (gebaseer op sogenaamd "empiriese feite") en data, inligting ens. nie wetenskaplik verifieerbaar en dus falsifiseerbaar is nie? Wees nou eerlik:

2.1 **Fossiele en die Geológiese Tydskaal.** Kan die Evolusie Teorie as 'falsifiseerbaar' verklaar word wanneer niemand oor die middele beskik om miljarde en miljoene jare na die verlede terug te keer nie om die evolusioniste se buitensporige aansprake met betrekking tot die geologié, paleontologié en biologié te verifieer vir dit om as falsifiseerbaar te kan kwalifiseer?

2.2 **Sterrestelsels, sterre en sonnestelsels.** Kan die Evolusie Teorie as 'falsifiseerbaar' verklaar word wanneer niemand oor die middele beskik nie om miljarde en miljoene jare na die verlede te reis (en in meeste gevalle waarskynlik miljarde ligjare ver) om die buitensporige aansprake van die evolusioniste oor die leeftyd van sterrestelels, sterre en sonnestelsels te

verifieer sodat dit as falsifiseerbaar kan kwalifiseer? Inligting verskaf deur evolusioniste (en deur wetenskaplikes in die algemeen) wat nie empiries geverifieer en dus gefalsifiseer kan word nie, word nie as wetenskap beskou nie, maar slegs as geleerde skattings, gissings en raaiskote. Ek herhaal: *Ware wetenskap-aansprake dring aan op die falifiseerbaarheid van data/inligting.*

3. **Wat die Evangelie van Jesus Christus ons leer.** Die Bybel sê:

"Martha antwoord Hom: Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag. Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit? Sy antwoord Hom: Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom."

[Johannes11:25-26AOV].

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie."

[Johannes3:16-18AOV].

"Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.

Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie,
maar die toorn van God bly op hom."
[Johannes3:35-36AOV].

"Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking

en uiteindelik die ewige lewe.

Want die loon van die sonde is die dood,
maar die genadegawe van God is
die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."
[Romeine6:22-23AOV].

"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen. Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."

[Openbaring22:13-17AOV].□

28

WAAR DIE 'KRITIESE RAS TEORIE' (KRT) VERKEERD GELOOP HET

Dit is makliker om vir mens se beginsels te veg as om in terme daarvan te leef

Alfred Adler
(1870-1917)

1. Die **Bybelse vertrekpunt van die Christendom.** De Bybel leer:

> "En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie."
> [Handelinge17:26-27AOV].

Dit is dus vanselfsprekend (i) dat alle nasies (mense) gelyk uit één bloed geskape is in die oë van God met die doel om die aarde te bewoon, (ii) dat Hy vooraf bepaalde tye en grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat (iii) hulle die Here kon soek, aanraak en vind. Dit maak dus geen sin om verder oor die rede waarom God verskillende nasies gemaak het te wonder of kibbel nie.

2. **Wanneer mense die 'raskaart' speel.** Jesus Christus was/is die enige persoon wie as mens ooit die hart en gees van die mens ten volle kon ken. Hy het gewaarsku:

> "Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn. Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.
> Want uit jou woorde sal jy geregverdig word,
> en uit jou woorde sal jy veroordeel word."
> [Mattheüs12:35-37AOV].

3. Ras **stereotipering.** Dit is die ergste fout. Die 'dink-skrums' van de KRT (Kritiese Ras Teorie) is van mening dat wittes hulle skuldig maak aan 'n "wit baasskap" mentaliteit wie diegene, wat nie wit is nie, as minderwaardig beskou en dus om alle wittes te stereotipeer as die ongelukkige slagoffers van die universele, virus-gedrewe, geinstitusionaliseerde mentalitieit van rassisme en wie, in 'n soort van

KGB-styl, in hul denke "gedeprogrammeer" moet word deur KRT-professors, ideoloë en afrigters.

Hulle vergeet waarskynlik egter dat (antropológies gesproke) ons waarskynlik almal dieselfde probleem ervaar: wannneer 'n wit man byvoorbeeld 'n swart man ontmoet, word die wit man outomaties en onwillekeurig dadelik (subliminaal) daaraan herinner dat hy wit is; en, wanneer 'n swart man 'n wit man ontmoet, word hy (die swart man) insgelyks outomaties en onwillekeurig dadelik (ewe subliminaal) daaraan herinner dat hy swart is. Dit het niks met 'rassisme' te doen nie, en is niemand spesifiek se skuld nie. Uiteindelik is daar op hierdie planeet (metafóries gesproke) net drie 'rasse' wat saak maak en wat niks met velkleur te doen het nie, naamlik (i) diegene wat ordentlik, fatsoenlik en medelydend met ander mense (ongeag ras en velkleur) is, (ii) diegene wat presies die teenoorgestelde van die eerste groep is, d.i., onfatsoenlik, hardvogtig en brutaal (ongeag ras en velkleur), en (iii) die groep wat nog die leerkurwe van onsekerheid bewandel en nog nie besluit het waar hulle behoort nie.

L.W. KRT (Kritiese Ras Teorie)/CRT (Critical Race Theory).

4. Die drie belangrike fronte waarop KRT 'n die weg byster geraak het.

4.1 **Sekulêr-humanisties & Darwin-gedrewe KRT.** Meeste KRT-ondersteuners is waarskynlik ywerige, 'Linkse' ondersteuners en voorstanders van die Evolusie Leer, dus in plaas daarvan om die sogenaamde "vyandige wit mentaliteit" van witmense die skuld vir alle probleme tussen mense te gee, behoort hulle terug te gaan na hulle Evolusie meesters en leraars om vir hulle te gaan vra waar hulle "Progressiewe Evolusie" dan nou eintlik met sy prosesse in die samelewing verkeerd geloop het. Hulle blaf, met ander woorde, by die verkeerde boom in plaas van by hulle Darwiniaanse KRT-professors aan 'Ivy League' universiteite se boom met hulle Linkse, subversiewe KRT-retoriek (en wie veronderstel is om aan hulle antwoorde vir hulle vrae te verskaf). Sogenaamde "Progressiewe Evolusie" het die mensdom al by soveel geleenthede en op vele terreine, insluitend by KRT, in die steek gelaat.

4.2 **Ras-stereotipéring.** Deur *alle witmense* die skuld te wil gee vir ras-stereotipering (veralgemening), maak lede van die KRT-beweging self die onverskoonbare sosiale flater deur, in die proses, hulleself skuldig te maak aan presies dieselfde sonde waarvan hulle witmense beskuldig, naamlik ras-stereotipering. Doen self die som: Indien velkleur nou regtig so belangrik en bepalend was van 'n persoon se karakter, sou die Skepper nie aan ons die velkleur van Adam en Eva prontuit onthul het nie?

Die neiging tot ekstremisme (aan weerskante van die politieke spektrum) en stereotipéring van sogemaamde "rasse" soos byvoorbeeld "Wit Oorheersing" ("White Supremacy") (in die ultra-konserwatiewe wit gemeenskap) versus KRT (in die swart en Linkse gemeenskap) is albei verkeerd en ongewens. Hoe mens ookal na die saak wil kyk, die KRT-beweging polariseer gemeenskappe net verder, en nie minder nie.

4.3 **Jesus Christus was/is 'wit'.** Die ergste belediging is die feit dat die KRT-beweging, by implikasie, nou dus ook vir Jesus Christus (kultuur-histories 'n wit Jood) betrokke maak by hulle onsmaaklike sameswerings-teoriëe oor en deur wittes. Indien die KRT-beweging dus om verskoning sou vra vir hulle growwe belediging van die Verlosser, sal hulle van harte vergewe word, maar as hulle daarby volstaan dat alle witmense as "rassiste" gebore word (wat sou beteken dat Jesus Christus ook, volgens hulle, as "rassis"gebore was) sal hulle sonde bly.

Dit maak dus geen sin nie vir die KRT-beweging om mense in verskillende kleure etikette en rasse te probeer verdeel terwyl Christus mense slegs in twee groep verdeel het, naamlik (i) goed en (ii) sleg. Hierdie is egter die waarheid: Indien 'n sekere persoon (aan die een kant) afgesien van wie hy is *rassisties* teenoor sekere mense is, is dit die geval omdat hy *sleg en brutaal (boos)* is, en nie omdat hy wit of swart is nie. Aan die ander kant, indien 'n sekere persoon afgesien van wie hy is *gaaf, ordentlik en medelydend* teenoor alle mense is, is dit omdat hy 'n *goeie mens* is, en nie omdat hy wit of swart is nie.

Deur altyd te wil terugkeer na die raskaart polariseer mense en gemeenskappe net verder en maak dit van die KRT-raskaartspelers buitendien self die grootste rassiste in die hele saga omdat hulle moedswillig en opsetlik vergeet dat mense in terme van die inhoud van hulle karakter, en nie in terme van hulle ras of velkleur nie, beoordeel behoort te word. Jesus het geleer:

> "Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn. Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word."
> [Mattheüs12:34-37AOV].□

"En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees."
[1Johannes1:4AOV]

29

BYBELSE SKEPPING VERSUS DARWINIAANSE SKEPPING

Elke nuwe generasie verteenwoordig 'n vars inval deur barbare

Hervey Allen
(1889-1949)

1. **Die Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme opnuut betrag.** By die lees van die literatuur aangaande die Klassieke Ateïsme ontdek mens gou dat die Klassieke Darwinisme oorwegend na Ateïsme as 'n wêreldbeskouing (geloofstelsel, religié) neig, vandaar die (opsommende) term *Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme* in die res van hierdie hoofstuk.

2. **Die twee belangrikste pilare van die Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme**. Dit is:

2.1 Daar het nog nooit 'n God, Opperwese of enige Intelligente Ontwerper, soos die Bybel ons leer of soos Christene glo, bestaan of betrokke gewees by die skepping, onderhoud en bestuur van die Heelal nie.

2.2 Die Heelal en die wêreld soos ons dit ken het (kosmológies, geológies, biológies ens.) ontstaan deur middel van die toevallige, onwillekeurige, onbeplande ongeluk van breinlose "Darwiniaanse Evolusie" en wel sonder enige spesifieke rede of doel en sonder die hulp van die een of ander bonatuurlike Skepper of Intelligente Ontwerper.

3. Die '**Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping'.** Hierdie wêreldbeskouing, ook bekend as 'Skeppende Evolusie' of 'Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping' probeer die 'Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme' versoen en integreer by die Genesis Skeppingsverslag van die Bybel tot 'n enkele wêreldbeskouing wat, intellektueel en geestelik, hopelik vir mense die goue middeweg sal skep wat diegene wat in die Bybel glo en diegene in Evolusie glo, hopelik met mekaar ideológies sal laat versoen en almal hopelik uiteindelik so tevrede sal stel, d.w.s., deur die *Versoeningsteologié* van 'n Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping.

4. Die '**Bybelse (Jong Aarde) Skepping'.** Hierdie 'skeppingsmodel', gebaseer op die Genesis Skeppingsverslag van die Ou Testament (Joodse Bybel), glo dat dit filosófies sowel as teológies onhoudbaar en absurd is om te wil glo dat die

Almagtige God almagtig genoeg kon wees (i) om 'n Heelal (soos dit ken) te kon skep in 13.8miljard jaar, maar (ii) nie almagtig genoeg om dit te kon doen in ses gewone dae van 24 uur elk, ongeveer 6 000 jaar gelede, nie. Watter soort van 'byna almagtig' is dit?

Voorstaanders van die Bybelse Skeppingsmodel sal byvoorbeeld bereid wees om (aan die een kant) toe te gee dat God 'n Heelal in 13.8 miljard jaar kon geskape het, en wel om die eenvoudige rede ... omdat God almagtig is en niks vir Hom onmoontlik is nie. Die probleem is egter dat die voorstaanders van die Darwiniaanse Skeppingsmodel nie wil toegee dat God die Heelal in ses gewone dae van 24 uur kon geskape het nie en volstaan by die Evolusie Leer wat 'n miljarde jare proses van "evolusie" van die Heelal vereis. Dit is heel duidelik dat die God van die voorstaanders van die Bybelse Skeppingsmodel in 'n *absolute almagtige* God glo, terwyl die voorstaanders van die Darwiniaanse Skeppingsmodel in 'n beperkte, milieu-gestremde tipe God glo wat net soms (en net tot 'n sekere beperkte mate) slegs byna-almagtig blyk te wees. Mens kan hierdie tipe redenasies nog van ateïste verwag, maar wanneer dit van Christene kom kan mens maar net die hande saamslaan en sprakeloos wonder. Ons kom dus hier te staan voor 'n teológies-filosófiese paradoks te staan waar:

- Die voorstaanders van die Bybelse (Jong Aarde) Skeppingsmodel aan God Eerste Klas (Absolute) ALMAG toeskryf.

- Die voorstaanders van die Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel aan God Tweede Klas (Relatiewe) ALMAG toeskryf.

> L.W. Van Génesis tot die Boek van Openbaring skryf die Bybel aan God Eerste Klas (Absolute) ALMAG toe, en al hoe die postmoderne Christene (dit wil sê, diegene wat die Darwiniaanse Skeppingsmodel ondersteun) hierby verby kan kom is om die Bybel as onbetroubaar te verwerp as niks meer as 'n boek van Joodse oorleweringe vol verouderde, uitgediende mites, legendes en tradisies af te skryf en met die 'Jesus Seminar' beweging van Amerika (en soos wat die 'Nuwe Hervormers' van Suid-Afrika alreeds gedoen het) sal moet saamstem dat Jesus in hegtenis geneem was omdat Hy 'n openbare oorlas van Homself gemaak het, en nie omdat Hy gesê het dat Hy die Seun van God is nie.

5. **De Almag Vraelys**. Lesers wie dalk onseker is waar hulle omtrent hierdie aangeleentheid staan is welkom om die vrae hieronder te beantwoord en so in 'n japtrap sy/haar eie wêreldbeskouing vas te stel. Bepaal u wêreldbeeld met betrekking tot die almag van God deur hieronder die inleidende vraag te beantwoord: *Hoe Almagtig glo u is God werklik?*

ANTWOORD: Na my mening is die God van die Bybel (d.w.s., dieYHWH, Yahweh of Jehovah van die Ou Testament, Moses en die Tien Gebooie):

- ☐Absoluut en Oneindig Almagtig!
- ☐Byna heeltemal Almagtig!
- ☐Net effens Almagtig!
- ☐Baie min Almagtig!
- ☐Gladnie Almagtig nie!

Die doel van hierde oefening was om aan die leser te illustreer dat daar net één enkele geldige antwoord op hierdie vraag kan wees is, naamlik dat God *'Absoluut Almagtig!'* is. Enige ander antwoord sou onsinnig wees. Òf God is Almagtig of Hy is nie ... punt.

6. **Rasionaal vir die 'Bybelse (Jong Aarde) Skeppingsmodel' se verwerping van die 'Darwiniaanse (Oue Aarde) Skeppingsmodel' soos gebaseer op die templaat van die ateïste se 'Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme'.** Redes is soos volg:

6.1. WANNEER KORREK/GELDIG. Die 'Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel' (DS) kan nie moontlik wees waar die 'Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme KORREK (GELDIG) sou wees nie, omdat die DS 'n 'God' in sy vergelyking benodig om die model as 'n lewensvatbare teorié te laat oorleef (terwyl die Klassieke Ateïsme 'glo' dat daar nie 'n 'God' bestaan nie).

6.2 WANNEER INKORREK/ONGELDIG. Die 'Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel' (DS) kan ook nie moontlik wees waar die 'Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme' INKORREK (ONGELDIG) sou wees nie, omdat die 'Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel' soiets soos 'Evolusie' in sy vergelyking benodig om as lewensvatbare teorié te oorleef (aangesien die Klassieke Ateïsme in Evolusie glo)

6.3. Dus, hoe mens ookal na dit mag kyk, of die Klassieke Ateïsme nou (i) GELDIG (KORREK) of (ii) ONGELDIG (INKORREK) sou wees, in beide gevalle bewys die 'Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel' ditself as 'n onwerkbare teorié. Hier lê die probleem: In die een formule (die KORREKTE een) ontbreek *'God'* in die vergelyking; in die ander formule (die INKORREKTE een) ontbreek *'Evolusie'* in die vergelyking (vir 'n *Darwiniaanse Skepping* om as geloofwaardige skeppingsmodel te slaag).

7. **Die probleem van die oppervlakkige 'digotomié' van 'twee teenstrydige wêreldbeskouings'.** Sommige filosówe hou in die algemeen nie daarvan dat daar

oor uitsluitlik twee skeppingsmodelle geargumenteer of gedebatteer word nie aangesien die 'akteurs' in die verhaal (die persone wat debatteer) die fout kan maak om 'n 'derde' moontlikheid heeltemal oor die hoof te sien in hulle naarstigtelike pogings om mekaar om die beurt verkeerd te bewys. Die feit is egter dat dit nie hierdie outeur is wat hierdie digotomié onder bespreking uitgevind ('gepatenteer') het nie, maar die ateïste (wat in Evolusie glo) en hulle 'neefs in die verdrukking', d.i., die postmoderne Christene (wat in 'n Darwiniaanse Skeppingsmodel glo) wat dit uitgevind het; daarom dat hierdie outeur dit gebiedend noodsaaklik ag om die saak so pertinent aan te spreek. Geen Christen vanuit die Evangeliese Christendom en met enige ruggraat sal toelaat dat ateïste en postmoderne 'Christene' die integriteit van die Bybel in hul teenwoordigheid so in twyfel trek sonder om die eer van God (en die Bybel) te probeer verdedig nie.

8. Samenvatting. Wat betref die tradisionele ateïs-evolusioniste, moet ons almal toegelaat word om vry te voel om te glo wat ons wil, dit is 'n vry land. Dit wil egter voorkom asof, in die bisarre wêreld van die ateïs-evolusioniste, alles behalwe die ateïs-evolusioniste besig is om te (i) "ontwikkel" ("evolueer") omdat hulle so selde van opinie verander, en (ii) bestaan daar (soos hulle glo) nie soiets soos "Absolute Waarheid" nie ... behalwe vir die absolute waarheid van die Ateïsme (!).

Nietemin, wat die ateïste glo is hulle saak en daarvoor sal hulle aan God moet verantwoording doen voor Jesus Christus, Hoofregter by die Groot Wit Troon Oordeel. Wat die 'Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel' aanbetref wil dit voorkom asof die ondersteuners daarvan:

- die spot dryf met die Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme aangesien die twee skeppingsmodelle van die Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme en die Darwinistiese (Ou Aarde) Skeppingsmodel beide onderling uitsluitende idees is en nie albei tegelykertyd korrek (geldig) kan wees nie;

- die spot dryf met die Bybelse (Jong Aarde) Skeppingsmodel aangesien dit ook twee onderling uitsluitende idees is, omdat die 'Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel' en die 'Bybelse (Jong Aarde) Skeppingsmodel' ook nie beide tegelykertyd korrek (geldig) kan wees nie;

- die spot dryf met die Ou Testamentiese wonderwerke, die Bybelse tydlyn met betrekking tot die Genesis Skeppingsverslag en die getuienis van Kulturele en Bybelse Geskiedenis reeds so goed deur die Bybelse Argeologié gevestig;

- die spot dryf met die wonderwerke van Jesus Christus wie nie "miljoene jare" nodig gehad het om water in wyn te verander, 'n klompie brode en vissies te

vermeerder sodat duisende gevoed kon of vir Hom om op die See van Galilea te loop, Lasarus uit die dood op te wek en self uit die dood op te staan, nie;

- die spot dryf met het die Génesis Skeppingsverslag waarin Adam as die eerste mens ooit bevestig word aangesien die Bybel dit duidelik stel dat vóór Adam daar nog geen mens was om die grond te bewerk nie;

- die spot dryf met die opregtheid, die persoonlike getuienis en integriteit van Jesus Christus wie self die historisiteit en geldigheid van die Génesis Skeppingsverslag herbevestig het deur in die Bybelse teks te verwys na Adam en Eva, Noag, die ark en die sondvloed van Noag se dae;

- die spot dryf met het Ou Testament (buiten die boek van Génesis) wat die bestaan van Adam, Noag, die ark en die sondvloed bevestig;

- die spot dryf met die (Nuwe Testamentiese) Sendbriewe wat die bestaan van Adam as die eerste mens bevestig, met sy vrou Eva;

- die spot dryf met God se veronderstelde ALMAG deur aan Hom 'n soort 'relatiewe almag' toe te skryf wat op die een of ander magiese wyse ondergeskik is aan die Wette van die Natuur (Fisika). Enige definisie of persepsie van God waar Hy as 'n Skepper onderhewig gestel word aan Sy eie Natuurwette sal vals lui in die ore van Evangeliese Christene;

- die spot dryf met die leer oor die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde soos beskryf word in Openbaring 21. Indien dit "13.8 miljard jaar" geneem het om die huidige Heelal en "4.54 miljard jaar" geneem het vir Evolusie om die (plaaslike) sonnestelsel te kon skep, gaan dit beteken dat Christene dan ook 13.8 miljard jaar vir die koms van die Nuwe Hemel en 4.54 miljard jaar vir die koms van die Nuwe Aarde moet wag? Hou in gedagte dat die Wederkoms van Christus net so min daardie dag deur die huidige "Fisika" verduidelik sal kan word as wat die Bybelse Skeppingsleer, waarin Evangeliese Christene vandag glo, deur vandag se "Fisika" verklaar kan word.□

"Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn. Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.
Want uit jou woorde sal jy geregverdig word,
en uit jou woorde sal jy veroordeel word."
[Mattheüs12:35-37AOV]

30

BYBELSE SKEPPING VS. ATEÏSME: WAAR RICHARD DAWKINS SY WEG VERLOOR

Indien geloof nooit apart van die intellek sou bestaan het nie, sou slim mense ‘n beter kans gehad het om die Saligheid te verkry as dom mense

R.H. Benson
(1871-1914)

1. **Godsdiensvryheid.** Dit is die uitgangspunt van hierdie outeur dat die mens as ‘n vrye morele agent geskape is en dat, in terme van hierdie beginsel, iedereen, Richard Dawkins (RD) ingesluit, die reg het om sy keuse van ‘n godsdiens of geloof na te streef soos hy goeddink, wat in sy (Dawkins) se geval die geloofstelsel of ideologié van die Ateïsme is, soos ondersteun deur die pseudo-wetenskap van die Darwinisme, oftewel die (uitgediende, verouderde) “miljoene-jare gedrewe” Evolusie Leer.

2. **Waar Richard Dawkins se weg verloor.** Soos reeds voorheen aangehaal, haal die gasheer (‘steward’) van ‘Richard Dawkins Quotes’, d.w.s. 'Good-Reads', Dawkins soos volg aan in sy boek, *The God Delusion:*

> *“The God of the Old Testament is arguably the most unpleasant character in all fiction: jealous and proud of it; a petty, unjust, unforgiving control-freak; a vindictive, bloodthirsty ethnic cleanser; a misogynistic, homophobic, racist, infanticidal, genocidal, filicidal, pestilential, megalomaniacal, sadomasochistic, capriciously malevolent bully.”*

KOMMENTAAR:

2.1 **God as ‘n Fiktiewe Persona.** Dawkins se verwysing na die Ou Testamentiese God (die YHWH, Jahweh of Jehovah van Moses en die Tien Gebooie) as ‘n “karakter uit die wêreld van fiksie” is onopreg en akademies oneerlik; indien God regtig ‘n fiktiewe karakter was, sou hierdie venynige aanval op en kritiek van die persoon van God mos nie nodig gewees het nie; waar in die geskiedenis het ‘n vermaarde akademikus op die vlak van Dawkins

al ooit so te kere gegaan oor ander 'fiktiewe' karakters uit die literatuur of mitologié? Stel jou vóór hierdie tirade van Dawkins oor byvoorbeeld ware fiktiewe figure uit die omgewing van vermaak soos 'Bugs Bunny', 'Donald Duck', 'Batman', 'Superman' of 'Spiderman' ... of selfs 'Sherlock Holmes' (?). Sou dit nie van hom (as wetenskaplike van sy besondere statuur) darem vreeslik kinderagtig gewees het nie?

Trouens, net die feit dat Dawkins so tirade gooi oor God (en boonop 'n lywige volume van 454 bladsye daaroor publiseer) demonstreer duidelik dat hy nie regtig glo dat God "fiktief" is nie, maar 'n ware Persoon vir wie hy kwaad is, daarom die giftige aanval. Ateïste soos Dawkins, aangedrewe deur die *ABC of Atheism Syndrome (i.e., "Angry, Bitter & Cynical"),* waarskynlik as gevolg van die een of ander vorm van chroniese kliniese depressie, haat God omdat God HEILIG is, en nie omdat Hy BOOS is nie. Met ander, woorde, presies net soos Jesus gewaarsku het, het Dawkins uit die slegte skat van sy hart gevolglik 'n baie slegte ding tevoorskyn gebring.

2.2 **Absolute Waarheid?** Ateïste, gewoonlik voorstanders van die moréle relativisme en situationele etiek, glo nie in die bestaan van soiets soos Absolute Waarheid (d.w.s. in die bestaan van God, die beliggaming van Absolute Waarheid) nie, behalwe (irónies genoeg) vir die 'absolute waarheid' van die Ateïsme, nie. Kritiese denke: As daar dan nie soiets soos 'Absolute Waarheid' bestaan nie, hoe sal mense wat Dawkins se boeke lees (of na sy lesings luister) dan ooit weet dat sy idees oor God, die Bybel (en oor Ateïsme) absoluut wáár is?

2.3 **Die ydellike gebruik van God se Naam.** Die waarheid is dat, sou God regtig 'n fiktiewe karakter gewees het, Dawkins dan mos nie 'n probleem sou gehad het nie; fiktiewe karakters (bv., in feëverhale ens.) is deel van die geskiedenis se literatuur-skat, en wie het al ooit daaroor 'n bohaai opgeskop? Meeste kinders word in 'n atmosfeer van feëverhale gebore en grootgemaak, bv. Rooikappie, Sneeuwitjie, Repelsteeltjie, Hercules, Tarzan, Superman ens.). Met sy profane, godslasterlike uitbarsting oor God het Dawkins egter 'n belangrike feit gedemonstreer, naamlik dat God inderwaarheid 'n egte, ware Persona is, nes Hy vir Moses verduidelik het, naamlik dat Hy die groot "Ek IS!" is. Dit is juis tydens hierdie merkwaardige oomblik in die geskiedenis van die mensdom dat God die Tien Gebooie aan Moses oorhandig het, wat ook ingesluit het die waarskuwing:

> "Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie."
> [Exodus20:7AOV].

Let daarop dat mense selde of ooit sweer of vloek by die naam van 'n fiktiewe karakter; meeste mense vloek of sweer wanneer hulle dit wel doen (vir maksimum effek) by die Naam van God, Jesus Christus ens. Omdat die ou Romeine en Grieke werklik geglo het het dat hulle gode bestaan, het hulle gewoonlik gevloek of gesweer by 'Jupiter' of 'Zeus' (het u al *Asterix* gelees?); dit sou mos geen sin maak om dit byvoorbeeld te doen by die name van wáre fiktiewe karakters soos 'Mickey Mouse' nie. Dit sal Dawkins dus loon om méér versigtig te wees as om die Skepper van die Heelal so grof te beledig, en dit nogal op skrif in boeke wat hy nooit later van die wêreld se biblioteke, boekrakke en winkelrakke sal kan verwyder indien hy later op sy sterfbed (wat gewoonlik met sulke mense gebeur) daaroor sou spyt kry nie.

2.4 **Belediging van die Jood (Abraham).** Deur die God van die Jood en die Christen (Jehovah, Jesus Christus) te beledig en te laster (en dus Jode en Christene so te beledig) het Dawkins 'n ander tameletjie van monumentale proporsies vir homself op die hals gehaal, aangesien God plegtig vir Abraham beloof het:

> "En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."
> [Genesis12:2-3AOV].

L.W. Abraham > Isak > Jakob (Israel) > Joodse & Christen gelowiges van vandag (Judaïsme & Christendom).

2.5 **Die Pêrel van Onskatbare Waarde.** Deur God se liefdevolle aanbod van verlossing deur die Evangelie van Jesus Christus af te wys en te verwerp, het Dawkins, nes Judas Iskariot, die grootste pêrel (groter as die erfporsies van sy hele familie en stam) summier weggesmyt. Die Bybel waarsku:

> "As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het? Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God."
> [Hebreërs10:28-31AOV].

3. **Omar Khayyam (1048-1131).** Mag die woorde hieronder as 'n waarskuwing vir mense soos Richard Dawkins dien; 'n 'Wyse man' uit die Ooste, die beroemde wiskundige en filosóóf, Omar Khayyam, het eenmaal geskryf:

"The moving finger writes and, having writ, moves on;
Not all your piety or wit shall lure it back to cancel half-a-line,
Nor al your tears wash out a word of it."

(Omar Khayyam, 1048-1131)□

Verwysings

1. Omar Khayyam (1048-1131) *The Rubayat of Omar Khayyam.* Vertaal uit die Persiese *Farsi* na Engels deur Edward Fitzgerald, 1809-1883.

"As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het? Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God."

[Hebreërs10:28-31AOV]

.

31

DIE DROSOPHILA VRUGTEVLIEG EN EVOLUSIE

Sou diere ook soos die mens oor rede beskik het, sou hulle hul net so verspot soos ons mans gedra het

Josh Billings
(1818-1885)

1. **'n Kwessie van Logika.** Vraag: Dink die leser dat dit redelik sou wees om van 'n (nogal intelligente) vrugtevlieg ('Drosophila'), ongeveer 22 dae oud en met 'n lewenssiklus van rofweg 44 dae, te verwag om, in nougesette besonderhede, presies (i) aan ander vrugtevliëe te verduidelik wat (ongeveer) 941 821 jaar (byna een miljoen jaar!) gelede in die natuur met vroëer generasies vrugtevliëe gebeur het en dan (ii) van hulle almal te verwag het om hom te glo?

Wel, wanneer 'n Darwinis (evolusionis), 'n doodgewone mens van ongeveer 40 jaar oud en met 'n lewenssiklus van ongeveer 80 jaar, ons vertel dat die haai oor 'n tydperk van 400 miljoen jaar tot een van die mees suksesvolste roofvisse in die oseaan ontwikkel het, kom dit, in vergelyking, daarop neer wanneer 'n vrugtevlieg aan 'n ander vrugtevlieg sou probeer verduidelik presies hoe die vrugtevlieg vir die afgelope (ongeveer) 941 821 jaar ontwikkel het tot die vrugtevlieg soos ons vandag ken, 'n absurde idee.

2. **'n Presiese wetenskap of godsdienskultus?** Bogenoemde illustrasie bewys maar net weereens dat die Darwinisme niks meer as maar net nog een van baie voorstedelike godsdienskultusse is waarvan die leerstellings, teoriëe, hipotéses en voorleggings alles pure gissings is en deur die publiek in blinde geloof aanvaar sal moet word. Die vrugtevlieg is nie naastenby talentvol, intelligent of ingelig genoeg (of het nie naastenby lank genoeg geleef) om toegang tot sulke kennis te kon verkry het nie en nog boonop aan 'n ander vrugtevlieg oor te dra nie; so, nog minder sou die Darwinis dit kon doen; sy inligting oor wat kwansuis "400 miljoen jaar" gelede met haaie sou gebeur het kan nie empiries vir korrektheid geverifieer word nie (niemand sou in staat wees om 400 miljoen jaar in die verlede terug te reis, en weer terugkom, in tyd om te seker maak dat, wat die evolusionis ons vandag vertel, korrek is nie, en val hierdie inligting oor die haai (soos baie ander soortgelyke inligting oor die verlede, en ook oor bv. fossiele) streng gesproke in die kategorié van 'onfalsifiseerbare raaiskote'.

3. **Advies deur die Profeet Jesaja.** Wetenskaplikes sou natuurlik nou wou beswaar maak deur te beweer dat die wetenskap vandag intussen baie verder gevorder het en dat die gemiddelde wetenskaplike van vandag baie intelligenter, méér geleerd en talentvol as die gemiddelde vrugtevlieg is om hierdie analogié as 'n geldige voorbeeld te wil gebruik nie, en dat dit 'n eintlik growwe belediging vir wetenskaplikes is; hoe durf iemand die vrugtevlieg probeer vergelyk met 'n genié met 'n I.K. (Intelligensie Kwosiënt) van byvoorbeeld 180, drie PhD's agter sy naam en 'n muur vol sertifikate, pryse en toekennings ontvang van die mees gesogte instansies in die wêreld?

Die feit is dat die kloof tussen die intellek van die wetenskaplike (maak nie saak hoe intelligent, slim, talentvol, geniaal of geleerd) en die intellek van die mees begaafde vrugtevlieg maar eintlik minimaal (minuskuul, piepklein) is in vergelyking met die kloof (ligjare groot) tussen die intellek van die begaafde wetenskaplike en die Absolute & Oneindige Intellek van die almagtige God. God het ons alreeds eeue gelede deur die Profeet Jesaja soos volg gewaarsku:

> "Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes."
> [Jesaja55:7-9AOV].

L.W. In Bybel-verband word die *goddelose* en die *ateïs* (deur God en die profété) in dieselfde lig beskou en beskrywe, nie juis 'n baie vleiende etiket om mee versier te word nie.

Doen self die som: Die afstand tussen die hemele, m.a.w., die ondeurgrondelike ruimte waar God se *Huis van Baie Wonings* (Johannes 14:1-3) is en die wetenskaplike op planeet Aarde, is oneindig groter (onmeetbare miljarde ligjare) as die afstand tussen die intellek van ongeveer 2 meter tussen die wetenskaplike en die vrugtevlieg. In verhouding tot God is daar maar weinig verskil tussen ons en die vrugtevlieg buiten die feit dat ons, volgens die Bybel, na die beeld van God geskape is en oor genoeg rudimentêre intelligensie beskik om die Bybel te lees en oor God se weë en gedagtes te kan leer (wat die ateïs nogtans weier om te doen of, net soos die vrugtevlieg, blykbaar nie in staat is om te doen nie).

4. **Die dringende waarskuwing van Koning Salomo.** Wat die 400 miljoen jaar (en ander ooreenstemmende beweringe oor sogenaamde "miljarde jare se progressiewe evolusie") sal ons dus die wetenskaplikes se aansprake daaroor maar as onverifieerbaar (en dus as onfalsifiseerbare) gissings* met 'n knippie sout moet neem, aangesien Koning Salomo, die mees wyse man van sy tyd, geskrywe het:

"Ek het die taak gesien wat God aan die mensekinders gegee het om hulle daarmee te kwel. Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind. So het ek dan ingesien dat daar niks beters onder hulle is nie as om bly te wees en om goed te doen in die lewe. En ook—dat elke mens eet en drink en die goeie geniet by al sy moeitevolle arbeid; dit is 'n gawe van God."
[Prediker3:10-13AOV].

*L.W. Ware wetenskap is, mits ons die tradisionele wetenskaplike metode en benadering van 'empirisme' volg, veronderstel om empiries verifieerbaar en dus falsifiseerbaar te wees. Niemand kan 400 miljoen jaar terug na die verlede reis om feite (wat die beweringe oor die haai sal staaf) terug te bring nie. Onfalsifiseerbare data en inligting wat deur wetenskaplikes en navorsers aangebied word is dus nie 'wetenskap' nie, maar onfalsifiseerbare raaiskote en gissings in die hoop dat hulle reg is.□

"Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes."
[Jesaja55:7-9AOV]

32

CHRISTELIKE ATEÏSME: 'N KULTUS VAN ONREDELIKHEID

Geen mens kan 'n leuen met soveel grasie versprei as die persoon wat daardie leuen glo nie

John Arbuthnot
(1667-1735)

1. **Definisie.** (My vertaalde parafrase):

> *"Christelike Ateïsme is 'n vorm van kulturele Christendom en 'n etiese sisteem waarvan die oortuigings en en praktyke ontleen is aan die die leringe van Jesus soos vasgelê in die Nuwe Testamentiese Evangelies en ander bronne, terwyl dit die bonatuurlike aansprake van die Christendom verwerp."*
> [Wikipedia].

Godsdiens-modes in die Christelike kerk kom en gaan, nes soos die Grieke uit die tyd van Paulus graag na nuus in die opsig wou luister. Dit verbaas my dus nie dat sekere mense nog steeds hulle op die terrein (vir wat dit werd is) begeef nie. Die 19de eeuse prediker, Charles Spurgeon, maak toe die kostelike aanmerking in die verband toe hy noem dat hy so bly was dat hierdie bisarre tipes modes (soos wat ons ook nou ervaar met die 'Christelike Ateïsme') geneig is om in die loop van tyd beurtelings in 'siklusse' (en genadiglik nie alles tegelykertyd) op te duik, wat hy toegeskryf het aan 'n poging om die risiko, waar gelowiges dalk sou kon sterf van pure verbasing, te verhoed.

Nietemin, die opkoms van hierdie nuwe mode illustreer die probleme wat Evangeliese Christene ervaar met sekere Christlelike teoloë in Suid-Afrika wie blykbaar verknog geraak het aan die postmoderne 'Jesus Seminar' beweging uit die VSA (bv., onder die vaandel van die 'Nuwe Hervormers') en selfs pryse in die verband verower het vir "progressiewe vordering in godsdienstige denke" as Christlike teoloë in Suid-Afrika.

2. Die tragédie van die 'louwarm Christen', 'n 'ander Jesus', 'n ander gees' en 'n 'ander Evangelie'. Die saak staan dus so dat ek baie méér respek het vir die opregte, ernstige ateïs wat geloof in God verwerp (want ten minste weet mens waar mens met hom staan) as met 'Christen ateïste' met hulle gewik en geweeg tussen die ware (Goeie Nuus!) Evangelie en hulle gefabriseerde (Slegte Nuus!) 'Evangelie'; ek dink hulle flankeer met gevaarlike filosófiese duisternis en vuur, en dit alles in die naam van sogenaamde "vooruitgang" ("progressie"). Dit kom egter as geen verrassing nie aangesien die 'Nuwe Hervormers', soos die 'Jesus Seminar' (VSA) die Evolusie

Leer onderskryf en dus glo dat godsdiens (bv., soos die Evangelie) ook verwag kan word om "progressief te evolueer". Die Bybel noem dit egter "afvalligheid"("bedorwenheid") en waarsku soos volg:

> "Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. "Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval."
> [2Korinthiërs11:3-4AOV].

3. **Filosófiese verwarring.** Die postmoderne ondersteuners van Christlike Ateïsme verwerp die bonatuurlike ('wonderwerke') aspekte van die Bybel en van Jesus Christus se lewe en bediening op aarde terwyl hulle terselftertyd (baie onopreg en oneerlik) die lewe en wysheid van Jesus gebruik as 'n moréle kompas en etiese maatstaf om die siviele lewe van mense te wil reguleer. Hier is die probleem: Waarom sou enige regdenkende, geletterde persoon met slegs 'n gemiddelde opleiding en van gemiddelde skolastiese prestasies (laat staan nog iemand met gevorderde, nagraadse akadémiese kwalifikasies uit 'n prestige universiteit) as sy moréle rolmodel, geestelike leier of etiese voorbeeld (in hierdie geval, Jesus Christus) selekteer en gebruik:

(i) wie, volgens hulle vertolking van die Bybel, chronies uit gewoonte oor Sy Goddelike status en oorspronge sou gelieg het?

(ii) oor Sy wonderwerke sou gelieg het?

(iii) die publiek van die eerste eeu vir die gek sou gehou het aangaande die besondere aansprake oor Homself?

> LW. Iets omtrent die leerstellings van die 'Christlike Ateïsme' klop m.a.w. eenvoudig nie.

4. **Die Apostel Paulus waarsku.** Paulus skryf aan die Korinthiërs en die Galasiërs:

> "Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees ...
> As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta!"
> [1Korinthiërs12:3; 16:22AOV].

> "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! Soos ons vantevore

gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle ‘n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom ‘n vervloekingwees!”
[Galasiërs1:8-9AOV].□

“Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. “Want as iemand kom en ‘n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle ‘n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of ‘n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval.”
[2Korinthiërs11:3-4AOV]

33

WEERLEGGING VAN SOGENAAMDE VOORBEELDE VAN EVOLUSIE

Die meeste leuens is nogal redelik suksesvol, en die samelewing sou waarskynlik onmoontlik gewees het sonder 'n ordentlike dosis van goedbedoelde liegstories

George Bernard Shaw
(1856-1950)

[Voorbeelde van hoe evolusioniste gewone, biológiese ('adaptiewe') omgewingsveranderinge by diere in die verloop van tyd aan die goedgelowige publiek probeer verkoop as 'Evolusie'].

1. **Voorbeelde van hoe daar beweer word dat Evolusie gebeur het.** Volgens die deskundiges (my vertaalde parafrase) is, *"Evolusie die interaksie tussen genétiese veranderinge en natuurlike seleksie, ook wel bekend as die 'oorlewing van die fiksste'. Charles Darwin het op sy opspraakwekkende wyse verskillende soorte bestudeer om te bepaal hoe aanpassings in die omgewing sulke soorte in staat kon stel om te oorleef."* [YourDictionary]. Voorbeelde (my vertaalde parafrases):

1.1 **Die Gepeperde Mot.** *"Die liggekleurde mot word ná die industriële revolusie donkerder vanweë die besoedeling van die tyd ... die ligter kleur keer toe weer terug na normaal toe die besoedeling begin afneem."*
[YourDictionary].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen gebeur nie; uiteindelik was die gepeperde mot nog steeds 'n insek. Dit het nie in 'n ander soort dier verander nie; het u al ooit 'n nie-insek in 'n insek, of 'n nie-mot in 'n mot, sien verander?

1.2 **Heldergekleurde Poue.** *"Heldergekleurde pouwyfies kies gewoonlik altyd die mannetjiespou met die helderste kleure vere. Die gene vir die helder kleure word dan aangegee na die nakomelinge, wat dan ook 'n beter kans het om 'n maat te vind om die gene voor aan te gee."*
[YourDictionary].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen gebeur nie; Uiteindelik was die poue se nakomelinge steeds 'n 'n voël ('n pou). Het u al ooit 'n nie-voël in 'n voël (of 'n nie-pou in 'n pou) sien verander?

1.3 **Vlieënde Voëls.** *"Gedurende vele generasies van volstruise en die emu het die voëls groter liggame en voete ontwikkel om op land mee te hardloop, wat sulke voëls dus in 'n posisie gelaat het waar dit nie meer in staat was, of vir wie dit nie meer nodig was, om te kon vlieg nie. Dieselfde geld vir pikkewyne, wat die tipiese vlerke verruil het vir swem-vriendelike vinne oor duisende generasies heen."*

[Your Dictionary].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die volstruis en die emu steeds 'n volstruis of 'n emu (voëls) en die pikkewyn steeds 'n pikkewyn (voël). Het u al ooit 'n nie-voël sien verander in 'n voël (of 'n volstruis in 'n pikkewyn)? Nietemin, stel u voor 'n pikkewyn (oor duisende generasies heen) besig om volgens Evolusie te ontwikkel (i) *met vlerke wat nie meer ten volle werk nie* en (ii) *vinne wat nog nie ten volle werk nie* omdat dit nog besig is om te 'verander' ('evolueer') ... hoe sou so generasie pikkewyne oorleef? Dieselfde tipe vrae sal geld vir die volstruis en die emu.

1.4 **Pesweerstandige Insekte.** *"Bepaalde insekte sal een gene-mutasie ondergaan om immuniteit teen insekdoders te ontwikkel en dus ook so genéties voortplant. Dit gebeur vinnig, binne enkele generasies, aangesien die lewensverwagting van insekte so kort is."*

[YourDictionary].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die pesweerstandige insekte steeds insekte; het u al ooit gesien hoe 'n nie-insek in 'n insek verander?

1.5 **Die Blou Maan Skoenlapper.** *"Die 'Blou Maan Skoenlapper' van die Samoaanse eilande word aangeval deur 'n parasiet wat die manlike embrios vernietig wat die balans tussen manlik en vroulik binne tien generasies versteur. Dit gebeur omdat minder manlike motte oor die immuniteit beskik om hulself voort te plant."*

[YourDictionary].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die Blou Maan Skoenlapper nog steeds 'n insek; het u al ooit 'n nie-insek sien verander in 'n insek?

1.6 **Hertenmuis.** *"Hertenmuise het vroëer 'n donker kleur vertoon omdat hulle in die woud geleef het. 'n Deel van die bevolking muise wat duisende jare gelede van hierdie groep afgesplyt het, het egter 'n nuwe habitat in sandheuwels gevind en het gevolglik met die verloop van duisende jare ontwikkel om by hul omgewing aan te pas. Ondertussen het die oorspronklike groepe donkerder muise bly donkerkleurige nakomingelinge voortbring."*

[YourDictionary].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die hertenmuise steeds knaagdiere/soogdiere (muise). Het u al ooit 'n nie-knaagdier sien verander in 'n knaagdier, of 'n nie-muis in 'n muis?

1.7 **Meksikaanse Grotvis.** *"Meksikaanse grotvisse het op 'n tyd oë gehad, maar in die grotte was oë (visie) nie meer nodig nie. Die visse het ook hul pigmentasie verloor omdat kamoeflëring teen roofdiere onnodig geword het. Dit is 'n voorbeeld van 'regressieve evolusie', die oortuiging dat wanneer 'n natuurlike vermoë nie gebruik word nie, dit verloor sal word."*

[YourDictionary].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die grotvisse almal nog steeds visse. Het u al ooit een nie-vis sien verander in 'n vis?

1.8 **Strydmiere.** *"Hierdie miere beskik 'n chemiese 'sein' wat hul kolonie identifiseer. Sommige miere leer om die sein van 'n ander kolonie na te boots sodat hul kolonie die ander kolonie kan aanval en oorneem. Die werkmiere kom nie eers agter dat hulle oorgeneem is nie en hou maar net aan met werk soos gewoonlik."*

[YourDictionary].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was al die betrokkenes in daardie kolonies steeds insekte (miere). Het u al ooit 'n nie-insek (nie-mier) sien verander in 'n insek (mier)?

1.9 **Pienk Salm.** *"Migrasie-patrone by diere (wat aan omgewingsfaktore toegeskryf word) is bekend daarvoor dat visse soos pienk Salm vanuit die*

oseaan na soetwaterstrome swem om te kuit waar warmer water meer veerkragtiger visse moontlik maak en wat vispopulasies help om oor dekades heen stabiel te bly."

[SmithsonianMagazine].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die Pienk Salm nog steeds 'n vis. Het u al ooit 'n nie-vis sien verander in 'n vis?

1.10 **Bosuile.** *"Volgens 'n ondersoek deur 'Nature Communications' (2011) vertoon 'n populasie bosuile met matige winters in Finland die afgelope 28 jaar 'n betekenisvolle toename in bruinpluim-uile. Die ondersoekers het die afgelope 48 jaar ook 'n toename in landwye bruin uile gevind. Dit is logies dat natuurlike seleksie bruin verkleuring bevorder; met minder sneeu kan bruin uile beter aanpas in die omringende bosse, wat die uile 'n beter kans tot oorlewing en voortplanting gee."*

[Smithsonian Magazine].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die uile steeds uile (voëls). Het u al ooit 'n nie-voël sien verander in 'n voël?

1.11 **Werper (Karnivoor) Plant Muskiete.** *"In die moerasse van Oos-Noord-Amerika oorwinter die larwes van die muskiet (Wyeomyia smithii) in die winter en bloei in de lente uit tot volgroeide volwassenes, wanneer hulle oorleef op die nektar van daardie plante wat hul naam dra. Namate die dae korter word, word die muskiete aan die suidekant van die verspreidingsgebied van die soort al so aangepas dat hulle die winterslaap uitstel op die basis van 'n langer groeiseisoen; nou gaan noorderlike populasies ook later in 'n winterslaap wanneer die globale temperatuur styg."*

[Smithsonian Magazine].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die aangepaste Werperplant Muskiete almal nog steeds insekte (muskiete). Het u al ooit 'n nie-insek sien verander in 'n insek? Hou ook in gedagte dat die term 'genéties geprogrammeer' 'n *Intelligente Genetiese Programmeerder* vereis. 'Evolusie' is, volgens evolusioniste self, breinloos, bewussynloos en doelloos van aard (en gevolglik dus nie veronderstel om in staat te wees om doelbewus intelligent te kan 'programmeer' nie).

1.12 **Gestreepte Slakke.** *"Die donker doppe van gestreepte slakke sorg vir beter kamoefléring in die warmer temperature in Europa, waar die kleur van die dop nie alleen deur gene, maar ook deur liggaamstemperatuur bepaal word."*

[Smithsonian Magazine].

> WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die gestreepte slakke nog steeds slakke. Het u al ooit 'n nie-weekdier (nie-slak) in 'n weekdier (slak) sien verander?

1.13 **'Sockeye' Salm.** *"In die Columbia-rivier migreer 'Sockeye' Salm (Oncorhynchus nerka) elke jaar vroëer in die lente en die vroëer somer om te kuit ... Evolusie as 'n reaksie op hoër watertemperature blyk die mees waarskynlike verklaring vir ongeveer twee-derdes van die verskuiwing te wees, terwyl individuele aanpassing aan rivierstroom-veranderings die res sou kon verklaar."*

[Smithsonian Magazine].

> WEERLEGGING. Daar vind geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaas nie; uiteindelik was die 'Sockeye' Salm nog steeds 'n vis. Het u al ooit 'n nie-vis sien verander in 'n vis?

1.14 **Rooi Eekhorings.** *"Die suidweste van Yukon het steeds warmer en droër omgewings gesien sodat Witspar bome aangemoedig word om meer keëls te dra, en Noord-Amerikaanse rooi eekhorings (Tamiasciurus hudsonicus) meer kos te verskaf. By rooi eekhorings geld die reël dat, hoe hoe meer keëls die wyfies eet gedurende herfs, hoe eerder skenk hulle geboorte. Die geboortetyd kan varieer, maar die situasie word toegeskryf aan oorerflike genétiese veranderinge."*

[Smithsonian Magazine].

> WEERLEGGING. Daar vind geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaas nie; uiteindelik was die rooi eekhorings nog steeds eekhorings. Het u al ooit 'n nie-eekhoring sien verander in 'n eekhoring?

1.15 **Vrugtevliëe.** *"Soorte kan sterk varieer op grond van geografié. In die geval van die gewone vrugtevlieg ... verskillende variante kom voor op verskillende breedtegrade en ensiem-mutasies dien as as biomerkers. Suid-Australië is meer gematig en tropies, terwyl Noord-Australië droog en warm is. Navorsers het ontdek dat baie vrugtevliëe in Suid-Australië nie die genétiese mutasies openbaar wat voorkom in die meer noorderlike populasies*

nie ... asof hulle met byna 4 grade in breedtegraad verplaas is. Wetenskaplikes suggereer dat die veranderinge verband hou met die warmer en droër klimaat wat ooreenkom met vergelykbare neigings in Europa en Noord-Amerika."
[SmithsonianMagazine].

WEERLEGGING. Daar vind geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaas nie; uiteindelik was al die vrugtevliëe nog steeds vrugtevliëe (insekte). Het u al ooit gesien dat 'n nie-insek in 'n insek verander, of dat 'n nie-vrugtevlieg in 'n vrugtevlieg verander?

1.16 **Van Rondloperhonde tot 'Wolwe'.** *"Rondloperhonde wat in die verloop van tyd deur mense verwaarloos word, 'ontwikkel' ('evolueer') meer wolfagtige eienskappe byvoorbeeld deur onvriendeliker teenoor mense te word en beter navigasie vaardighede te ontwikkel."*
[BusinessInsider].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die rondloperhonde steeds honde. Het u al ooit 'n nie-hond sien verander in 'n hond?

1.17 **Kruising van Honde.** *"Sommige honde-eienaars het geleer hoe om bepaalde honde-rasse te mengteel, wat byvoorbeeld honde soos 'labradoodles" (Labrador + poedel) en 'cockapoos' gelewer het."*
[BusinessInsider].

WEERLEGGING. Noem hulle dit 'Evolusie'? Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die nuwe baster ('hibriede') rasse steeds honde. Het u al ooit 'n nie-hond sien verander in 'n hond? Terloops, het u opgelet dat die hele proses van mengtelery met die hulp van 'intelligente ontwerpers' (die honde-eienaars) plaasgevind het, en nie toevallig deur blinde, breinlose 'Evolusie' prosesse nie?

1.18 **Kruising van Muise.** *"Wanneer die Algerynse muis (mus spretus) paar met die gewone huismuis (mus musculus), is die nageslag wat uit sulke kombinasies gebore word steeds vrugbaar en sal die ras immuniteit ontwikkel teen plaagdoders.*
[Business Insider].

WEERLEGGING. Daar vind geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaas nie; uiteindelik was die nuwe rasse steeds muise (knaagdiere). Het u al ooit 'n nie-muis (nie-knaagdier) sien verander in 'n muis (knaagdier)?

1.19 **'Klepto' seeslakke.** *"Seeslakke 'steel' die gene en choroplaste van die alge wat hulle eet; die gesteelde gene en chloroplaste word vervolgens in hul DNA opgeneem, waardeur hulle dae lank van niks anders nie as sonskyn kan lewe. Hierdie alge-gene word aangegee na die volgende generasie slakke waardeur 'tradisionele Evolusie' omseil word."*

[BusinessInsider].

WEERLEGGING. Daar vind geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaas nie; uiteindelik was die nuwe generasie seeslakke steeds seeslakke. Het u al ooit 'n nie-seeslak sien verander in 'n seeslak?

1.20 **Bedluis 'Evolusie'.** *"'Stads-bedluise' sal met die verloop van tyd 'n kompleet, 'aparte soort' bedluis as hulle 'grotbewonende neefs' word en wat 'n meer wasagtige eksoskelet en 'n sneller metabolisme ontwikkel om hulle natuurlike chemiese immuniteit te versterk."*

[BusinessInsider].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die bedluise nog steeds bedluise (insekte). Het u al ooit 'n nie-bedluis (nie-insek) sien verander in 'n bedluis (insek)?

1.21 **Wolf & Coyote.** *"'n Nuwe baster ('hibriede') van die coyote en die wolf, die 'coy-wolf', wat die afgelope dekades vir die eerste maal opgeduik het, kom nou in massa voor in die noordooste van die VSA. Ongeveer twee-derdes van die DNA is van 'coy-wolwe' terwyl nog 'n kwart coyotes is. Die res is van gedomestikeerde honde ... selfs groter as hul voorouers van wolwe en coyotes, met 'n gewig van 140 pond. Hulle is ook soos wolwe sosiaal en dus ook geneig om in pakke te jag."*

[BusinessInsider].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die 'coyotes' nog steeds 'coyotes' wat met wolwe gekruis was om 'coy-wolwe' te lewer, 'n nuwe basterras maar nog steeds dieselfde soort dier ('n 'canis'). Het u al ooit 'n 'nie-canis' sien verander in 'n 'canis'?

1.22 **'n Verraderlike ('Fishy') verhaal.** *"Toe New Yorkers in 1929 begin het met die storting van 'PCBs' ('n tipe industriële gif) in die Hudson Rivier, het hulle 'n groot deel van die wilde dierelewe uitgeroei. Ten minste een soort*

(die 'Tomcod') het egter steeds oorleef en gefloreer. Met die verloop van 'n klompie dekades (PCBs was in 1979 verbied) het 'n vis genaamd die 'Tomcod' ge-evolueer om gif deur middel van die proses van natuurlike seleksie te weerstaan. Visse met 'n spesiale stel gene wat 'n belangrike gif-weerstandige eiwit vorm, het die visse in staat gestel om die gif-aanval te oorleef, en het op hul beurt die beskermende gene aangegee na hulle nakomelinge."

[BusinessInsider].

WEERLEGGING. Daar was geen 'Evolusie' oor 'soort' heen; uiteindelik was de nuwe generasie visse nog steeds visse. Het u al ooit 'n nie-vis sien verander in 'n vis?

1.23 **Indringer Amfibië.** *"Ongeveer 75 jaar gelede besluit die Australiese Suikerburo om 'n handjievol Suid-Amerikaanse rietpaddas van Hawaii na Australië te bring met die idee dat dit die land sou verlos van die suikerriet-kewer wat die suikerriet so verslind. Op hul nuwe kontinent, waar die rietpaddas geen natuurlike vyande gehad het, het die padda-populasie onmiddellik ontplof en snel begin uitbrei waarskynlik vanweë verskillende adaptiewe eienskappe wat hulle in staat gestel het om vinniger en wyer te reis. Wanneer hulle gepaar het, is hulle kroos met langer pote gebore."*

[Business insider].

WEERLEGGING. Daar het geen 'Evolusie' oor 'soort' heen plaasgevind nie; uiteindelik was die paddas (amfibië) nog steeds paddas (amfibië). Het u al ooit nie-paddas (nie-amfibië) gesien verander in 'n paddas (amfibië)? Verder, in plaas daarvan dat hierdie voorbeeld "Evolusie" bewys, het dit eerder geïllustreer hoe roekeloos voortvarend, onverantwoordelik en onverskillig sogenaamde "wetenskaplikes" soms kan wees.

2. **Gevolgtrekking.** Die vernaamste probleem met evolusioniste, sowel as met die alledaagse hoofstroom media wat sulke sogenaamde "deskundiges" slaafs volg, is hulle neiging om *nie-verifieerbare (onfalsifiseerbare) data en teoriëe* aan die publiek te bied as harde, konkrete feite. Voorbeelde soos al dikwels voorheen genoem:

2.1 KOSMOLOGIÉ/STER-EVOLUSIE. Niemand kan (en terugkeer) "miljoene" en "miljarde ligjare" ver reis om die aansprake van wetenskaplikes (of hulle nou evolusioniste is of nie) te gaan verifieer vir korrektheid en geldigheid ten opsigte van die ontsaglike afstande tussen sterre en sterrestelsels

nie. Trouens twyfel ek dat enige hemelliggaam verder as 100 ligjaar van die aarde af akkuraat (korrek & geldig) gemeet kan word. Net so kan niemand 13.8 miljard jaar terugreis na die verlede (en terugkeer) om te gaan verifieer en te toets of die wetenskap se datéring van die Heelal as 13.8 miljard jaar akkuraat, korrek en geldig is nie; veral wanneer ons in gedagte hou dat wetenskaplikes almal erken dat hulle maar net 5% weet (van alles wat moontlik te wete is) oor wat in die Kosmos aangaan. Met ander woorde is die data wat wetenskaplikes aan die goedgelowige publiek as "natuurwetenskap" opdis dikwels onverifieerbare (onfalsifeerbare) opinies of gissings ('conjecture').

L.W. Die definisie van 'Conjecture': kənˈdʒɛktʃə/ noun*: "An opinion or conclusion formed on the basis of incomplete information."*
[Oxford Languages].

2.2 <u>GEOLOGIÉ</u>. Wees nou eerlik: Het u al ooit die *Geológiese Tydskaal* ('Geologic Column') wat die wetenskaplikes op hulle pragtig geïllustreerde muurkaarte (en in ensiklopediëe en teksboeke) publiseer iewers prakties in die natuur (presies soos hulle dit aanbied) waargeneem of gesien? Wanneer geológiese strata aangebied word as soveel "miljoene jare" oud moet u besef dat dit niks meer en niks minder is as onverifieerbare, onfalsifiseerbare data, d.i., slegs geleerde opinies en gissings ('conjecture'). Niemand kan "miljoene jare" terugreis na die verlede (en terugkeer) om te getuig van die akkuraatheid en geldigheid van sulke buitensporige aansprake oor die ouderdom van geológiese strata nie.

2.3 <u>BIOLOGIË</u>. Dieselfde besware teen die opinies en gissings van wetenskaplikes oor die geologié geld ook hier in die veld van biologié. Wanneer fossiele as soveel "miljoene jare" oud aan die goedgelowige publiek as "feite" vertoon word, moet u besef dat dit niks meer en niks minder is as geleerde opinies en gissing is ('conjecture'). Niemand kan "miljoene jare" terugreis na die verlede (en terugkeer) om die buitensporige aansprake van paleontoloë oor die ouderdomme en oorsprong van fossiele te verifieer vir akkuraatheid en geldigheid nie.

Dit is met ander woorde belangrik dat die leser en die publiek altyd besef dat onfalsifiseerbare data nie 'wetenskap' is nie, maar gissings in die vorm van opinies, teoriëe ens. Om as ware wetenskap te kwalifiseer moet ondersteunende data *'falsifiseerbaar'* wees. Voorbeeld:

- Die stelling, *"Die maan is van groen kaas gemaak!"* is 'n verifieerbare, falsifiseerbare stelling en dus 'n geldige stelling omdat dit vir waarheid of feitelikheid getoets kan word: Ruimtevaarders soos Neil Armstrong was

persoonlik daar en het gevind dat die maan *nie* van kaas gemaak is nie; 'n *falsifiseerbare stelling* is 'n *empiries toetsbare stelling*.

- Die stelling, *"Die 'Australopithecus africanus' skedel van 'Mev. Ples' word op miljoene jare oud gedateer en word gereken as 'n fossiel waarvan die ras 'n gemeenskaplike voorouer met die mens deel!"* is 'n nie-falsifiseerbare (ontoetsbare) gissing aangesien niemand "miljoene jare" na die verlede kan terugkeer om hierdie buitensporige aansprake te gaan verifieer vir akkuraatheid en geldigheid nie.

3. **Die Bybel en die Génesis Skeppingsleer.** Die Bybel leer:

> "En God het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle soorte. En dit was so. En God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte en die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was".
> [Genesis1:24-25AOV].□

Verwysings

1. Business Insider. Online 2021.
2. Smithsonian Magazine. Online 2021.

"En God het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle soorte. En dit was so. En God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte en die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was".
[Genesis1:24-25AOV]

Kopiereg © 2024 PJ Stasssen Alle Regte Voorbehou

34

EVOLUSIE:
MAAK KENNIS MET DIE TOP SPESIE

'n Nuttelose lewe is 'n vroëe dood

Johann W. von Goethe
(1749-1832)

1. **Waarom 'ontwikkel' ('evolueer'/ 'evolve') ateïste nie?** Toe ek onlangs die vraag, *"Waarom evolueer ('evolve') ateïste nie; waarom is hulle steeds ateïste?"* vra, kry ek die absurde en nogal verontrustende antwoord van, *"Ons hoef nie te evolueer ('evolve') nie; ons is die top ('apex') spesies!"* Hulle het, met ander woorde, gearriveer! Maar, indien dit die waarheid was, waarom is daar dan iets soos aktiewe transhumaniste en 'n studieveld genaamd 'transhumanisme' onder ateïste?

Nou, hoe iemand by sy volle verstand ooit 'n jurie sal oortuig dat die mens 'n primitiewe (oer) voorouer deel met die primate wat lank gelede ('n onfalsifiseerbare stelling) oor "miljoene jare" heen "geëvolueer" ("evolve") het tot die glorieryke, beskaafde, verfynde en gesofistikeerde moderne metro-man van die 21ste eeu, is skoon verbysterend. Hoe begin 'n sprókiesverhaal in kinderboeke nou weer? *"Lank, lank gelede ...!"* En, hoe begin die evolusionis se verhaal nou weer? *"Miljoene, miljoene jare gelede ...!"* Wees nou eerlik ... kan mens alles wat ons vandag oral sien regtig "vooruitgang" noem?

2. **Ontmoet ons primate "neefs".** Volgens die paleontoloë is die sjimpansee, biológies gesproke, ons "naaste neef". Indien dit dan (satiries gesproke) die geval is, waarom laat ons die sjimpansee in die vliegtuig se vragruim (saam met gevaarlike wilde diere!) reis in plaas van in die passasiers-kompartement saam met sy "naaste biológiese neefs"? En, as die sjimpansee in die plaaslike dieretuin siek word, waarom laat kom hulle 'n veearts (wat spesialiseer in die dierkundige medisyne en behandeling van wilde diere) in plaas van 'n gewone huisarts?

3. **Verwyder die klatergoud ('tinsel').** Die gesegde doen die rondte dat die lewe in Hollywood onder dekadente akteurs (sowel as oral onder korrupte politici) so oppervlakkig geword het dat, wanneer mens die 'valse' klatergoud ('tinsel') aan die bokant sou verwyder, dit maar net die 'ware' klatergoud ('tinsel') daaronder sou ontbloot. Neem, met ander woorde, die moderne tegnologié soos rekenaars, rekenaar-sagteware, telefone, selfone, 'GPS' toestelle, satelliet-kommunikasie, duur juwele, goue polshorlosies en al die luukse motors en wat het ons? Die egte

klatergoud daaronder, d.i., die sogenaamde "top spesie" van die Darwiniaanse ideologié wat nie tweekeer nie sal dink:

- om die belastingbetaler met miljoene rande se kontrakte en omkoopgelde (in die publieke sowel as in die privaatsektor) te bedrieg;

- om sy trawante in regeringsposisies op die nasionale, provinsiale en munisipale vlak, waar kamerade-politiek tussen die owerheid en industrie aan die orde van die dag geword het, te help met allerhande onwettige, onétiese en immoréle wedersydse selfverryking danksy hul invloedryke posisies;

- tenders en fakture hemelhoog op te blaas reg onder die neuse van goedgelowige, onervare en/of korrupte publieke ampsdraers ('goedkeuringsgemagtigdes') tot 'n vlak baie, selfs buitensproig, méér winsgewend as wat sulke sake-ondernemings met hul 'produkte' in werklikheid intrinsiek ooit werd sou wees.

4. **Die "Top"/ "Apex" Spesie.** Dit hierbo, is die "Top ("Apex") Spesie" van die Darwinisme, d.i., die kroon van "Progressiewe Evolusie" se produk na "miljoene jare" se ontwikkeling na die volmaakte prototipe van vandag se "moderne mens"; die hoogste en edelste eindproduk van menslike ontwikkeling danksy die evolusionis se (sogenaamde) 'Lamarckism", 'spontane generasie', 'aanpassing', 'spesiasie', 'voordelige mutasies' en 'natuurlike seleksie' oor miljoene jare heen vanaf 'n primitiewe, eensellige organisme uit 'n bisarre chemiese oersop tot vandag se 'metro-man'.

Definisie van 'n evolusionis se "eerste mens":

> *Iemand wat homself oor miljoene jare heen vanuit niks gemaak het en, oor dieselfde miljoene jare heen, uiteindelik ook daarin kon slaag om in sy skoonpa, skoonma, sy vrou en die res van die mensdom te evolueer.*

Dit is net verstommend wat evolusioniste in staat is om te glo ... trouens glo hulle in groter wonderwerke as die wonderwerke van die Bybel ... dit laat mens regtig wonder.

So, waar staan ons dus vandag met hierdie antropológiese wonderwerk van die "miljoene jare" van "natuurhistoriese geskiedenis" en "kultuurhistoriese erfenis"? Ons sit met niks anders en beter as 'n gewone lieplapper van 'n dief, swendelaar, geldverduisteraar, omkoper van politici en sakemanne, piramide-skema spesialiste en korrupte staatskapers wat owerheidsbesteding manipuleer vir eie gewin, arm mense se spaargeld en lewensonderhoud vir oudag (pensioene) steel gegrond op die perverse ideologié (hetsy eksplisiet of implisiet) van "Evolusie" ("Die oorlewing

van die fiksste!") wat na "miljoene jare" van "progressiewe evolusie" (sogenaamd) nog niks beter kan bied nie as (ten beste) 'n sterfesyfer van 100% vir elke mens uit elke nasie van elke generasie in elke land.🔲

"Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!"

[Galasiërs1:8-9AOV]

35

EVOLUSIONISME SE GALLERY VAN SKAAMTE

Die letterkunde: Die mees verleidelikste, die mees misleidende, die mees gevaarlikste van alle proféssies

John Morley
(1838-1923)

1. **Inleiding.** De volgende populêre 'ikone' van Evolusie het toe uiteindelik geblyk om óf bedrog, growwe misinterpretasies of pure dagdromery te wees:

1.1 '**Piltdown-man'**. Hierdie vervalsing van Charles Dawson (1912) word in 1953 onthul deur 'n span top speurders en wetenskaplikes van Scotland Yard, waaronder prof. J.S. Weiner, 'n Suid-Afrikaanse wetenskaplike werksaam aan die Universiteit van Oxford.

1.2 '**Nebraska-man'.** Die verspotte idee het ontstaan by die ontdekking van 'n allemintige stuk paleontológiese materiaal ... naamlik, die enkele tand van 'n (waarskynlik uitgestorwe) vark.

1.3 '**Lucy'.** Beskikbare inligting dui daarop dat 'Lucy' waarskynlik 'n soort 'dwerg' ('pigmee') sjimpansee' was, hoewel evolusioniste nog steeds die wêreld rondtoer om Lucy se onsanitêre, waardelose beendere met groot fanfare by skoue ten toon te stel.

1.4 **'Mevr. Ples' (ook soms bekend by sommige as 'Mnr. Ples', 'Mej. Ples').** 'n Uitgestorwe aap met 'n skedelkapasiteit van minder as Keith se 'Rubikon' se minimum vereiste van 750cc om te kwalifiseer as 'n (sogenaamde) 'voorloper' van die mens. Sien 'Maropeng: Wieg van die Mensdom' hieronder.

1.5 '**Rhodesië-man'.** Deur deskundiges beskryf as, "'n gewone, moderne mens" ; dus, waarom die ophef?

1.6 '**Neandertal Man'.** 'n Gewone mens van waarskynlik 'n buitengewone hoë ouderdom wat dalk aan VitamienD gebreksiektes gely het soos byvoorbeeld rachitis, diabetes ens. Wanneer eksemplare van hierdie ras in 'grafte' gevind word en wat nog steeds geklee is in gewone metaal gevegsharnasse wat nog nie finaal verroes het nie, dan wonder mens waar die evolusioniste aan die idee kom dat dit 'n 'voorloper' van die mens was. Charlie Chaplin het, na bewering,

eenmaal ingeskryf vir 'n *'Charlie Chaplin Look Alike Competition'* en derde gekom ... net so het ek al mense gesien wat méér na Neandertal Man lyk as Neandertal Man self (waarom dus die ophef?).

1.7 '**Archaeopteryx'.** 'n Voorbeeld (sogenaamd) van 'n (fiktiewe) diertjie wat besig was om 'vlerke' te ontwikkel en wat gedurende 1985 deur navorsers bewys was as bedrog.

1.8 '**Coelacanth'.** Die sogenaamde 'lewende fossiel' vir die eerste maal op 22 Desember 1938 in die Indiese Oseaan ontdek waar dit lewend rondgeswem het. Darnaa is, na bewering, méér van hulle in die see ontdek.

L.W. Wat op aarde is 'n 'lewende fossiel' (hulle noem dit 'wetenskap'?).

1.9 '**Perd-Evolusie'.** Na bewering ondersteun geen ernstige wetenskaplike meer Othniel Marsh se voorstellings en mite oor 'perd-evolusie' nie.

1.10 '**Embrio-Ooreenkomste'.** Prof. Ernst Haeckel is na bewering vir hierdie bedrog oor die rol van embrios in die evolusie-proses uit sy universiteit in Duitsland (Jena) ontslaan.

1.11 '**Orceman'.** 'Orceman' is 'ontdek' soos afgelei van die skedel van 'n 4-maande oue donkie. Evolusioniste is nou al so desperaat dat hulle (i) donkie-skedels wil gebruik om te bewys dat (ii) menslike skedels uit (iii) *hominid* skedels ontwikkel het en 'n gemeenskaplike oer-voorouer met primate deel.

L.W. In teenstelling met wat evolusioniste predik, glo Evangeliese Christene nie dat die mens 'n "primaat" is nie. Verder, indien mense regtig "primate" was, sou (ware) "primate" (ape, bobbejane ens.) uiteraard as alternatiewe, vroëer vorms van die "mens" beskou moes word, 'n absurde idee.

1.12 '**Pekingman'.** Waarskynlik 'n gewone (wilde) verteenwoordiger van die 'moderne mens' waarvan die skedels deur iemand vergruis was om die skedel-inhoud te eet.

1.13 '**Oortwolk'.** 'n Teorétiese (fiktiewe) 'wolk' (streek) in die buitenste ruimte waar komete na bewering vandaan kom, soos voorgestel in 1950 deur die Nederlandse sterrekundige Jan Oort; met 'teoréties' wat beteken dat die Oortwolk nie regtig bestaan nie maar 'n blote versinsel is. Dit sal die publiek loon om te leer om die onderskeid te tref tussen *"falsifiseerbare wetenskaplike feite"* en *"onfalsifiseerbare wetenskaplike versinsel"* (pseudo-wetenskaplike 'tinsel').

2. **'Maropeng: Wieg van die Mensdom'.** Hierdie históriese, paleontológiese 'Temapark' in die Wesrand by Krugersdorp (naby Johanneburg) het 'n tyd gelede deelgeneem aan die wêreldwye *'New Seven Wonders of the World Competition' ('Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld Kompetisie')* waar dit uiteindelik soos volg vir 'n 'plek' presteer het:

3.1 In die kategorié 'STEDE': Nêrens van belang.
3.2 In die kategorié 'NATUUR': Nêrens van belang.
3.3 In die kategorié 'WÊRELD': Nêrens van belang.

Dit spreek tog vanself dat, indien Suid-Afrika se 'Wieg van die Mensdom' by Sterkfontein (soos die wetenskaplikes van WITS Universiteit glo) werklik die bakermat ('wieg') van die mensdom was, die internasionale gemeenskap dit waarskynlik bo-aan die lys sou gesit het onder die kategorié 'NATUUR'. Die feit is dat die internasionale hof van publieke opinie die aanspraak deur WITS universiteit (dat dit die wieg van die mensdom is) met die minagting wat dit verdien verwerp het.

Verder, besware deur sekere evolusioniste dat die kompetisie nie op 'n "wetenskaplike grondslag" deur "bona fide wetenskaplikes" geadministreer was nie, is absurd. So 'n ondersoek sou oorbodig gewees het aangesien wetenskaplikes in elk geval mos alreeds besluit het dat Maropeng die 'Wieg van die Mensdom' is, so wat sou verander het? Dit was met hierdie kompetisie juis 'n geleentheid vir die internasionale gemeenskap (wêreldwyd) om aan die wetenskaplikes te kon demonstreer presies wat hulle van die verspotte idee dink ... stel jou voor hoe mense soos Noag, Moses, Salomo, Attila die Hun, Abraham Lincoln, Elvis Presley, Bill Clinton, Saddam Hussein, Osama bin Laden, Hannibal, Paulus en Bill Gates (om maar net 'n klompie voorbeelde te noem) se voorouers almal oorspronklik kwansuis van Krugersdorp in Gauteng (Suid-Afrika) af kom!

Natuurlik moet mens leer om nie verkramp, maar wel 'oopkop', na die 'wetenskap' te kyk; party mense het egter alreeds so 'oopkop' ontwikkel ('ge-evolueer', evolve') dat hulle brein gevaar loop om uit te val. Evangeliese Christene glo dat die wieg van die mensdom in Mesopotamië, die sogenaamde 'Vrugbare Halfmaan', en nie in Krugersdorp ('Mogale City') is nie.

3. **Die falsifiseerbaarheid van data.** Ek herinner die leser graag weer daaraan dat enige inligting wat deur wetenskaplikes as "feite" voorgelê word, maar wat nie in terme van die "wetenskaplike metode" empiries *falsifiseerbaar* is nie, nie as "feite" aanvaar kan word nie. Niemand kan so ver in die verlede teruggaan om te gaan verifieer waar Mev. Ples *('Australopithecus africanus')* se "ras" of "spesie" vandaan kom en hoe oud "sy" regtig is, of hoe haar voorouers destyds daar uitgesien het nie; vir al wat ons weet was sy dalk nie eers getroud nie.

Doen self die sommetjie en vra uself die vraag af: Waar is al die fossiele van die transmediêre stadiums (tussenstadiums) soos Mev. Ples se nageslagte die een ná die ander oor millennia heen na bewering uiteindelik antropológies tot die mens ontwikkel het? Sulke tussenstadiums oor millennia heen moes sekerlik etlike duisende beloop het, afhangende hoeveel jaar ons aan 'generasies' sou wou toedig; trouens is alle inligting oor (i) die ouderdomme van geológiese strata in die evolusioniste se *Geologiese Tydskaal* en (ii) fossiele wat in sulke strata gevind word met ander woorde niks meer nie as 'n pseudo-akademiese versameling van onfalsifiseerbare gissings, opinies, skattings en versinsels nie.□

Verwysings

1. Ferrell, Vance BA MA BD *Science vs. Evolution*. Evolution-Facts.com. Online. 2023.

"Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is."
[Hebreërs11:7AOV]

Kopiereg © 2024 PJ Stasssen Alle Regte Voorbehou

36

HET 'EVOLUSIE' REGTIG DIE 'FOSSIEL REKORD' VEROORSAAK?

Die mens is gereed om vir 'n idee te sterf, op voorwaarde dat daardie idee nie heeltemal duidelik moet wees vir hom nie

Paul Eldridge
(b.1888)

1. **Die Sondvloed van Noag en die Fossiel Rekord.** Indien die Sondvloed van Noag (waarvan mens van kindsbeen af (onder andere) in die *Boek van Génesis* van die Ou Testament (Hebreeuse Bybel) lees, sou mens immers kon verwag dat die voorkoms van fossiele in sediment bevestigend sou vertoon het en dus in ooreenstemming te wees met die dinamika van die veronderstelde kragte en prosesse van die Sondvloed, en dit wil voorkom asof, soos fossiele uiteindelik ontdek was, dit inderdaad so gebeur het, naamlik:

- dat diere wat op die laagste vlakke geleef het, tydens die Bybelse Sondvloed ook in die laagste vlakke van die sediment begrawe sou gewees het;

- dat diere uit dieselfde ekológiese gemeenskap saam begrawe sou gewees het tydens die Bybelse Sondvloed;

- dat diere met die eenvoudigste vorme eerste sou begrawe geword het tydens die Bybelse Sondvloed omdat hidrológiese kragte wesens met ooreenkomende vorme saam sou gesorteer het tydens die Sondvloed;

- dat ongewerwelde seediere aangetref sou word in die laagte vlakke na afloop van die Bybelse Sondvloed aangesien hulle op die laagste vlakke van die seebodem leef;

- dat visse in hoër lae gevind sou word omdat visse tydens die Bybelse Sondvloed deur die water heen na hoër vlakke sou kon ontsnap het;

- dat die eerste landplante gevind sou word waar die eerste amfibieë gevind was as gevolg van die Bybelse Sondvloed;

- dat amfibieë en reptiele gevind sou wees begrawe in hoër vlakke as die vlakke waarin visse begrawe sou wees, maar in vlakke laer as die vlakke waarin landdiere begrawe is en weinig landplante en landdiere in laer vlakke aangetref was;

- dat, as gevolg van die Bybelse Sondvloed, diere en voëls in die algemeen in hoër vlakke aangetref sou word as die vlakke waarin reptiele en amfibië aangetref sou word;

- dat kuddediere wat tydens die Bybelse Sondvloed saam sou ontsnap het, ook dienooreenkomstig saam in dieselfde vlakke aangetref sou word;

- dat daar weinig voëls in die laagste vlakke gevind sou word, omdat voëls tydens die Bybelse Sondvloed waarskynlik na hoër vlakke sou kon ontsnap het;

- dat swaarder, sterker diere tydens die Bybelse Sondvloed apart van swakker, kleiner diere gesorteer sou word;

- dat daar maar weinig mense in vlakke gevind sou word, omdat mense, anders as diere, meer innoverende metodes sou kon vind om te ontsnap en hul reste dalk eerder sou ontbind het voordat dit kon fossileer.

2. **Die Génesis Skeppingsverslag.** Dit lyk dus of die historisiteit (geldigheid) van die Génesis Skeppingsverslag ten opsigte van die Sondvloed van Noag se dae deur die ontdekking van fossiele geregverdig was. Hou ook in gedagte dat die apostels en Jesus Christus (wie nooit gelieg het nie) die historisiteit van die Génesis Skeppingsleer (rakende die waarheid oor Noag, die Bybelse Sondvloed en die Ark) bevestig het:

2.1 Noag, die ark en die Sondvloed bevestig deur die Sendbrief van die Hebreërs.

> "Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is." [Hebreërs11:7AOV].

2.2 Noag, die ark en die Sondvloed bevestig deur die tweede Sendbrief van die Apostel Petrus.

> "Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het; en deur die stede van Sodom en

Gomorra tot as te verbrand, hulle tot ondergang veroordeel het en as 'n voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees."
[2Petrus2:4-6AOV].

2.3 Noag, die ark en die Sondvloed bevestig deur Jesus Christus in die Evangelies.

"En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."
[Mattheüs24:37-39AOV].□

Verwysings

1. Ferrell, Vance BA MA BD *Science vs. Evolution.* Evolution-Facts.com. Online.

"En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."
[Mattheüs24:37-39AOV]

37

‘SKEPPENDE EVOLUSIE’: JY MAAK SEKER ‘N GRAP?

Dit is miskien maklik vir die mens om sy verantwoordelikhede te ontwyk, maar hy sal nooit die gevolge van die ontwyking van sy verantwoordelikhede kan ontwyk nie

Lord Stamp
(b.1907)

1. **Die Darwiniste se ‘Geológiese Tydskaal’.** ‘n Uitdaging aan die leser: *“Toon ons ‘n gat, snit of opening in die grond waar die evolusioniste se ‘Geológiese Tydskaal’ presies in sy geheel weergegee word soos afgebeeld op hulle pragtge muurkaarte of in ensiklopediëe en hulle teksboeke.”* Bestaan die ‘Geológiese Tydskaal’ regtig in die praktyk, of is dit ‘n pure (tipes onverifieerbare, onfalsifiseerbare) versinsel, gissing of verbeeldingsvlug van Darwiniste wat iets, wat nie bestaan nie, probeer bewys?

2. **Mev. Ples (Sterkfontein/Maropeng, Suid-Afrika).** Volgens sekere bronne het Mev. Ples, ‘n “hominide” skedel gevind in die Sterkfontein Grotte (Suid-Afrika) “2.05 miljoen jaar” oud. [Wikipedia]. Dus, met ‘n arbitrêre getal van 70 jaar per generasie (bloot as voorbeeld en nie omdat dit noodwendig die korrekte getal is nie) sou die kloof tussen Mev. Ples en die huidige generasie van mense (2023) in die periode (in teorié) 29 285 generasies van haar soort kon gewees het; by ‘n arbitrêre syfer van 40 jaar per generasie kon dit inderdaad vir die periode 51 250 generasies van haar soort gewees het: Vrae:

- Waar is die afwesige, ontbrekende fossiele (die sogenaamde “vermiste skakels”) wat die “Evolusie” se oorgangsfases (transmediêre fases) vir die geskatte 29 285 of 51 250 generasies tussen Mev. Ples en die huidige generasie verteenwoordig?

- Waar is die bewyse dat Mev. Ples hoegenaamd getroud was en kinders (nakomelinge) van enige aard vir al hierdie generasies oor die periode van 2,05 miljoen jaar gehad het?

- Hoe gebeur dit dat die natuur haar skedel so netjies vir 2.05 miljoen jaar kon bewaar het, maar verder geen fossiele vir die res van die duisende generasies (oor 2.05 miljoen jaar heen) kon bewaar het nie?

3. **Darwininiaanse ("Teïstiese") Skepping.** Die vernaamste verskil tussen die Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme en die Darwiniaanse (Teïstiese) Skepping wat Darwin se Evolusieleer probeer inkorporeer in die Bybelse Skeppingsverhaal in en waarin sekere Christene glo, is dat (i) die Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme ondersteun die idee dat "evolusie" plaasvind deur willekeurige, spontane toeval sonder die hulp of tussenkoms van 'n "Intelligente Ontwerper" (Almagtige God) terwyl (ii) die Darwiniaanse (Teïstiese) Skepping die idee ondersteun naamlik dat dat Darwiniaanse "Evolusie" wel gebeur het maar met die hulp en tussenkoms van 'n "Intelligent (Almagtige God) Ontwerper" wie die Heelal nie net deur middel van "evolusie-prosesse" geskape het nie, maar ook deur middel van "evolusie-prosesse" steeds vandag bestuur en in stand hou.

Hoewel die voorstaanders van hiedie twee verskillende idees soms saam by simposiums en paneelbesprekings oor die vakgebied mag opdaag, moet die leser egter in gedagte hou die twee verskillende idees (wêreldbeskouings) totaal teenoorgestelde, onderling uitsluitende akademiese posisies verteenwoordig en nie in 'n miljoen jaar ooit versoen sal kan word nie aangesien albei posisies nie gelyktydig korrek kan wees nie. Soos reeds voorheen bespreek maar hier weer beklemtoon: :

3.1 SCENARIO #1: 'Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme' korrek/geldig:

Indien die *Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme* ooit as korrek (geldig) bevind sou word, dan sou die idee van 'n *Darwiniaanse (Teïstiese) Skepping* nie moontlik kon wees nie, aangesien die Almagtige Skepper (God) in die vergelyking nodig sou wees om so teorié te laat slaag en om as 'n werkbare teorié te kwalifiseer.

TROEFKAART: In hierdie Scenario #1 is die ateïste 'reg' en ateïste glo nie in die bestaan van God nie. Hou in gedagte die twee kritiese bestandele benodig vir 'n *Darwiniaanse (Teïstiese) Skepping* om te kon gebeur het: Almagtige God + Evolusie.

3.2 SCENARIO #2: 'Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme' inkorrek/ongeldig:

Indien die *Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme* inkorrek (ongeldig) bevind sou word, dan sal 'n *Darwiniaanse (Teïstiese) Skepping* weereens nie moontlik kon wees nie, aangesien Evolusie in die vergelyking nodig sou wees om so 'n teorié te laat slaag om as 'n werkbare teorié te kwalifiseer.

TROEFKAART: In hierdie Scenario #2 is die ateïste 'verkeerd' en verval die hele idee van soiets soos 'Evolusie' omdat ateïste in 'Evolusie'

glo. Hou in gedagte die twee kritiese bestandele benodig vir 'n *Darwiniaanse (Teïstiese) Skepping* om te kon gebeur het: Almagtige God + Evolusie.

4. **Gevolgtrekking.** Volgens hierdie outeur is albei scenarios ongeldige proposisies vir 'n *Darwiniaanse (Teïstiese) Skepping* , want:

- Jesus Christus het nooit enige vorm van Evolusie gepreek nie en nog minder het die Ou Testamentiese profete, aartsvaders, geloofshelde of Nuwe Testamentiese dissipels, apostels of geloofshelde dit ooit gepreek;

- Jesus Christus bevestig, soos voorheen genoem, die Genesis Skeppingsleer deur na Adam, Eva, die 'begin', Noag, die ark en die sondvloed te verwys in Sy omgang met die publiek (sien Mattheüs hoofstuk 19). Die Saligheidsplan van die Bybel draai om die spil van die (i) bona fides van die Genesis Skeppingsverslag en (ii) die bona fides van Jesus as persoon. Indien ons die bona fides van die Genesis Skeppingsverslag verwerp, val die bona fides van Jesus plat; indien ons die bona fides van Jesus verwerp, val die Genesis Skeppingsverslag plat. Evangeliese Christene aanvaar beide die bona fides van die Genesis Skeppingsverslag en die bona fides van Jesus Christus op sigwaarde tot tyd en wyl iemand ons verkeerd kan bewys. Gebeur dit, verval die hele doel en nut van die Bybel en die Saligheidsplan soos ons dit ken;

- In die Evangelie volgens Lukas lees ons van die stamboom van Jesus Christus terugherlei tot by Adam. Het Lukas gelieg? Is die Bybel 'n bedrogspul? Sal ons die woorde, idees en lewensvoorbeeld van Charles Darwin verkies bo die woorde, idees en lewensvoorbeeld van Jesus Christus? Nooit in 'n miljoen jaar nie; daar is net geen vergelyking nie.□

"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie ... Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele."
[Mattheüs24:35; Markus8:38AOV]

38

SAL GOD DIE WETENSKAP OORLEEF?

God gee my die krag om 'n feit reguit in die oë te kyk selfs al sou dit my dood moes beteken

T.H. Huxley
(1825-1895)

1. Sal God die Wetenskap oorleef? Ek het eerlikwaar nie geweet of ek moes lag of huil toe die (duidelik ervare) BBC onderhoudvoerder die gevierde (humanistiese) outeur vra: *"Sal God die Wetenskap oorleef?"*

Ek dink toe ... hoe lagwekkend verwaand hierdie onderhoud, byna soos 'n klein, niksbeduidende insek wat sy vinger onder die apteker (met sy doktorsgraad in Chemie) se neus wil druk en uitdaag tot 'n tweegeveg. Gelukkig is ons God en Hemelse Vader 'n God wat Sy son van van genade en barmhartigheid oor almal laat skyn; gelukkig ook kom hierdie tipe van debatte en/of paneelbesprekings (oor sulke verspotte idees) genadiglik ongereeld en in periodieke 'paaiemente' oor tyd heen, en nie alles gelyktydig op dieselfde oomblik nie sodat Evangeliese Christene, soos Charles Surgeon opgemerk het, almiskie die risiko sou loop om te sterf van skoon verbasing.

2. De gevierde (ateïstiese) outeur. Daar sit hy toe, die gevierde outeur met sy vingertjie onder God se neus (metafóries gesproke), selfvoldaan in die magiese kennis dat hy wêreldwyd erken en geniet word vir sy uitsonderlike outeurskap wat die God van Moses, d.i., die "EK IS!" van Sinai en die Tien Gebooie, bespot terwyl hy die wêreld uitdaag om, soos hy, die waagmoed aan die dag te lê om "meer progressief" met tradisionele, fundamentalistiese godsdienstige denke om te gaan en eerder die nuwe era van "intellektuele verligtheid" en "hoër kritiek" (my parafrase) te omarm; woorde so tipies uit die era van die Franse en kommunistiese rewolusies van vroëer.

3. Alternatieve heelalle en die 'nuwe messias': Skiëntisme (Scientism). In die onderhoud kom hierdie outeur toe heerlik avant-garde en so gaaf en bekwaam voor; die nuwe bevryder van die moderne mens; die avatar wat die samelewing wil bevry van ouderwetse Bybelse denke en fundamentalistiese godsdienstigheid.

Hier kom die die nuwe, "alternatiewe heelal"' van morele relativisme (moderne voorstedelike neo-paganisme), situasionele etiek en die deïfisering (vergoddeliking) van die menslike rede in 'n koorsagtige stryd op soek na 'n nuwe "Moses" of

"messias" om hul uit die "Egiptiese slawerny" van Bybelse moraliteit, die intellektuele kerker van die Tien Gebooie en Jesus Christus (die nederige skrynwerker-rabbi van Nasaret) se soetsappige *"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself!"* te lei na die melk en heuning van die "nuwe Kanaan" van hulle moderne, voorstedelike keuse van 'n Baäl-Dagon, nl., humanisme gedrewe Skiëntisme*.

> L.W. *'Skiëntisme': Die ateïs en moderne heiden se suiwer materialistiese verering (aanbidding) van die natuurwetenskap as die uiteindelike oplossing vir en antwoord op alle probleme en uitdagings wat die mensdom bedreig, en, as dinge te warm raak kan hulle darem altyd na Mars emigreer. Hoe hulle Mars wil tem (miljoene kilometer van die huis af) terwyl hulle nie eers die woestyne op ons agterstoep soos die Sahara, Gobi, Kalahari, die groot Australiese Woestyn en 'Death Valley' kan tem nie slaan mens dronk.

4. **God word afgewys en verwerp as verouderd en oorbodig.** Daar sit hulle toe in die ateljee terwyl die gevierde outeur voortborduur soos 'n praatsieke parakiet wat God se gesag, ondanks die Skepper se veronderstelde monumentale 'I.K.' (Intelligensie Kwosiënt) van ONEINDIG[oneindig] (Oneindig tot die mag Oneindig), uitdaag asof God, afwagtend in die aangrensende wagkamer, senuweeagtig en soos 'n verstrooide laboratorium-assistant, deur verslete tydskrifte sit en blaai om te hoor wat die intellektuele kolos in die ateljee se besluit oor Sy (God se) lot gaan wees (en hoe onbeskryflik absurd).

5. **Hy wat in die Hemel woon, lag!** Mense en hul idees sal kom en gaan, en hemel en aarde sal verbygaan, maar die woorde van God sal nooit verbygaan nie. Die Bybel leer:

> "Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik."
> [Psalm2:1-4AOV].
>
> "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie ... Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele."
> [Mattheüs24:35; Markus8:38AOV].□

"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie."
[1Johannes1:9-10AOV]

39

GLO JESUS CHRISTUS IN EVOLUSIE?

Geloof begin as 'n eksperiment en eindig as 'n ervaring

Dean W.R. Inge
(1860-1954)

1. **Stelling #1. Jesus Christus glo nie in Evolusie nie.** Jesus Christus het, gedurende Sy bediening op aarde, nie in (i) Klassieke (Ateïstiese) Evolusie of in (ii) 'n Darwiniaanse Skepping (Kreatiewe Teïstiese Evolusie) geglo nie; ons weet dit omdat Jesus in God glo en nooit Evolusie van enige aard, in Sy verwysings na die Hemelse Vader of die Hemel, aanbeveel of geleer het nie. Trouens het Hy Sy dissipels soos volg vermaan:

> "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.
> In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.
> En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."
> [Johannes 14:1-3AOV].

2. **Stelling #2. Lewe ná die Dood.** Ateïs-evolusioniste glo in die idee van Dood-ná-Dood, terwyl Jesus Christus, en, gevolglik alle Evangeliese Christene, glo in Lewe-ná-Dood, sowel as in die bestaan van engele, wat duidelik op die Berg van Verheerliking gedemonstreer was toe die Ou Testamentiese patriarge en profete (Moses en Elia) aan Hom en Sy dissipels verskyn het:

> "En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring.
> En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig.En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elía in gesprek met Hom."
> [Mattheüs17:1-3AOV].

3. **Stelling #3. Jesus kon materié uit die niet skep.** Jesus Christus het byvoorbeeld in die geloof materié uit die niet geskep, byvoorbeeld toe Hy die vissies en brode vermenigvuldig het en waarvoor Hy nie "miljoene jare" nodig gehad het om daarvoor te wag nie, ondanks die feit dat die wetenskap leer dat (in ons Heelal) materié nie geskep of vernietig kan word nie. Daar is net sóveel materié in die Heelal teenwoordig en wat of as materié of energié manifesteer, daarom Einstein

se formule van $E= mc^2$ (Energie = Massa x Spoed van Lig^{kwadraat}). Hierdie beskikbare energié/materié kan nie vermeerder of vernietig word nie, tog het Jesus die brode en vissies by minstens twee geleenthede fenomenaal vermeerder wat bewys dat Hy mag oor die elemente van die natuur gehad het.

4. **Stelling #4.** Jesus het dus met Sy vermenigvuldiging van die vissies en brode die Genesis Skeppingsleer bevestig wat enige moontlikheid van 'n Darwiniaanse Skepping (Kreatiewe Teïstiese Evolusie) sodoende uitgeskakel het, byvoorbeeld:

- In Sy verwysing na die skepping en bestaan van Adam & Eva en die kwessie van egskeiding:

> "En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees."
> [Mattheüs 19:4-5AOV].

L.W. Waartydens net twee geslagte geskep was.

- In Sy verwying na die Sondvloed van Noag en die ark in Sy lering waartydens Hy, terloops, ook *die werklikheid van die Wederkoms* bevestig het:

> "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."
> [Mattheüs24:37-39AOV].

- In die integriteit van Sy woord.

> "Die hemel en die aarde sal verbygaan,
> maar my woorde sal nooit verbygaan nie."
> [Mattheüs 24:35AOV].□

"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie."
[Mattheüs 24:35AOV]

40

ALLE LEWENS IS BELANGRIK!

Ondervinding is die naam wat almal vir hulle flaters gee

Oscar Wilde
(1854-1900)

1. **Kinderdae in Suid-Afrika.** Voordat my vader sy reeks klein 'algemene handelaar' winkels oopgemaak het, het ek opgegroei in een van die rykste goudvelde in Suid-Afrika, naamlik die Witwatersrand. My pa was 'n skagtimmerman (mynskag skrynwerker) en ten tye van hierdie voorval onder bespreking, waarby drie van my vriende betrokke was, het ons in die myndorp Carletonville, in die destydse Wes-Transvaal, in 1959 in 'n eenvoudige maar heel fatsoenlike mynhuis in Kaolin Straat gewoon.

2. **Die hinderlaag.** Die voorval waaroor ek hier wil uitbrei het dus plaasgevind in 1959 toe ek byna 12 jaar oud was die dag toe twee van my vriende, Wayne en Bill (skuilname) een Saterdagmiddag gekom het om by my pa te hoor of ek saam met hulle sou kon gaan speel op die leë erf agter ons huis, naby die dorp se netjiese klein parkie. My pa het sommer gou ingestem en binne enkele minute spring ek toe oor die heining van gesplete houtpale aan die agterkant van ons erf op pad na die leë perseel waar my twee vriende toe alreeds vir my bo-op 'n hoop ongebruikte gruisklippertjies gestaan en wag het.

3. **Die opening-sarsies.** By die hoop klippertjies aangekom, en, sonder enige waarskuwing of rede en enige vooraf kennisgewing, bespring my twee vriende my skielik en begin my sommer fisies aanrand met 'n allemintige klompie houe gemik na my lyf en gesig. Ek was het eers gedink dat dit die een of ander gekskeerdery was, maar so geskok toe ek uiteindelik besef het dat die aanval ernstig bedoel was dat ek binne enkele sekondes in 'n waansinnige tornado van energié verander het, waarskynlik aangewakker deur die adrenalien-gedrewe vlug- of veg-impuls. Trouens, om myself te verdedig het ek my eintlik goed van my taak gekwyt toe ek egter, plotseling, uit die hoek van my oog sien hoe welkome hulp heel verontwaardig oor ons heining spring op pad om my te kom help.

Dit het so gebeur dat my moeder so klompie maande vantevore tydelike huiswerk aan 'n Sotho vrou uit Witsieshoek (Lesotho) gegee het en met wie se seun, van my ouderdom en met wie ek my naam gedeel het, ek ook gou vriende geword het. Ons het weke lank voor in die erf op ons grasperk geboks, gestoei en 'n

rudimentêre vorm van tipiese Afrika gevegskuns met plastiese stokke ('African stick-fighting") probeer tot groot vermaak van my ma wie (het ek later gehoor) deur die sitkamergordyne ons manewales gestaan en dophou het. Nooit het ek egter besef dat dit reeds tydens hierdie Spartaanse spelery en oefeninge was wat ek besig was om vóór berei te word vir die dag van my onderonsie met my 'vriende'.

Deur my trane en die spervuur van my aanvallers kyk ek toe op hoe die maer, maar taai en seningrige, goudbruin Sotho-vriendjie oor die heining spring en soos die spreekwoordelike, "vlermuis uit die h-l" op ons afstorm ... en het ons twee saam my aanvallers daarna ordentlik afgeransel! Verbaas het ons gestaan en kyk hoe Wayne met sy vet pofferbeentjies en Bill, met sy knopkniëe en so maer soos 'n uitgehonderde kraai, terughardloop na mamma toe. 'Sotho': Verduideliking:

> 'SOTHO':
>
> *"Die Sotho /ˈsuːtuː/[2] mense, of Basotho /bæˈsuːtuː/, is 'n Bantoe-taal familie etniese groep van Suid-Afrika en Sesotho sprekend. Hulle is inheems in moderne Lesotho en in Suid-Afrika. Die Basotho het die streek reeds rondom die 5de eeu N.C. bewoon en is nou verwant aan ander Bantoe-talige sprekende volkere van die streek. Die moderne Basotho-identiteit het ontstaan uit die geslaagde diplomasié van Moshoeshoe I wie die die ongelyksoortige stamme van Sotho-Tswana-oorsprong verenig het in die begin van die 19de eeu oor Suidelike Afrika versprei het. Die meeste Basotho mense woon in die teenswoordige Lesotho of Suid-Afrika, aangesien die Oranje-Vrystaat oorspronklik deel uitgemaak het van die nasie Moshoeshoe (nou Lesotho)."*
>
> [Wikipedia: My vertaalde parafrase].

4. **Alle lewens is belangrik!** Die Bybel vermeld selde of ooit die velkleur van die verskillende mense van die Bybel hoewel daar dikwels na nasionaliteit (soos bv. Ethiopiër, Grieks, Jood ens. ens.) verwys word. Aan die einde van die dag kom dit egter daarop neer dat mense almal maar net een van drie moontlike 'kleure' sal wees, d.i., (i) die meelewende, gawe, simpatieke, liefdevolle en ordentlike 'kleur', (ii) die onsimpatieke, haatlike, onbeskofte en brutale 'kleur' en (iii) die deurskynende (kleurlose) draadsitters wat nie weet waar hulle behoort nie. ☐

"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My."
[Johannes14:1AOV].

41

BYBEL: BASIESE INSTRUKSIES VOORDAT JY DIE AARDE VERLAAT

Die beste manier om 'n dwaas te oortuig dat hy verkeerd is om hom aan sy eie lot oor te laat

Josh Billings
(1818-1885)

1. **De Bybel (Christendom).** Volgens die *Encyclopaedia Britannica* was dele van die *Ou Testament (Hebreeuse Bybel)* al in die 10de eeu voor Christus geskrywe met die *'laatste redaksie en heiligverklaring'* in die 6de en 5de eeu voor Christus. Die *Nuwe Testament* is geskrywe in die 1ste en 2de eeu na Christus. Dit maak die Christelike Bybel enigiets tussen *3 000 jaar (Ou Testament)* en *2 000 jaar (Nuwe Testament)* oud.

2. **Nuwe Testamentiese bevestiging ('Attestásie').** Skryf Dr. F.F. Bruce, wyle Rylandse hoogleraar in Bybel-kritiek en -eksegese aan die Universiteit van Manchester (my vertaalde parafrase):

> *" 'Daar bestaan nie 'n liggaam van ou literatuur in die wêreld met so rykdom van tekstuele bevestiging as die Nuwe Testament nie ... bewyse vir die egtheid van Nuwe Testamentiese geskrifte is soveel groter as die bewyse vir die werke van klassieke skrywers waarvan niemand die geldigheid ooit sou droom om te bevraagteken nie. En sou die Nuwe Testament 'n versameling sekulêre (wêreldse) geskrifte verteenwoordig het, sou die egtheid daarvan oor die algemeen as bo alle twyfel heen beskou geword het.' "*
>
> [Die 'John Ankerberg Show'].

3. **Wetenskap en Ateïsme.** Op sigwaarde geneem is dit duidelik dat wetenskaplikes (d.w.s., beide ateïste en sekere teïste gelyktydig) vasstaan op 'n "miljarde" en "miljoene" jare skepping vir byvoorbeeld die Kosmos, die sonnestelsel, die planete en die dierelewe, plantlewe en mense van die aarde, kosmológies, geológies en biológies. So word die ouderdomme van byvoorbeeld die *Andromeda* en die *Sombrero* sterrestelsels respektiewelik aangegee as *10 miljard jaar* en *10-13 miljard jaar.* Net so word die ontstaan van die eerste lewensvorme op die aarde aangegee as *4.41 miljard jaar.*

4. **Die bittere ironié.** Hier sit ons dus nou opgeskeep met die absurde situasie waar wetenskaplikes, met ander woorde, daardie kategorié van professionele mense wat vas glo aan die gebruik van protokols soos die "wetenskaplike metode" en "empirisme", hemelliggame in byvoorbeeld die astronomié, astrofisika, kosmologié ens.) bestudeer, wat (soos alreeds genoem) onder andere "miljarde" en "miljoene" jare oud is en "miljarde ligjare" ver verwyder is van die aarde; informasie wat, vir alle praktiese doeleindes, op sulke afstande, totaal veroudered, uitgediend en onbetroubaar blyk te wees.

Tegelykertyd sal paleontoloë en geoloë afleidings maak en tot gevolgtrekkings afkomstig uit "data" oor sediment, rotsformasies en fossiele wat na bewering "miljoene" jare oud is en van ons verwag om dit in goedere trou te aanvaar en te glo. Wees nou eerlik ... wie se "inligting" en "bronne" is die oudste van die twee ... die inligting van gelowiges waarvan die bronne maar net tussen 3 000 en 2 000 jaar oud is (bv., die Bybel), of die inligting van evolusioniste waarvan die bronne of "miljarde" of "miljoene" jare oud is, of "miljarde ligjare" van ons verwyder is? Hou in gedagte dat, wanneer 'n sterrekundige byvoorbeeld 'n sterrestelsel wat (na bewering) "200 miljoen ligjaar" ver is waarneem en afleidings daaroor maak, hy 'n beeld sien en afleidings maak oor 'n sterrestelsel soos wat dit (hipotéties gesproke) 200 miljoen jaar gelede moes gelyk het, en nie noodwendig soos dit vandag daar uitsien nie. Vir al wat ons weet bestaan daardie sterrestelsel nie eers meer nie en is hulle besig om hulle enorme wetenskap inligtingsbasis op spookbeelde en valse verbeeldingsvlugte te bou ... en dit geld vir die hele Heelal en hulle inligting daaroor.

5. **Ware wetenskap.** Ware wetenskap is waar 'n wetenskaplike verklaring of argument empiries bewys kan word soos gemeet in terme van waarneming en feite en geverifieer (en dus gefalsifiseer) kan word deur 'n onafhanklike waarnemer.

Die astronómiese afstande van die sterrestelsels en "miljarde jare" wat toegeskrywe word aan die leeftyd van die Heelal, asook die "miljoene jare" wat toegeskryf word aan die leeftyd van fossiele, vorm die standaard-argumente vir Evolusionisme, of ons nou van ster-evolusie, geológiese evolusie of biológiese evolusie praat ... alles tans in die arena van onverifieerbaarheid en dus onfalsifiseerbaarheid. Onfalsifiseerbare inligting word nie beskou as ware (presiese of eksakte) wetenskap nie, selfs al sou iemand eendag ontdek dat dit al die tyd korrek was. Slegs die Wiskunde, soos dit binne-in die Natuurwetenskap (bv. in Chémie, Fisika en in alle Ingenieurwese ens.) manifesteer en gebruik word, kan byvoorbeeld beskou word as ware, falsifiseerbare wetenskap.

Wat die Darwiniste dus aan ons probeer verkoop as "Evolusie Wetenskap" (of dit nou 'Klassieke Ateïstiese Evolusie' of 'Darwiniaanse Teïstiese Evolusie' is) is geen egte wetenskap maar óf wetenskap fiksie óf pure wensdenkery.

L.W. Die titel van hierdie artikel is gebaseer op die *Engelse akroniem* van: BIBLE: Basic Instructions Before Leaving Earth.□

In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.
En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."
[Johannes 14:2-3AOV]

42

BYBELSE KLIMAATSVERANDERING: MAAK JOU KLAAR VIR DIE ERGSTE KLIMAATSVERANDERING AAN DIE KOM!

Dit is nogal 'n groot skok om op die ouderdom van vyf of ses te ontdek
dat, in 'n wêreld van Gary Coopers, jy die Rooihuid is

James Baldwin
(1924-1987)

1. **Aktivisme oor Klimaatsverandering.** Die aktivisme waarmee die globale verwarming fanatici deesdae besig is het, wil dit nou voorkom, ontwikkel tot die status van 'n tipe godsdiens-kultus. Natuurlik moet ons omgee vir die aarde, maar ek glo dat hulle meer van hulp sou gewees het indien hulle eerder hulle energié, moeite, tyd en hulpbronne (indien enige) geïnvesteer het om te help met die opruim van die besoedelde oseane, damme, riviere en stroompies rondom ons dorpe en stede.

Storms en natuurrampe (bv., aardbewings, tifone, orkane, tornado's, droogtes, oorstromings ens.) was alreeds van menseheugenis deel van die geskiedenis waaraan mens dikwels nie veel kan doen nie. Omdat die onderwerp egter so fassinerend en sensitief is, het ek, om die saak in 'n nuwe, meer relevante perspektief te plaas, dieper ingegaan op 'n soort van 'klimaatsverandering' waarmee meeste mense waarskynlik nog nie bekend is nie, met ander woorde, 'n tipe 'klimaatsverandering' van so 'n verbasende omvang en op so 'n enorme, katastrófiese skaal dat alleen God dit sou kon orkestreer, 'n gedagte te afgryslik om te bedink maar nog vreesliker om dit te ignoreer.

2. **Uit die Hebreeuwse Bybel (Ou Testament).** De Bybel voorspel sekerlik geen rooskleurige toekoms vir planeet Aarde nie:

> "Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel, die aarde word geheel en al geskud.
> Die aarde waggel geheel en al soos 'n dronkaard en swaai heen en weer soos 'n naghut; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie.
> En in dié dag sal die HERE besoeking doen oor die leërskare van die hoogte in die hoogte en oor die konings van die aarde op die aarde;
> en hulle sal opgesluit word soos gevangenes opgesluit word in 'n kuil en bewaar word in 'n kerker; maar ná baie dae sal daar op hulle ag gegee word.
> En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die HERE van die leërskare sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem, en voor sy oudstes sal daar heerlikheid wees."
> [Jesaja24:19-23AOV].

3. **Jesus van Nasaret.** Meer as 2 000 jaar gelede kom 'n jong skrynwerker-rabbi uit Nasaret met die naam Jesus toe na vore, 'n man verag deur baie van Sy tydgenote (en vandag se postmoderne 'teoloë') en afgemaak as 'n bedriëer, "wynsuiper", "vraat" en goedkoop kulkunstenaar uit die straat wat, so glo hulle, gearresteer was, nie omdat Hy daarop aanspraak gemaak het dat Hy die Seun van God was nie, maar kwansuis omdat Hy van homself 'n "publieke oorlas" sou gemaak het en 'n opruier van die massas. Bewus van al hierdie skommelinge, lewer Jesus toe hierdie ernstige waarskuwing aan Sy dissipels:

> "En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie
> Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke.
> Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.
> Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.
> En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat.
> En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.
> En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.
> Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.
> En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom."
> [Mattheüs24:6-14AOV].

4. **Uit die Boek van Openbaring.** Die meeste Christene van vandag is welbekend met die klimaat-katastrófes nog aan die kom, soos deur Jesus Christus in visioene oorgelewer aan die "geliefde dissipel" Johannes (nie Johannes die Doper) op die eiland van Patmos:

> "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;
> en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval;
> en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit;
> en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,
> en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam;
> want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?

... En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het ‘n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie so ‘n geweldige groot aardbewing.
En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn.
En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie;
en groot hael, omtrent ‘n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was.”
[Openbaring6:12-17; 16:18-21AOV].

5. **Die Wederkoms van Jesus Christus: Die Seun van die Mens.** Jesus Christus, wie nooit gelieg het nie, profeteer tydens Sy aardse bediening soos volg:

“Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.
Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.
En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.
En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.”
[Mattheüs 24:27-30AOV].

6. **Die Eindbelofte.**

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”
[Johannes3:16AOV].
“Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.”
[Romeinen6:23AOV].
“Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle.”
[Johannes14:1-4AOV].□

**“Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.”
[1Johannes1:7AOV]**

43

BLINDE GEREGTIGHEID

Goeie oordeel kom deur ervaring; ervaring kom deur swak oordeel

(Anoniem)

1. **Die kinderdae.** Ek het opgegroei tydens die 1940s deur die 1950s en 1960s met die klanke van Vera Lynn, Patti Page, Doris Day, Glenn Miller, Benny Goodman, Roger Williams, Jim Reeves, Matt Monro, Robert Goulet, die Ames Brothers, Bing Crosby, Elvis Presley, die Mitch Miller Singers en die Norman Luboff & Ray Conniff kore ens. Nou, in 1962, toe ek 14 jaar oud was, was ons wiskunde-onderwyser, by die Hentie Cilliers Hoërskool in Virginia op die Vrystaatse goudvelde, 'n blonde klein 'terrier' genaamd DolfieD., 'n onderwyser uit die ou skool van perfeksionisme wat sy stellings en somme op die swartbord so reguit soos 'n liniaal kon skryf ... sonder die hulp van 'n liniaal. Hy was 'n egte voorstander van ingenieurs- en argitekturele volmaakheid in die visuele aanbieding van die klas se algebra, driehoeksmeting en meetkunde.

2. **Kom die eksamens.** Die resultate van ons toetse (wiskunde) was gewoonlik uitgedeel in die klas op die eerste dag van elke nuwe kwartaal wat gevolg het op die vorige kwartaal en na afloop van die gebruiklike skoolvakansies, waartydens Dolfie dan gewoonlik sy Nazi-agtige strafreël aan ons seuns bekend gemaak het (en waarvan die meisies genadiglik kwytgeskeld was) soos volg, as my geheue my nie in steek gelaat het nie):

- 'n Toets-uitslag van <40%: Een hou met die dun rottang.
- 'n Toets-uitslag van <35%: Twee houe met die dun rottang.
- 'n Toets-uitslag van <30%: Drie houe met die dun rottang.

L.W. < = minder dan.

Dus, na die eerste kwartaal van 1962 en nadat ek my toetsresultate ontvang het, het ek die vereiste berekening gedoen en tot my ontsteltenis ontdek dat ek die maksimum vonnis van drie houe (gedurende die dae toe lyfstraf deur onderwysers nog wettig was) vir my patétiese poging verdien het. Ek het toe opgestaan en heelagter in die ry gaan inval vir my straf, met die 2-houe ouens voor ons en die 1-hou ouens heel vóór in die ry. Die slae is in rondomtalie, met ander woorde, slegs *een hou op 'n slag,* uitgedeel, en lede van die 'strafpeleton' moes elke keer terug na die agterkant van die tou om daar weer in te val in gereedmaking vir die volgende

hou, met uitsondering natuurlik van die ouens wat na die eerste hou reeds kon gaan sit.

3. **Die 'Blinde Geregtigheid'.** Die pyn van van die kumulatiewe effek van die eerste twee houe was ondraaglik, soveel so dat ek egter onopvallend skelm weggeglip het en op my skoolbank gaan sit het, hopeloos te bevrees vir die effek van die derde hou. Wat te erg is is darem te erg, het ek gedink; asof 'n pak slae mens regtig méér intelligent (slimmer) kon maak; darem sou ek, indien ek uitgevang sou word, die alibi kon gebruik van, *"Ekskuus, meneer, soos u kan sien is ek nie juis baie goed in wiskunde nie."*

Kom die tweede kwartaal, het my syfer toe wonder-bo-wonder effens verbeter en kon ek met trots by die 'strafpeletion' in die tou gaan staan ir my welverdiende twee houe met Dolfie se venynige, dun rottang. Hierdie keer het dit egter nie kon waag om weer te lieg oor my straf nie, aangesien dit darem te opvallend sou wees en ek in elk geval intussen, gedurende Maart en April 1962, 'n belydende Christen geword het en ek nie weer oor die vrymoedigheid beskik het om die onderwyser vir 'n tweede keer te bedrieg nie. Buitendien was daar daardie kwartaal geen *drie-houe* ouens nie aangesien almal se punte ietwat verbeter het (pyn is 'n groot motiveerder!) en daar dus niemand agter my in die tou was nie.

My berekening was toe, ontdek ek toe ek gaan sit, egter hierdie keer foutief, en die skok het my soos 'n emmer koue water getref, want ek was eintlik veronderstel om slegs één hou te gekry het in plaas van die pynlike twee, en hoe gee 'n mens 'n hou wat reeds (te véél) uitgedeel is terug? So was die skale van geregtigheid toe uiteindelik gebalanseer. Daardie dag sou ek my spreekwoordelike 'regterarm' gegee het vir iemand om tog net in my plek te gaan staan en my houe namens my te vat, maar wie? Dit is die wonder van die Evangelie:

> "Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was ... Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens [ADAM] baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één [JESUS CHRISTUS] baie tot regverdiges gestel word."
> [Romeine5:6-8, 19AOV].□

"In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld."
[Romeine1:8AOV]

44

BOU JOU HUIS OP DIE ROTS VAN DIE EEUE

Om God's Naam gee my 'n jongman met genoeg van 'n brein om van homself 'n gek te maak!

Robert Louis Stevenson
(1850-1894)

1. **Die onverifieerbaarheid en onfalsifiseerbaarheid van die Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme.** Soos alreeds gesien, om die *Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme* te bevestig en sy wilde bewerings (teorieë, hipotese ens.) oor die die geskiedenis en oorsprong van die Kosmos en ook die bewerings en van evolusioniste oor die oorsprong en ouderdom van die aarde te verifieer, sal skeptici "miljarde jare" na die verlede moet terugkeer om teoriëe oor "Kosmiese" of "Ster Evolusie" te gaan bevestig.

Netso sal skeptici, om te kan bewys dat die bewerings van evolusioniste oor die antropológiese en biológiese oorspronge en leeftyd van die mens korrek en geldig is, "miljoene jare" moet terugkeer na die verlede om die waarheid en geldigheid van hulle teoriëe daaroor te bevestig soos gebaseer op opgrawings en paleontológiese fondse soos fossiele ens. Hoe sulke onverifieerbare (en dus onfalsifiseerbare) inligting suiwer op sigwaarde aanvaar kan word as empiries bewysbaar gebaseer op die sogenaamde "wetenskaplike metode" slaan mens dronk. Onfalsifiseerbare data of inligting is nie ware wetenskap nie, maar bloot gissings, menings en geleerde raaiskote.

2. **Die Evolusie se doodloopstraat.** Idees en teoriëe oor Evolusie is wyd uiteenlopend, maar ons kan met gerustheid aflei dat dit, soos alreeds genoem, hoofsaaklik in twee dominante (verskillende) wêreldbeskouings verdeel het, naamlik die (i) *Klassieke Ateïstiese Darwinisme* en die *Darwiniaanse (Skeppende/Teïstiese) Evolusie.* Dus, hoewel die twee groepe dikwels saam by akademiese of wetenskaplike simposiums, debatte en paneelbesprekings aangetref mag word, is hulle eintlik in 'n worstelstryd gewikkel om te besluit wie van die twee groepe se uitgangspunte en ideologié nou eintlik wáár en geldig is. Neem in gedagte (soos alreeds etlike kere bespreek):

- dat die twee verskillende wêreldbeskouings is onderling uitsluitend en kan nie albei tegelykertyd wáár (geldig) wees nie. Wat hulle dus aanbetref, is dit óf die een, óf die ander. Wat Evangeliese Christene egter aanbetref, is albei wêreldbeskouings onwáár (ongeldig).

- dat, soos hierbo geïllustreer die *Darwiniaanse (Skeppende) Evolusie* elke keer uit die bus uit val, of die *Klassieke (Ateïstiese) Darwinisme* nou geldig (wáár) of ongeldig (onwáár) sou wees.

3. **Jesus Christus die Rots.** Die Bybel leer:

"Dan sal Hy vir julle 'n heiligdom wees, maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel, vir die twee huise van Israel, 'n vangnet en 'n strik vir die inwoners van Jerusalem ...
daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie."
[Jesaja8:14; 28:16AOV].
"Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting ...
die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword."
[Psalm18:3; 118:22AOV].
"Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie ...
Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling."
[Romeine9:33; 1Petrus2:7AOV].

L.W. Hier staan die leser voor 'n kritiese beluit: Verwys die Skrifgedeeltes hierbo na die Pous, of verwys dit na Jesus Christus?

4. **Jesus Christus (die Rots) waarsku.**

"Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het.
En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots."
[Mattheüs7:24-25AOV].□

"In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld."
[Romeine1:8AOV]

45

CHRISTENDOM: DIE GROOTSTE LAND TER WÊRELD!

Jy kan nie mag vir die goeie hê sonder om ook mag vir die bose te hê nie. Selfs moedersmelk voed moordenaars sowel as helde
(Cusins, *Major Barbara)*

George Bernard Shaw
(1856-1950)

1. **Bevolking.** Die Christendom is, metafóries gesproke, die grootste 'land' ter wêreld (d.w.s., die grootste 'nasie') op aarde; volgens die jongste statistieke tot my beskikking het die Christendom al byna 2.8 miljard 'burgers' (die volgelinge van Jesus Christus) en dit groei steeds.'n Kort beskrywing:

> *"Christianity is an Abrahamic monotheistic religion based on the life and teachings of Jesus of Nazareth. It is the world's largest religion with about 2.8 billion followers, representing one-third of the global population.[2][3] Its adherents, known as Christians, are estimated to make up a majority of the population in 157 countries and territories,[4] and believe that Jesus is the Son of God, whose coming as the messiah was prophesied in the Hebrew Bible (called the Old Testament in Christianity) and chronicled in the New Testament."*
>
> [Wikipedia, Christianity].

Met 'n bevolking van "ongeveer 2.8 miljard volgelinge" (Wikipedia) verteenwoordig die Christendom dus 'n "land" met 'n bevolking so groot soos China (>1.4 miljard) en Indië (ongeveer 1.4 miljard) tesame, die grootste "land" of "nasie" op aarde.

2. **De Grondwet (Konstitusie) van die Christendom.** Die grondwet of konstitusie van die Christendom is die Bybel, wat bestaan uit twee dele, naamlik die Ou Testament (Hebreeuse Bybel) en die Nuwe Testament. Teológies gesproke is die Hebreeuse Bybel (Ou Testament) hoofsaaklik gebaseer op die (bekendmaking van) die moréle Wet van Moses (Torah) en die geskiedenis van die Israeliete, terwyl die Nuwe Testament gebaseer is op die (bekendmaking van die) Evangelie van Jesus Christus en die geskiedenis van die eerste Joodse en nie-Joodse Christen dissipels, apostles, profete, evangeliste, herders, leraars, ouderlinge, diakens, diakonesse en allerhande regeringe en helpers. Dit is dus duidelik dat die

Christendom (die Evangelie van Jesus Christus) sy wortels in die moréle Wet van Moses het soos gebaseer op die Tien Gebooie, by die twee groepe gesamentlik bekend as hul (gedeelde) "Judeo-Christelike waardes", 'n onkreukbare simbiose soos pragtig verduidelik deur die Apostel Paulus in die Sendbrief aan die Romeine (Hoofstuk 11:1-36).

3. **Die belangrikste Leerstellings van die Christendom (kortliks en informeel):**

3.1 Jesus Christus het, as God die Vader se *de facto* 'Projek-Ingenieur', die wêreld geskape. [Hebreërs1:1-4].

3.2 Alle mag in die hemel en op aarde is aan Jesus Christus, die 'Laaste Adam' gegee as opvolger vir die 'Eerste Adam'. [Mattheüs28:19; 1Korinthiërs15:45].

3.3 Alle mense het gesondig, ontbreek aan die heerlikheid van God en moet gered word. [Romeine3:23; 6:23].

3.4 As as sê dat ons geen sonde het nie, maak ons God tot 'n leuenaar. [1Johannes1:10].

3.5 Die loon van die sonde is die dood. [Romeine6:23a].

3.6 Daar is lewe na die dood. [Romeine6:23; Johannes :16].

3.7 God wil hê dat ons gered moet word deur ons sondes te vergewe. [Jesaja1:18].

3.8 Die Naam van Jesus Christus is die enigste Naam waardeur die mensdom vir die Ewigheid gered kan word. [Handelinge4:12].

3.9 God wil hê dat alle mense (d.w.s. alle mense ongeag ras, kultuur, stam, kaste, geloof, huidskleur, geslag, ouderdom, politieke oortuiging of huidige godsdienstige affiliasie) gered moet word. [Romeine5:18; 1Timotheüs2:4].

3.10 Om vir die Ewigheid gered te word, moet mense hul bekeer en die Evangelie van Jesus Christus glo. [Johannes3:16; Romeine6:23b].

3.11 Diegene (ateïste ingesluit) wat hul sonde aan God bely, sal gered word. [1Johannes1:9].

3.12 Jesus Christus het belowe om in groot mag en heerlikheid (sigbaar en fisies, nie onsigbaar en "net metafories") terug te keer na planeet aarde. [MattheüsHfstk24; Openbaring1:7].

3.13 Uiteindelik sal God die Vader alleen diegene wat Sy Seun (Jesus Christus) eer, eer. [Johannes5:23; 12:26].

3.14 Jesus Christus, en nie God die Vader, sal in die Ewigheid as Hoofregter presedeer oor die Groot Wit Troon Oordeel en die Bema Regterstoel van Christus. [Johannes5:22-27].

3.15 Daar kom 'n Nuwe Hemel en Nuwe Aarde, met ander woorde, 'n nuwe kosmiese dispensasie.[Openbaring21:1].

3.16 Jesus Christus sal Sy volgelinge neem om saam met Hom in die Vader se 'Huis van Baie Wonings' te gaan woon. [Johannes14:1-3].

3.17 God die Vader sal dan self die trane van die gesigte van Christene afdroog. {Openbaring7:17; 21:4].

4. **God se Waarborge.** Daar bestaan minstens vier-en-dertig Skrifverwysings (indien nie méér) wat die Woord van God bevestig as ewig, onvernietigbaar en onveranderlik. Voorbeelde:

"Die gras verdor, die blom verwelk;
maar die woord van onse God hou stand in ewigheid."
[Jesaja40:8AOV].
"Die hemel en die aarde sal verbygaan,
maar my woorde sal nooit verbygaan nie."
[Mattheüs24:35AOV].
"Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes
in die aarde, gesuiwer sewe maal."
[Psalm12:7AOV].
"Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en
sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy
kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele ... Die hemel en die
aarde sal verbygaan,
maar my woorde sal nooit verbygaan nie."
[Markus8:38; 13:31AOV].
"En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie,
en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit
die hand van my Vader ruk nie."
[Johannes10:28-29AOV].□

46

CHRISTOLOGIÉ:
DIE LEWE EN MISSIE VAN JESUS VAN NASARET (DIE CHRISTUS)

U het oorwin, o bleek Galileër

A.C. Swinburne
(1837-1909)

1. **Stelling #1: God die Vader die Hoogste Gesag.** God die Vader is groter as Jesus Christus (God die Seun).

"Julle het gehoor dat Ek aan julle gesê het: Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: Ek gaan na my Vader, omdat my Vader groter is as Ek."
[Johannes14:28AOV].
"Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs—Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek."
[Hebreërs5:7-10AOV].

L.W. Omdat Jesus gehoorsamheid aan die Vader moes leer, spreek dit vanself dat Jesus diensbaar aan die Vader is en dat die Vader groter is as die Seun.

2. **Stelling #2: Die Goddelike krag van Jesus Christus.** Alle mag in die hemel en op die aarde is deur God die Vader aan Jesus Christus, God die Seun, gegee.

"En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde."
[Mattheüs28:18AOV].
"Maar almal wat Hom [JESUS] aangeneem het, aan hulle het Hy [JESUS] mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid."
[Johannes1:12-14AOV].

3. **Stelling #3: Die Goddelikheid van Jesus Christus.** Christus is die Tweede Persoon van die Godheid (Drie-eenheid) en Eén met God die Vader.

"Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek ...
En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was ...
Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo."
[Johannes8:58AOV].

" ... dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het ...
Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo— dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."
[Johannes17:5, 20-2AOV].

"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige ...
Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa ...
En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste, en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood ... En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees ...
En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste ...
Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester ...
Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!"
[Openbaring1:8,11,17,18; 21:6-7; 22:12,13,16,20AOV].

4. **Stelling #4: Die 'BIOS' en 'ZOE' lewe van Jesus Christus.** Jesus Christus was/is sowel volledig mens ('BIOS'-lewe) as volledig Goddelik ('ZOE'-lewe).

"Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê. En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is."
[Johannes5:26-27AOV].

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. En die Woord het

vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid."

[Johannes1:12-14AOV].

"Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel."

[Openbaring1:12-18AOV].

5. **Stelling #5: Verlossing deur Jesus Christus.** Jesus Christus het die mag om die Ewige Lewe te skenk.

"My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. Ek en die Vader is een."

[Johannes10:27-30AOV].

"En toe hulle Hom oorkant die see gevind het, sê hulle vir Hom: Rabbi, wanneer het U hier gekom? Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, Voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het. Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël."

[Johannes5:26-27AOV].

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid."

[Johannes1:12-14AOV].

"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."

[Romeine6:23AOV].

"Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik— soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee."

[Johannes17:1-2AOV].

6. **Stelling 6: Die krag in die Bloed-offer van Jesus Christus.**

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."

[1Johannes1:7AOV].
" ... Omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos."
[1Petrus1:18-19AOV].

7. **Stelling #7: Jesus Christus die Goeie Herder.** Jesus Christus is die Goeie Herder wat Sy lewe gegee het vir Sy skape (vriende).

"Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."
[Johannes10:11AOV].
"Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee."
[Johannes15:13AOV].

8. **Stelling #8: Jesus Christus die Rots.** Jesus Christus *('Petra' = 'n 'massiewe rots')* is die ware Rots, en nie die apostel Petrus *('Petros' = 'n stuk rots'/'klein klippie'),* is die *ware Rots* en fondament waarop die Kerk ('Ekklesia') gebou is.

"En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus ['PETROS': KLEIN KLIPPIE], en op hierdie rots [JESUS: 'PETRA': MASSIEWE ROTS] sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."
[Mattheüs16:18AOV].
"Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom [JESUS] glo, sal nie beskaam word nie."
[Romeine9:33AOV].
"Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus ... en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus."
[1Korinthiërs3:11;10:4AOV].

Hierdie saak oor wie die 'ROTS' is waarop die Kerk (Ekklesia) gebou is, vorm een van die belangrikste twispunte tussen die Rooms-Katolieke teologié en die Protestantse (Evangeliese) teologié. Protestantse (Evangeliese) predikante wat nog steeds leer dat die apostel Petrus die 'rots' is waarop die Kerk gebou is, verkondig nog steeds verouderde, middeleeuse Rooms-Katolisisme. Selfs die apostel Petrus, *die peroon waaroor die hele debat gaan,* het self toegegee:

"Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen [JESUS], en die wat in Hom [JESUS]glo, sal nooit beskaam word nie.
Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling—vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is."
[1Petrus2:6-8AOV].

9. **Stelling #9: Die Skepping en Instandhouding van die Wêreld.** Jesus Christus was/is die *de facto* 'Projek Ingenieur' van God die Vader vir die skepping en onderhoud van die wêreld.

> "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle."
> [Hebreërs1:1-4AOV].

10. **Stelling #10: Die verhewe Naam van Jesus Christus.** Jesus Christus het 'n voortrefliker Naam verkry, selfs bo dié van engele.

> "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy [GOD] in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun [JESUS] wat Hy [GOD] as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy [GOD] ook die wêreld gemaak het. Hy [JESUS], wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy [JESUS] deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy [JESUS] soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy [JESUS] 'n voortrefliker naam geërf het as hulle."
> [Hebreërs1:1-4AOV].

11. **Stelling #11. 'n Nuwe Naam vir Jesus Christus.** Daar kom 'n tyd wanneer Jesus Christus 'n nuwe naam sal ontvang.

> "Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam."
> [Openbaring3:12AOV].

12. **Stelling #12: Jesus Christus: die enigste Middelaar na die Orde van Melchisédek.** Jesus Christus is die enigste Middelaar tussen God en die mens.

> "Hy [JESUS] is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander

naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."
[Handelinge4:11-12AOV]
"Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar [JESUS]."
[Galasiërs3:19AOV]
"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd."
[1Timotheüs2:5AOV].

"Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs— Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek ... Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is ... En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang ... en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel. Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek."
[Hebreërs5:7-10; 8:6; 9:15; 12:24-25AOV].

13. **Stelling #13: Vergewing van sonde deur Jesus Christus.** As ons ons sondes aan Jesus Christus die Verlosser bely, sal Hy ons vergewe en ons van alle ongeregtigheid reinig.

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie."
[Johannes3:16-18AOV]

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie."
[1Johannes1:7-10AOV].

14. **Stelling #14: Verdoemenis sonder Jesus Christus.** Indien ons sou weier om ons te bekeer, sal ons in ons sondes sterwe.

"En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."
[Markus1:14-15AOV].
"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dink julle dat hierdie Galiléërs groter sondaars was as al die Galiléërs, omdat hulle sulke dinge gely het? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het—dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom."
[Lukas13:2-5AOV].
"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie ...
Toe sê die Jode: Hy sal Homself tog nie om die lewe bring nie, omdat Hy sê: Waar Ek gaan, kan julle nie kom nie? En Hy sê vir hulle: Julle is van benede, Ek is van bo; julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie. Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe."
[Johannes3:16-18; 8:22-24AOV].

15. **Stelling #15: Ons moet Jesus Christus eer soos God die Vader geëer word.** Die Bybel leer dat ons Jesus Christus behoort te eer soos God die Vader geëer word.

"Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie ...
As iemand My dien, laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees; en as iemand My dien, sal die Vader hom eer ...
Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My."
[Johannes5:22-23; 12:26; 14:1AOV].
"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste."
[Openbaring 22:13AOV].

16. **Stelling #16: Die Woorde van Jesus Christus is betroubaar.** Hemel en aarde sal verbygaan, maar die woorde van Jesus Christus sal nooit verbygaan nie.

"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie."
[Mattheüs24:35AOV].

17. **Stelling #17: De verhewe posisie van Jesus Christus.** Jesus Christus sit aan die Regterhand van die God die Vader.

> "Toe sê Hy vir hulle: Hoe is dit dat hulle sê dat die Christus die seun van Dawid is? En Dawid self sê in die boek van die Psalms: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. Dawid noem Hom dan Here, en hoe is Hy sy seun?"
> [Lukas20:41-44; 22:69AOV].
> "En toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hul harte en het teen hom [STĖFANUS] op die tande gekners. Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan."
> [Handelinge7:55-56AOV].

18. **Stelling #18: Skaam jy jou vir Christus?** Wie hulle in hierdie lewe skaam vir Jesus Christus en Sy woorde, vir diesulkes sal Jesus Christus Hom skaam voor God die Vader en die engele by Sy wederkoms. Jesus het gewaarsku:

> "Wat baat dit 'n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen? Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele."
> Lukas9:25-26AOV].

19. **Stelling #19: Regverdigmaking deur Jesus Christus.** Die regverdigmaking van gelowiges is moontlik gemaak slegs deur die bloed (lyding & offer) van Jesus Christus.

> "Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is."
> [Romeine3:21-26AOV].

20. **Stelling #20: Die Wederkoms van Jesus Christus.** Jesus Christus kom weer ... letterlik en fisies, en nie net 'figuurlik' of 'metafóries' bedoel soos die postmoderne, 'Christen ateïste' ('Nuwe Hervormers') ons probeer leer nie.

"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom ... En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word ...
En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid."
[Mattheüs24:14, 29-30AOV]

"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.
In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.
En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."
[Johannes14:1-3AOV]

"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!
Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige."
[Openbaring1:7AOV].

21. **Stelling #21: Die Groot Wit Troon Oordeel.** God die Vader sal nie as Hoofregter presedeer by die Groot Wit Troon Oordeel nie; hierdie geskiedkundige taak is opgedra aan Jesus Christus, nie net omdat Hy die Seun van God is nie, maar ook omdat Hy die Seun van die Mens is.

"Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie ... Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê. En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is."
[Johannes5:22-23, 26-27AOV].

"Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word."
[Romeine14:10AOV]

"Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad."
[2Korinthiërs5:10AOV].

22. **Stelling #22: Jesus Christus oorhandig die Koninkryk terug aan God die Vader.** Uiteindelik sal Jesus Christus die Koninkryk terug oorhandig aan God die Vader nadat Hy alle (aardse) heerskappy en gesag oorwin het.

> "Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood."
> [1Korinthiërs15:21-26AOV].

23. **Stelling #23: Jesus Christus as die 'Ware Wynstok'.** Jesus Christus is die Ware Wynstok; God die Vader die Landbouer.

> "Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer. Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra."
> [Johannes15:1-2AOV].

24. **Stelling #24: Jesus Christus die 'Weg, die Waarheid en die Lewe'.** Jesus Christus is die Weg, die Waarheid en die Lewe.

> "Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie ...
> Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning?
> Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is.
> Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig.
> Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem."
> [Johannes 14:6; 18:37AOV].

25. **Stelling #25: Jesus Christus die Hoeksteen wat die bouers verwerp het.** Jesus Christus, die steen wat die bouers by Golgotha verwerp het (en wat nog steeds deur ongelowiges en selfs sekere denominasies verwerp word) het toe uiteindelik die (onmisbare) Hoeksteen geword. Die apostel Petrus, die apostel op wie sekere denominasies verkeerdelik glo die kerk van Christus gebou is, bevestig self dat Christus die steen geword het wat die bouers verwerp het:

> "Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom [JESUS] glo, sal nooit beskaam word nie.

Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het ‘n hoeksteen geword; en: ‘n Steen des aanstoots en ‘n rots van struikeling — vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is.”
[1Petrus2:6-8AOV].

26. **Stelling #26: Jesus Christus en die Fonteine van Lewende Water.** Jesus Christus, die Lam van God, het belowe om alle gelowiges uiteindelik na *Fonteine van Lewende Water* te lei waar God alle trane van hul oë sal afvee.

Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle “na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee ...
En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan ...
Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.”
[Openbaring7:17; 21:4; 22:16-17AOV].□

“Julle het gehoor dat Ek aan julle gesê het: Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: Ek gaan na my Vader, omdat my Vader groter is as Ek.”
[Johannes14:28AOV]

47

DIE DINÁMIKA VAN WONDERWERKE

Indien'n persoon genoeg van 'n dwaas is om in 'n Skepper te glo, dan is hy genoeg van 'n dwaas om in wonderwerke te glo, maar nooit andersins nie.

G.K. Chesterton
(1874-1937)

1. **Is wonderwerke onmoontlik?** Die afgesaagde uitdrukking: "Wonderwerke is onmoontlik!" is sekerlik een van die gunsteling mantra van alle mantras van die geswore ateïs en skeptikus; maar, die absurditeit van hierdie bygeloof kan gelukkig maklik gedemonstreer word. Ek sal, ten tye van hierdie skrywe, 77 jaar oud wees met my volgende verjaardag, en het al te véél wonders gesien om anders te glo. Om te wil beweer dat wonderwerke "onmoontlik" is, is nie alleen dwaas nie, maar ook ewe dom indien iemand byvoorbeeld sou sê, *"Handelinge wat deur die Wet verbied word is onwettig!"* Geletterde, geleerde mense behoort nie sulke verspotte dinge kwyt te raak nie.

2. **Wat wonderwerke nié is nie.** Hou in gedagte dat met die woord "wonderwerk" (soos Evangeliese Christene dit verstaan) nie bedoel word die toorkunsies van die straat-towenaar, die vlugtige hand van die kulkunstenaar by die sirkus (met sy optiese illusies) of die tiener-seun (of verveelde oujongkêrel) wat piekniekgangers met speelkaarte oorbluf nie.

Egte wonderwerke uit die Bybelse tydperk (wat steeds vandag nog voorkom) kom miskien gratis, maar is beslis nie goedkoop nie; sommige wonderwerke mag slegs eers na jare van opregte gebed en trane gebeur; ander wonders kom soms verrassend skielik en onverwags:

> *"God moves in many a mysterious way His wonders to perform; He plants His footprint in the sea and rides upon the storm!"*
>
> [William Cowper, 1731-1800].

3. **Steeds toenemende Geloof.** Enkele opmerkings oor wonderwerke:

3.1 **Wonderwerke is <u>veronderstel</u> om "onmoontlik" te wees.** In menslike taal gestel word wonderwerke in die eerste plek "wonderwerke" genoem juis

omdat dit *onmoontlik* is; gebeurtenisse wat as alledaags moontlik beskou word sou mos nie as wonderwerke kwalifiseer en so genoem kon word nie; wat op aarde sou die nut van 'n "moontlike" wonderwerk wees? Vreemd genoeg gebeur dit egter steeds waar van die geleerdste mense op aarde (met PhDs en allerhande ander nagraadse kwalifikasies van vooraanstaande universiteite) steeds dikwels die opmerking sal maak dat wonderwerke "onmoontlik" is ... en wat 'n onwetenskaplike en vreemde filosófiese uitgangspunt om te verkondig!

Nietemin is dit belangrik dat die leser besef dat by God daar in elk geval nie soiets soos (i) onmoontlike wonderwerke, (ii) moontlike wonderwerke, (iii) moeilike wonderwerke of (iv) maklike wonderwerke is nie, aangesien by God *alles* moontlik is, of dit nou in ons oë 'n wonderwerk sou wees of nie. Joyce Cary (188-1957)het eenmaal ewe beterwétig opgemerk: *"God is a character, a real and consistent being, or He is nothing. If God did a miracle He would deny His own nature and the universe would simply blow up, vanish, become nothing."* [Andrews: 301].

Die fout wat Cary, waarskynlik 'n agnostikus, maak is die aanvaarding van 'n onbybelse beginsel, naamlik dat God, indien Hy werklik sou bestaan, volgens hom (Cary) in elk geval die onderskikte, gehoorsame (slaaf, gevangene) van Sy eie skepping sou wees. So 'n definisie van God en Sy skepping, d.i., dieselfde definisie van God wat deur die postmoderne 'Jesus Seminar' (VSA) en 'Nuwe Hervormers' (RSA) voorgestaan word, sal nooit deug vir die Evangeliese Christen nie, aangesien dit die wonderwerke van beide die Ou Testament en die Nuwe Testament in totaal sou nullifiseer en die Bybel onmiddellik sou relegéér na die kategorié van fiktiewe boeke en valse godsdiens kultusse. Ná sy verskriklike lyding en tragiese verlies van kinders en bates, skryf Job uiteindelik, danksy God se wonderbaarlike ingryping in sy omstandighede, soos volg:

> "Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie."
> [Job42:1-2AOV].

Jesus Christus bevestig:

> "Maar Jesus het hulle aangekyk en vir hulle gesê: By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik."
> [Mattheüs19:26AOV].

Watter belangrike afleiding kan ons hier maak? Dat, soos G.K. Chesterton (1874-1937) verduidelik het, Evangeliese Christene "dwaas genoeg" is om in wonderwerke te glo omdat hulle "dwaas genoeg" is om in God te glo, terwyl ateïste nie in wonderwerke glo nie omdat hulle nie dwaas genoeg is om in God te glo nie. Dit sou derhalwe geen sin maak vir die Christen om die ateïs van wonderwerke te probeer oortuig terwyl hy nie in God glo nie; selfs

Christene, byvoorbeeld teruggevalle ('nominale' of 'postmoderne') 'Christene' wat nie in God glo nie, glo inderdaad ook nie in wonderwerke nie. Alvorens die ateïs ooit van wonderwerke oortuig sou word, sou *hy eers van die bestaan van God oortuig moes word.* Die ateïs se skeptisisme is, met ander woorde, heeltemal *kongruent* met sy skeptisisme oor God, anders as die postmoderne Christen wie se ongeloof in wonderwerke hopeloos *inkongruent* is met sy sogenaamde geloof in God. 'n Voorbeeld van so 'n geloofs-inkongruensie is waar 'n persoon, wat gereeld en getrou sy of haar Bybel lees, nogtans weier om te aanvaar dat Jona deur 'n groot vis ingesluk was, óf dat Jesus op water geloop het, óf dat Jesus uit 'n maagd gebore is. Hierdie tipe geloofs-inkongruensies is almal tipies van die postmoderne Christene ('Nuwe Hervormers') wie, wil dit voorkom, heeltemal uit voeling met Bybelse waardes en lering is.

3.2 **Die Wette van die Natuur onontbeerlik vir wonderwerke om te gebeur.** Ander sou weer die argument gebruik dat die Wette van die Natuur (bv., die fisika) wonderwerke verbied om te gebeur. Inteendeel is die bestaan van streng Natuurwette trouens onontbeerlik vir wonderwerke om te gebeur, want, in teenstelling met wat die skeptici glo, *sonder die Wette van die Natuur sou dit onmoontlik gewees het vir wonderwerke om te gebeur!* Doen self die sommetjie:

- 'n Wonderwerk is iets wat in stryd is met die Wette van die Natuur, so, in die afwesigheid van enige Natuurwette, hoe sou enigiets in stryd met Natuurwette kon gebeur? 'n Wonderwerk word juis so genoem omdat dit gebeur in stryd met wat die bekende Natuurwette ons leer; die bestaan van streng Natuurwette is dus 'n minimum-vereiste vir wonderwerke om te gebeur, en om assulks herken en ervaar te word.

- Hoe sou ons ooit kon weet dat 'n wonderwerk gebeur het (of besig is om te gebeur) indien daar geen Natuurwet sou bestaan vir so wonderwerk of gebeurtenis om te oortree nie? Die Natuurwette is juis die *goue standaard* waarteen ons (i) wonderwerke kan onderskei en herken en (ii) in ieder geval sou 'n wêreld sonder streng Natuurwette, waarin alle gebeurtenisse tegnies as "moontlik" beskou kon word, mos nog minder ooit 'n wonderwerk kon oplewer; wonderwerke gebeur per definisie net in wêrelde waar hulle eintlik as onmoontlik beskou kan word.

- Die verskille tussen die denke van die ateïs, die agnostikus en die denke van die Evangeliese Christen is filosófies gesproke, met ander woorde, astronómies, bv.:

3.2.1 DIE EVANGELIESE CHRISTEN. Die Evangeliese Christen glo dat die God van die Bybel, d.i. die YHWH, Yahweh of Jehowa van Moses en die Tien Gebooie, buite tyd en buite die Kosmos van Sy skepping gesetel is en nie as die gehoorsame slaaf ondergeskik aan Sy eie Kosmos is asof hy 'n gewone huurder in 'n blok woonstelle met reëls is nie. Nie net is Hy die eienaar van die 'woonstelblok' (Kosmos) nie, maar ook die argitek en bouer (Skepper) daarvan en gladnie onderhewig aan die administratiewe reëls en regulasies wat die 'opsigter' (Die Wette van die Fisika) normaalweg op huurders in die blok moet afdwing nie.

3.2.2 DIE AGNOSTIKUS. Die agnostikus redeneer, soos Joyce Cary genoem het, dat hy nie seker is of daar 'n God is of nie, dat ons nooit kan weet of daar 'n God is of nie en dat, indien Hy sou bestaan het, Hy in elk geval nie wonderwerke sou kon doen nie aangesien Hy 'n logiese en stabiele Wese is wie nie graag sou wou sien hoe die hele Kosmos inmekaarstort of ontplof omdat Hy as die Skepper daarvan iets in stryd met Sy reëls en regulasies (die Wette van die Fisika) gewaag het nie. Die agnostikus plaas God, indien Hy ooit sou bestaan, dus in die posisie waar Hy noodgedwonge in terme van een of ander 'paleisbeleid' onderskik is aan Sy eie skepping en aan die reëls en regulasies wat dit administreer, bestuur en in stand hou.

3.2.3 DIE ATEÏS. Die ateïs staan vas op die beginsel dat daar nie 'n God is nie en dat die hele gesprek oor wonderwerke onnodig is aangesien daar, teen die agtergrond van die "feit" dat daar nie 'n God is nie, geen sprake van wonderwerke kan wees nie. Die ateïs leef, met ander woorde, heeltemal kongruent met sy ateïstiese uitkyk oor die skepping, oor God en oor die lewe ... behalwe wanneer hy absurde uitsprake maak soos, *"God is boos!"* (m.a.w., God bestaan, maar Hy is boos) en, *"God is dood!"* (m.a.w., Hy het wel eens op 'n tyd bestaan maar is intussen dood).

4. **Die ateïste se beswaar.** Die ateïste kla dat hulle nie in God glo nie omdat hulle nooit 'wonderwerke' sien nie. In my geval het ek al so baie wonderwerke beleef dat ek hulle al opgehou tel het, en ek is nie eers 'n belangrike of beroemde persoon nie! Om wonderwerke te kan sien moet mense egter:

- GELOOF hê, want sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Ateïste is so besorgd (en stry gedurig met ander) oor wat moontlik en onmoontlik is, terwyl hulle gladnie besorg blyk te wees wanneer hulle daagliks

die onmoontlike uitdaag in die feit dat hulle God probeer behaag sonder GELOOF (wat onmoontlik is)!

- GLO dat God 'IS' (met ander woorde, dat God bestaan)!

- GOD ywerig soek!

Om dus wonderwerke te kan sien sou mens eers die Wonderwerker (God) moes ontmoet, Hom leer ken en Hom dan ywerig soek, aangesien die Bybel leer dat God slegs diegene sal beloon (i) wat glo dat Hy bestaan en (ii) Hom ywerig soek:

> "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is [BESTAAN] en 'n beloner is van die wat Hom soek." [Hebreërs11:6AOV].□

"Maar Jesus het hulle aangekyk en vir hulle gesê: By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik."
[Mattheüs19:26AOV].

48

DIE BERG GÒLGOTHA GEKLIM

Vir sy dapperheid eer ek hom, maar, omdat hy ambisieus was,
het ek hom doodgemaak.

Brutus, *Julius Ceasar*
William Shakespeare
(1564-1616)

1. **Die Prins van Lewe met 'n Missie.** Hoe kon Hy, Jesus Christus, 'n persoon so gewoond aan die majestuese skoonheid, gerief en voorregte van Sy Hemelse Woning, daarin slaag on na hierdie tranedal van ons te kom om vir ons sondes te sterwe aan die kruis van Golgotha? Selfs die (hipotétiese) verbanning van die prins van Lichtenstein na die soutmyne van Siberië sou steeds nie die hoogte, vanwaar die Prins (Leidsman, Outeur)van Lewe (Jesus Christus) na ons toe moes daal, kon beskryf nie; om nie eers te praat van die afdaal na die afgrond van verdoemenis om die sleutels van die Hel en die dood by die teenstander, Satan, af te neem nie.

2. **Hoe het Hy dit gedoen?** Hoe het Hy dit reggekry om die nodige moréle en geestelike vasberadenheid te versamel om die Romeinse géseling, die meedoënlose doringkroon, beledigings en afranseling deur die gepeupel van Jerusalem om aan die wrede Romeinse kruis te gaan sterf? Jesus het gewaarsku:

> "Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is. Wat dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle verdwaal, sal hy nie die nege en negentig laat staan en op die berge die verdwaalde een gaan soek nie? En as hy hom kry, voorwaar Ek sê vir julle dat hy blyer is oor hom as oor die nege en negentig wat nie verdwaal het nie."
> [Mattheüs18:11-13AOV]
> "Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."
> [Markus10:45AOV]
> "Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape ... Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel."
> [Johannes10:11; 15:13-14AOV].

3. **Ysterspykers van Liefde.** Jesus Christus het daarin geslaag om iets te bereik wat niemand nog ooit voor Hom kon regkry nie, naamlik om, as die Paaslam van God, die berg Golgotha (metafóries) te klim om gekruisig te word vir die sondes van die

wêreld. Dit was nie spykers wat Hom daar vasgepen het nie, want twaalf legioene engele het gereed gestaan om Hom op Sy woord van die kruis te red, maar die spykers van liefde vir 'n verlore gaande mensdom, d.i., die vreugde wat vir Hom voorgehou is van 'n vrygekoopte, geredde mensdom.

4. **Liefde troef pyn en lyding.** Ek het onlangs die verhaal gelees van hoe 'n kat keer op keer, vyf keer agtermekaar, 'n brandende gebou binnegegaan het om haar vyf kleintjies daaruit te gaan red ... soms roep die natuur ons om lief te hê, te koester en op te offer, amper asof dit deur 'n heilige God, na wie se beeld ons geskape is, in ons DNS ('DNA') ingegraveer is.

In Sy geestesoog moes Jesus Christus met vreugde die miljoene verlore siele van die mensdom, die weduwees, die wees en al die miljoene geaborteerde babas in die Ewigheid met trane voor God sien staan om deur hulle Hemelse Vader getroos te word, alles danksy Sy offer aan die kruis. Die Bybel leer:

> "Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God; want daar is geskrywe: Ek sal die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak ...
> want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red ...
> maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God. Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense."
> [1Korinthiërs1:18,19,21,23,24,25AOV].□

"Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."
[Markus10:45AOV]

49

DIE KWAADDOENER AAN DIE KRUIS

(Die verhaal van die kwaaddoener aan die kruis wat meegevoel met Jesus Christus betuig het; vry vertaal uit Engels na Afrikaans deur P.J. Stassen).

© Kopiéreg/Copyright Bob Benson, 'The Misfit'
('Laughter in the Walls').

Dit was nou maar éénmaal sy lot; hy was nou maar eenmaal een van daardie ongelukkige drommels ... altyd op die verkeerde tyd op die verkeerde plek! Eerstens, verkeerd gebore: Die Romeinse regering, die trotse maar verslane Joodse nasie; die armoedige agterbuurte van Jerusalem ... die gebroke gesin.

Tweedens, verkeerd opgegroei: Toe ander skoolgegaan het, het hy stokkies gedraai; toe ander geleer het om voetbal te speel, het hy geleer om appels te steel; toe ander besig was om skrynwerk te leer, het hy geleer om te kul en te verneuk ... steeds altyd op die verkeerde tyd op die verkeerde plek.

Verkeerd het hy begin, verkeerd het hy opgegroei en verkeerd het hy geleef. Dit was dus onvermydelik dat hy ook verkeerd sou eindig: 'n Romeinse kruis; die skande van teregstelling; 'n pynlike dood ... toe daar skielik, vanaf die middelste kruis, hierdie woorde van reddende genade na hom kom:

"Voorwaar, voorwaar, vandag sal jy saam met my in die Paradys wees!"

In die ganse geskiedenis van die mensdom kon slegs één, ja net één van al die ontelbare seuns van Adam daardie woorde spreek, en daar hang hy toe sowaar reg langs Hom! Wat 'n ongelooflike verrassing! Wat 'n Goddelike Voorsienigheid! In 'n oogwink is sy lewe, oorgegee aan misdaad en met hom nou gedoem om te sterf, onherroeplik verander om te eindig in roemryke glorie!

Dit was die één sinnetjie waarsonder sukses nooit moontlik sou kon wees nie; die één sinnetjie wat alle mislukking vir ewig kon kanselleer, uitgespreek in die desperate sterwens-oomblikke van 'n uitvaagsel van 'n kwaaddoener.
Ja, sy groot probleem van *'altyd op die verkeerde tyd op die verkeerde plek'* was uiteindelik opgelos:

Ten einde laaste was hy op die REGTE TYD op die REGTE PLEK!□

50

DIE BYBEL:
HOEVEEL 'ADAMS' IN DIE GESKIEDENIS?

Die Christendom het ons geleer dat liefde méér werd is as intelligensie

Jacques Maritain
(b.1882)

1. **Die Darwinisme.** Darwin se 'Evolusie Teorié' het jammerlik daarin gefaal om die oorspronge van die Kosmos en van die mens te verklaar; vir alle praktiese doeleindes ontken die Darwinisme die bestaan van so historiese figuur as 'Adam', volgens die Bybel die eerste mens en die 'federale hoof' van die menslike ras. Dus, hoe die eerste man (en vrou) spontaan en toevallig uit 'n 'oersop' van chemikaliëe moes ontstaan het, bly steeds die vernaamste misterié gekoppel aan die verspotte godsdienskultus van die Evolusionisme.

2. **'Lewe' volgens die Bybel.** Lewe (vanuit die Bybelse oogpunt) kan kortliks omskrywe word as die drie soorte lewe van (i) BIOS lewe, (ii) PSUCHE lewe en (iii) ZOE lewe (van Griekse oorsprong, uit die Nuwe Testament). Enkele opmerkings:

2.1 'BIOS' Lewe. Dit verwys na die fundamentele, organiese (biológiese, fisieke, fisiológiese) lewe van die mens gemoeid hoofsaaklik met sy fisiese bestaan en behoud (oorlewing) in die natuurlike, materiële wêreld.

2.2 'PSUCHE' Lewe. Dit verwys na die die psigológiese (geestelike) lewe van die mens waarby die menslike siel van die mens betrokke is, soos wat dit uitdrukking kry in sy gees, emosies en wil en wat die mens onderskei van diere, en veral van primate. Die gewoonte van evolusioniste om die mens as maar net nog 'n 'primaat' te klassifiseer is oneerlik, onopreg en 'n hopelose mistasting, want, as mense 'primate' was, sou ons, satiries gesproke, burgerregte aan alle ape en bobbejane moes gee as voormalige 'mense'.

2.3 'ZOE' Lewe. Dit verwys na die ongeskape, ewige en goddelike lewe wat eksklusief aan die ongeskape God, d.i., die "Ek IS!" van Moses, die ontvanger van die Tien Gebooie op die berg Sinai, behoort. Dit is dus beide interessant en tragies dat die ateïs-evolusionis uitsluitlik op die BIOS lewe van die mens fokus en sy PSUCHE lewe (en die ZOE lewe van God, waarvan Jesus Christus deel is) uit gewoonte heeltemal ignoreer. Soos die Bybel leer, gaan die 'volk'

(sommige wetenskaplikes ingesluit) ten gronde weens ‘n gebrek aan kennis. Toegegee, die evolusioniste het intussen wakker geword en probeer om ons nou wyd en syd te oortuig van die verdienstelikheid van die studieveld van die ‘Evolusionêre Sielkunde’, iets wat, as gevolg van my wedervaringe met sekere sielkundiges en sielkundige terapeute, steeds laat gril.

Moenie ‘n fout maak nie ... hierdie mense is in die reël uiters professioneel en bekwaam, en, in die praktyk en in industrie, diagnosties dikwels baie akkuraat, maar net om dan voort te gaan en die verkeerde oplossings (of minder voordelige oplossings) vóór te stel tot nadeel van hul pasiënt. Enige “sielkundige behandeling” of “terapié” (of Freudiaanse psigoanalise en psigoterapié van ‘n pasiënt) wat die waarde van gebed en die Bybel (sowel as die rol van die Skepper) ignoreer of vermy behoort, wat my aanbetref, heeltemal taboe te wees in die Christen se lewe. Sigmund Freud was nie slimmer as God nie, en buitendien was Jesus Christus, wat my betref, die eerste en mees suksesvolle pastorale sielkundige van alle tye ... ignoreer Christus ten koste van jou lewe.

L.W. Oor die futiliteit van hierdie sogenaamde ‘studieveld’ van ‘Evolusionêre Sielkunde’ het ek kosbare ervaring opgedoen: Gedurende 1998 het ek in diep, vernietigende kliniese depressie verval na die mislukking van my klein eenman-saak in Sinoville, Pretoria. Ek het myself toe laat inboek by ‘n hospitaal in die omgewing vir behandeling waarna ek, ná ‘n klompie dae, na ‘n senuwee-kliniek oorgeplaas is in die Centurion omgewing.

Na ‘n week van behandeling het ek myself laat ontslaan en is toe (ten duurste) vrywillig onder die terapeutiese toesig van ‘n pastorale sielkundige geplaas. Na een maand se sogenaamde”‘psigoterapié” het ek my terapeut afgedank, huistoe gegaan, my anti-depressante in die toilet afgespoel en begin bid oor my toekoms.

Na verloop van tyd het ek ook ‘n ‘Gebedsjoernaal’ aangeskaf waarin ek my gebede tot God, die Goeie Herder van die Bybel, op skrif begin artikuleer het, ondersteun deur die gebruiklike Bybelstudie. Ek het nooit weer teruggekyk nie ... ek was sedertdien (en dus byna vir die hele nuwe millennium) nog nooit sonder my Gebedsjoernaal nie. Die enigste fout wat ek gemaak het was om nie die toilet vir die destydse growwe belediging om verskoning te vra nie.

Dit, my liewe leser, is my eerlike evaluering van die waarde van Sigmund Freud-gedrewe psigoterapié. Die gesegde doen die rondte dat spoke uit die mode gegaan het toe iemand flitse en flitsbatterye ontdek het. Wel, dit is vandag my eerlike mening dat psigoanalise en psigoterapié ontstaan het vandat die mens (van die moderne samelewing) God begin vergeet het, of, op die agtergrond begin skuif het in ruil vir waterbakke wat nie water hou nie.

3. **Wat Adam verloor het.** Die val van Adam in Eden het 'n groot tragédie vir die mensdom gebring met betrekking tot sy opsies vir die res van die geskiedenis en die toekoms. (Eng. 'History' = 'his story'/'sy verhaal'). Die val van ('die eerste') Adam as federale hoof van die mensdom was so groot terugslag vir die mensdom, dat die geloofsheld, Job, toe later gedurende sy verskriklike lyding skryf:

> " ... as ek, soos Adam, my oortredinge bedek het deur my ongeregtigheid in my boesem weg te steek, omdat ek bang was vir die groot menigte en die veragting van die geslagte my laat skrik het, sodat ek my stil gehou, die deur nie uitgegaan het nie!"
> [Job31:33-34AOV].

Die Bybel leer dat Jesus Christus, die 'laaste Adam', 'n nuwe soort mens onder Sy federale toesig ingelei het en daarmee nuwe opsies vir die toekoms geskep het vir diegene wat Sy aanbod vir verlossing (saligheid) ooit sou aanneem:

> "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word ...
> So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS CHRISTUS] 'n lewendmakende Gees."
> [1Korinthiërs15:22,45AOV].

Die leser behoort rekening te hou met hierdie vers (1 Korinthiërs15:45] wat die idee van 'n soort 'pre-Adamitiese ras' wat kwansuis voor Adam sou bestaan het, en wat so gewild is onder sekere (nominale, postmoderne, Evolusie-gesinde) Christene, heeltemal verwerp; aangesien die Bybel dit duidelik en onomwonde stel dat Adam die 'eerste mens' was. Indien ons dus die feit van Adam as die *eerste Adam (mens)* wil verwerp, sal ons dan logies gewys konsekwent moet wees en ook vir Jesus Christus as die *Laaste Adam* moet verwerp, want, indien ons nie die Ou Testament (Hebreeuse Bybel) se Genesis Skeppingsverslag kan vertrou nie, waarom sal ons die uitsprake van die Nuwe Testamentiese sendbriewe in hierdie verband vertrou?

Die *bona fides* van Jesus Christus as die *Laaste Adam* draai om die bona fides van die *Genesis Skeppingsverslag* met die eerste mens as die *eerste Adam;* en, die bona fides van die Genesis Skeppingsverslag draai om die bona fides van Jesus Christus as die Laaste Adam. Sonder Jesus Christus as die Laaste Adam val die Genesis Skeppingsverslag plat; sonder die Genesis Skeppingsverslag val Jesus Christus as die Laaste Adam plat en het ons gevolglik geen Saligheidsplan nie ... en dit is die soort van 'nuwe Bybel' en 'ander Jesus' wat die postmoderne, 'Christen ateïste' ('Jesus Seminar'/'Nuwe Hervormers') preek.

Die postmoderne (Evolusie-gesinde) Christene met hulle (kompromis) idee van 'n 'Darwiniaanse Skepping' ('Skeppende Evolusie') wil hulle brood albei kante

gebotter hê; hulle wil die aansien en respek van die evolusioniste (waarvan die meeste geswore ateïste is) vanuit die akademiese blok geniet terwyl hulle terselftertyd nie bereid is om die aansien en respek vanuit die breë kerkgemeenskap, waaruit baie van hulle heel moontlik nog steeds hulle brood en botter verdien, prys te gee nie.

Soos die *'eerste Adam'* (die Adam van die Tuin van Eden) as federale hoof van die mens *biológies (BIOS)* gedrewe was, so was/is die *'laaste Adam' (Jesus Christus)* as nuwe, oorwinnende, federale hoof van die mens *gees (ZOE) gedrewe.*

4. **God se resep vir 'n lang en gelukkige lewe in die Vader se Huis van Baie Wonings.** Die Bybel leer:

> "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe. Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê ...
> Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe ...
> Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape ...
> My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie ...
> Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik— soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee ...
> Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam."
> [Johannes5:25-26; 6:57; 10:10-11, 27-29; 17:2; 20:30-31AOV].□

"Want soos hulle <u>almal in Adam sterwe</u>, so sal hulle ook <u>almal in Christus lewend gemaak</u> word."
[1Korinthiërs15:22AOV]

51

DIE GENEALOGIÉ VAN JESUS CHRISTUS TERUG HERLEI NA ADAM

Die Christendom het die wêreld se hart gebreek
... en toe weer heelgemaak

G.K. Chesterton
(1874-1936)

1. **Die Genealogié.** Die Bybel leer:

"En Hy, Jesus, was omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het; en Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef, die seun van Eli,
die seun van Mattat, die seun van Levi, die seun van Melgi, die seun van Janna, die seun van Josef,
die seun van Mattatías, die seun van Amos, die seun van Nahum, die seun van Esli, die seun van Nággai,
die seun van Maät, die seun van Mattatías, die seun van Sémeï, die seun van Josef, die seun van Juda,
die seun van Jóhanan, die seun van Resa, die seun van Serubbábel, die seun van Seáltiël, die seun van Nerija,
die seun van Melgi, die seun van Addi, die seun van Kosam, die seun van Elmódam, die seun van Er,
die seun van Joses, die seun van Eliëser, die seun van Jorim, die seun van Mattat, die seun van Levi,
die seun van Símeon, die seun van Juda, die seun van Josef, die seun van Jonan, die seun van Éljakim,
die seun van Meléas, die seun van Mainan, die seun van Máttata, die seun van Natan, die seun van Dawid,
die seun van Isai, die seun van Obed, die seun van Boas, die seun van Salmon, die seun van Nagson,
die seun van Ammínadab, die seun van Ram, die seun van Hesron, die seun van Peres, die seun van Juda,
die seun van Jakob, die seun van Isak, die seun van Abraham, die seun van Tera, die seun van Nahor,
die seun van Serug, die seun van Rehu, die seun van Peleg, die seun van Heber, die seun van Sela,
die seun van Kainan, die seun van Arpágsad, die seun van Sem, die seun van Noag, die seun van Lameg,
die seun van Metúsala, die seun van Henog, die seun van Jered, die seun van Mehaláleël, die seun van Kenan,
die seun van Enos, die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God."
[Lukas3:23-38AOV].

2. **Die Geskiedenis wat saakmaak.** Evangeliese Christene stel belang in die geskiedenis soos dit histórie saak maak, byvoorbeeld:

2.1 NATUUR-HISTÒRIES. Die Geskiedenis vóór en ná die Sondvloed van Noag.

2.2. KULTUUR-HISTÒRIES. Die Geskiedenis vóór (V.C.) en ná (N.C.) Jesus Christus.

Die bisarre idee van die bestaan van die een of ander soort 'pre-Adamitiese ras' voordat Adam geskape was ('n 'Darwiniaanse' skepping) word nêrens deur die Bybel geleer of gesuggereer nie en word derhalwe verwerp met die minagting wat dit verdien. Ons verkies die bona fides, lering en woorde van Jesus Christus bo die sekulêr-humanistiese uitsprake van Christene wat die Jesus en Evangelie van die Bybel om gerieflikheidshalwe ("Ter wille van die vrede!") verruil het vir 'n 'ander Jesus', 'n 'ander gees' en 'n 'ander Evangelie'. Ons volg die stem wat ons ken, d.i., die stem van die Goeie Herder, Jesus Christus. Ons sal die stem van die vreemdeling nooit volg nie. Jesus het geleer:

> "En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei ...
> Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen ...
> En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."
> [Mattheüs24:10-11; 24-25; 36-39AOV].

3. **Die Bybel waarsku.**

> "So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS CHRISTUS] 'n lewendmakende Gees."
> [1Korinthiërs15:45AOV].
> "Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval ...
> Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe ...
> Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!"

[2Korinthiërs11:4; Galasiërs1:6, 8,9AOV].□

“So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het ‘n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS CHRISTUS] ‘n lewendmakende Gees.” [1Korinthiërs15:45AOV].

52

DIE VIER SEISOENE VAN DIE LEWE

Daar is waarskynlik nie so iets soos 'slegte weer' nie ...
Net verskillende tipes goeie weer

John Ruskin
(1819-1900)

1. **Inleiding.** Dit wil voorkom asof die vier seisoene van die lewe soos volg daar uitsien:

1.1 **LENTE.** Tradisioneel sou LENTE gedefinieer kon word as die periode vir persone in die groep 1-18 jaar in 'n veronderstelde lewenssiklus van bv. 72 jaar. Met die toename in lewensverwagting en die feit dat mense, so gefokus op plesier en pret, so lank neem om 'volwasse' te word, kan ons gerieflikheidshalwe ook bedoel die periode vir persone in die groep 1-21 jaar in 'n veronderstelde lewenssiklus van bv. 84 jaar.

Tydens die LENTE-seisoen lyk en ruik (met kinders se neuse nog so naby aan die aarde) die wêreld nog vars, nuut en interessant met die jongmens se energievlakke nog hoog met nuuskierigheid oor plekke, asook geure fassinerend in die daaglikse ontdekking daarvan, veral in tuine, en ook in kombuise waar Ouma koek bak.

1.2 **SOMER.** Tradisioneel die groep 19-36 jaar (veronderstelde lewenssiklus: 72 jaar); maar met 'n hoër lewensverwagting en die vertraging van wasdom miskien meer wenslik om die groep 22-42 jaar (veronderstelde lewenssiklus: 84 jaar) te kies.

Tydens die SOMER-seisoen neem verantwoordelikhede skerp toe; 'n gevoel van rentmeesterskap begin ontwikkel, en daar onstaan (gewoonlik) 'n gesin met loopbane wat blom. Die jeugdige rebel begin om te kalmeer en om te ontspan; geakkumuleerde kennis en ervaring word deurspek met kleurvolle, nuttige spatseltjies wysheid en diskrésie. Saam met die toename in volwassenheid neem probleme en uitdagings egter ook in tandem toe. Die lewe het (plotseling) verander van die kinderdae se salige, amusante 'situasionele komedie' ('sitkom') in 'n ernstige (maar soms ook interessant vir die meer welaf gesinne) 'drama' of 'melodrama'; vir minder bevoorregte huishoudings egter 'n volslae 'Griekse tragédie'.

1.3 **HERFS.** Die groep 37-54 jaar (veronderstelde lewenssiklus: 72 jaar) of andersins 43-63 jaar (veronderstelde lewenssiklus: 84 jaar). Tydens die HERFS-seisoen het die hare al begin grys word en het die kinders alreeds die huis verlaat, met die 'leë nes sindroom' en nostálgie (vir diegene wat agterbly) in volle swang.

1.4 **WINTER.** Die groep 55-72+ jaar (veronderstelde lewenssiklus: 72 jaar) of, alternatiewelik, 64-84+ jaar (veronderstelde lewenssiklus: 84 jaar). Tydens die WINTER-seisoen begin die familie uitmekaar beweeg met die een begrafnis na die ander, kinders wat in die buiteland werk en woon; en die altyd aanwesige foltering deur herinneringe. Die nag is egter gewoonlik op sy donkerste net voordat die dag breek en die son verrys; daarom die stille vertroue in die Hemelse Vader se voorsienigheid en Hemelse 'SHALOM' seëninge van (i) die Vaderskap van God die Vader *(Sieraad vir as);* die Vriendskap van die Seun (Jesus Christus) *(Vreugde-olie vir treurigheid)* en (iii) die Gemeenskap van die Heilige Gees *('n Gewaad van Lof vir 'n verslae gees).*

> " ... om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking."
> [Jesaja61:3AOV].

2. **Die SEËN.** Mag elke liewe leser van hierdie boek besonder geseënd wees.

> "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen."
> [2Korinthiërs13:13AOV].□

"Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen."
[2Korinthiërs13:13AOV]

53

DIE VREES VAN GOD: IS DIT REGTIG NODIG?

God gaan jou nie deursoek vir medaljes, grade of diplomas nie ...
net vir littekens

Elbert Hubbard
(1856-1915)

1. **Inleiding: Is die Vrees vir God noodsaaklik?** Nee ... nie as mens na die Darwiniste en sekulêre (postmoderne) predikers van die tyd moet luister nie. Hierdie groepe, met hul radikale, bisarre idees en uitsprake oor God en die Bybel, bevind hulle tans op die kruin van die golf van gewildheid in 'n era van selfverheerliking en eiegeregtigheid wat ten hemele skreeu.

Is die vrees vir God dus nog steeds nodig? Het die wetenskap en tegnologié nie inderdaad God en die Bybel, teen die agtergrond van die fenomenale kulturele vooruitgang in hierdie eensame buitepos van die Melkweg, uitgeskakel nie? Het die tyd nie dalk aangebreek vir die mensdom om sy kinderskoene, d.i., die kinderskoene van sy afhanklikheid van die Skepper (wie ons bewegings fyn dophou, die hare op ons hoof tel en ons daagliks voed), te ontgroei nie?

2. **Wat die Bybel leer oor die Vrees vir God.** Die ou geloofsheld, Job, skryf in sy vallei van lyding soos volg:

> "Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand."
> [Job28:28AOV].

Merk op dat, hoewel Job dit geskrywe het, is dit God self wat die stelling gemaak het; volgens die Skepper self is die vrees van die HERE die ware wysheid. Koning Salomo, die mees wyse man van sy era, het bevestig:

> "Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug."
> [Spreuke1:7AOV].
> "So het ek dan die goddelose sien begrawe word en die rus ingaan, terwyl die wat reg gehandel het, uit die heilige plek moes weggaan en in die stad vergeet is. Ook dit is dan nietigheid. Omdat die oordeel oor 'n verkeerde daad nie gou voltrek word nie, daarom is die hart van die mensekinders in hulle vol om kwaad te doen; aangesien 'n sondaar honderd maal kwaad doen en hy lank lewe—alhoewel ek weet dat dit goed sal gaan met die wat God vrees, omdat hulle voor sy aangesig vrees, en

dit nie goed sal gaan met die goddelose, en hy die dae nie sal verleng soos 'n skaduwee nie, omdat hy voor die aangesig van God nie vrees nie."
[Prediker8:10-13AOV].

Die apostel Petrus oor die vrees vir God:

"Julle moet almal eer, die broederskap liefhê, God vrees, die koning eer."
[1Petrus2:17AOV].

Die apostel Johannes (op die eiland Patmos) haal die evangelie-engel (uit die Boek van Openbaring) aan:

"En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het."
[Openbaring14:7AOV].

Die groot vraag bly steeds: Is dit regtig nog nodig om God te vrees? Word ons verplig om God te vrees?

3. **Die Futiliteit om op die Wetenskap en Tegnologié te wag vir antwoorde op die vernaamste vrae in die lewe.** Die ateïs se godsdiens-van-keuse, d.i., die Darwinisme ('Evolusionisme') en die 'Skiëntisme' in die algemeen kon (en ek herhaal) nog nooit die volgende vrae sinvol antwoord:

- Waarom is daar hoegenaamd IETS? ('n skepping, kosmos, ruimte, sterrestelsels, sonnestelsels, mense, diere, plante, materié ens.) in plaas van NIKS?). Wie het besluit dat die bestaan daarvan nodig was; en, waarom was dit nie alleen nodig om bloot net te bestaan nie, maar ook nodig vir iemand soos ons om dit te moes aanskou en daaroor te kon nadink?

- Wie het die HEELAL/KOSMOS geskep? (Was dit die God van die Bybel, d.i., die YHWH of Jehova [Yahweh] van die Bybel of het die breinlose, doellose 'Evolusie' dit per ongeluk en toevallig geskep?).

- WAAR kom ons vandaan? (Het die Almagtige God ons geskape, of het ons per ongeluk en toevallig ontwikkel uit 'n eensellige organisme vanuit die een of ander oersop van primitiewe chemikaliëe ens?).

- WAAROM is ons hier? (Wat is die doel met ons bestaan? Is ons hier omdat God ons hier wou gehad het en om vir ons uiteindelik in die Ewigheid 'n hoopvolle toekoms te skep; of, is ons heel toevallig en per ongeluk hier as die fratsproduk van breinlose 'Evolusie'? Is die mens 'n 'frats' van die natuur?).

- WAARHEEN is ons op pad? (Is ons bestem om eenmaal te sterwe en daarna die Oordeel; en, ook bestem vir die Vader se 'Huis van baie Wonings' soos Jesus Christus belowe het, of is ons bloot hier as 'n fratsproduk van 'Evolusie' wat bestem om maar net by afsterwe terug geploeg te word in die grond as vars rumateriaal vir die ekologié?).

- Is daar HOOP vir PLANEET AARDE? (Wat gaan van die aarde word? Wat van al die aardverwarming en klimaatsverandering? Het die aarde soos ons dit ken en gewoond is ooit nog 'n toekoms?).

- Is daar HOOP vir die MENSDOM? (Het die mensdom regtig, soos die Bybel belowe, 'n toekoms na afsterwe en ná die dood, of is ons as 'n spesie besig om te vergaan, uit te sterf en al hoe minder relevant vir die natuur te word?).

- Hoe kan ons as die mensdom die verskil tussen REG en VERKEERD (of tussen GOED en KWAAD) onderskei? (Is die Bybel nog relevant as 'n *Moréle Kompas, d.i., Rigtingwyser,* vir die mens om hom te help onderskei tussen reg en verkeerd (goed en kwaad) of moet ons maar inval by die linksgesinde sekulêre humaniste se [Godlose, Bybellose] idee en wêreldbeskouing van *Moréle Relativisme* en *Situasionele Etiek?*

Het ons regtig die advies van wetenskaplikes oor bogenoemde kwessies nodig wanneer hulle self ruiterlik erken dat hulle slegs 5% weet van alles wat in die Kosmos aangaan (met die res van 95% wat beskrywe word as "'n totale misterié bestaande uit donker materié + donker energié")? Harvard Universiteit kosmoloë skryf soos volg:

> *"To inquire about the nature of the very beginning, however, requires us to address why questions, the most fundamental of all being, Why is there a Universe at all? To be honest, scientists don't know how to tackle why questions. These are outside the present fabric of modern science and probably always will be. In other words, when a ball is put in motion and Newton tells us that the ball 'will remain in motion unless or until it is acted upon by some external force,' we have no understanding why it does that. We do know what such balls do and also how they do it, but why we have no clue.*
>
> *"No known procedure—not even the vaunted scientific method—enables us to investigate why, in the deepest sense of that word, the laws of physics and biology are as they are. We shall probably never know the answer. Nor do we know, or*

> *likely have any prospect of ever really knowing, why there is a Universe—or what might have preceded its origin."*
> [Harvard. *Cosmic Evolution*. Online].

4. **Die Groot Wit Troon Oordeel.** Die vrees vir God is weliswaar noodsaaklik, maar dit is nie verpligtend nie, aangesien God (met Absolute en Oneindige Vrye Wil) die mens na Sy beeld as vrye moréle agente met 'n vrye wil geskape het (dus afgelei van en ondergeskik aan God se wil). Die 'vrye wil' van die mens mag egter nooit verwar word met 'almag' nie. Ons kan nie doen wat ons wil nie, of soos voorheen al genoem is: *Ons is vry om te besluit soos en hoe ons wil, maar ons is nie vry van die gevolge van ons besluite nie.* 'Vrye wil' is nie 'n lisensie om te maak of breek soos ons wil nie ... saam met vrye wil het die gebod (Tien Gebooie) gekom. In hierdie lewe gaan dit nie alleen oor beloning en straf nie, maar ook oor *gevolge*.

Die vrye wil wat ons het sluit onder andere in hoe ons die vrye wil wat God ons gegee het wil aanwend of gebruik. Jesus het geleer dat die goeie mens uit die goeie skat van sy hart goeie dinge tevoorskyn bring, terwyl die slegte mens uit die slegte skat van sy hart slegte dinge tevoorskyn bring. Die lewe gaan oor keuses, en om dit alles aan 'n diaboliese, deterministiese tipe van 'Uitverkiesing' te wil toedig maak van die mens die willose slagoffer van omstandighede en, nog erger, maak dit van so 'n deterministiese Skepper die hardvogtige, onverbiddelike sondaar in die verhaal, 'n onhoudbare vertolking van die Bybel en die Saligheidsplan van God.

Dit sou, filosófies gesproke, nietemin geen sin gemaak het vir God om die mens as 'n pre-geprogrammeerde, meganiese tipe 'bliksoldaat' te geskape het met die doel om Hom onvoorwaardelik en onwillekeurig te gehoorsaam sonder die vermoë om 'n keuse daaroor te kon uitoefen nie; watter soort God sou sulke 'aanbidders' as skepsels en onderdane wou hê? Die vrye wil om die LIG (bo die duisternis), die GOED (bo die kwaad) en GOD (bo die Satan) te kies is 'n voorreg wat nie vir die diereryk, insluitend die primate, bestem is nie, en dit demonstreer gevolglik dat die mens nooit gelyk aan primate (of andersom) gestel behoort te word soos die Darwiniste dit graag sou wou gehad nie. Ons is miskien die skape van Sy (Christus) se weide, maar ons is nie onnosel nie! (sien Job28:28/Spreuke1:7). Buitendien, as die mens regtig 'n 'primaat' was sou die ape se burgerregte status as 'mense' in ere herstel moes word in ons wetboeke, die parlement en in ons munisipaliteite.

Wat met ander woorde verpligtend in die Ewigheid gaan wees sal wees die bittere gevolge van die weiering van mense om God te vrees en om, toe hulle nog 'n keuse gehad het, gekies het om Hom opsetlik ongehoorsaam te wees, 'n gedagte te afgryslik om oor na te dink (maar selfs nog méér afgryslik om gladnie daaroor na te dink nie). God waarsku ernstig vir die mens om reg te kies!

> "Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag."

[Deuteronomium30:19AOV].□

“Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag.”
[Deuteronomium30:19AOV].

54

’N SAAK VAN LEWE EN DOOD

In hierde lewe is daar nie belonings of straf nie ...
slegs gevolge

R.G. Ingersoll
(1833-1899)

1. **Dood is die einde van Sterwe.** Charles Spurgeon het na bewering eenmaal geskrywe: *“Die dood is nie die einde van Lewe nie, maar die einde van Sterwe.”* Om eerlik te wees, in vergelyking met die Ewigheid, is Lewe, soos ons dit ken, net ‘n verspotte klein vlekkie of ‘bliep’ op die Kosmiese doek, die kort strepie tussen die datums van geboorte en afsterwe op ons grafsteen.

Dus, waaroor gaan die Lewe en die dood regtig? Waarom al die lyding, die onreg, die oneerlikheid, die brutaliteit en die kwaad? Waarom al die sorge, teleurstellings, verdriet en frustrasie? Wel, daar is alreeds etlike boeke oor die onderwerp en ek is die laaste een wat daarop sou probeer verbeter; laat my egter toe om net ‘n klompie terloopse opmerkings daaroor te maak:

2.1 **Ons gebroke Heelal.** Ons lewe in ‘n gebroke Heelal waar die lewe op aarde slegs ‘n voorsmakie is van wat kom in die Ewigheid, met ons toekomstige posisie in die Ewigheid waarskynlik bepaal ooreenkomstig met die moréle keuses wat ons in hierdie lewe gemaak het, d.i., die keuses wat ons omtrent Jesus Christus gemaak het deur Hom of as Heer en Verlosser te aanvaar of te verwerp.

2.2 **Onreg en Oneerlikheid.** Die oneerlikheid, die onreg, die wreedheid en die kwaad dien om ons, wie as vrye moréle agente met ‘n (afgeleide, geleende) vrye wil en wie na die beeld van God (wie oor Absolute en Oneindige Vrye Wil beskik) geskape is, te help om die kritiese verskille en gevolge van keuses tussen lig en duisternis, goed en kwaad en tussen liefde en brutaliteit (en die soete of bittere gevolge daarvan) te leer onderskei.

2.3 **Die Sondeval (menslik gesproke).** Menslik gesproke is hierdie lewe op aarde hard, moeilik, wreed en dikwels oneerlik weens die val van die mens in Eden, alles die onvermydellike gevolge wat ons vandag in die praktyk ervaar

as oorlog, misdaad, natuurrampe, pandémies, epidémies, siekte, allerhande soorte ongelukke, menslike kwesbaarheid en teleurstellings ens.

2.4 **Lewe op aarde, Goddelik gesproke.** Goddelik gesproke het die lewe op aarde egter 'n ander hoër Kosmiese doel; naamlik om die gelowige na die 'Vader se Huis van Baie Wonings' te neem en waar die lewe op aarde dus dien om die gelowige daarvoor vóór te berei sodat hy op daardie dag daardie fabelagtige, majestuese woonplek mag binnegaan met 'n diep waardering en respek vir diegene, soos byvoorbeeld Jesus Christus, wie daardie enorme voorreg vir gelowiges moontlik gemaak het toe Hy as die Paaslam van God by Golgotha vir die sondes van die wêreld geslag en ge-offer is.

2.5 **Waarom ons bekend moet wees met Lyding.** Hierdie is nie 'n moeilike berekening om te doen nie: Byvoorbeeld, hoe sou ons as sterflinge (Christen of heiden, gelowige of ongelowige) die oneerlikheid, die onreg, die wreedheid en ondraaglike pyn, die vernedering en beledigings wat Jesus Christus, die *Leidsman tot die Lewe,* moes ondergaan en ervaar het, ooit kon verstaan en waardeer indien ons nie bekend was nie met die verskynsel, wat beide geleerdes en gewone mense vandag 'pyn' noem, nie; pyn in die vorm van fisiese pyn, asook psigiese ongemak maar ook pyn soos onverdiende onreg, wreedheid, vernedering en beledigings?

Verder is geen dienaar groter as sy Meester nie; indien dit met die groen hout (Jesus Christus) gedoen is, hoeveel te meer sal dit onvermydellik nie ook met die droë hout (Sy dissipels) gebeur nie? Jesus het reeds gewaarsku:

> "En julle het die Heilige en Regverdige verloën en gevra dat 'n moordenaar aan julle geskenk sou word, en die Leidsman tot die lewe het julle gedood. God het Hom uit die dode opgewek, waarvan ons getuies is."
> [Handelinge2:14-15AOV].
> "Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë gebeur!"
> [Lukas 23:31AOV].

3. **Oorsake versus Redes vir lyding en die dood.** Diegene wat eendag in die Vader se *Huis van Baie Wonings* sal staan, d.i., sondaars gered deur genade gebaseer op die bloed, offer en lyding van Jesus Christus, sal daar staan as bona fide, wettige volgelinge of dissipels van God se Paaslam wat die prys van Sy offer (vir hulle regverdigmaking en redding) ten volle verstaan en aanvaar het.

Stel u voor indien Jesus Christus eendag in die Ewigheid as Heer en Koning moes staan voor miljarde verlostes wie geen idee of waardering vir wat pyn en lyding beteken het nie; met ander woorde, meganies geprogrammeerde, hartelose 'bliksoldate' (outomate) salig onbewus van die foltering wat Hy in Pontius Pilatus

se géselkamers en aan die kruis moes verduur het nie. Hou dus rekening met die enorme verskil tussen die *oorsake* van pyn en lyding en die *redes* daarvoor:

3.1 OORSAKE: Die oorsake van pyn kan veelvoudig wees: Oorlogsmisdade (bv. die 'Holocaust'); georganiseerde en opportunistiese misdaad; die kwesbaarheid van die menslike anatomié; siekte; toenemende ouderdom; epidémies; liggaamlike of verstandelike gestremdheid; hongersnood; natuurrampe; industriële ongelukke, sport en huishoudelike ongelukke en beserings; huismoles en geweld; skeiding; egskeiding; kliniese depressie; verdowingsmiddels en substansie-misbruik soos alkoholisme ens.; bankrotskap; werkloosheid, armoede, haweloosheid; afleggings; 'n disfunksionele lewensstyl; verkeerde besluite; dobbelary; skuld ens.

3.2 REDES: Aangesien die Hemelse Vader waarskynlik 'n langtermyn visie het vir die mensdom en vir Sy kerk, is die redes daarvoor egter totaal anders:

- Om ons attent daarop en gevoelig te maak vir die gruwels van misdaad, sonde en die dood, met die aaklige gevolglike vooruitsig van die ewige moontlike skeiding van 'n heilige God, 'n saak wat ons nie kan bekostig om ná te laat om te oordenk en te oorweeg nie.

- Om ons te oefen in gehoorsaamheid aan die Woord en Stem van God; geen wonder nie C.S Lewis noem pyn die 'megafoon' van God.

- Om ons vóór te berei op diensbaarheid in die Koninkryk van God en produktief, vrugbaar, nederig en dankbaar te lewe en te werk.

- Om ons te help om meegevoel, meelewing met en sensitiwiteit vir die pyn en lyding van ons medemens (ons 'naaste') te ontwikkel; iets wat ook na verwys word as naastediens, welsyn, filántropie ens.

- Om ons toe te rus met die verstandelike, fisiese en geestelike vermoëns om meelewing met en waardering vir die pyn en leiding van Jesus Christus destyds aan die kruis te kan hê en hopelik in die Ewigheid met God se seën en sanksie as verantwoordelike, betroubare en nuttige Hemelse burgers van die toekoms te word.

- Om vir ons 'n hoopvolle toekoms te gee.

"Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."
[Jeremia29:11AOV].

Dit maak dus nie saak hoe mense (en veral teoloë) geneig is om die 'Hel' te wil definieer nie; die volgende is genoeg vir almal om te weet: Wanneer Jesus Christus by Sy wederkoms, met Sy hoof so wit soos wol, Sy oë soos kole vuur en Sy liggaam soos blinkgeskuurde koper; en, met Hom gekleed in 'n wit mantel en 'n goue gordel oor Sy skouer waarop die woorde KONING van die Konings en HEER van die Here geskrywe staan, uiteindelik aan die hemelruim met groot heerlikheid en mag in die wolke verskyn, sal diegene, wie hulle vandag vir Hom geskaam en vir Hom verwerp het, die ergste 'hel' van finale verwerping (deur die liefdevolste, gaafste en goedhartigste mens wat ooit die stofstrate van Jerusalem bewandel het) beleef, 'n gedagte te verskriklik om aan te dink maar nog verskrikliker vir ongelowiges om nie te oorweeg nie.

Dan sal hulle wat altyd so beswaar gemaak het dat die Genesis Skeppingsverslag, die maagdelike geboorte van Christus (en Sy opstanding) en die vermeerdering van die brode en die vissies nie aanvaar kan word nie aangesien dit nie in terme van die "huidige fisika" en "natuurwette" verklaar kan word nie, ook wonder hoe hulle die Wederkoms en die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde in terme van die huidige fisika en natuurwette gaan verklaar.□

"Julle moet almal eer, die broederskap liefhê, God vrees, die koning eer." [1Petrus2:17AOV].

55

GERED DEUR DIE KLOK VAN DIE VERLOSSER

Die lewe kan slegs agteruit (regressief) verstaan word; maar dit moet egter vorentoe (progressief) gelewe word

Sören Kierkegaard
(1813-1855)

1. **Hoe dit alles begin het.** Gedurende die jare tagtig het ons in die Bosveld streek van Limpopo in Suid-Afrika gewoon, 'n verstikkend warm, bergagtige, subtropiese omgewing waar wilde diere, grieselrige ongediertes en bome en blomme na hartelus floreer. Daar het ek by die bekende ysterertsmyn van YSKOR as opleier van personeel in die Personeel ('Menslike Hulpbronne') departement gewerk en, op die spesifieke dag van die insident, was ek besig om my maandelikese verslag aan die mynbestuurder op te stel vir hom om dit te onderteken en daarna aan die Hoofkantoor in Pretoria te stuur.

2. **Die verslag.** Die spesifieke verslag was bestem, tradisioneel en soos gewoonlik, vir sekere senior personeel verbonde aan die maatskappy hoofkantoor, en was ek dus byna 'onder eed' (metafóries gesproke) om 'n akkurate verslag te lewer tensy ek in ernstige moeilikheid wou kom. Die verslag het bestaan uit ongeveer nege paragrawe van noodsaaklike personeel-inligting oor die personeel situasie by die myn. Om verder tot my stresvlakke by te dra moes ek die rapport (waarmee ek alreeds die vorige dag begin het) vóór 17:00 uur (5 nm.) by die telekskantoor inhandig vir versending.

3. **Die belofte.** So, láát daardie middag van die verslag arriveer ek met my verslag alreeds 'n geruime tyd vóór 17:00 uur by die telekskantoor, net om tot my ontsteltenis te hoor dat die teleks-masjien buite werking was vanweë die slegte weer. Die tikster verantwoordelik vir die versending van telekse was 'n persoon uit die 'ou skool' van werkers, d.i., betroubaar en hardwerkend, wie toevallig ook in elk geval láát moes werk danksy haar eie verpligtinge en spertye, en beloof toe plegtig dat sy nie huistoe sou gaan alvorens die teleksmasjien weer aangekom het en sy alle telekse soos belowe versend het nie. So vér ... so goed.

4. **Die skok.** Daardie aand was ek te gespanne en bekommerd oor die verslag wat gestuur moes word (en die gure weer wat die teleksmasjien buite werking gehou

het) soveel so dat ek nie saam met die familie wou kuier nie en het toe maar liewer vroeg in die bed gekruip. Plotseling, om ongeveer 20:00 uur daardie aand, tref die besef my dat Paragraaf 6 van my verslag foutief was aangesien ek, in my haas, nagelaat het om 'n kritiese stel statistiek daarby in te sluit. My moed het in my skoene gesak en het ek skielik gewens dat ek nooit daardie verslag versend het nie; gevolglik het ek, vir wat dit werd was, benoud, vir wat dit werd was, begin bid vir 'n goddelike ingryping van Bo.

5. **Die redding.** Toe ek die volgende oggend om 07:00 by die myn se telekskantoor in stap, staan die arme teleks-tikster toe stoksiel alleen daar ... beskaamd, skoon verbysterd van teleurstelling en dit alles gepaard met 'n vloed van verskonings en apologié; tydens die gure weer van die vorige aand het die weerlig die teleksmasjien heeltemal vir die volle duur van die nag buite werking gestel sodat sy die teleks ongelukkig intussen nog steeds nie kon versend soos sy belowe het nie.

Wat die tikster egter nie besef het nie was die feit dat die weerlig, met die teleksmasjien wat ongeveer 'n uur later daardie oggend uiteindelik aangekom het, vir my dus die geleentheid gegee het om my onakkurate verslag te korrigeer en weer betyds aan haar vir versending terug te kon besorg. Wat my egter verbaas het was die feit dat die weerlig die masjien uitgeslaan het presies op die plek (Paragraaf 6) in die verslag wat foutief was en waar ek die korreksies sou moes aanbring, soos volg:

➢**Paragraaf 6:**
.....□

"Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag."
[Deuteronomium30:19AOV]

56

GOD SE WONDERBAARLIKE GEDENKBOEK

Die beste gebede gaan gepaard méér met 'n gekreun as met woorde

John Bunyan
(1628-1688)

1. **Stelling #1: Die Gedenkboek.** God het 'n Gedenkboek waarin Hy die name skrywe van al diegene wat die HERE vrees en Sy Naam eer.

> "Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer. En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die HERE van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien. Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie."
> [Maleági3:16-18AOV].

2. **Stelling #2: Die Groot Wit Troon Oordeel.** Omdat God alwetend is en nie herinner hoef te word nie, maak dit nie saak of daardie Gedenkboek in die Hemel 'n egte 'boek' is soos ons dit ken en of dit slegs 'n tipe van Goddelike Rekord in die Hemelse 'argief' is wat metafóries of geestelik bedoel word. Jesus het dikwels metafore en/of 'gevallestudies' in Sy onderwysing gebruik. Daardie Gedenkboek sal waarskynlik geopen word by die Groot Wit Troon Oordeel en by die Regterstoel van Christus.

> "En met baie sulke gelykenisse het Hy die woord tot hulle gespreek volgens wat hulle kon verstaan; en sonder gelykenis het Hy tot hulle nie gespreek nie; maar afsonderlik het Hy vir sy dissipels alles uitgelê."
> [Markus4:33-34AOV].

*Métafoor/Gelykenis/Gevallestudie: Jesus het nooit gelieg nie en die 'gelykenisse' van die Bybel (Nuwe Testament) moet nie noodwendig alles as (fiktiewe) metafóre verklaar word nie; trouens was alle gelykenisse waarskynlik verwysings na ware gebeure, scenarios of situasies uit die geskiedenis ter illustrasie van die betrokke les en lering waarmee Hy besig was.

3. **Stelling #3: Aangehaal in die Bybel.** Die feit van die bestaan van so 'n Gedenkboek word dikwels bevestig deur ander verwysings daarna in die Bybel.

"En Moses het na die HERE teruggegaan en gesê: Ag, hierdie volk het 'n groot sonde begaan en vir hulle goue gode gemaak. Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het! Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek."
[Exodus32:31-33AOV].
"U het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik; is hulle nie in u boek nie?
...
Laat hulle [GODDELOSES] uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie."
[Psalm56:9, 69:29AOV].
"Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen."
[Daniel 7:9-10AOV]
"En al die bewoners van die aarde sal hom [ANTICHRIS] aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. As iemand 'n oor het, laat hom hoor ...
En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."
[Openbaring 13:8-9; 20:15AOV].

4. **Stelling #4: Die Dienaars se Getrouheid.** Getrouheid aan God en Sy saak sal beloon word.

"Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees ... Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal die loon van 'n profeet ontvang; en wie 'n regverdige ontvang omdat hy 'n regverdige is, sal die loon van 'n regverdige ontvang.
En elkeen wat een van hierdie kleintjies net 'n beker kou water laat drink, omdat hy 'n dissipel is, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie."
[Mattheüs6:19-21; 10:41-42AOV].
"Want elkeen wat vir julle in my Naam 'n beker water gee om te drink, omdat julle aan Christus behoort, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie."
[Markus9:41AOV].

"Salig is julle wanneer die mense julle haat, en wanneer hulle julle verstoot en beledig en jul naam weggooi soos iets wat sleg is, ter wille van die Seun van die mens. Wees bly in daardie dag en spring op, want kyk, julle loon is groot in die hemel, want hulle vaders het net so aan die profete gedoen."
[Lukas6:22-23AOV].

"En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste."
[Openbaring 22:12-13AOV].
"Daarom lê ons ons ook ywerig daarop toe, of ons inwoon of uitwoon, om Hom welbehaaglik te wees. Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad."
[2Korinthiërs5:9-10AOV].

5. **Stelling #5: Getrouheid aan God tot die Dood.** Getrouheid aan God, selfs tot die dood toe, word nie uitgesluit nie en gelowiges word aangemoedig om nooit moed op te gee nie. Die term 'tot die dood toe' beteken egter nie noodwendig altyd martelaarskap nie, maar eerder, 'tot die dag van die gelowige se afsterwe' en sy vertrek na die Ewige tuiste, ongeag die oorsaak van dood. Getrouheid aan die saak van Christus (die verkondiging van die Evangelie en alles wat dit behels) kan dus ook indirek beskou word as 'n vorm van 'martelaarskap' (moeitevolle opoffering en selfverloëning).

"Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam."
[Mattheüs24:9AOV].
"Maar die Here sê vir hom: Gaan, want hy [PAULUS] is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel. Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly ... En omtrent daardie tyd het koning Herodes sy hande geslaan aan sommige uit die gemeente om hulle kwaad aan te doen.
En hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring."
[Handelinge9:15-16; 12:1-2AOV].
"Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.
Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof."
[Galasiërs6:8-10AOV].
"En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank."
[Openbaring20:4AOV].

6. **Stelling #6: God is alwetend.** Omdat God alwetend is, ken Hy ook die name van diégene wat teen Hom murmureer.

"Daarna het die HERE met Moses en Aäron gespreek en gesê: Hoe lank sal hierdie bose vergadering aanhou dat hulle teen My murmureer? Ek het die

murmureringe van die kinders van Israel gehoor waarmee hulle teen My bly murmureer."
[Numeri14:26-27AOV].

"Toe het Hy gesê dat Hy hulle sou verdelg, as Moses, sy uitverkorene, nie voor sy aangesig in die bres gaan staan het om sy grimmigheid af te keer, dat Hy nie sou vernietig nie. Hulle het ook die kosbare land versmaad, sy woord nie geglo nie; en hulle het gemurmureer in hul tente, na die stem van die HERE nie geluister nie. Toe het Hy sy hand teen hulle opgehef om hulle neer te slaan in die woestyn, en om hulle nageslag te versprei onder die nasies en hulle te verstrooi in die lande."
[Psalm106:23-27AOV].

7. **Stelling #7: Die voorbeeld van die geloofsheld Job.** Die man Job was 'n goeie voorbeeld van God se medelye en barmhartigheid toon teenoor diegene wat op Hom vertrou. Aan die einde van sy beproewinge, die verskriklike lyding en sy uitmergelende verliese aan kleinvee, beloon God toe vir Job met dubbel die rykdom wat hy voorheen gehad het.

"Kyk, ons reken hulle geluksalig wat verdra. Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job, en julle het die einddoel van die Here met hom gesien, dat die Here vol medelye en ontferming is."
[Jakobus5:11AOV].

8. **Stelling #8: Skaam vir Jesus Christus?** Wat betref diegene wat hulle vandag vir Jesus Christus en Sy leringe skaam, en wie die Gedenkboek van God as 'n ou, nuttelose, irrelevante Joodse mite wil afskryf, het Jesus soos volg gewaarsku:

"Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele."
[Lukas9:26AOV].□

"Laat hulle [GODDELOSES] uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie."
[Psalm56:9, 69:29AOV]

57

DIE BLOED VAN DIE KRUIS

Ongelowiges en skeptici is geneig om hulself slim genoeg te ag, net soos wat dronk bestuurders geneig is om hulself sober genoeg te ag

P.J. Stassen
(Geb.1947)

1. **Die betekenis van die offer van Jesus Christus aan die kruis van Gólgotha.** Hierdie paragraaf is 'n samevatting van die doel met die offer van Jesus Christus aan die kruis, met dank en waardering aan Ds. Andrew Murray (1828-1917) vir sy boek, *The Blood of the Cross* (Whitaker House).

1.1 Wedergebore Christene word VERLOS deur die bloed (offer) van die kruis.

" ... omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos."
[1Petrus1:18-19AOV].

1.2 Wedergebore Christene word GEREGVERDIG en VERSOEN MET GOD deur die bloed (offer) van die kruis. .

" ... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is."
[Romeine3:23-26AOV].

1.3 Wedergebore Christene word GEHEILIG deur die bloed (offer) van die kruis.

" ... want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra."

[Hebreërs13:11-13AOV].

1.4 Wedergebore Christene word GEREINIG deur die bloed (offer) van die kruis.

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie."
[1 Johannes1:7-10AOV].

1.5 Wedergebore Christene word in staat gestel om GOD te DIEN deur die bloed (offer) van die kruis.

"Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees, hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien."
[Hebreërs9:14AOV].

1.6 Wedergebore Christene word in staat gestel om toegang te verkry na die HEILIGSTE der HEILIGE (in die Hemelse Tabernakel) deur die bloed (offer) van die kruis.

"Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees."
[Hebreërs10:19-20AOV].

1.7 Wedergebore Christene verkry die EWIGE LEWE deur die bloed (offer) van die kruis.

"En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank. Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe."
[Johannes6:53-57AOV].

1.8 Wedergebore Christene geniet die seën van OORWINNING oor Satan deur die bloed (offer) van die kruis.

"Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie."
[Openbaring12:10-11AOV].

1.9 Wedergebore Christene sal HEMELSE VREUGDE geniet deur die bloed (offer) van die kruis.

"Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen. Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam."
[Openbaring7:9-14AOV].

2. Gevolgtrekking. Voel die leser dalk beskaam of skuldig ooir iets uit sy/haar verlede? Die antwoord op sulke bekommernis lê in die krag en lewe, bediening en bloed (offer), dood, opstanding en GEREGTIGHEID van Jesus Christus. Die Bybel leer:

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."
[1Johannes1:7AOV].

"Daar is 'n heilfontein gevul met bloed
vloeiend uit Immanuel's sy;
En, sondaars word in daardie vloed
Van al hul sonder vry."

[William Cowper, 1731-1800]□

Verwysings

1. Murray, Andrew *The Blood of the Cross.* Whitaker House.

58

HOE DIE BYBELSE ARGEOLOGIÉ GETUIG VAN DIE HISTORISITEIT VAN DIE BYBEL

Oral het ek na rus gesoek maar nie gevind nie, behalwe vir wanneer ek alleen in 'n hoekie gaan sit met die een of ander boek

Thomas À Kempis
(1380-1471)

1. **Geskiedenis van die Ou Testament.** Die *Joodse Virtuele Biblioteek (Jewish Virtual Library)* verduidelik soos volg die gebeurtenisse sewe eeue vóór die geboorte van Jesus Christus in Jerusalem (my vertaalde parafrase):

> *"Hierdie gebeure het plaasgevind in die jaar 701 V.C., toe die Assiriese koning Jerusalem beleër het. Die Gihon bron, wat buite die stad gelê het, het vir Koning Jehiskia voor 'n dubbele dilemma te staan gebring: sorg vir water vir die beleërde stad, maar verhoed dat die water deur die Assiriese troepe benut word. Die Bybel beskrywe Koning Jehiskia se oplossing:*
>
> *"Dieselfde Jehiskía het ook die boonste uitloop van die water van die Gihon toegestop en dit gelei na onder toe, westelik na die stad van Dawid. En Jehiskía was voorspoedig in al sy werk.' (2Kronieke32:30).*
>
> *"Die water van die Gihon was omlei na die Gai-wadi deur middel van 'n 533 meter (581 jaart) lang tonnel wat van beide kante af tegelykertyd uitgebeitel was, waarskynlik langs die loop van 'n natuurlike kloof in die rots. 'n Inskripsie in die rots aan die einde van die tonnel beskryf die voltooing van die projek."*

Hou in gedagte:

- Die tonnel was sewe eeue vóór die geboorte van Christus van beide kante af tegelykertyd uit massiewe rots gebeitel en moes die werkers aan beide kante verseker dat hulle mekaar iewers in die middel van die tonnel presies en suksesvol sou kon ontmoet om bymekaar te kon aansluit.

- Die tonnel was (in 701 V.C.) 533 meter lank en omgelei vanaf die bron van Gihon na benede in die westelike rigting van die Stad van David (Jerusalem).

2. **Die Tonnel bestaan nog steeds.** Die Jehiskia-tonnel kan nog steeds besigtig word en is oop vir toeriste om daardeur te stap; dit word nie alleen beskou as 'n monument vir die vindingrykheid van die Jode van die tyd nie, maar ook as argeológiese bevestiging vir die historisiteit en egtheid van die Bybel. Koning Jehiskia het gesorg vir water vir die beleërde stad terwyl hy terselftertyd die Assiriese troepe ontsê het van die gerief van die gebruik van die water.□

Verwysings

1. BiblePlaces.com *Photo: Hezekiah's Tunnel.* Online.
2. Pinterest.com. *Map: Hezekiah's Tunnel.* Online.
3. JewishVirtualLibrary.com. *Hezekiah's Tunnel.* Online.

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde." [1Johannes1:7AOV]

59

HOE CHRISTENE WEET DAT ADAM EN EVA DIE EERSTE TWEE MENSE OOIT WAS

Mense is geneig om soms oor die waarheid te struikel, maar meeste van hulle staan daarna dan op en stap haastig weg asof niks gebeur het nie

Winston Churchill
(1874-1965)

1. **Geskiedenis.** Soos in die vorige hoofstuk genoem, marsjeer Evangeliese Christene op die maat van 'n 'drom' baie anders as die drom van die res van die wêreld, en veral anders as die 'drom' van die ateïste en postmoderniste met hulle patológiese toewyding aan die uitgediende 'Konsekwensialisme' ('Gevolgterekking-etiek'), 'Vrye Denke' en 'Sekulêre Humanisme'. Soos reeds genoem, verstaan Evangeliese Christene die geskiedenis breedweg soos volg:

1.1 NATUUR-HISTÒRIES. Dit beskrywe die era (i) vóór de (Bybelse) Vloed van Noag en die (ii) era ná die vloed van Noag (Argumentsonthalwe: V.N. en N.N.).

1.2 KULTUUR-HISTÒRIES. Dit beskrywe die era (i) vóór de geboorte van Jesus Christus en die era (ii) ná de hemelvaart van Christus as V.C. (Voor Christus) en N.C. (Latyn: 'Anno Domini', oftewel, 'In die jaar van ons Heer'/'Ná Christus'). Evangeliese Christene verkies om nie die futlose, geïnternasionaliseerde 'BCE'* (vir V.C.) of 'CE'* (vir N.C.) te gebruik nie.

*BCE = 'Before Common Era' (Vóór Christus) en CE = 'Common Era' (Ná Christus).

2. **Historiese implikasies.** Sou die verhaal van Adam en Eva as die eerste twee mense ooit (soos beskrywe in die Genesis Skeppingsverslag) as outentiek en geldig blyk te wees, dan sou dit beteken:

- dat ons die *Genesis Skeppingsverslag* as betroubaar en geloofwaardig kan aanvaar;

- dat ons die *Ou Testament (Hebreeuse Bybel)* as outentiek en geldig en wáár kan aanvaar;

- dat ons die *geskiedenis van Israel via die Ou Testamentiese boeke* van *Genesis tot Maleági* as geldig, betroubaar en wáár kan aanvaar.

3. Hoe Christene weet dat Adam en Eva die eerste mense ooit was.

3.1 Die Getuienis van Jesus Christus.

Jesus Christus, wie nooit gelieg het nie, het duidelik nie in 'Evolusie' geglo nie; ook het Hy dit nooit gepreek of geleer nie en Christene weet dus dat die Genesis Skeppingsverhaal oor Adam en Eva dus outentiek, geldig en betroubaar is. Die Bybel leer

> "Toe kom die Fariseërs na Hom om Hom te versoek, en sê vir Hom: Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei?
> En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie,
> en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees;
> sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."
> [Mattheüs19:3-6AOV].

3.2 Verdere verwysings na Adam (of Adam & Eva).

3.2.1 Vóór Adam was daar geen mens om die grond te bewerk nie.

> "Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is. Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het, was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; want die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie. Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig. En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."
> [Genesis2:5-7AOV].

3.2.2 'n Stad genaamd 'Adam'.

> "En toe die volk wegtrek uit hulle tente om deur die Jordaan te gaan, met die priesters wat die verbondsark dra, op die voorpunt van die volk, en net toe die draers van die ark by die Jordaan kom en die priesters wat die ark dra, hulle voete aan die kant van die water insteek, terwyl die Jordaan vol was op al sy walle al die dae van die oes, bly die water staan wat van die bokant afkom: dit het opgerys soos een wal, baie ver weg by die stad Adam wat langs Sartan lê; en die wat afstroom na die See van die Vlakte, die Soutsee, het heeltemal verdwyn; toe het die volk deurgetrek, teenoor Jérigo. Maar die

priesters wat die verbondsark van die HERE gedra het, het onbeweeglik bly staan op droë grond binne-in die Jordaan, terwyl die hele Israel op droë grond deurtrek, totdat die hele volk die deurtog deur die Jordaan voleindig het."
[Josua3:14-16AOV].

Laat ons redelik wees: Sou ons in die kultuur-geskiedenis 'n stad genaamd 'Adam' gehad het indien so iemand (met so 'n naam) in die verlede nie inderdaad bestaan het nie?

3.2.3 Die man Job oor die erfenis van Adam se sonde.

" ... as ek, soos Adam, my oortredinge bedek het deur my ongeregtigheid in my boesem weg te steek, omdat ek bang was vir die groot menigte en die veragting van die geslagte my laat skrik het, sodat ek my stil gehou, die deur nie uitgegaan het nie!"
[Job31:33-34AOV].

3.2.4 Adam het die Verbond oortree.

"Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers. Maar hulle het soos Adam die verbond oortree, daar het hulle troueloos teen My gehandel. Gílead is 'n stad van kwaaddoeners, vol bloedspore."
[Hosea6:6-8AOV].

3.2.5 Die apostel Paulus oor Adam.

[a] Sendbrief aan die Romeine.

"Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom."
[Romeine5:14AOV].

[b] Sendbrief aan die Korinthiërs.

"Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word ... So is daar ook geskrywe: Die eerste mens*, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees."
[1Korinthiërs15:21-22, 45AOV].

*Hier verklaar die apostel Paulus duidelik dat die man *Adam die eerste mens ooit* was.

[c] **Sendbrief aan Timotheüs.**

> "Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom."
> [1Timotheüs2:12AOV].

3.2.6 **Sendbrief van Judas.**

> "En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tien duisendtalle."
> [Judas1:14AOV].

4. **Die Wetenskap en Genétika.** Interessant hoe die moderne genétika die bestaan van Adam en Eva in beginsel (genéties) bevestig, want deesdae glo wetenskaplikes onder andere soos volg:

> *"In human genetics, the Y-chromosomal most recent common ancestor (Y-MRCA, informally known as Y-chromosomal Adam) is the patrilineal most recent common ancestor (MRCA) from whom all currently living humans are descended. He is the most recent male from whom all living humans are descended through an unbroken line of their male ancestors. The term Y-MRCA reflects the fact that the Y chromosomes of all currently living human males are directly derived from the Y chromosome of this remote ancestor. The analogous concept of the matrilineal most recent common ancestor is known as "Mitochondrial Eve" (mt-MRCA, named for the matrilineal transmission of mtDNA), the most recent woman from whom all living humans are descended matrilineally. As with "Mitochondrial Eve", the title of "Y-chromosomal Adam" is not permanently fixed to a single individual, but can advance over the course of human history as paternal lineages become extinct."* [Wikipedia].

5. **Samevatting.** Agnostici, sceptici en 'Christelike Ateïste' ('postmoderne Christene') moet in gedagte hou:

5.1 **Die sondvloed van Noag.** Christene weet ook dat die verwysing na die sondvloed in die Genesis Skeppingsverslag outentiek en geldig is omdat Jesus Christus dit ook in die openbaar bevestig het.

> "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie. Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."
> [Mattheus24:36-39AOV].

5.2 **Evangeliese Christendom.** Die Evangeliese Christendom (die Evangelie van Verlossing) soos ingelei deur Jesus Christus, hang af van die beginsel, 'Eerste mens Adam & Laaste Adam', soos die Bybel duidelik leer:

> "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word ... So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS CHRISTUS] 'n lewendmakende Gees."
> [1Korinthiërs15:22, 45AOV].

Neem hierdie lering weg en die Evangelie val soos 'n lendelam kaartehuis op die grond. Om Paulus se teologié as lewensvatbaar, geldig en geregverdig deur die geskiedenis te laat oorleef *(i) moes die eerste mens Adam noodwendig die eerste mens gewees het ('n lewendmakende siel)* en moet *(ii) Jesus Christus, as die 'laaste Adam' ('tweede mens') en Verlosser ('n lewendmakende gees)* erken word. Diegene wat dit verwerp, verwerp die Bybel en alles waarvoor Jesus gekom en gestaan het.

Ek herhaal: Die bona fides van die Génesis Skeppingsverhaal rus op die fondament van die bona fides van Jesus Christus as die Seun van God; en, die bona fides van die Seun van God (Jesus) rus op die bona fides van die Génesis Skeppingsverhaal. Neem enigeen van die twee fondamente uit die Bybel en die hele Saligheidsplan van die Bybel plof neer op die grond. Interessant genoeg bewys dit die valse leerstelling en dwaling van die 'Jesus Seminar' (VSA) en 'Nuwe Hervormers' (RSA) bewegings: Hulle het, vir alle praktiese doeleindes, albei fondamente gelyktydig verwyder deur (i) die Genesis Skeppingsverhaal as 'n Joodse mite ("slegs metafóries") af te skryf terwyl hulle, in dieselfde asem, Jesus Christus afgeskryf het as 'n gewone eerste eeuse askeet wat in hegtenis geneem is omdat Hy van Homself 'n openbare oorlas gemaak het, en, dat Hy nie die Seun van God was wat sonde kan vergewe en die Ewige Lewe kan gee nie. Hoekom hierdie mense hulle dus hoegenaamd met die Bybel wil ophou slaan my dronk ... hulle sou desnoods eerder tuis gewees het by enige van die volgende bewegings, nl., 'Scientology', die 'World Transformation Movement' of by Madame Blavatsky se 'Teosófiese Vereniging'.

5.3 **Die 'Catch-22' van die sceptici.** Die sogenaamde (onbybelse) 'pre-Adamitiese ras teorie', tans so gewild onder skeptici en 'Christelike Darwiniste', sou dus maar net die Bybel meer gekompliseerd maak terwyl dit geen probleme en vraagstukke oor die herkoms van die mens noodwendig sou oplos nie. Dit behoort derhalwe verwerp te word met die minagting wat dit verdien.□

Verwysings

1. Wikipedia. *Y-Chromosomal Adam.* Online 2024. https://en.wikipedia.org/wiki/Y-chromosomal_Adam

"Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom."
[Romeine5:14AOV]

60

HOE CHRISTENE WEET DAT DIE SONDVLOED VAN NOAG REGTIG PLAASGEVIND HET

Die waarheid sou baie meer gewild gewees het indien dit nie altyd
soveel aaklige feite gestateer het nie

Henry S. Haskins
(b.1875)

1. **Geskiedenis.** Soos reeds vermeld, benader Evangeliese Christene die geskiedenis ietwat verskillend as die res van die wêreld en wat hulle byvoorbeeld soos volg as eras van belang indeel:

1.1 NATUUR-HISTORIES: Die era *(i) vóór die (Bybelse) Vloed van Noag* en die era (ii) ná die *Vloed van Noag.*

1.2 KULTUUR-HISTORIES: Die era *(i) vóór die geboorte van Jesus Christus* en die era *(ii) na die hemelvaart van Jesus Christus* afgebeeld as V.C. (Voor Christus) en N.C. (Vanaf die Latyn, A.D.: Anno Domini: Ná Christus; 'In die jaar van onse Heer').

2. **Hoe Christene weet dat die Sondvloed regtig plaasgevind het.** Die meeste evolusioniste (en selfs sommige Christene en sogenaamde 'Postmoderniste' of 'Christen Ateïste') sal die verhaal van die Sondvloed probeer weerlê met allerhande twyfelagtige verskonings en ongegronde redes en dan afskryf as (i) 'n verouderde, uitgediende Joodse fabel of mite en/of, indien dit wel histórie gebeur het, dit heel moontlik net 'n beperkte, plaaslike vloed (maar dalk van verwoestende omvang) moes gewees het.

Christene weet egter dat die Bybelse verhaal van die Sondvloed van Noag, soos oorvertel in die Genesis Skeppingsverslag, outentiek, wáár, geldig en betroubaar is omdat Jesus Christus gedurende die dae van Sy bediening dit persoonlik in Sy leringe bevestig het. In 'n verwysing na Sy Wederkoms, het Jesus soos volg gewaarsku:

> "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie. Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer

het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."
[Mattheüs24:35-39AOV].

Hier bevestig Jesus Christus, wie nooit gelieg het nie, duidelik die geskiedkundige feit van die bestaan van Noag, die ark en die voorval wat ons leer ken het as die Sondvloed. Indien enige iemand dus die Sondvloed van Noag en die verhaal van die ark wil afkryf as 'n nuttelose, uitgediende Joodse mite of fabel, sal hy konsekwent moet wees en ook die persoon, lewe en woorde van Jesus van Nasaret ook moet afskryf as 'n nuttelose, uitgediende Joodse mite of fabel; in so geval val die Bybelse Saligheidsplan soos deur God gegee dan ook gevolglik soos 'n wankelrige kaartehuis plat op die grond.

3. Verdere verwysings na Noag of die Sondvloed van Noag.

3.1 Jesaja.

"Soos in die dae van Noag is dit vir My: soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op jou toornig sal wees of jou sal dreig nie."
[Jesaja54:9AOV].

3.2 Esegiël.

"En al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulle eie siel red, spreek die Here HERE ...
al was hierdie drie manne daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seuns of dogters red nie, maar net hulle sou gered word ... al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red."
[Esegiël14:14, 18, 20AOV].

3.3 Lukas.

"En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het."
[Lukas17:26-27AOV].

3.4 Die Outeur van die Sendbrief aan die Hebreërs (waarskynlik Paulus).

"Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is."

[Hebreërs11:7AOV].

3.5 **Petrus.**

> "Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete—deur die opstanding van Jesus Christus wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is ...
> Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het."
> [1Petrus3:18-22; 2Petrus2:4-5AOV].

4. **Samevatting.** Christene wat in 'n '*Darwiniaanse Skepping' ('Kreatiewe Evolusie')* glo, en steeds die *Vloed van Noag* ontken, behoort daarop gewys te word dat die historisiteit van die Bybel vandag steeds bevestig word:

(i) deur die Bybelse Argeologié (bv., opgrawings in die Midde-Ooste, Noord-Afrika en Israel, Turkye ens.);

(ii) deur die leringe van Jesus Christus (wie nooit gelieg het nie) wie die egtheid van die Bybelse verhaal oor die Sondvloed, Noag en die ark duidelik in Mattheüs24:37-39 bevestig;

(iii) deur die voorkoms van fossiele in sediment oral en wêreld as gevolg van die Sondvloed, m.a.w., God se manier om die Sondvloed as 'n históriese gebeurtenis geológies te dokumenteer op 'n massiewe skaal uniek in die geskiedenis van die wêreld; selfs ons eie 'Karoo-formasie' in die Noord-Kaap (Suid-Afrika) verberg na bewering nog biljoene fossiel-fragmente wat wag om opgegrawe te word, dit alles klinkklare bewys dat die Sondvloed plaasgevind (en wêreldwyd plaasgevind het).

(iv) Wat die argument ten gunste van die teorie van 'n klein, 'plaaslike vloed' betref, sou hierdie argument wáár wees, sou dit God as 'n leuenaar bewys, aangesien Hy dan plegtig belowe het dat Hy nooit weer soos met Noag die "waters oor die aarde sal laat gaan nie" (Jesaja54:9) terwyl waters van vloede

in die geskiedenis van die wêreld al dikwels oral oor die aarde gegaan het en steeds gaan; dink maar aan die verwoestende tsunami van 2004 in Indonesië.

5. **Gevolgtrekking.** Die Saligheidsplan van God, soos dit gestalte vind in die Evangelie van Jesus Christus, rus op die fondament dat die Genesis Skeppingsverslag, tesame met die Evangelie van Jesus Christus, natuur-histórie, kultuur-histórie en Bybels-histórie eg, wáár en geldig (en dus 100% betroubaar) is. Die Bybel leer:

> "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek [PAULUS] die vernaamste is." [1Timotheüs1:15AOV].□

"Soos in die dae van Noag is dit vir My: soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op jou toornig sal wees of jou sal dreig nie."
[Jesaja54:9AOV]

61

HOE DIE WOORDE VAN JESUS CHRISTUS VANDAG IN NUUSBERIGTE BEVESTIG WORD

Die Christendom sal die wêreld se monumentale bedrog wees sou daar geen Hiernamaals wees nie

Martin J. Scott
(1865-1954)

1. **Monitéring van die daaglikse nuus.** Uit die nuus-gebeurtenisse, soos dit gereeld daagliks deur media-huise aangekondig word, kan ons met sekerheid aflei dat die professiële van Jesus Christus stelselmatig en geleidelik merkwaardig vervul word en Hy dus as 'n geloofwaardige profeet van formaat deur die geskiedenis bevestig word. Veral uit Evangelies, soos bv. dié van Mattheüs en Lukas, kan ons daardie gevolgtrekking met gerustheid maak:

> "En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom."
> [Mattheüs24:3-14AOV].
>
> "En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is."
> [Lukas21:25-28AOV].

2. **Die kenmerke van 'n ware profeet.** Wanneer ons na die woorde van Jesus Christus luister (m.a.w., wanneer ons dit in die Evangelies lees) kan ons die volgende tipiese vrae van vandag soos volg met sekerheid antwoord:

2.1 Verskyn daar al hoe méér 'valse christusse' en 'valse profete' (bv., allerhande 'verlossers', 'goeroes', 'messiasse', 'avatars', 'godmen', 'swamis', 'heiliges', 'apostels' ens.) en valse godsdienstige en allerlei misleidende sektes op die voorgrond? [JA]

2.2 Hoor ons daagliks van oorloë en gerugte van oorloë?[JA]

2.3 Staan nasies en koninkryke teen mekaar op? [JA]

2.4 Word hongersnood oral ervaar en deur die media gerapporteer? [JA]

2.5 Word 'pessiektes' (aansteeklike siektes, epidémies en pandémies) ervaar en gerapporteer [JA]

2.6 Word Christene (wat dikwels weerlose vroue en kinders insluit) toenemend, net vir die feit dat hulle Christene is, lastig geval, gehaat, vervolg en selfs doodgemaak deur duiwelse anti-Christelike magte en/of bewegings? [JA]

2.7 Is ongeregtigheid en wetteloosheid (bv. misdaad, immoraliteit, korrupsie, bende-bedrywighede ens.) deesdae toenemend aan die orde van die dag? [JA]

2.8 Neem ons alreeds allerhande tekens in die die hemel van die son, maan en sterre (bv., ontwikkelinge in die astronomié, astrofisika, kosmologié, meteorologié, orkane, vernietigende storms en oorstromings, verkenning van die ruimte ('Hubble Space Telescope', 'James Webb Space Telescope', 'Square Kilometer Array' ens.) wáár? [JA]

2.9 Word sekere lande en mense alreeds erg bedreig deur die brullende golwe van die see, bv. in die vorm van dodelike oorstromings, tifóne, tsunamis ens.)? [JA]

2.10 Word die Evangelie van Jesus Christus tans oor die hele wêreld (bv. deur middel van satelliet-tegnologié, 'DSTV', die Internet ens.) verkondig? [JA]

> L.W. Volgens sekere nuusbronne (bv. 'n 2020 BBC verslag) word verwag dat die tradisioneel Boeddhistiese land, China, die Christendom, jaarliks teen 7% groei (alhoewel hierdie groeikoers vanselfsprekend mag fluktueer oor tyd heen). Soos die spreekwoord lui: *"Die honde blaf maar hierdie 'Evangelie-karavaan' (Evangelie reisgeselsskap) reis nietemin ongesteurd vrolik voort!"* Jesus Christus het geprofeteer:

"En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom."

[Mattheüs24:11-14AOV].□

"Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek [PAULUS] die vernaamste is."
[1Timotheüs1:15AOV]

62

HOOP VIR DIE MENSDOM

Wanneer 'n persoon een van die werke van die mens vernietig, noem ons hom 'n vandaal; wanneer dieselfde persoon 'n werk van God vernietig, noem ons hom 'n jagter

Joseph Wood Krutch
(b.1893)

1. **Die donkerste uur.** In hierdie donker uur glo ek dat, ideólogies gesproke, ons by 'n aansluiting in die geskiedenis gearriveer het waar die sosiaal-kulturele kragte van die samelewing vandag met 'n kritiese keuse gekonfronteer word, en wel deur 'n keuse tussen die ideologiëe ('Vektore': Ordegrootte en Rigting van idees) van (i) die *Sekulêre Humanisme > Transhumanisme > Posthumanisme* versus (ii) die *Evangelie van Jesus Christus* voortspruitend uit die *Judaïsme (Hebreeuse Bybel/Ou Testament) > Christendom (Nuwe Testament).* Daar bestaan dus nie soiets soos 'n neutrale, gedemilitariseerde zone of posisie vir neutrale, besluitelose draadsitters om na te vlug nie ... elkeen van ons sal op die een of ander tyd hierdie keuse moet maak, en die tyd is min.

2. **Die Sekulêre Humanisme, Transhumanisme en Posthumanisme.** In 'n neutedop verwys ons hier na 'n ideologié of geloofstelsel wat gewoonlik geassosieer word met sosiale verskynsels soos die (linksgesinde) *ateïsme, agnostisisme, ateïsme-evolusionisme, (wetenskap panteïsme), skeptisisme, kubernetika, moréle relativisme, situasionele etiek, die (sogenaamde) "oorlewing van die sterkste/fiksste" (Darwinisme),* die *heidendom, kommunisme, Fascisme, Bolshewisme, evolusionisme* ens., en wel met die nadruk op *ateïstiese Darwinisme* en 'n *'teïstiese, Darwiniaanse Skepping' ('Skeppende Evolusie')* en die sterk hedendaagse fokus op 'kunsmatige intelligensie' wat insluit gevorderde tegnologié met die doel om menslike kapasiteit en vermoëns dramaties te verhoog.

Sou kragte soos hierdie in die toekoms die oorhand kry, dan sal so 'n toekomstige samelewing waarskynlik bekend staan as die era van die "kuborg" ('cyborg') gekenmerk deur "hebriede menslike wesens" ('human hybrids') biológies versterk deur allerhande gevorderde elektroniese inplantings en by hulle "versorgers" ('keepers') 'n besondere afkeer in die geloof in 'n 'Intelligente Ontwerper' (Skepper) soos geniale wetenskaplikes oor tyd heen al hoe méér suksesvol, selfvoldaan en selfversekerd word, d.w.s. wanneer, soos die seuntjie gesê het, die "barmhartige Samaritaan" in die "parmantige Samaritaan" verander het.

L.W. Daar behoort nietemin geen beswaar te wees teen die tegnológiese inplanting van allerhande elektroniese apparate as mediese hulpmiddels om die lewenskwaliteit van gestremdes (van watter aard ookal) te verbeter nie. By tegnologié gaan dit oor die motief agter die gebruik daarvan; mens kan 'n bofbalkolf met ewe gemak gebruik om 'n moord mee te pleeg as om daarmee bofbal te speel.

3. **Die vernaamste besware van die Evangeliese Christendom teen die Humanisme.** Enkele voorbeelde:

3.1 **Die 'anti-evangelie' (slegte nuus) van die Humanisme se geloof in 'Dood-ná-Dood'*.** Watter nut het 'n 'produk' (ideologié, wêreldbeeld) soos die Humanisme vir die mensdom sonder enige noemenswaardige langtermyn nutswaarde? Soos voorheen genoem is die Humanisme 'n tipe van 'n *'Dooie Digters Maatskappy' (Dead Poets Society)* of Darwiniaanse (Jim Jones) 'kool-aid' op steroïde. Hierdie beweging verwerp gewoonlik die idee van Lewe-ná-Dood ('n 'Hiernamaals').

3.2 **Die 'Progressieve Evolusie' se tragiese 100% sterftesyfer vir alle nasies.** Die feit van 'n sterftesyfer van 100% vir elke generasie vir alle nasies, soos alreeds bespreek, is besig om die linksgesinde humaniste erg in die steek te laat. Byvoorbeeld, waarom kan die 'Progressiewe Evolusie' na (kwansuis) "miljoene jare" van "progressiewe" Evolusie-geskiedenis nog steeds nie daarin slaag om vir die mensdom 'n 0% (nul persent) sterftesyfer te produseer nie? Indien hierdie beweging ooit die Bybel verkeerd wil bewys, sal sy lede (wetenskaplikes, akademic, navorsers, ondersteuners en volgelinge ens.) uiteindelik 'n *nul persent sterftesyfer* vir die mensdom moet produseer, want tot dusver bewys die Bybel nog al die tyd net dat die Evolusie, met sy 100% sterftesyfer, verkeerd is. Die Bybel leer:

> "En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."
> [Hebreërs9:27-28AOV].

3.3 **Geen Moréle Kompas nie.** By die humaniste, met hulle besondere Darwiniaanse fokus op die moréle relativisme, situasionele etiek en die (brutale, wrede, egoïstiese) oorlewing van die sterkste/fiksste, ontbreek daar 'n moréle kompas van formaat, soos bv. Bybelse en Joods-Christelike waardes. Waarom, wonder mens dikwels, sou die humaniste die idee van die "oorlewing van die sterkste/fiksste" verkies in plaas van eerder die oorlewing van die mees nuttigste, ordentlikste, eerlikste, opregste, vriendelikste,

hardwerkendste, behulpsaamste, bekwaamste, liefdevolste, fatsoenlikste, wysste, slimste, heiligste, vroomste, sensitiefste, onbaatsugtigste, ens?

3.4 **Die Geestelike verval.** Die geestelike verval vanaf die Bybelse moraliteit en verwerping van Judeo-Christelike waardes (deur regerings, akademici, wetenskaplikes, filosówe, kriminoloë, sosioloë, sielkundiges ens.) word veral geassosieer met die (ekstreme, linkse) wêreldbeeld van humanistiese waardes en leefstyle. Waar die Christendom kwyn bloei en floreer verskynsels soos anargié, brandstigting, openbare geweld, grootskaalse plundering, dronkenskap, drankmisbruik, dwelmhandel, gesinsgeweld, mensehandel, prostitusie en georganiseerde sowel as opportunistiese misdaad, soveel so dat die vraag skertsend gevra word: *"Waarom haat die polisie georganiseerde misdaad-sindikate so?"* (Omdat hulle, in teenstelling met die polisie, so verdomp georganiseerd is!).

Die skeidslyn tussen die Evangeliese Christendom en die Nominale (postmoderne, pseudo) Christendom het deesdae so vervaag dat die volgende onlangse aankondiging in die pers skreeusnaaks sou gewees het indien dit nie inderdaad so tragies was nie, en, illustreer dit dus ook duidelik hoe vér sommige uit die Christendom al geval het: *"As gevolg van sekere ekonómiese knelpunte en die gevolglike probleme met drankvoorsiening, word burgers vanjaar verplig om hulle gereed te maak vir 'n sobere Kersfees!"*

3.5 **Die arrogante verwerping van heilige Bybelse waardes en skatte.** Daar word duidelik en in geen onsekere taal nie deur die Bybel gewaarsku teen die arrogante verwerping van God, die Bybel, Jesus Christus en die uitnodiging tot regverdigmaking gebaseer op die offer, lyding, dood, opstanding en geregtigheid van Jesus Christus:

> "Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele."
> [Markus8:38AOV].□

"En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."
[Hebreërs9:27-28AOV]

63

JESUS CHRISTUS: DIE LIG VAN DIE WÊRELD

Indien daar geen ander bewys was van God se oneindige geduld met die mens nie, sou 'n goeie bewys daarvan God se verdraagsaamheid met die sketse (wat van Hom geteken word) gewees het

Thomas Merton
(b.1915)

1. **Die Sewe Basiese Eienskappe van Lig.** Dit sluit in REFLEKSIE (Weerspiëeling), REFRAKSIE (Breking), DIFFRAKSIE (Lig-buiging), INTERFERENSIE (Lig-intensiteit Modifikasie), POLARISASIE (Lig-vibrasie op 'n spesifieke vlak), DISPERSIE (Opbreek van lig) en VERSTROOIING (van lig). Hieronder word die sewe eienskappe van lig verduidelik soos toegepas op die bediening en werk van Jesus Christus, die LIG van die wêreld:

1.1 **Weerspiëeling van LIG (REFLEKSIE).** Die apostel Paulus skrywe oor hoe Christus die LIG van Bo weerspiëel soos volg:

> "Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte ..."
> [Hebreërs1:3AOV].

1.2 **Breking van LIG (REFRAKSIE).** Definisie van 'Breking' (my vertaalde parafrase): *"Breking is die breking van lig ... terwyl dit van die een deursigtige substansie na 'n ander oor gaan. Hierdie buiging maak dit vir ons moontlik om vergrootglase, prismas en die reënboog te kan hê."* [ScienceLearningHub]. Tydens die roeping van Paulus onderweg na Damaskus het Christus die oogmerke met Sy sending soos volg uitgelê:

> " ... om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang."
> [Handelinge26:18AOV].

1.3 **Buiging van LIG (DIFFRAKSIE).** Diffraksie is die buiging van lig (my vertaalde parafrase): *"Lig wat deur een spleet beweeg. Hierdie buiging word 'diffraksie' genoem."* [Exploratorium]. Toe ons nie in staat was op te styg na

die vlak van God nie, het God (in die gedaante van die nederige skrynwerker-rabbi (Jesus Christus) afgedaal na ons vernederde vlak:

> "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis."
> [Filippense2:6-8AOV].

1.4 **Lig-intensiteit Modifikasie (INTERFERENSIE).** My vertaalde parafrase: *"Die fenomeen waartydens twee golwe (bv., lig) superimponeer om 'n golf van groter, 'n laer of dieselfde omvang te vorm."* [Wikipedia]. Die Bybel leer:

> "En daar kom 'n wolk wat hulle oordek; en uit die wolk kom 'n stem wat sê: Dit is my geliefde Seun, luister na Hom!"
> [Markus9:7AOV].

> "En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring. En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elía in gesprek met Hom."
> [Mattheüs17:1-3AOV].

1.5 **POLARISASIE van LIG.** My vertaalde parafrase: *"Dit is moontlik om ongepolariseerde lig om te sit in gepolariseerde lig. Gepolariseerde liggolwe is liggolwe waar trilling plaasvind in een enkele (bv., loodregte) vlak."* [Nature'sClassroom]. Die Bybel leer:

> "Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn."
> [Efesiërs5:14AOV].

1.6 **Spreiding van LIG (DISPERSIE).** My vertaalde parafrase: *"Spreiding word gedefinieer as die spreiding van wit lig in sy volledige spektrum van golflengtes. Breking is verantwoordelik vir dispersie in die reënboog en in baie ander situasies."* [LumenLearning]. Jesus se sending-opdrag aan Sy dissipels:

> "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen."
> [Mattheüs28:19-20AOV].

1.7 **Verstrooiing van LIG (VERSTROOIING).** My vertaalde parafrase: *"Verstrooiing van lig is die verskynsel waar ligstrale van die regte pad afwyk tydens die aanraking van obstruksies soos stof- of gasmolekules, waterdamp ens. wat aanleiding gee tot vele asemrowende verskynsels."* [cK12]. Die Bybel leer:

> "Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!"
> [Openbaring7:9-10AOV].

2. **Die LIG van die wêreld.** Jesus het geleer:

> "En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is."
> [Johannes3:19-21AOV].
> "En Jesus sê vir hulle: Nog 'n klein tydjie is die lig by julle. Wandel so lank as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie. En wie in die duisternis wandel, weet nie waar hy gaan nie. So lank as julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan word. Dit het Jesus gespreek, en Hy het weggegaan en Hom vir hulle verberg ... So lank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld ... Ek het as 'n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie."
> [Johannes12:35-36; 9:5; 12:46AOV].

.

3. **Die Apostel Johannes.**

> "Hy was die lamp wat brand en skyn, en julle was gewillig om julle vir 'n tyd in sy lig te verbly."
> [Johannes5:35AOV].
> "En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie."
> [1Johannes1:5AOV].
> "En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.
> En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin ... En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid."
> [Openbaring21:23-24; 22:5AOV].

4. Die Apostel Paulus.

" ... om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang."
[Handelinge26:18AOV]

"Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, ... naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie. Want ons verkondig nie onsself nie, maar Christus Jesus as Here, en onsself as julle diensknegte om Jesus wil. Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus."
[2Korinthiërs4:4-6AOV]

" ... dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van onse Here Jesus Christus wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here, wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen."
[1Timotheüs6:14-16AOV].

5. Die Apostel Petrus.

"Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig."
[1Petrus2:9AOV].

Verwysings

1. cK12
2. Exploratorium.
3. LumenLearning.
4. Nature'sClassroom.
5. ScienceLearningHub.
6. Wikipedia.

**"Want almal wat sonder wet gesondig het, sal ook sonder wet verlore gaan; en almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word."
[Romeine2:12AOV]**

64

KEN JESUS CHRISTUS WETENSKAP?

In alles met betrekking tot die wetenskap is ek 'n hele Ensiklopedié
agter die res van die wêreld

Charles Lamb
(1775-1834)

1. **Ken Jesus Christus die Wetenskap?** Op hierdie vraag kan ek nie anders reageer nie as met die antwoord, *"Is gras groen? Is die lug blou? Is water nat?"*

Die persepsie by sommige mense, selfs by sommige Christene, dat Jesus van Násaret, die Gesalfde, of die Christus, 'n tipe van eerste eeuse 'semi-analfabeet' van 'n godsdienstige askeet of fanatikus was met net één doelwit, naamlik om Sy plaaslike, kleindorpse sinagóge te hervorm, is een van die grofste mistastings oor hierdie nederige timmerman-rabbi ooit.

Trouens, die vérste wat sogenaamde Christene nog ooit ideológies van die Evangelie van Jesus Christus af gedwaal het was toe die 'Jesus Seminar' (VSA) en die 'Nuwe Hervormers' (RSA) bewegings (postmoderniste) hul misleidende standpunt gepubliseer het, naamlik dat Jesus (onder andere) in hegtenis geneem was, nie omdat Hy beweer het dat Hy die Seun van God was nie, maar omdat Hy 'n publieke oorlas van Homself gemaak het. Enkele opmerkings:

1.1 **Jesus Christus was die Argitek en Projek Ingenieur verantwoordelik vir die skepping van die Heelal.** Die Bybel leer:

> "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.
> Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.
> Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?
> En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid.
> En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme; maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer; U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle."

[Hebreërs1:183AOV].

1.2 **Jesus Christus was bekend met wetenskaplike beginsels.** As Projek Ingenieur van die Heelal was Jesus Christus waarskynlik bekend met die werking van wetenskaplike verskynsels soos *universele swaartekrag,* die *sterk en swak kernkragte,* die *Elektromagnetiese Spektrum,* die *Periodieke Tabel van Elemente, akoestieke, kwantum-meganika, kwantum-fisika, trigonometrié, differensiële meetkunde, algebra, astrofisika, astronomié, kosmologié, die Universele Konstantes, atome, rotsmeganika, meteorologié ens.* Hoe op aarde sou Hy die Kosmos kon geskape het (en steeds in stand hou) sonder 'n grondige kennis van hierdie wette? So merkwaardig is die wêreld vanwaar Jesus Christus na ons gestuur was dat Paulus soos volg opgemerk het:

> "Dit is waarlik vir my nie nuttig om te roem nie, want ek sal kom tot gesigte en openbaringe van die Here.
> Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.
> En ek weet van so 'n man—of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit— dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie."
> [2Korinthiërs12:1-4AOV].

Hou in gedagte dat Jesus Christus:

- water binne 'n kwessie van minute in wyn verander het by die bruilof in Kana.

- 'n skamele klompie brode en vissies (by meer as een geleentheid) vermenigvuldig het soveel so dat duisende mans, vroue en kinders daarvan kon eet en daarna steeds twaalf mandjies vol oorgebly het;

- in die middel van die nag op die Meer van Galilea tydens 'n storm gestap het sodat die dissipels Hom aangesien het vir 'n 'spook';

- vele siekes en gestremdes gesond gemaak het;

- die gedagtes van ander mense kon ken;

- afgestorwenes uit die dood kon opwek;

- indien Hy sou wou, die hulp van twaalf legioene engele sou kon inroep om vir Hom te stry;

- op die *Berg van Transfigurasie* met twee aartsvaders vanuit die *Ou Testament (die Hebreeuse Bybel),* naamlik Moses en Elia, waarskynlik in die rol Hemelse diplomate of gesante, ontmoet en gesels het, d.i., twee persone wat históries alreeds eeue vantevore oorlede is; dit alles in die teenwoordigheid van drie ooggetuies, naamlik die apostels Petrus, Jakobus en Johannes. Dit het waarskynlik gebeur met die doel om die geloofsbriewe (of 'bona fides') van Jesus Christus (as die Seun van God) amptelik voor getuies te bevestig.

- presies geweet het en voorspel hoe lank Hy in die graf sou bly;

- Sonder enige hulp van buite (menslik gesproke) uit die graf opgestaan het.

2. **Waarom Jesus Christus nie méér oor die natuurwetenskap kon geopenbaar het nie.** Jesus kon of wou nooit regtig lank stilstaan by die natuurwetenskap (bv. oor die Paradys, die Hiernamaals ens.) as gevolg van die skeptisisme van Sy ongesofistikeerde gehoor, wat gewone mense soos vissermanne, plaasarbeiders, tollenaars ens. asook (uiters skeptiese) geleerde manne soos die Sadduseërs, die Fariseërs, en ook nuuskierige Romeinse soldate, ingesluit het. Hy het hulle daarvoor kwalik geneem en die vraag gevra:

> "As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?"
> [Johannes3:12AOV].□

"Hy, wat die <u>afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese</u> en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte ..."
[Hebreërs1:3AOV].

65

KETTERY IN DIE KERK

Niks is meer irritérend nie as die persoon wat besig is om jou in 'n kooptransaksie te verneuk, en dit terwyl hy besig is om 'n aangename gesprek met jou te voer!

Kin (F. McKinney) Hubbard
(1868-1930)

1. **Kettery in de Kerk.** 'n Verontrustende neiging deesdae is die aantal kerke en/of denominasies wat geswig het voor die 'Geen-Satan-Teologié' beweging. Dus, sonder om die 'koning van die duisternis' opsetlik te probeer verheerlik, moet ek in alle opregtheid die lesers wys waar diesulkes verkeerd gaan sodat hulle kan sien dat Satan in werklikheid 'n gedugte teenstander is vir Christene om mee rekening te hou. Byvoorbeeld:

1.1 **Jesus Christus het nooit gelieg nie.**

"As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?
Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie. Wie van julle oortuig My van sonde? En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie? Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie.
Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."
[Johannes3:12; 8:45-47; 14:6AOV].

1.2 **Dieselfde Jesus wie geleer het dat daar 'n God en 'n plek soos die Hemel is, het ook geleer dat daar 'n Satan en 'n plek soos die Hel is.** Christene, en veral Christen teoloë, moet konsekwent wees: As ons die leerstelling rakende die Hel en Satan wil verwerp en sny uit die Bybelverhaal, moet ons dan ook gewillig wees om die leerstelling rakende die Hemel en God te verwerp en te sny uit die Bybelverhaal; interessant hoe die mense egter net die "slegte nuus" inhoud wil uitsny maar die "goeie nuus" inhoud so gerieflikheidshalwe onaangetas en onversteurd in die Bybel wil los; mens noem dit "skynheilig", "kettery", "onopreg" ens.

"Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur ...

As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie ...
En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel ...
En jy, Kapérnaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe ..."
[Mattheüs5:22, 29, 30; 10:28; 11:23AOV].
"En Ek sê vir julle, my vriende: Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie; maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!"
[Lukas12:4-5AOV].

1.3 Indien dit nie inderdaad Satan was nie, vir wie het Jesus dan uit die hemel soos 'n 'bliksem' sien val? Het Jesus gelieg?

"Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val."
[Lukas10:18AOV].

1.4 Indien dit nie inderdaad Satan was nie, wie was dit wat in Judas ingevaar het in die nag van sy verraad van Jesus? Lieg die Bybel vir ons?

"En die Satan het in Judas gevaar, wat Iskáriot genoem word en wat uit die getal van die twaalf was."
[Lukas 22:3AOV].

1.5 Indien dit nie inderdaad Satan was nie, wie was dit wat Eva verlei het om in Eden te sondig; en wie was dit wat Jesus versoek het in die woestyn? Lieg die Bybel vir ons?

"Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe."
[Genesis3:1-5AOV].
"Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword. En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word."
[Mattheüs4:1-3AOV].

1.6 **Indien dit nie inderdaad (onder andere) Satan was nie, wie is dit wat in die poel van vuur gewerp gaan word (soos geleer in die Boek van Openbaring)? Lieg die Bybel vir ons?**

> "En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank ...
> En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid ...
> Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood."
> [Openbaring20:1-2, 10; 21:8AOV].

1.7 **Indien nie inderdaad van die Satan nie, waar kom 'demone/duiwels' dan vandaan? Lieg die Bybel vir ons?**

> "Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder."
> [Jakobus2:19AOV].
> "Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie."
> [1Korinthiërs10:20,21].
> "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang."
> [1Timotheüs4:1AOV].

L.W. Let op hoe selfs die Bybel waarsku teen die "verleidende geeste en leringe van duiwels", waaronder hierdie einste 'Geen-Satan-Teologié'. Vir Christene wat nie in die bestaan van Satan glo nie, lê daar darem 'n allemintige klomp werk voor om al die verwysings na Satan in die Bybel uit hulle nuwe 'Satanlose' Bybelvertaling (soos die berugte 'Jefferson Bybel') van die toekoms te sny; maar, hulle sal dit moet wáág met die risiko om hul Saligheid te verloor.

2. **Die behoefte aan teológiese konsekwentheid in die Evangeliese Christendom.** Indien die bestaan van die Hel, die Satan en duiwels/demone nie as 'n werklike plek of as werklike wesens beskou mag word nie, maar slegs "metafóries" en "denkbeeldig" geïnterpreteer mag word, dan sal Christene, veral Christen teoloë, gedagtig daaraan dat God die leuen en valsheid haat, konsekwent moet wees en dus ook 'n plek soos die Hemel en die bestaan van wesens soos engele, gérubs en sérafs, metafóries as "metafories-denkbeeldig" moet aanvaar, 'n benadering wat die Heilige Skrif onmiddellik kragteloos (ontmagtig) sal laat, presies wat die

postmoderniste (Christen ateïste) soos die 'Jesus Seminar' (VSA) en 'Nuwe Hervormers' (RSA) bewegings alreeds doen en die Satan en sy diabóliese hordes graag wil hê.

Hou in gedagte dat niemand méér oor die verskrikking van die Hel gewaarsku het as Jesus Christus self nie; indien God die Vader dan slegs diegene sal eer wat Sy Seun (Jesus) eer, hoe eer ons dan Sy Seun wanneer ons wil suggereer dat alles wat Hy Sy dissipels oor die Satan en die Hel geleer het verkeerd, vals en slegs "denkbeeldig" was? Geen wonder dan dat die tipe mense wat sulke stories oor die Satan en die Bybel versprei, gewoonlik dieselfde mense is wat vir ons probeer vertel dat die Skeppingsverhaal uit Genesis 'n mite is, dat daar ander mense ('n sogenaamde "pre-Adamitiese ras") vóór Adam en Eva bestaan het, dat die Sondvloed van Noag nooit gebeur het nie en dat mense soos Adam, Noag en Job mitológiese figure uit die Joodse oorlewering was wie waarskynlik ook nie bestaan het nie. Aan hulle vrugte sal ons hulle ken, en geen Evangeliese Christen wat sy of haar Bybel ken sal val vir sulke misleidende geeste en winde van leringe nie. Terloops ... indien God dan regtig so wreed was om almal net voor die voet Hel toe te wil stuur (soos ateïste gedurig kla), waarom het God dan so knaend die mense téén die Hel (en téén ongeloof en godsdienstige afvalligheid) gewaarsku?

3. **God het die Satan waarskynlik met 'n spesifieke doel geskape.** Gedagtig daaraan dat God die toekoms so goed soos die verlede ken en nooit verras of onkant betrap kan word nie (Hy was byvoorbeeld nie onkant betrap met die versoeking van Eva in Eden deur die Satan nie) kan ons die logiese afleiding maak dat die Skepper waarskynlik die Satan met 'n spesifieke doel geskape het (of toegelaat het dat hy bestaan ten spyte van sy rebellie teen God). Na die Satan word ook verwys as die 'Verderwer', en word hy waarskynlik toegelaat om te verderf; dit sien ons onder andere byvoorbeeld baie duidelik in die Ou Testament en in die lewe van Job (Die Boek van Job, Hoofstuk 1) en die Ou Testament.

> "Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie. Kyk, Ék het die smid geskape wat die koolvuur aanblaas en 'n wapen voortbring volgens sy ambag; ook het Ék die verderwer geskape om te verniel.
> [Exodus12:23; Jesaja54:16AOV].
> "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie ...
> Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê."
> [Johannes1:1-3; 10:10AOV].

Dit is waarskynlik ook geen toeval dat beide Judas Iskariot en die Antichris in die Bybel na verwys word as, "Die seun van die verderf."

"Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is ...
En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf."
[Openbaring17:8,11AOV].
"Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf [ANTICHRIS] die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is."
[2Thessalonisense2:3-4AOV].
"Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, [JUDAS ISKARIOT] sodat die Skrif vervul sou word."
[Johannes17:12AOV].

4. **Besluit self.** Toe Jesus vir die Fariseërs daarvan beskuldig hulle 'vader' die Duiwel (die vader van leuens van die begin af) was, het Hy toe gelieg? Indien ons sou veronderstel dat Jesus daaroor gelieg het (waaroor die postmoderniste natuurlik in hul noppies sal wees) dan sou Jesus, wie die Fariseërs en die Satan uitgekryt het as leuenaars, dan, irónies genoeg, mos self die grootste leuenaar gewees het! Indien ons dan nie die Bybel kan vertrou met sy uitsprake oor die Satan en die Hel nie, hoe kan ons die Bybel vertrou oor sy uitsprake oor ander dinge soos die Wederkoms, die Nuwe Hemel en die Nuwe Aarde, Saligheid ens? Hier volg die geskiedkundige gesprek tussen Jesus en die Fariseërs:

"Hulle antwoord en sê vir Hom: Ons vader is Abraham.
Jesus sê vir hulle: As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke van Abraham doen; maar nou probeer julle om My om die lewe te bring, iemand wat aan julle die waarheid vertel het, wat Ek van God gehoor het. Dit het Abraham nie gedoen nie. Julle doen die werke van jul vader.
Toe sê hulle vir Hom: Ons is nie uit ontug gebore nie; ons het een Vader, naamlik God.
En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur. Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie. Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie. Wie van julle oortuig My van sonde? En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie? Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie."

[John8:39-47AOV].□

“Want nie hy is ‘n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.”

[Romeine2:28-29AOV]

66

KOM IN DIE ARK IN!

Elke dronk skipper wil graag op die Voorsienigheid vertrou; maar, een van die maniere waarop die Voorsienigheid met sulke dronk skippers werk is om hulle skepe op die rotse te laat loop

Captain Shotover, *Heartbreak House*
George Bernard Shaw
(1856-1950)

1. **'Answers in Genesis' Ark-tentoonstelling.** Toe Ken Ham ('Answers In Genesis') sy Ark-tentoonstelling op 7 Julie 2016 geopen het, was baie mense verheugd, maar sommige, veral diegene uit die sogenaamde 'Freedom from Religion Foundation', het na bewering steeds gespot sonder om die ironié daarvan te kon bespeur ... dit was weer 'n herhaling van die ou Noag-sindroom in die nuwe, meer byderwetse baadjie van 'n Bybelse 'tema-park', nes Jesus Christus gewaarsku het:

> "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie. Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."
> [Mattheüs24:35-39AOV].

L.W. Dit is opmerklik hoe Jesus Christus hierbo self die juistheid van die Genesis Skeppingsverslag, die bestaan van die man Noag en die historisiteit van die verhaal oor die sondvloed en die ark bevestig het waarmee Hy dus die hele idee van 'n Darwiniaanse skepping soos deur die postmoderniste (Christelike ateïste) voorgestel, naamlik dat die skeppingsverhaal, soos deur Genesis aangebied, bloot 'n verouderde Joodse fabel is, as absurd bewys het. Vandag staan die uitnodiging nog steeds: *"Kom vandag nog in die Ark (van die Evangelie) in en word gered ... môre mag te laat wees!"*

2. **Die Ark is die Naam van JESUS CHRISTUS soos geënkapsuleer in die Evangelie van Jesus Christus.** Die apostel Petrus skryf:

"Daarop sê Petrus, vervul met die Heilige Gees, aan hulle: Owerstes van die volk en ouderlinge van Israel, as ons vandag ondervra word oor 'n weldaad aan 'n siek man, waardeur hy gesond geword het, laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."
[Handelinge4:10-12AOV].

L.W. Uit bogenoemde paragraaf blyk dit dus duidelik dat die hele idee van 'n 'intergodsdiens', 'intergeloof' of 'godsdiens-sinkretisme' tipe geloofstelsel, nl., waar alle wêreld-godsdienste na 'dieselfde hemel' lei, nie deur die Bybel ondersteun word nie.

3. **Baie mense is steeds onder die indruk dat Jesus Christus met die uitsluitlike doel gekom het om sondaars te selekteer as kandidate vir die Hel.** Hierdie kwaadaardige gerug is nie waar nie, want Jesus het geleer:

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is."
[Johannes3:16-17AOV].

4. **Baie mense is steeds onder die indruk dat die Christendom slegs vir Christene is.** Niks kan verder van die waarheid verwyder wees nie. Die Bybel leer:

"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie. Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."
[Romeine10:9-13AOV].

5. **Die Uitnodiging van Jesus Christus staan nog steeds.**

> "Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig."
> [Mattheüs11:27-30AOV].□

"Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder."
[Jakobus2:19AOV].

67

LEER DIE BYBEL WERKLIK SOSIALISME?

Dit is 'n sosialistiese idee dat om winste te maak 'n misdaad is; ek beskou egter die maak van verliese 'n misdaad

Winston Churchill
(1874-1965)

1. **Inleiding.** Ek verbaas my gereeld oor hoeveel mense, waaronder sommige opregte Christene, steeds glo dat die Bybel 'sosialisme' as 'n ekonomiese model aanbeveel en leer, net soos baie (foutiewelik) steeds glo dat die Bybel 'n Darwinaanse Skeppingsmodel ('Skeppende Evolusie') leer. Hierdie persepsie, naamlik dat die Bybel 'sosialisme' leer, word egter ewe verbasend maklik weerlê:

1.1 **Sosialisme versus Liefdadigheid.** Definisie van sosialisme (my vertaalde parafrase): *" 'n Politieke en ekonomiese teorié van sosiale organisasie, wat die deel van die middele van produksie, distribusie en eiendom deur die gemeenskap as 'n geheel, aanbeveel."* [Oxford].

Die idee dat die Bybel 'sosialisme' leer het waarskynlik onstaan toe mense toenemend die handel en besigheid met liefdadigheid en welsyn begin verwar het. Die Bybel leer byvoorbeeld dat buitensporige ('woeker') rente op lenings tussen 'broeders' (bv., broeder-Israeliete) onéties is op die gebied van naasteliefde [Psalm 15]. Aan die andere kant gebruik Jesus Christus die gelykenis van die 'talente' om rente wat op beleggings verdien word as 'n ekonomiese aktiwiteit aan te moedig of te kondoneer op die kommersiële gebied van handeldryf. [Mattheüs 25:27]. Wees eerlik: Watter bank sal oorleef sonder rente op lenings aan kliënte (die publiek)?

Die sosialisme kan ook omskryf word as 'n ekonomiese regeringsmodel of stelsel deur middel van 'n oppervlakkige, meganiese sentrale bevels-ekonomié van die beheer oor produksie-middele in die samelewing deur die regering en wat niks met welsyn of liefdadigheid te doen het nie; so 'n sosialistiese regeringsmodel word dan gewoonlik afgedwing, hetsy deur die wetgewing of deur die loop van 'n geweer (soos bv. by die kommunisme), of deur albei.

Daarteenoor is welsyn of liefdadigheid, in skerp kontras, vrywillig en spontaan, vandaar die enorme aantal moskees, sinagóges, kerke, denominasies, plaaslike welsynsorganisasies en NROs (Nie-Regerings Organisasies) sowel as (totaal disfunksoneel en onwenslik) regerings wêreldwyd voortdurend wat dikwels daarby betrokke is. Die owerhede se betrokkenheid by welsyn en liefdadigheid, befonds en gesubsidieer deur die (gewoonlik vuisvoos) belastingbetaler in die vorm van sosiale subsidies ens. en

alhoewel goed bedoel, is inderwaarheid die simptoom van ‘n sosiale siekte, naamlik ‘n falende, mislukte sosialistiese regerings-beleid en -model of aktiwiteit wat, alhoewel dit nie self welvaart produseer nie, baie graag die welvaart wat die kapitalisme produseer, wil en sal spandeer.

Regerings doen sulke dinge gewoonlik om die mag te behou en in die regering te bly met die werwing van stemme in hul guns tydens nasionale verkiesings ten einde hulle in staat te stel om hierdie (mislukte) sosialistiese model met die kunsmatige ‘aarvoeding’ (‘intravenous feeding’) of ‘drupbesproeiïng’ (‘drip irrigation’) van sosiale subsidies op die belastingbetaler se onkoste onbepaald aan die gang te hou met die hoop dat ‘iets’ wel in die toekoms sal opduik om hulle aansien te red in die oë van die kiesers; dit terwyl die land, gesteister deur ‘n gebrek aan investering uit die buiteland, werkloosheid, regeringskorrupsie en toenemende georganiseerde- of geleentheids-misdaad, voor hulle oë in armoede verval.

1.2 **Die Bybelse model.** God (‘YHWH’, ‘Yahweh’ of’ Jehovah’) het self die vryemarkstelsel van ruil-en-betaal ingestel deur die privaatbesit van eiendom te sanksioneer. Die ‘Tien Gebooie’ leer byvoorbeeld dat mens nie van jou naaste mag steel nie; so, hoe sal enigiemand iets kan steel waar daar geen privaatbesit van eiendom toegelaat word nie?

> “Jy mag nie steel nie. Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie” [Exodus20:15,17AOV].

1.3 **Vername ryk mense van die Bybel (Ou Testament).** Abraham was ‘n ryk man, en so ook was Dawid en Salomo. Na sy vreeslike, uitmergelende beproewinge en lyding, word die geloofsheld, Job, deur God geseën met dubbel die rykdom wat hy voorheen besit het maar deur natuurrampe (deur die Satan se toedoen en, in sy geval, deur God toegelaat) verloor het; hy word toe uiteindelik weer die trotse eienaar van 14 000 skape, 6 000 kamele, 1 000 juk-osse en 1 000 esels. Job was, met ander woorde, altyd voorheen ‘n ryk man waarmee God geen fout gevind het nie aangesien hy vroom en opreg was. Soos voorheen het hy ook toe weer na die rampe sewe seuns en drie dogters gehad [Job42:12-13]. Verder het Dawid se aankoop van Arauna se dorsvloer duidelik gedui op die gebruik van vrye ruilhandel en privaatbesit reeds vanaf die vroegste eeue:

> “En Dawid het opgegaan volgens die woord van Gad, soos die HERE beveel het. Toe Arauna opkyk en die koning met sy dienaars na hom sien oorkom, het Arauna uitgegaan en hom voor die koning met sy aangesig na die aarde gebuig.

> En Arauna het gesê: Waarom kom my heer die koning na sy dienaar? Daarop sê Dawid: Om die dorsvloer van jou te koop, om vir die HERE 'n altaar te bou, sodat die plaag onder die volk kan ophou.
> Maar Arauna sê vir Dawid: My heer die koning kan neem en offer wat goed is in sy oë, kyk, daar is die beeste as die brandoffer en die sleë en die trekgoed van die beeste as hout. Dit gee Arauna alles, o koning, aan die koning. Verder het Arauna aan die koning gesê: Mag die HERE u God 'n behae in u hê.
> Maar die koning het Arauna geantwoord: Nee, maar ek wil dit verseker van jou koop vir sy prys; en ek wil nie verniet aan die HERE my God brandoffers bring nie. En Dawid het die dorsvloer en die beeste gekoop vir vyftig sikkels silwer.
> Toe het Dawid daar vir die HERE 'n altaar gebou en brandoffers en dankoffers gebring; en die HERE het Hom oor die land ontferm, en die plaag is van Israel afgewend."
> [2 Samuel24:19-25AOV].

1.4 **Ander ryk mense van die Bybel (Nuwe Testament).**

- Aquila & Priscilla (Handelinge18:2-3)
- Cornelius (Handelinge10:1)
- Dorkas (Handelinge 9:36)
- Jason (Handelinge17:5-9)
- Josef genoem Barnabas (Handelinge4:36-37)
- Lydia (Handelinge16:14-15)
- Mnason (Handelinge21:16)
- Filemon (Filemon, Hoofstuk1)
- Sergius Paulus (Handelinge13:6-12) ens.
- Na Sy kruisiging word Jesus neergelê in 'n graf wat behoort het aan 'n ryk man, d.i., Josef van Arimathea, wie simpatiek teenoor Jesus gestaan het [Mattheüs27:57].

1.5 **Spaarsaamheid en liefdadigheid.** Die Bybel moedig spaarsaamheid en naasteliefde aan:

> "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het."
> [Efesiërs4:28AOV].
> "Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê. En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het."
> [Handelinge4:34-35AOV].

Hou in gedagte dat in hierdie geval (in Handelinge4) was die mededeelsaamheid van die gelowiges 'n private, vrywillige en spontane aksie vanuit 'n simpatieke, meelewende gelowige gemeenskap en nie iets wat deur

‘n regering se dekreet, wet of geweer afgedwing was nie en ook absoluut niks met owerheid-sosialisme te doen gehad het nie. Trouens is daar, volgens Joodse oorlewering (uit sekere Joodse gemeenskappe) ‘n ou gesegde van ouers aan hul kinders wat lui (my vertaalde parafrase): *“Vrees God, jaag kennis en wysheid na en doen goeie werke aan jou naaste.”*

Die belangrikste verskil tussen liefdadigheid en sosialisme is dat (i) terwyl sosialisme deur middel van formele wetgewing en regeringsbeleid van die mag oor produksie-middele aangedryf en afgeforseer word, is (ii) liefdadigheid en welsyn vrywillig en spontaan wanneer individue en/of organisasies hul geakkumuleerde oorvloed graag met minder bevoorregtes in die gemeenskap wil deel.

1.6 **Restitusie.** Die Bybel vereis ook restitusie waar moontlik, iets wat slegs moontlik is in ‘n samelewing waar privaatbesit moontlik is en nie verbied word nie.

> “As die gesteelde goed—of dit ‘n bees, ‘n esel of ‘n stuk kleinvee is—nog lewendig in sy besit gevind word, moet hy dubbel vergoeding gee.
> As iemand ‘n stuk veld of ‘n wingerd laat afwei en sy vee vry laat loop, sodat dit in die veld van ‘n ander wei, moet hy van die beste van sy veld en die beste van sy wingerd as vergoeding gee.
> As ‘n vuur uitbreek en die dorings vat, sodat ‘n mied of die ongesnyde graan of die veld verteer word, moet hy wat die vuur aan die brand gesteek het, ten volle vergoeding gee.
> As iemand aan sy naaste geld of goed in bewaring gee, en dit word uit die man se huis gesteel, moet die dief, as hy uitgevind word, dubbel vergoeding gee.
> As die dief nie uitgevind word nie, moet die eienaar van die huis na die owerhede gaan om te beslis of hy nie sy hand na sy naaste se goed uitgesteek het nie.
> By alle sake van ontvreemding, of dit gaan oor ‘n bees, oor ‘n esel, oor kleinvee, oor klere of oor enigiets wat verloor is, waarvan iemand sê: Dit is myne! —moet die saak van altwee voor die owerhede kom; die een wat die owerhede skuldig verklaar, moet aan sy naaste dubbel vergoeding gee.
> As iemand aan sy naaste ‘n esel of bees of stuk kleinvee of enige dier gee om op te pas, en dit gaan dood of kry ‘n ongeluk of word weggevoer sonder dat iemand dit sien, dan moet die eed by die HERE tussen hulle twee beslis, of hy nie sy hand na sy naaste se goed uitgesteek het nie; en die eienaar moet daarmee tevrede wees, en die ander hoef geen vergoeding te gee nie.
> Maar as dit van hom weggesteel is, moet hy aan die eienaar vergoeding gee.
> As dit verskeur is, moet hy dit as bewys bring; wat verskeur is, hoef hy nie te vergoed nie.
> En as iemand van sy naaste iets te leen vra, en dit kry ‘n ongeluk of gaan dood terwyl die eienaar daar nie by is nie, moet hy ten volle vergoeding gee.
> As die eienaar daarby gewees het, hoef hy geen vergoeding te gee nie. As dit gehuur was, kom die huurgeld daarvoor.”
> [Exodus22:4-15AOV].

2. **Kolonialisme.** Indien sekere mense (om verstaanbare redes) die "plaag van kolonialisme" dan so ernstig wil opneem, waarom volg hulle dan nog steeds hulle "koloniale meesters" vanuit die koloniale era d.i., Karl Marx, Leon Trotsky en Friedrich Engels? Mense verskil, daarom die gesegde dat, hoewel die vryemark (van kapitalisme) mag lei tot die ongelyke verdeling van welvaart, die sosialisme aan die ander kant deurgaans sal lei tot die gelyke verdeling van armoede en ellende. Dit is algemeen bekend dat die sosialisme die rykdom spandeer wat deur die kapitalisme gegenereer word, en nooit andersom nie; dit is waarom soveel kommunisties-gesinde politici wat die heeldag "sosialisme" loop en preek, self soos skatryk kapitaliste met hul winsgewende beleggings-portefeuljes, luukse huise en spoggerige motors ens. leef. Dit gebeur omdat die kapitalisme hulle rekeninge vir hulle betaal en hul luukse lewensstyl finansier, iets wat hulle eie "sosialisme" nie vir hulle kan doen nie.

In die vryemark is winste (eerlik verdien!) 'n teken van sake-sukses, aangesien dit lewer wat verbruikers graag wil hê. Eerlike winste verseker die voortbestaan van 'n sake-onderneming, die uitbreiding van die bedryf en die skepping van werkgeleenthede vir ander. Winste, daardie goed waarteen byna elke vakbond vandag oor murmureer en teen beswaar maak, is juis die gans wat die goue eiers van werkskepping en indiensneming, salarisse, loonverhogings, bonusse, bevorderings ens. lê sodat daardie produkte en dienste, wat verbruikers die meeste benodig en die graagste wil hê, gelewer kan word. Ek vertel u 'n welbewaarde geheim: Daar bestaan geen enkele mens of regering op aarde slim genoeg om te probeer doen wat slegs deur die onsigbare markkragte van 'n vryemark gedoen kan word nie; gaan vra maar vir die "ekonome" van die ou (KGB gedrewe) USSR; dit werk eenvoudig nie.

Soos Winston Churchill genoem het, dit is eintlik *verliese*, en nie *winsste*, wat die groot misdaad van die eeu is ... gaan vra maar vir die mense van Denel, Eskom, Transnet, SAPO (Poskantoor), SABC, PRASA ens.

3. **Die Bybel en regeringskorrupsie.** In kapitalistiese lande sal daar, tydens gunstige tye, gewoonlik méér welvaart geproduseer word as wat in sosialistiese lande geproduseer word, en, aangesien die sosialisme nie die monopolié op skelm en selfsugtige kriminele en diewe het nie, is die versoeking om te steel altyd orals teenwoordig, want waar die 'aas' ('rykdom', 'voorspoed' ens.) volop is sal swerms aasvoëls in die agtergrond vergader om dit wat hulle nie voor gewerk het nie te roof van diegene wat dit produseer het.

Korrupte politici en sakemanne wat buitengewoon ryk word uit korrupsie, diefstal ens. is nie die skuld van kapitalisme nie; dit is die skuld van 'n swak regering wat stelsels-beheer verloor het en lui, slegte rentmeesters en toesighouers geword het. Die term 'vriendskaps-kapitalisme' ('crony capitalism' of 'corporatism') om korrupsie onder politici te beskryf is verkeerd: Dit is nie 'kapitalisme' nie, maar wel dieselfde ou disfunksionele *sosialisme*, d.i., die onwettige, onétiese, immoréle

"herverdeling van rykdom" (sonder die toestemming en medewete van die belastingbetaler) deur skelms in die regering en in die sake-wêreld, net in 'n nuwe baadjie.

"Hy wat hom voorneem om kwaad te doen, word 'n skelm genoem ...
Die goddelose neem 'n omkoopgeskenk aan wat uit die boesem kom om die paaie van die reg te buig."
[Spreuke24:8; 17:28AOV].□

"Jy mag nie steel nie. Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie" [Exodus20:15,17AOV].

68

LEES DIE LAASTE HOOFSTUK!

Dikwels laat ambisie mense toe om die laagste posisies in die samelewing te beklee; so, dit is opvallend hoe die postuur van iemand wat besig om te klim na bo, ooreenkom met die postuur van iemand wat kruip

Jonathan Swift
(1667-1745)

1. **Die laaste dae van Adolf Hitler.** In sy boek, *The Last Days of Hitler,* het die historikus, Hugh Trevor-Roper, diep in die brutale Nazi-beweging, wat tydens die Tweede Wêreld-Oorlog soveel miljoene se lewens vernietig het, ingedelf. Verder, by die lees van Albert Speer, Hitler se gunsteling-argitek, se boek, *Inside the Third Reich,* en Victor Klemperer se boek, *I Shall Bear Witness,* en die menige ander boeke oor die Holocaust, staan mens sprakeloos by die brutale wyse waarop hierdie mense, deur Trevor-Roper onbeskaamd beskrywe as "ape" ("monkeys") in die eerste plek kon slaag om in Duitsland aan bewind te kom en verder op so 'n enorme skaal 'n aanval op en berowing van die bates en eiendom van 'n enkele nasie of volk so so astrant suksesvol in die geskiedenis van die wêreld kon doen.

2. **Die soete troos (in retrospek).** Die gerusstellende gedagte is dat ons by die lees van hierdie geskiedenis oor die vergrype van die Nazis vandag ook kan oplees oor die laaste dae van die hoofspelers in hierdie tragiese drama van die 20ste eeu en wat ons vir altyd sal herinner aan die vergrype van die Nazis en die gevolge van die Nazi era, byvoorbeeld:

2.1 **Adolf Hitler**. Berugte skrywer van die boek, *Mein Kampf,* is dood deur selfmoord in sy bunker onder die Regeringskantore ('Reichskanzlei') in Berlyn. Om te illustreer hoe laag hierdie brutale 'Nazi demigode' geval het ... Hitler se bunker, waar hy sy laaste dae in bittere frustrasie van sy ideale moes deurbring, was ongeveer twintig meter laer (onder) die Reichskanzlei se hoof riool afvoer-pyp.

2.2 **Josef Goebbels**. Hitler se propaganda minister, dood deur selfmoord in dieselfde bunker as Hitler, saam met sy eggenote en hul ses kinders (Almal deur Josef Goebbels vergiftig). Dis eintlik bisarre hoe die (onskuldige) kinders se name, ter ere van die 'Führer', almal met 'n 'H' begin het: Helga (1932); Hilde (1934); Helmut (1935); Holde (1937); Hedda (1938) en Heide (1940).

2.3 **Hermann Göring**. Hitler se *Luftwaffe* (Nazi Lugmag) hoof, dood deur selfmoord (vergiftig, en om sodoende die galgdood waartoe hy in die Spandau-gevangenis in Neurenberg gevonnis was, vry te spring). Teen die einde van die oorlog, toe die Luftwaffe geen noemenswaardige faktor in die oorlog was nie, het die volgende grap na bewering onder Duitse soldate die rondte begin doen: *"Onthou, wanneer jy 'n swart oorlog-vliegtuig sien, is dit die Britte; wanneer jy 'n silwer oorlog-vliegtuig sien, is dit die Amerikaners; wanneer jy niks sien nie, dan is dit waarskynlik die Luftwaffe!"*

2.4 **Heinrich Himmler**. Hoof van die *Gestapo* ('Geheime Staatspolizei'), dood deur selfmoord (vergiftig) tydens sy vlugtog voor die geallieerdes uit nadat hy by 'n Britse bevelspos uitgeken is geklee in 'n doodgewone (sonder enige rang) soldate uniform.

2.5 **Reynhard Heydrich**. 'n Latere hoof van die Gestapo, dood deur 'n sluipmoord met 'n bom op sy amptelike voertuig (deur die Tjeggiese weerstandsbeweging).

2.6 **Maarten Bormann**. Hitler se persoonlike sekretaris en administrateur, op 'n misterieuse wyse gedood deur 'n anonieme groep terwyl hy voortvlugtend was voor die naderende Russiese weermag en die res van geallieerde soldate.

2.7 **Joachim von Ribbentrop**. Hitler se Buitelandse Minister, veroordeel om opgehang te word in die Neurenberg gevangenis. Bekend daarvoor dat hy altyd sy Nazi kollegas, wat hom gewoonlik as 'Ribbentrop' aangespreek het, gedurig daaraan moes herinner (veral wanneer hy hom vir hulle vererg het) dat sy naam 'von Ribbentrop' was, en nie 'Ribbentrop' nie.

2.8 **Rudolf Hess**. Lewenslange gevangenisstraf (by Neurenberg) met uiteindelike selfmoord in die gevangenis gedurende die 1980s ná dekades in die tronk. Bekend daarvoor vir sy verraad teenoor Hitler deur in die geheim na Engeland te vlieg om stilletjies met Winston Churchill 'n vredes-ooreenkoms te gaan probeer onderhandel. Het, volgens Albert Speer, na bewering met Albert Speer in die 'Nazi-badkamer' (toegerus met net twee baddens) gekibbel oor wie se bad aan wié behoort het; het Speer op 'n keer verplig om uit te klim en in die "ander bad" te gaan bad *("Jy is in my bad ...!").*

2.9 **Albert Speer**. Hitler se gunsteling-argitek, gevonnis tot 20 jaar gevangenisstraf waartydens hy die werke van die vermaarde Duitse teolóóg, Karl Barth, met toestemming van die gevangenis-owerhede en onder toesig van 'n kapelaan, kon bestudeer (vir wat dit werd was). Na sy vrylating in 1966 (effens vroeg op grond van swak gesondheid en in dieselfde jaar wat hierdie skrywer destyds vir sy diensplig by Voortrekkerhoogte in Pretoria moes

aanmeld) het hy van sy vrou, wie getrou vir hom gewag het, geskei om met die joernalis, wie dikwels onderhoude met hom in die Spandau-gevangenis gevoer het, te kon trou. Speer staan ook bekend as die enigste Nazi wat tydens die Neurenberg verhore *"Jammer!" ("The Nazi who said 'Sorry'!")* gesê het. Hy het sy boek, *Inside the Third Reich*, in die geheim in die gevangenis geskryf en dit is na sy vrylating gepubliseer. In sy boek beweer hy onder andere dat hy in die gevangenis-tuin vir homself 'n roete uitgelê het wat hy getrou vir twintig jaar lank elke dag gestap het en dat hy aan die einde van sy vonnis die ekwivalent van éénmaal om die aarde gestap het. Hy was duidelik die méér gekultiveerdste van die Nazi top leiers, indien mens wel die woord so los sou kon gebruik.

3. **Die laaste hoofstuk van Hugh Trevor-Roper se boek.** Stel u vóór wat alles sou gebeur het indien die Nazi-leiers in 'n posisie sou kon wees om die laaste hoofstuk van Hugh Trevor-Roper se boek, *The Last Days of Hitler,* te kon lees vóórdat die *Tweede Wêreld-Oorlog* in 1939 uitgebreek het en, daarna, die voorreg gegun was om van plan te kon verander? Dink net hoe anders sou dinge kon gewees het! Maar, soos die spreekwoord lui, wanneer mens die verkeerde skroewedraaier kies kan dinge soms baie skeef vir mens uitdraai.

Nietemin is ons vandag bevoorreg om die laaste hoofstuk van nie net (i) Hugh Trever-Roper se boek te kan lees nie, maar ook (ii) die laaste hoofstuk van die Bybel:

> "En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan ...
> En ek [JOHANNES] het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar."
> [Openbaring21:4;19:6bAOV].□

Verwysings & Aanbevole Leesstof

1. Frank, Anne *The Dairy of Anne Frank.*
2. Goebbels, Josef *Goebbels Diaries.*
3. Klemperer, Victor (1995) *I Shall Bear Witness.*
4. Speer, Albert (1969) *Inside the Third Reich.*
5. Keneally, Thomas (1982) *Schindler's Ark *.*
6. Ten Boom, Corrie *The Hiding Place.*
7. Trevor-Roper, Hugh (1947) *The Last Days of Hitler.* Pan Books.

* *Schindler's Ark:* Hierdie boek na bewering verban in Lebanon as gevolg van die positiewe voorstelling van die Jode.

69

OMDAT DIE BYBEL SO LEER!

‘n Kamer sonder boeke is ‘n liggaam sonder ‘n siel

John Lubbock
(1834-1913)

1. **Hoe weet ons dat God die hemel en die aarde geskape het?** Omdat die Bybel so leer!

“In die begin het God die hemel en die aarde geskape.”
[Genesis1:1AOV].

“In die begin [TYD] het God die hemel [RUIMTE] en die aarde [MATERIÉ] geskape”

TYD > RUIMTE > MATERIÉ

2. **Hoe weet ons dat Adam en Eva die eerste twee mense ooit was?** Omdat die Bybel so leer!

“Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is. Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het,
was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; want die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie ...
En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ‘n lewende siel geword ...

Toe het die HERE God ‘n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot ‘n vrou en bring haar na die mens. Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.”
[Genesis2:4-5, 7, 22-23AOV].

“So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het ‘n lewende siel geword; die laaste Adam ‘n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel.”
[1Korinthiërs15:45-47AOV].

3. **Hoe weet ons dat die gedagtes en weë van God te hoog is vir die mens om te begryp?** Omdat die Bybel so leer!

> "Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes."
> [Jesaja55:8-9AOV].

L.W. Hoewel hierdie Skrifverwysing eintlik bedoel is om God se ontevredenheid oor die gedrag van die afvalliges/goddeloses te illustreer, illustreer dit nogtans ook die feit van die enorme ('astronomiese') kloof of gaping tussen die intellek van God en die intellek van die mens.

4. **Hoe weet ons dat niks ooit vir God onmoontlik sal wees nie?** Omdat die Bybel so leer!

> "Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie ..."
> [Job42:1-2AOV].
> "Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik."
> [Markus10:27AOV].
> "Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie. Maar Hy antwoord: Die dinge wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik."
> [Lukas1:37; 18:27AOV].

5. **Hoe weet ons dat God ('YHWH', 'Yahweh', 'Jehovah') wil hê dat alle mense (ongeag ras, velkleur, kultuur, taal, geslag, sosio-ekonómiese status, politieke affiliasie en huidige godsdienstige oortuiging) vrede met Hom sluit?** Omdat die Bybel so leer!

> "Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."
> [Jesaja1:18-20AOV].

6. **Hoe weet ons dat enigste manier waarop mense vrede met God kan sluit is deur Jesus Christus?** Omdat die Bybel so leer!

> "Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."

[Johannes14:6AOV].

7. **Hoe weet ons dat ons op Jesus Christus kan vertrou om sondaars te red?** Omdat die Bybel so leer!

"Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red ..."
[1Timotheüs1:15aAOV].

8. **Hoe weet ons dat ons die Ewige Lewe kan beërwe deur die geloof in Jesus Christus as die Verlosser van die wêreld?** Omdat die Bybel so leer!

"Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit? Sy antwoord Hom: Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom."
[Johannes11:25-27AOV].

"Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik— soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring."
[Johannes17:1-4AOV]□

"En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan ...
En ek [JOHANNES] het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar."
[Openbaring21:4;19:6bAOV].

70

OMDAT JESUS CHRISTUS SO SÊ!

Dit verg twee persone om die waarheid te praat; een om te praat en die ander een om te hoor

H.D. Thoreau
(1817-1862)

1. **Hoe weet ons dat Adam en Eva die eerste twee mense ooit was?** Soos reeds voorheen genoem, omdat Jesus ons so geleer het!

1.1 Génesis.

"Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is. Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het, was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; want die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie."
[Genesis2:4-5AOV].

1.2 Jesus Christus.

"En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."
[Mattheüs19:4-6AOV].
" ... maar van die begin van die skepping af het God hulle man en vrou gemaak."
[Markus10:6AOV].

1.3 Paulus.

"So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS CHRISTUS] 'n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens [ADAM] was uit die aarde aards, die tweede mens [JESUS CHRISTUS] is die Here uit die hemel. Soos die aardse mens [ADAM] was, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens [JESUS CHRISTUS] is, so is ook die hemelse mense."
[1Korinthiërs15:45-48AOV].

2. **Hoe weet ons dat die Sondvloed uit Noag se dae regtig gebeur het?** Omdat Jesus ons so geleer het!

> "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het."
> [Lukas17:26-27AOV].

L.W. Hier bevestig Jesus Christus (wie nooit gelieg het nie) (i) die historisiteit van die Genesis Skeppingsverslag deur die werklike bestaan te bevestig van (ii) die mens Noag, (iii) die ark wat Noag gebou het en en (iv) die groot vloed uit die tyd van Noag. Die ontkenning van hierdie Skriftuurlike bewyse [Lukas17:26-27] deur postmoderne Christene, agnostici en ateïste is 'n ontkenning van die Bybel as God se Woord asook die ontkenning van die bona fides en leringe van Jesus Christus as die Seun van God.

3. **Hoe weet ons dat Jesus nie gestuur was om die wêreld te veroordeel nie, maar eerder om die wêreld te red?** Omdat Jesus ons so geleer het!

> "Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie."
> [Johannes3:17AOV].

4. **Hoe weet ons dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy Sy enigste Seun gegee het sodat die wêreld nie verlore moet gaan nie, maar gered kan word?** Omdat Jesus ons so geleer het!

> "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."
> [Johannes 3:16AOV].

5. **Hoe weet ons dat ons wedergebore moet word?** Omdat Jesus ons so geleer het!

> "Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie."
> [Johannes3:7AOV].

6. **Hoe weet ons dat ons, deur Jesus Christus as Verlosser aan te neem, ons kinders van God kan word?** Omdat Jesus ons so geleer het!

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is."
[Johannes1:12-13AOV].

7. **Hoe weet ons dat, tensy ons wil sterwe in ons sonde, ons ons moet bekeer en die Evangelie glo?** Omdat Jesus ons so geleer het!

"En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."
[Markus1:14-15AOV].
"Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het—dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom."
[Lukas13:3-5AOV].

8. **Hoe weet ons dat Jesus Christus uit die graf (dood) opgestaan het?** Omdat Jesus ons self so geleer het!

"En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood."
[Openbaring1:17-18AOV].

9. **Hoe weet ons dat Jesus Christus weer terugkom?** Omdat Jesus ons so geleer het!

"In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."
[Johannes14:2-3AOV]
"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!"
[Openbaring 1:7AOV].

10. **Hoe weet ons dat Jesus Christus die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde, die Eerste en die Laaste, is?** Omdat Jesus ons so geleer het!

"En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste."
[Openbaring22:12-13AOV].□

"Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie."
[Johannes3:7AOV].

71

REUSE IN DIE BYBEL

Één persoon aan God se kant is alreeds 'n meerderheid

Wendell Phillips
(1811-1884)

1. **Reuse in die Bybel.** Die Bybel leer dat daar reuse was in die dae van weleer.

> "In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam."
> [Genesis6:4AOV].

1.1 **Goliat.** Hy kon enigiets tussen (i) 258+ cm (8'6") lank (volgens de Joodse el*) en (ii) 318+ cm (10'6") lank (volgens de Egiptiese el*) gewees het.

> "Toe kom daar 'n baasvegter uit die laers van die Filistyne, met die naam van Góliat, uit Gat; sy hoogte was ses el en 'n span. Daar was 'n koperhelm op sy hoof, en hy het 'n pantser van skubbe aangehad—die gewig van die pantser was vyf duisend sikkels koper—en skeenplate van koper was aan sy bene en 'n koperlans tussen sy skouers. Die steel van sy spies was soos 'n wewersbalk, en die lem van sy spies was van ses honderd sikkels yster, en die skilddraer het voor hom uit geloop."
> [1Samuel17:4-7AOV].

*El: Israel: 43 cm (17") / Egipties: 53 cm (21").

1.2 **Og (Koning van Basan).** Afhangende van watter tipe el gebruik word, kon die bed van Og, die koning van Basan, enigiets tussen 3,9 m of 4,8 m lank en 1,72 m of 2,13 m breed gewees het.

1.3 **Ander reuse.** Ander reuse uit die Bybel was mense soos Jisbi-Benob, Saf, die broer van Goliat die Gittiet; en die reus (uit 'n plek met die naam 'Gat') met ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet.

> "En Jisbi-Benob wat uit die kinders van die Refaïete was—die gewig van sy spies was drie honderd sikkels koper in gewig, en hy was omgord met 'n nuwe swaard—het gedink om Dawid te verslaan. Maar Abísai, die seun van Serúja, het hom gehelp en die Filistyn verslaan en hom gedood. Toe het die manne van Dawid hom besweer en gesê: U mag nie meer saam met ons uittrek na die geveg nie, dat u die lamp van Israel nie uitblus nie. En daarna was daar weer oorlog met die Filistyne in Gob.

> Toe het Síbbegai, die Husatiet, Saf, uit die kinders van die Refaïete, verslaan. En daar was weer oorlog met die Filistyne in Gob; en Élhanan, die seun van Jáäre-Orgim uit Betlehem, het Góliat, die Gittiet, wie se spiessteel soos 'n wewersbalk was, verslaan. En daar was weer oorlog in Gat; en daar was 'n baie lang man, met ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet, vier en twintig in getal, en hy was ook 'n afstammeling van die Refaïete. En hy het Israel gehoon, maar Jónatan, die seun van Símea, die broer van Dawid, het hom verslaan. Hierdie vier was afstammelinge van die Refaïete in Gat, en hulle het geval deur die hand van Dawid en deur die hand van sy dienaars."
> [2Samuel21:16-22AOV].

2. **Flavius Josephus se opmerking oor reuse.** Die gerespekteerde Joodse historikus, Flavius Josephus (37 A.D. - 100 A.D.), skryf soos volg (my vertaalde parafrase):

> "Daar (in Hebron) was tot dan toe die oorgeblewe ras van reuse, wie sulke groot liggame en so totaal verskillende voorkoms as ander mense gehad het, dat hulle verrassend daar uitgesien het en verskriklik was om te hoor. Die beendere van hierdie manne word tot vandag toe vertoon ..."
> ['Antiquities of the Jews': 111].

3. **Die skeptici se vrae beantwoord.** Sommige skeptici hou vol dat, soos die teks lees, die woord "reus" as "vernaam" (d.i., belangrike, vooraanstaande manne van naam) en nie noodwendig as fisies groot, vertolk behoort te word. Dit is egter 'n onopregte vertolking van die Bybel. Byvoorbeeld:

- Indien Jisbi-Benob slegs "belangrik" ("vernaam") maar nie regtig fisies groot was nie, waarom sou dit dan vir Abísai nodig gewees het om vir Dawid (wie 'n reus soos Goliat al man-alleen doodgemaak het) te help om die reus te verslaan?

- Indien Koning Og van Basan slegs "belangrik" ("vernaam") was maar nie letterlik fisies groot was nie, waarom sou sy bed dan noodwendig so enorm moes wees?

- Indien Goliat slegs "belangrik" ("vernaam") was maar nie letterlik fisies groot was nie, waarom sou sy wapens dan so groot en swaar moes wees, of waarom sou sy pantser so swaar moes wees?

L.W. Dieselfde geld vir al die ander 'reuse' in ons Skrifverwysings oor hierdie onderwerp.□

72

SIERAAD VIR AS

Om bemin te word is die beste van alle winskopies

(Engelse spreekwoord, 17de eeu)

1. **Sieraad vir as.** Een dag, lank gelede, staan Jesus van Nasaret, 'n jongman van ongeveer 30 jaar oud, in Jerusalem in die sinagóge op en begin te lees uit die Boek van Jesaja:

> "Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig. En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy sit, en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig. Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul."
> [Lukas4:18-21AOV].

Dus, gedurende die daaropvolgende twee millennia, seën Jesus Christus almal wat in kinderlike geloof na Hom toe kom met een van die grootste geskenkpakkies ooit in die geskiedenis van die mensdom, presies soos Jesaja geprofeteer het:

SIERAAD vir as, VREUGDE-OLIE vir treurigheid en 'n GEWAAD van LOF vir 'n verslae gees.

> " ... om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking."
> [Jesja61:3AOV].

2. **Die as van die Ateïsme.** Ateïste kla gedurig dat die Kosmos geen "ontwerp", "doel" of "betekenis" bied nie en, in die tragiese afwesigheid daarvan, slegs 'n (sogenaamde) bondel "meedoënlose onverskilligheid" (Richard Dawkins). Maar, geen wonder ... hulle het dan die Hemelse 'Droommaker' van die gawe van *Sieraad vir as, Vreugde-olie vir treurigheid* en *'n Gewaad van lof vir 'n verslae gees* totaal verwerp! Wanneer die ateïs Jesus Christus as Verlosser & Heer verwerp, verwerp hy, vir alle praktiese doeleindes, (i) ONTWERP ("Sieraad vir as"), (ii) BETEKENIS ("Vreugde-olie vir treurigheid") en (iii) DOEL ('n "Gewaad van Lof vir 'n verslae gees"). Mens kan nie blom sonder ontwerp, betekenis en doel nie.

Ons sien "Sieraad" (Skoonheid) in die prag en praal van die majestuese Kosmos waar sterrestelsels soos klosse reuse kandelare vanaf die hemelse plafonne gedrapeer skitter; 'Vreugde-olie' (Hemelse blydskap) in Jesus Christus se belofte van 'n eie woning vir elke gelowige in die Vader se Huis van Baie Wonings; 'n 'Gewaad van Lof' (Aanbidding & Lofprysing) vir 'n verslae gees waar hartseer, depressie en rou vir ewig uitgewis word deur die aantrek van Jesus Christus se Mantel of Kleed van Geregtigheid in aanbidding van die Skepper.

Sonder hierdie gawes van God sal die lewe in hierdie Kosmos (wat dit ookal alles mag behels, nou en in die toekoms) onvermydellik ontbreek aan *ontwerp, betekenis* en *doel,* d.i., Dawkins' se bisarre (ateïsme-gedrewe) wêreld van die "meedoenlose onverskilligheid" van die Skepper. Geen wonder Jesus het gewaarsku:

> "Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape. Maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar."
> [Johannes10:10-11AOV].

3. **Messiaanse profesié uit die Ou Testament antisipeer die koms van Jesus Christus.** Soos reeds genoem, was die koms van Jesus Christus 'n vervulling van die Profesiëe van Jesaja, soveel so dat teoloë vandag van mening is dat toe Jesus Christus op die toneel verskyn het in eerste eeuse Palestina, Hy gearriveer het in 'n 'profetiese venster' uniek in die geskiedenis, wat beteken dat enigiemand (valse profeet) wat vandag die rol van die Messias gerieflikheidshalwe vir homself wou 'kaap', die profétiese bus alreeds met minstens tweeduisend jaar sou verpas het.

> "Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos; om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking."
> [Jesaja61:1-3AOV].□

"Wat is dan die voordeel van die Jood? Of wat is die nut van die besnydenis? Groot, in alle opsigte: ten eerste tog seker dat aan hulle die woorde van God toevertrou is."
[Romeine3:1-2AOV]

73

GEESTELIKE OORLOGVOERING: DIE GEBEDSDAGBOEK

Vra, en vir jou sal gegee word; soek, en jy sal vind;
klop, en vir jou sal oopgemaak word

Jesus van Nasaret, die Christus
(Ongeveer 33N.C.)

1. **Inleiding.** Stel u vóór hoeveel armer die wêreld sou gewees het indien die ou Bybelse partriarge, heiliges, staatsmanne, priesters en skrifgeleerdes nooit hulle werk en gedagtes sou aangeteken het nie, soos bv. Bybelgeskiedenis, die Psalms, die Spreuke van Salomo, magtige gebede en wonderwerke, die Gebooie, die Evangelie, die profesiëe en die Sendbriewe van die Nuwe Testament. Daarom is ek vandag 'n vurige ondersteuner van die gedagte van 'n Gebedsdagboek of Gebedsjoernaal vir elke Christen.

2. **Enkele opmerkings oor die Gebedsdagboek/Gebedsjoernaal.**

2.1 **Geen 'boutiek' Gebedsdagboek/Gebedsjoernaal.** Indien u dit oorweeg om vir u 'n Gebedsdagboek of Gebedsjoernaal aan te skaf, bly weg van die tipiese (duur) 'boutiek' Gebedsdagboek. Ek gee voorkeur aan 'n gewone, goedkoop en ongedateerde (A4-grootte) swart toonbankboek soos aangebied in die supermark of deur die skryfbehoeftes winkel en wat my in staat stel om so lank en gereeld te skryf as wat ek wil en daar ook nie van my verwag word om elke dag 'n geforseerde stukkie te skryf net omdat die datum vir daardie dag steeds oop staan nie. Vermy 'n 'wettiese' dwingelandy benadering tot die Gebedsdagboek.

2.2 **Geestelike oorlogvoering.** Die Gebedsdagboek vorm vir die biddende Christen intersessor 'n integrale deel van *Geestelike Oorlogvoering* teen die Teëstander. Toe Satan Jesus versoek het, het Jesus hom eenvoudig berispe met: *"Dit staan geskrywe ...!"* Wanneer ons soms ons (Skrif-ondersteunde) gebede in die Gebedsdagboek aanteken, bevestig en versterk ons sekere tydbeproefde Bybelse waardes en beginsels vir onsself, wat sodoende dien om ons geloof in die tydlose beloftes van God versterk.

2.3 **Die ('Exodus') Wildernis Tabernakel.** Sommige geleerdes en geskiedkundiges vertel dat die ou Hebreër, wanneer hy in die dae van Moses,

wou bid teen die agtergrond van 'n Wildernis Tabernakel wat nie ontwerp was om miljoene (of selfs honderde) gelowiges of aanbidders te akkommodeer nie, hy doodgewoon sy gebedsmantel of skouerkleed ('Tallit') oor sy hoof sou trek en vanaf daardie oomblik was hy, metafóries gesproke en vir alle praktiese doeleindes, in die Tabernakel, biddende tot God. So was seker gemaak dat niemand, d.i., priester, soldaat, arbeider, man, vrou of kind, ooit geestelik 'agtergelaat' sou word deur God nie.

Vir my, 'n nie-Jood en gelowige vanuit die 'heidendom', fungeer die Gebedsdagboek of Gebedsjoernaal as my 'Gebedsmantel' ('Tallit') waarin ek skuil en bid in tye van behoefte of nood. Nietemin weet ek van Evangeliese Christene wat deesdae steeds letterlik 'n Tallit* oor hulle skouers gooi om te bid, wat sekerlik 'n mooi geestelike tradisie is, maar nie vir Christene verpligtend is om te hou nie. As ek eenmaal in my Gebedsdagboek inbeweeg, byvoorbeeld dikwels in die middernagtelike ure, voel ek nêrens so veilig, beskut en geborge juis soos daar en dan nie, veral in die wete dat geen duiwel of demoon uit die hel ooit sal kan verwyder, uitvee of verander aan wat ek daar gekrywe (m.a.w., gebid) het nie.

*Joods-Messiaanse Gebedsmantel/Gebedstjalie/Gebedskleed.

2.4 **'n Argief van Herinneringe.** Die Gebedsdagboek is ideaal om te gebruik om vir ander mense in te tree en te bid, sekere situasies en probleme aan God op te dra en om allerhande feite en inligting rondom sulke gebeure aan te teken as kruisverwysing ens. Dit stel ook 'n goeie voorbeeld aan kinders en ander familielede en vriende om ná te volg. By afsterwe kan dit 'n kosbare nalating vir naasbestaandes word minstens hulle bereid sou wees om dit te versorg. My familie het 'n versoek om my Gebedsdagboek-volumes (ja, dit bly nie by 'n enkele boek nie) saam met my in my graf te gooi, mits die munisipaliteit dit sal toelaat.

2.5 **Gratis gebedsminute.** Hou in gedagte dat intersessors/voorbidders 1440 gratis gebedsminute per dag het wat verstandig, produktief en nuttig gebruik behoort te word; ongebruikte minute kan nie na die volgende dag oorgedra word nie en kan ook nie geakkumuleer word nie. Met ander woorde, verlore gebedstyd sal nooit ingehaal kan word nie; aan die einde van elke dag verval daardie gratis 1440 minute aanbod vir ewig.

Kom ek vertel u 'n geheim: Vir die bidder is die 'groen weivelde' waarin die psalmis in Psalm 23 neergelê word en die 'waters van rus' waarna hy gelei word, niks anders nie as die Gebedsdagboek gebede (en stiltetye saam met die Bybel, veral die Psalms) wat mens daagliks of periodiek soos die behoefte mag ontstaan tot God amper soos in die vorm van 'n wierook-offer bring. Ek lees dikwels die Bybel nadat ek so gebid het en was in die verlede ewe dikwels verras hoe die Bybel antwoorde op die vraagstukke (waaroor ek sopas gebid

het) verskaf het. Gebed en Bybellees/Bybelstudie gaan hand aan hand, veral in die volgorde GEBED > BYBELSTUDIE.

3. **Die lewe in die Rekenaar-eeu.** Bovermelde wenke en aanbevelings is opsioneel, en nie verpligtend nie. *Mondelinge* gebede is net so geldig soos *geskrewe* gebede; buitendien gebeur dit dikwels dat mens weg van die huis af moet bid en die Gebedsdagboek dan in elk geval nie beskikbaar sal wees nie. Ek bid soms ook in die teenwoordigheid van ander mense (in my gedagtes) sonder dat hulle dit weet. Dan is daar verder ook die vóórbidding vir ander wat mens ter plaatse aan huis van iemand moet bid; sulke gebede word dikwels opgeskrywe maar word hoofsaaklik mondelings gebid. Ander bidders 'skryf' en bewaar hulle gebede weer op lessenaar-rekenaars of op skootrekenaars, of selfs op selfone. Of u nageslag of erfgename egter geïnteresseerd gaan wees om dit te lees, is 'n goeie vraag. Aan die einde van die dag maak dit regtig net saak dat God dit lees en daarvan weet. Vroue in die Gemeente, en veral weduwees, is dikwels van die staatmakers wanneer dit kom by vóórbidding, en bidders is in wese gewoonlik ook evangeliste. Vir mans wat glo vrouens mag nie die Evangelie verkondig nie, leer die Bybel:

"Die Here het die woord laat hoor—die vroue wat die goeie tyding gebring het, was 'n groot skare."
[Psalm68:12AOV].□

" ... om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking."
[Jesja61:3AOV].

74

TIEN EMPIRIESE BEWYSE DAT GOD WAARÁGTIG IS

Absurditeit:'n Belydenis van geloof wat bots met jou opinie

Ambrose Pierce
(1842-1914)

1. Die realiteit van die BYBEL. Die psalmis skrywe:

> "Die Here het die woord laat hoor—die vroue wat die goeie tyding gebring het, was 'n groot skare."
> [Psalm68:12AOV].
> "Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal."
> [Psalm12:7AOV].
> "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie."
> [Mattheüs24:35AOV].

Terwyl ek skryf, word die Bybel nog steeds beskou as die wêreld se top verkoper. Wikipedia skrywe (my vertaalde parafrase):

> "*Met 'n geskatte totale verkope van meer as vyf miljard eksemplare, word dit (BYBEL) beskou as die top verkoper van alle tye. [4][6][7] Vanaf die jaar 2000 word ongeveer 100 miljoen eksemplare jaarliks verkoop."* [8][9].
> [Wikipedia].

2. **Die KOSMOS.** Tot vandag toe wag ek steeds op die ateïs, sekulêre humanis, evolusionis en/of filosóóf om, buite die bestek van die Bybelse teks, die volgende vrae (soos voorheen genoem) vir ons volledig en samehangend te beantwoord:

2.1 Waarom is daar iets (byvoorbeeld 'n Kosmos, sterrestelsels, sonnestelsels, planete met mane, mense, diere, plante ens.) in plaas van niks?

2.2 Waar kom die Kosmos vandaan?

2.3 Waar kom ons (as mense) vandaan?

2.4 Waarom is ons (as mense) hier?

2.5 Waarheen is ons (as mense) op pad?

2.6 Hoe kan ons die verskil tussen Reg en Verkeerd ken?

2.7 Is daar hoop vir Planeet Aarde?

2.8 Is daar lewe na die dood?

2.9 Waarom kan die Darwinisme nog steeds na "miljoene jare" van (sogenaamde) "progressiewe evolusie" nog steeds niks beter aan die mensdom bied nie as 100% sterftesyfer vir eke mens en elke nasie in elke land?

In skerp kontras teenoor die Darwinisme, kan die Christen bogenoemde vrae, wanneer dit nodig word, gewoonlik maklik beantwoord vanuit die Bybelse teks. Ek herinner die leser aan die volgende:

- Volgens wetenskaplikes self weet die wetenskap vandag maar net ongeveer 5% van wat in die Kosmos (Heelal) aan die gang is; die res (95%) word beskrywe as, "Onnaspeurbare donker materié en donker energié". Net so erken wetenskaplikes dat hulle tans net 10% tot 20% weet van alles wat in die oseane van ons planeet aangaan.

- Dit is, met ander woorde, moontlik dat God (of die dieper geheime van die skepping) vanaf die tegniese waarnemings en gesig van die wetenskaplikes verberg word deur die 80% tot 90% wat hulle nog nie van die oseane af weet nie en van die 95% wat hulle nog nie van die Kosmos af weet nie. Buitendien, selfs al sou hulle 100% kon weet van wat alles in die Kosmos aangaan (wat myns insiens onmoontlik sou wees) sou hulle waarskynlik steeds nie vir God kon opspoor of naspeur nie, want, (om 'n allegórie te gebruik) mens soek tog sekerlik nie na James Webb in die "ratte" van 'n James Webb teleskoop nie. Die Bybel leer:

> "In die begin [TYD] het God die hemel [RUIMTE] en die aarde [MATERIÉ] geskape."
> [Genesis1:1AOV].
>
> "Wie het die waters met die holte van sy hand afgemeet, en van die hemele met 'n span die maat geneem, en in 'n drieling die stof van die aarde opgevang, en die berge geweeg met 'n weegtoestel en die heuwels met 'n weegskaal? Wie het die Gees van die HERE bestier en as sy raadsman Hom onderrig? Met wie het Hy raad gehou, dat dié Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom bekend maak die weg van volledige insig?"
> [Jesaja40:12-14AOV].

"So sê God, die HERE, wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop wandel."
[Jesaja42:5AOV].
"Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskape; Ek—my hande het die hemel uitgespan, en Ek het aan sy ganse leërskare bevel gegee."
[Jesaja45:12AOV].
"Hy wat die Sewe-ster en die Oríon gemaak het en die duisternis in môrelig verander en die dag tot nag verduister, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die oppervlakte van die aarde—HERE is sy Naam!"
[Amos5:8AOV].
"U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape ...
en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie."
[Openbaring4:11; 10:6AOV].

3. **Die realiteit van PLANEET AARDE.** Die Bybel leer:

"Naak lê die doderyk voor Hom, en die plek van vertering het geen bedekking nie—voor Hom wat die noorde uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks; wat die waters saambind in sy wolke sonder dat die wolkgevaarte daaronder skeur; wat die gesig van die troon toehou deurdat Hy sy wolk daaroor uitsprei. Hy het 'n kring afgetrek oor die watervlakte tot waar lig in duisternis eindig."
[Job26:6-10AOV].

Hier stel Job dit duidelik dat die aarde soos ander planete 'n sfeer is wat in die ruimte aan 'n "niks" hang, presies soos wat moderne teleskope (bv. Edward Hubble en James-Webb), ruimte-navorsing en NASA fotos vandag bevestig.

4. **Die realiteit van die SEWE-DAG WEEK.** Volgens die Bybel het God die hemele en die aarde in ses dae geskep en op die sewende dag gerus, nie omdat Hy 'moeg' was nie, maar omdat Sy skeppingswerk voltooi was. Sedertdien het ons 'n sewe-dag week, en tot dusver kon niemand slaag om daaraan te verander nie (VERWYS: Genesis1:1-31AOV).

"So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak."
[Genesis2:1-3AOV].

5. **Die realiteit van die SIONISME.** God het aan Abraham (Abram > Abraham > Isaac >Jacob > Israel) soos volg beloof:

> "En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."
> [Genesis12:1-3AOV].

Die profeet Jesaja waarsku:

> "In die sterfjaar van koning Agas het hierdie Godspraak uitgegaan. Wees nie bly, o ganse land van die Filistyne, dat die roede verbreek is wat jou geslaan het nie; want uit die wortel van die slang sal 'n basilisk voortkom, en sy vrug sal 'n vlieënde draak wees. En die eersgeborenes van die armes sal wei, en die behoeftiges sal veilig lê en rus; maar jou wortel sal Ek deur honger laat sterwe, en jou oorblyfsel sal hy doodmaak. Huil, o poort! Skreeu, o stad! Bewe, o ganse land van die Filistyne! Want uit die noorde kom rook, en daar is geen afswerwer onder sy skare nie. Wat sal hulle dan die boodskappers van die nasie antwoord? Dat die HERE Sion gegrondves het, en dat die ellendiges van sy volk daarin sal skuil."
> [Jesaja14:28-32AOV].

6. **Die wonder van GEBOORTE.** Binne 'n uur nadat my seun in 1979 gebore is (en dieselfde by die geboorte van my dogter in 1981) het ek besef dat ek my lewe sou gee vir 'n persoon wat ek slegs 'n uur vantevore van nêrens af geken het nie, 'n emosie en ervaring wat geen sekulêre sielkunde (bv. psigoanalise of psigoterapié), ateïsme-evolusionisme (Darwinisme) of kontemporêre filosofié ooit sal kan verklaar nie.

Hierdie verskynsel, d.i., die wonder van geboorte en van die skepping, illustreer duidelik die absurditeit van die godsdienskultus van die ateïsme-evolusionisme se hardnekkige verknogtheid aan die idee van 'DOOD-ná-dood' en aan die Darwinisme wat, na "miljoene jare" van "progressiewe evolusie" (sogenaamd), nog steeds niks beter aan die mensdom kan bied as 'n sterftesyfer van 100% vir elke mens, elke generasie en elke nasie in elke land van die wêreld nie.

Hierdie wonder van geboorte, lewe en die realiteit van die menslike persoonlikheid, bewys met ander woorde dat die lewe van die mens baie méér is as net 'n fisiologiese versameling selle, DNA-stringe, senuwees, bloed, hare, huid, water en 'n brein saamgestel uit 'n klos intelligente, bewegende, denkende atome. Dit bevestig ook die Bybelse feit dat die fisiese liggaam van die mens 'n onsterflike gees (en siel en persoonlikheid) huisves wat deur God geskape is en deur die Hemelse Vader gekoester word.

7. **Die realiteit van die Genesis VLOED & ARK van NOAG.** Sceptici, ateïs-evolusioniste (en selfs hedendaagse Christelike ateïste of postmoderniste!) doen steeds hul uiterste bes om die bestaan van Noag, die sondvloed van Genesis en die ark van Noag as 'n uitgediende Joodse oorlewering, fabel of mite af te skiet. Dit doen hulle nieteenstaande die feit dat die egtheid van die Genesis verslag oor Noag en die vloed deur die Bybel (en selfs deur die Nuwe Testament) bevestig word.

7.1. GENESIS: Die Genesis-verslag van Noag, die ark en die sondvloed van Noag.

"Toe Lameg honderd twee en tagtig jaar oud was, het hy 'n seun verwek en hom Noag genoem, want hy het gesê: Dit is hy wat ons sal troos oor ons werk en oor die moeitevolle arbeid van ons hande wat voortkom uit die aarde wat die HERE vervloek het."
[Genesis5:29AOV].
"Dit is die geslagte van die seuns van Noag volgens hulle afstamming, in hulle nasies; en uit hulle het die nasies op die aarde hulle verdeel ná die vloed."
[Genesis10:32AOV].

7.2 1KRONIEKE:

"Adam, Set, Enos, Kenan, Mahalálel, Jered, Henog, Metúsalag, Lameg, Noag, Sem, Gam en Jafet."
[1Kronieke1:1-4AOV].

7.3 JESAJA: God spreek deur die profeet:

"Soos in die dae van Noag is dit vir My: soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op jou toornig sal wees of jou sal dreig nie."
[Jesaja 54:9AOV].

7.4 ESÉGIËL: God spreek deur die profeet:

" ... al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulle eie siel red, spreek die Here HERE ...
... al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red."
[Eségiël 14:14, 20AOV].

7.5 HEBREËRS (Sendbrief):

"Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak

tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is." [Hebreërs11:7AOV].

7.6 PETRUS (Sendbrief):

"Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is." [1Petrus3:18-22AOV].

"Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het." [2Petrus2:4-5AOV].

7.7 JESUS CHRISTUS:

7.7.1 **Wat betref die bloedlyn (genealogié):** VERWYS na Lukas3:23-38AOV].

7.7.2 **Wat betref die wederkoms:**

"Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." [Mattheüs24:36-39AOV].

" En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word." [Lukas17:26-30AOV].

8. **Die realiteit van SONDE.** Met betrekking tot di realiteit van die kwaad en sonde leer die Bybel:

"En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie ... Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg."
[Prediker12:1, 14AOV].

"Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!"
[Mattheüs6:22-23AOV].

"So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken ...
Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn."
[Mattheüs7:17-20; 12:34-35AOV].

"En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was. Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig. Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie."
[1Johannes1:5-10AOV].

"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."
[Jesaja1:18-20AOV].

9. **Die realiteit van GEESTELIKE WEDERGEBOORTE.** 'Geestelike wedergeboorte' is een van die wondere van 'n verhouding met Jesus Christus en word tot stand gebring deur die misterieuse inwerking van die Heilige Gees van God ... ook bekend as die 'wedergeboorte'. Die Bybel leer:

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is."
[Johannes1:12-13AOV].

"Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n nuwe skepsel."
[Galasiërs6:15AOV].

"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."
[2Korinthiërs5:17AOV].

"Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom."
[Romeine5:14AOV].
"Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word ...
So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees."
[1Korinthiërs15:22,45AOV].

10. **Die realiteit van die DOOD.** Die dood is 'n feit van die lewe wat nie ontken of verander kan word nie. Selfs na "miljoene jare" van sogenaamde "evolusionêre progressie " is die sterftesyfer vir die mensdom (vir elke generasie van elke nasie) nog steeds 100%. Die rede hiervoor is duidelik; die Bybel leer:

"En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."
[Hebreërs9:27-28AOV].

11. **Jesus Christus deur God die Vader aangewys as die Hoofregter by die Groot Wit Troon Oordeel.** Mens wonder of, in die lig van bovermelde lys van empiriese bewyse, die ateïs dan nog steeds kans sien om voor God by die *Groot Wit Troon Oordeel* te gaan staan met sy flou verskonings vir sy ateïsme en om Jesus Christus, wie hy op aarde so verag en beledig het, met vrymoedigheid in die gesig te kyk? Sal sy onkunde daardie dag verskoon kan word? Die Bybel leer:

11.1 **Geen ander Naam waardeur die mens gered kan word.**

"Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."
[Handelinge4:11-12AOV].
"En Hy sê vir hulle: Julle is van benede, Ek is van bo; julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie. Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe."
[Johannes8:23-24AOV].

11.2 **Jesus Christus, die Voorsittende of Presiderende Hoofregter.** Tydens die Groot Wit Troon Oordeel sal Jesus as Hoofregter optree.

"Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil. Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe. Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê. En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is."
[Johannes5:21-27AOV].

11.3 **By die Oordeel sal Jesus Christus Hom skaam vir diegene wie hulle vandag vir Jesus Christus skaam.** Skaam vir Jesus?

"En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red. Wat baat dit 'n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen? Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele."
[Lukas9:23-26AOV].

11.4 **Geen verskoning sal aanvaar word nie.** Die Bybel waarsku:

"Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword."
[Romeine1:18-22AOV].□

**"En Hy sê vir hulle: Julle is van benede, Ek is van bo; julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie. Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe."
[Johannes8:23-24AOV].**

75

WAAROM WETENSKAPLIKES NET *5*% WEET VAN DIT WAT IN DIE KOSMOS AANGAAN

Soos die kennis toeneem, verdiep die wonder

Charles Morgan
(1894-1958)

1. **Inleiding.** Maak enige ensiklopedié of wetenskap-teksboek oop en die uitslag is (soos reeds voorheen genoem) dieselfde: Wetenskaplikes weet net ongeveer *5*% van wat in die Heelal aangaan. Die res (*95*%) word bekrywe as "Onnaspeurbare donker materié en donker energié." Ander beskrywe die onbekende *95*% as, "'n totale misterié." Waarom? In hierdie, die mees gevorderde en geleerde generasie in die geskiedenis ... waarom?

2. **Redes waarom wetenskaplikes net ongeveer *5*% weet van dit wat in die Kosmos aangaan.** Hou in gedagte dat daar baie wetenskaplikes en/of Christen apologéte is wat God vrees, die Woord van God eer en lief is vir Jesus Christus; hulle, d.w.s., mense soos John Lennox, Jonathan Sarfati, Stephen Meyer, Henry Morris, Gary Habermas, Robert Gentry, Tas Walker, Ken Ham ens. word gerespekteer en behoort die erkenning vir hulle prestasies te geniet wat hulle toekom. My fokus hieronder is op diesulkes wie besluit het om God nié te eer nie.

2.1 **Hulle vrees God nie.** Die Bybel leer dat hy wat in sy hart sê dat daar geen geen God is nie 'n 'dwaas' is. [Psalm14:1; *53*:2]. Hulle verwerp die idee van 'n Skepper as 'n uitgediende, verouderde Joodse fabel om sodoende die moontlike gawe van God, naamlik, die pêrels van kennis wat Hy vir hulle dalk wou gee, nou terug te moet hou. Die Bybel leer:

> "Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie."
> [Jeremia33:3AOV].
>
> "Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie."
> [Mattheüs7:6AOV].

'n Goeie voorbeeld hiervan is hoe wetenskaplikes vir jare lank geglo het dat die Heelal altyd bestaan het en dat dit geen begin gehad het nie ... totdat die eerste berigte oor 'n "Oerknal" ("Big Bang") die publiek getref het. Het

wetenskaplikes God in die eerste plek vroëer op Sy Woord geneem, sou hulle dit dalk baie vroëer ontdek het.

2.2 **Hulle eer nie vir Jesus Christus nie.** Hulle eer nie vir Jesus Christus nie, God die Vader se *de facto* Argitek van die Kosmos en Projek Ingenieur wie die Heelal geskape het en steeds daagliks in stand hou met die krag van Sy woord. God die Vader het gewaarsku dat Hy sal eer diegene wat Sy Seun eer.

> "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle."
> [Hebreërs1:1-4AOV].
>
> "Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie ... Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê. En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is ... En Jesus sê vir hulle: Wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, dan sal julle weet dat dit Ek is; en uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek. En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is ... Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik— soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee."
> [Johannes5:22-23 & 26-27; 8:28-29; 17:1-2AOV].

2.3 **Hulle koester nie die Heilige Skrif (Die Woord van God) nie.** Omdat hulle God nie eer nie, ontbreek dit hulle aan méér besondere, merkwaardige deurbrake in wetenskap navorsing. Die Bybel leer dat *die vrees van die Here* die beginsel is van wysheid en kennis, d.i., wysheid en kennis wat hulle verkies het om te verwerp.

> "Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug."
> [Proverbs1:7AOV].
> "Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand."
> [Job28:28AOV].

2.4 **Hulle beskik oor geen geloof nie en gevolglik bid hulle ook nie.** Sommige ateïste sal ure, en soms maande en jare, spandeer aan pogings om die

ligaamstaal, gebare en geluide van die primate (ape, bobbejane ens.) te probeer dekodeer, maar nie 'n enkele minuut om tot God te bid en Hom te vra vir wysheid nie. Hier voor my venster waar ek skryf, sit 'n voëltjie getrou op sy pos om elke oggend om ongeveer 5 vm. te begin tjirp met wat klink soos, *"It's a great secret! It's a great secret!"* Jesus Christus het ons aangemoedig om nooit moed op te gee nie maar gedurigdeur te bid. Die Bybel leer ons (die ateïs ingesluit) van 'n groot geheim:

"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."
[Hebreërs11:6AOV].
"En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie."
[Lukas18:1AOV].

2.5 **Hulle het wys in hul eie oë geword.** Daar is niemand meer patéties as die mens (Christen of Ateïs) wat wys in sy eie oë geword het nie. Die Bybel leer:

"Omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword."
[Romeine1:21-22AOV].
"Wees nie wys in jou eie oë nie; vrees die HERE, en wyk af van die kwaad."
[Spreuke3:7AOV].
"Die weg van ' dwaas is reg in sy eie oë, maar die wyse luister na raad."
[Spreuke12:15AOV].
"Die wyse vrees en wyk af van die kwaad, maar die dwaas bruis op en is vol selfvertroue."
[Spreuke14:16AOV].
"Het jy 'n man gesien wat wys is in sy eie oë? Daar is meer hoop vir 'n dwaas as vir hom."
[Spreuke26:12AOV].□

"Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie."
[Jeremia33:3AOV]

76

WAAROM CHRISTENE NIE HUL TYD MET SPIRITUALISME VERSPIL NIE

Mens kan nie tyd verspil sonder om die Ewigheid skade aan te doen nie

H.D. Thoreau
(1817-1862)

1. **Dit is 'n vry land.** Ek glo in die eerbare beginsel van die vryheid van 'n keuse van godsdiens vir elke mens solank mense nie die wet oortree nie, met ander woorde sal ek nooit 'n diktatoriale verbod op die beoefening van enige godsdiens deur enige persoon of groep ondersteun nie tensy die praktyke van die een of ander ekstreme, sektariese-gedrewe, godsdienstige beweging gevaarlik disfunksioneel, anti-sosiaal, gewelddadig, krimineel of onwettig geword het nie.

Nietemin, hier volg enkele redes waarom die meeste Evangeliese Christene waarskynlik nooit hulle tyd sal verspil met die beoefening van die Spiritualisme (d.w.s., *"'n godsdienstige beweging gebaseer op die geloof dat die geeste van afgestorwenes bestaan en oor die vermoë beskik om met die lewendes te kommunikeer."* [Wikipedia].

Die spiritualiste het 'n merkwaardige vertroue in en passie vir die beoefening van die Spiritualisme. Skryf Wikipedia:

> *"The afterlife, or the 'spirit world', is seen by spiritualists not as a static place, but as one in which spirits continue to evolve. These two beliefs—that contact with spirits is possible, and that spirits are more advanced than humans—lead spiritualists to the belief that spirits are capable of providing useful insight regarding moral and ethical issues, as well as about the nature of God."*
>
> [Wikipedia].

1.1 **Evangeliese Christene steun nie Darwin se Evolusie Teorié ('Evolusionisme') nie.** Die woord 'evolueer' ('evolve') in die teks hierbo ("afgestorwe geeste bly evolueer") klink vir Christene hopeloos te veel na Darwinisme, 'n ideologié en wêreldbeskouing wat deur Evangeliese Christene verwerp word. Evolusioniste kan nie eers Evolusionisme vir mense van hierdie lewe op aarde bewys nie, wat nog van die lewe van "evoluerende" afgestorwe geeste in die Hiernamaals; klink darem baie naby aan die een of ander vorm van 'reïnkarnasie', 'n tipiese heidense wêreldbeskouing.

1.2 **Daar bestaan geen noodsaaklikheid of dringendheid vir spiritualiste om die Hiernamaals (d.i., 'lewe-ná-die-dood') te bewys nie.** Die verskoning wat spiritualiste vir Spiritualisme gebruik, naamlik dat hulle met die oproep van die geeste van afgestorwenes probeer om te bewys dat daar lewe na die dood is, is nie geldig nie, want die Bybel is oorlopens toe vol van voorbeelde wat dit demonstreer en alreeds bewys. Trouens is dit waarskynlik onmoontlik vir enige spiritualis om ooit die rykdom van informasie oor lewe ná die dood, soos dit in die Bybel deur middel van die geskiedkundige teks en Bybelse openbaring voorkom, te ewenaar, wat nog te oortref. Hierdie bewegings is waarskynlik besig met die skandelike vermorsing van hul eie en ander mense se tyd, moeite en geld. Die hele bediening van Jesus Christus is gefundeer op die hoop van die opstanding uit die dood, soos byvoorbeeld in die gevalle van Lazarus, Jaïrus se dogterjie ens. wie self uit die dood opgewek is tydens Sy eie opstanding uit die dood na Sy kruisiging en veral tydens die verskyning van Moses en Elia aan Christus op die Berg van Verheerliking in die teenwoordigheid van drie ooggetuies (Johannes, Petrus en Jakobus); waar sal ons 'n beter bewys van lewe na die dood aantref as juis hier?

> "En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring. En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elía in gesprek met Hom. Toe begin Petrus vir Jesus te sê: Here, dit is goed dat ons hier is; as U wil, laat ons hier drie hutte maak: vir U een en vir Moses een en een vir Elía. Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom! En toe die dissipels dit hoor, het hulle op hul aangesig geval en was baie bevrees. En Jesus het nader gekom en hulle aangeraak en gesê: Staan op en moenie vrees nie. Toe slaan hulle hul oë op en sien niemand meer nie, behalwe Jesus alleen. En onderwyl hulle van die berg afklim, het Jesus hulle bevel gegee en gesê: Julle moet vir niemand iets van die gesig sê voordat die Seun van die mens uit die dode opgestaan het nie."
>
> [Mattheüs17:1-9AOV].

1.3 **Dit is vir die geeste van afgestorwenes onmoontlik om met mense op aarde ('aardlinge') kontak te maak.** Die Bybel leer dat daar 'n groot, onoorbrugbare kloof tussen die aardbewoners en die geeste van afgestorwenes bestaan, en Jesus het nooit oor sulke dinge gelieg nie. Diegene wat beweer dat hulle in verbinding getree het of kan tree, is besig om ander te mislei of is self besig om mislei te word. Hierdie gesprek tussen Abraham en ryk man aan die anderkant (albei histories oorlede) demonstreer duidelik hoe onmoontlik dit is vir die geeste van afgestorwenes om met aardlinge kontak te maak:

> "En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere

voor sy poort gelê het. En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek.
En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem.
En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam.
Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte.
En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.
En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur—
want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie.
Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister.
Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer.
Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan."
[Lukas16:19-31AOV].

1.4 **Die Bybel verbied mense se pogings om 'kontak' te maak met die sogenaamde 'geeste van afgestorwenes'.** God het 'n baie ongunstige opinie oor mense wat probeer kontak maak met die geeste van afgestorwenes uit die praktyke van spiritualiste. Spiritualiste wat betaling vir hulle dienste verwag is oneerlik en tree op in die realm van finansiële bedrog:

"As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie. Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan—wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit. Opreg moet jy wees met die HERE jou God. Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so iets toegelaat nie."
[Deuteronomium18:9-14AOV].
"En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel—moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word?"
[Jesaja8:19AOV].

1.5 **Die Heilige Gees is voldoende.** Jesus Christus het die Heilige Gees, d.w.s. die 'Parakletos' (Die 'Trooster' of, 'die Een gestuur om te help') vir ons

moréle (geestelike) ondersteuning in tye van krisis of vir geestelike kennis, wysheid en groei. Die Bybel leer:

> "Maar die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur. Sy skop is in sy hand, en Hy [JESUS] sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand."
> [Mattheüs3:10-12AOV].
> "Ek [JOHANNES] het julle wel met water gedoop, maar Hy [JESUS] sal julle doop met die Heilige Gees ...
> En wanneer hulle jul weglei om julle oor te lewer, moenie julle vooraf kwel oor wat julle sal spreek nie, en moenie daaroor dink nie; maar wat julle in dié uur gegee word, dit moet julle spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees."
> [Markus1:8; 13:11AOV].
> "Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het. Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."
> [Johannes14:24-26AOV].
> "Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het."
> [1Korinthiërs2:10-12AOV].
> " ... terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedélinge van die Heilige Gees volgens sy wil?"
> [Hebreërs2:4AOV].
> " ... in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid."
> [Efesiërs1:13-14AOV].
> "Bewaar jou goeie pand deur die Heilige Gees wat in ons woon."
> [2Timotheüs1:14AOV].
> "As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel."
> [Galasiërs5:25AOV].

2. **Stap Harry Houdini binne.** Harry Houdini (1874-1926), die grootste ontsnapkunstenaar, het tydens sy lewe 'n groot reputasie opgebou vir die ontmaskering van korrupte spiritualiste in die pseudo-wetenskap van die

spiritualisme-industrié. Sien artikel, *Houdini, The Hunter of Fake Ghosts'* (Open Mind, 24 Maart 2018].□

Verwysings

1. OpenMind. *Houdini, the Hunter of Fake Ghosts*. Online 2018.
2. Wikipedia. *Harry Houdini*. Online.
3. Wikipedia. *Spiritualism.* Online2021.

"En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie."
[Lukas18:1AOV]

77

WAAROM DIAMANTE SO WAARDEVOL IS

God bied elke gees 'n keuse tussen waarheid en die leuen; neem enige
één van die twee wat jy verkies; jy kan nie albei gelyktydig neem nie

R.W. Emerson
(1803-1882)

1. **Die Cullinan-diamant.** Ons woon ongeveer een uur se ry vanaf die Premier Myn in Suid-Afrika, waar die wêreld se grootste diamant van edelsteen-kwaliteit , die *Cullinan (3106,75 karaat / 621,35 g),* op 26 Januarie 1905 gevind is.

Sommiges skat die waarde van die diamant, geslyp deur J. Asscher & Co. van Amsterdam in nege groter en ongeveer honderd 100 kleiner diamante, en vervolgens opgeneem in die Britse kroonjuwele in 1907, op ongeveer $2 miljard $2 000 000 000) in huidige (2021) pryse.

Om te kan verduidelik waarom diamante so waardevol is, was ek genoodsaak om die mees voorbeeldige norm denkbaar vir die doel te gebruik, naamlik die persoon van Jesus Christus, ook wel bekend as 'die Pêrel van Onberekenbare Waarde' ('The Pearl of Great Price'):

1.1 Diamante word beskou as die kosbaarste geskenk en 'n ontsterflike vlam van liefde.

"Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood. Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."
[Romeine6:23AOV].

1.2 Diamante herinner aan romantiek en legendes.

"Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word. Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel."
[Johannes15: 13AOV].

1.3 Diamante is 'n simbool van krag en moed.

"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,
die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.
Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie."
[Hebreërs12: 1-3AOV].

1.4 Diamante wek ontsag by die aanskoue daarvan.

"Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie."
[Hebreërs1:3-4AOV].

1.5 Diamant = 'Adamao' (Gk): 'Ek tem, ek bedwing'.

" ... dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee."
[Efesiërs1:17-22AOV].
"So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS] 'n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens [ADAM] was uit die aarde aards, die tweede mens [JESUS] is die Here uit die hemel. Soos die aardse mens was, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense. En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra."
[1Korinthiërs15:49AOV].

1.6 Diamante is oogverblindend, briljant en fassinerend.

"Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid.
Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het. Ek gebied jou voor die aangesig van God wat aan alle dinge die lewe gee, en van Christus Jesus wat voor Pontius Pilatus die goeie belydenis betuig het, dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van onse Here Jesus Christus wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en

Here van die here, wat alleen onsterflikheid besit en ‘n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen.”
[1Timotheüs6:11-16AOV].

2. Die wysheid van Jesus Christus, die Pêrel van Onberekenbare Waarde.

“Verder is die koninkryk van die hemele soos ‘n skat wat verborge is in die saailand, wat ‘n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand. Verder is die koninkryk van die hemele soos ‘n koopman wat mooi pêrels soek; en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit.”
[Mattheüs 13:44-46AOV].□

Verwysings

1. Diamond Rocks. *Why Are Diamonds So Valuable?* London. Online. 2021.

**“Want julle moet ag gee op Hom wat so ‘n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.”
[Hebreërs1:3-4AOV]**

78

WAAROM CHRISTENE NIE HUL TYD MET 'NEW-AGE' SPIRITUALITEIT VERSPIL NIE

'n Blinde persoon sal jou nie bedank vir 'n teleskoop as geskenk nie

(Engelse Spreuk, 18de Eeu)

1. **'New Age' Spiritualiteitsprofiel (NAS).** NAS moet nie met die *Spiritualisme* verwar word nie, en is gerig op die verskynsels of faktore van die *Siel, Liggaam en Gees* ('Mind, Body & Spirit') soos beïnvloed deur die verskillende strominge in soos 'New Thought' en 'Teosofié' ('Theosophy'). Voorbeelde van bekende 'mantras' uit die NAS hoek:

- "God is alles!"
- "Alle dinge is één!"
- "Die mens is God!"
- "Die gees skep die realiteit!"
- "Eie ervaringe valideer die waarheid!"

[Crosswalk.com/Wikipedia].

Een interessante toeval is dat Adolf Hitler ook 'n entoesiastiese bewonderaar was van Madame Blavatsky, stigter van die Teosófiese Vereniging ('Theosophical Society ') in 1875. Ander strominge het ook intussen bygedra tot die gebied van die 'New Age Spiritualiteit', b.v., die 'Teenkultuur' van die 1960s (bv., die 'Human Potential Movement', 'Holisme' en die oorvloed van 'Vreemde Vlieënde Voorwerpe' ('VVV'/'UFO') kultusse. Die 'Kerk van Skiëntologie' ('Church of Scientology') word ook deur Evangeliese Christene beskou as 'n deel van die wêreldwye 'VVV'/'UFO' beweging.

L.W. Die gebruik van die woord 'kerk' ('Ekklesia') deur die Skiëntologie-beweging en ander sulke afwykende ('aberrante') splintergroepe word beskou as onopreg, foutief en onbedagsaam, aangesien die woord eksklusief vir die eerste maal deur Jesus Christus self in die konteks van 'kerk' gebruik het in die Evangelies van die Bybel, soos oorspronklik ontleen aan die Grieke. *"The ecclesia or ekklesia (Greek: ἐκκλησία) was the assembly of the citizens in city-states of ancient Greece."* [Wikipedia].

2. **Die Ateïsme-Evolusionisme.** Die 'Klassieke Ateïstiese Darwinisme' (wat leer van die breinlose, doellose, toevallige skepping van die wêreld per ongeluk deur die natuur self) het sedert die publikasie van Darwin se eerste boek in 1859) geëvolueer in 'n sprokiesverhaal vir grootmense wat nie wil grootword nie; en, om dit nog erger te maak, het dit nou verder gemuteer na 'n aparte hibriede vorm, naamlik die 'Kreatiewe Teïstiese Evolusionisme', oftewel, 'Darwiniaanse Skepping', wat leer dat God die proses van 'Evolusie' sou geskep het en gebruik het om die wêreld mee te maak, in stand te hou en te bestuur, 'n skeppingsmodel of wêreldbeskouing wat totaal in stryd is met (i) die Bybel se 'Genesis Skeppingsverslag' en met (ii) die 'Klassieke Ateïstiese Darwinisme' self.

L.W. Indien hierdie twee verskillende en teenstrydige skeppingsmodelle of wêreldbeskouings dan onderling uitsluitend is en altwee van hulle nie gelyktydig wáár of geldig kan wees nie, watter een van die twee sou dan die regte (korrekte, geldige) een wees? Nietemin beskou meeste Evangeliese Christene die Klassieke Darwinisme niks anders as 'Wetenskap Panteïsme" nie, met ander woorde, die verering of aanbidding van die driemansskap skeppers van die Heelal, nl., (i) 'Vader TYD' (vir die evolusioniste se "miljarde en miljoene jare" teologié); (ii) 'Moeder NATUUR' (vir sulke natuurlike verskynsels soos Natuurlike Seleksie ('Natural Selection'), Aanpassing ('Adaptation'); Soortvorming ('Spesiasie', Punktuele Ekwilibrium ('Punctual Equilibrium'), Voordelige Mutasies, Lamarckisme ens. en (iii) Charles DARWIN (Die Evolusie-beweging se de facto 'messias') en dat nie een van die twee modelle geldig of korrek is nie.

3. **Waarom Evangeliese Christene nie hul tyd verspil met NAS ('New Age' Spiritualiteit/Spirituality') nie.**

3.1 NAS probeer om, metafóries gesproke, die 'wiel' weer te ontdek, en dit terwyl die wiel so rond is wat hy ooit sal kom. Die wiel kan nie verder evolueer nie, maak nie saak hoe begaafd die 'Progressiewe Evolusie' na bewering mag wees nie.

3.2 Die Bybel en Jesus Christus het alreeds alles (wat regtig saakmaak) gesê wat oor die Heelal gesê kan word bv., (i) wie die Heelal geskape het, (ii) waar ons vandaan kom, (iii) wie ons is, (iv) waarom ons hier is, (v) waarheen ons op pad is, (vi) wat ons moet weet en glo om die Ewige Lewe te kan beërwe, (vii) wie die enigste de facto Middelaar (Tussenganger) tussen God en die mens is, (viii) hoe ons kan onderskei tussen goed en kwaad, en (ix) wat in die Hiernamaals met ons gaan gebeur.

3.3 Uit die 'mantras' uit paragraaf 1 blyk dit duidelik dat die NAS beweging niks meer is as maar net nog tipiese verwarde, voorstedelike kultus gebaseer op 'n hibriede kombinasie van die Panteïsme en die Humanisme, d.w.s., 'Wetenskap Panteïsme', 'n uitkyk op die lewe en die wêreld wat in totaal deur Evangeliese Christene verwerp word.

3.4 NAS heg te veel waarde aan dinge soos mensgemaakte *Geluk, Kreatiwiteit en Vervulling;* maar nietemin ... waarom kom hulle dan nie in elk geval na die Meester van Geluk, Kreatiwiteit en Vervulling (Jesus Christus) toe nie?

"Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee."
[Romeine 14:11-12AOV].
"Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader."
[Filippense2:10-11AOV].
"Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig."
[Mattheüs11:27-30AOV].
"Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie. Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind. Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."
[Johannes10:8-11AOV].
"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen. Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."
[Openbaring22:13-17AOV].□

"Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee."
[Romeine 14:11-12AOV]

79

WAAROM CHRISTENE NIE HUL TYD MET DIE SKIËNTOLOGIÉ ('SCIENTOLOGY') VERSPIL NIE

Kultuur is om te ken die beste wat gesê en gedink word dwarsoor die wêreld

Matthew Arnold
(1822-1888)

1. **Inleiding.** Soos reeds voorheen genoem, glo hierdie outeur in die beginsel van 'n vrye pers en die vrye uitruil van idees; ook dat elke soort verbod op afwykende idees kontraproduktief sal wees en vermy behoort te word tensy 'n bepaalde beweging homself skuldig sou maak aan die growwe oortreding van die wet of die openbare orde sou bedreig met geweld, anargié, brandstigting, plundering, vigilantisme, omkoping van staatsamptenare en sakemanne, korrupsie, belastingontduiking, mensehandel, prostitusie ens.

Hou ook in gedagte dat die wette van die land ook nie noodwendig altyd die ideale norm is om te gebruik wanneer oor sulke sake besluit moet word nie. In Holland, gedurende WW2, was die geheime wegsteek van Jode deur mense soos Anne Frank, Corrie ten Boom en etlike ander amptelik 'onwettig', terwyl die brutaliteit van die Nazis en hul Gestapo boelies amptelik 'wettig' was. Die oorkoepelende Moréle Kompas bly die Bybel en God se Judeo-Christelike waardes soos geartikuleer deur die Wet van Moses en die Evangelie van Jesus Christus. 'Amptelikheid' maak nie 'n saak noodwendig 'heilig' nie. In 'n beskaafde demokrasié mag (en behoort!) onregverdige, onredelike wette (Amptelikheid) gedaag en verander word.

Teen hierdie agtergrond behoort die Skiëntologie beweging dus toegelaat word om sy idees vryelik met die belangstellende publiek uit te ruil, solank dit nie op 'n Fascistiese manier op die publiek met geweld afgedwing word nie. Hierdie hoofstuk is dus nie daarop gemik om die regering so vér te kry om die beweging te verbied nie, maar bloot as 'n persoonlike evaluering van die waarde van die beweging se idees vir 'n groep soos Evangeliese Christene*. Dit bly die leser se prerogatief om daarmee te maak wat hy/sy wil.

*Filosófies gesproke word die Christendom in drie hoofstrominge ingedeel nl., (i) EVANGELIESE CHRISTENE wat Jesus Christus se bona fides as die Seun van God as geldig aanvaar en Sy waardes en beginsels ('gebooie') ernstig opneem, probeer uitleef en verkondig; (ii) NOMINALE CHRISTENE wat wel op die een of ander kerkregister geregistreer is, hul sakramente in die kerk of denominasie van hul keuse beoefen, troues en begrafnisse bywoon ens

maar in wese die Christendom hoofsaaklik as 'n eksklusiewe sosiale klub vir 'ordentlike mense' beskou, of hulle nou die bona fides van Jesus Christus as die Seun van God aanvaar aldan nie; (iii) CHRISTEN POSTMODERNISTE (CHRISTEN ATEÏSTE) wat die bona fides van Jesus Christus as die Seun van God verwerp en die Bybel hoofsaaklik as 'n argaïse, dalk uitgediende Boek van Etiek probeer gebruik; bv., die 'Jesus Seminar' (VSA) en 'Nuwe Hervormers' (RSA).

2. **Die kwessies van Wysheid & Kennis.** Volgens een aanlyn FAQ-blad is Skiëntologie die studie van 'wysheid' en 'kennis' (!). As dit dan so is, waarom weier die Skiëntologie dan om die YHWH ('Yahweh') van Moses en die Berg Sinaï te erken as hul sogenaamde 'Opperwese' ('Agste Dryfveer')? Oor hoeveel wysheid en kennis beskik 'n beweging regtig wanneer die beweging sommer goedsmoeds 'n boek soos die Bybel uit die staanspoor verwerp? Die Bybel leer:

2.1. WYSHEID:

> "Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand."
> [Job28:28AOV].

2.2 KENNIS:

> "Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug."
> [Spreuke1:7AOV].
> "Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand."
> [Spreuke9:10AOV]."
> "Die vrees van die HERE is 'n fontein van die lewe, om van die strikke van die dood af te wyk."
> [Spreuke14:27AOV].

Die antwoord is eenvoudig. Die Skiëntologie kan nie bekostig om die HERE van Moses en die berg Sinaï te erken nie, want dan sal die beweging konsekwent moet wees en die Bybel as hul finale *Bron van Gesag* en *Moréle Kompas* moet aanvaar, iets wat hulle duidelik nie bereid is om te doen nie aangesien hulle L. Ron Hubbard (die 'vader' van die Skiëntologie en Dianétika) se idees as belangriker, gewigtiger en meer geldig as die idees van Moses (die enigste mens in die geskiedenis wat die voorreg gehad het om die vinger van God die Tien Gebooie op kliptafels te sien skrywe) en Jesus Christus (wie nou in die Hemel aan die regterhand van God sit) beskou.

3. **Die eienaardige 'Onsterflike Geestelike Wesens' van die Skiëntologie.** Hulle skryf:

> *"Skiëntologie help elke persoon om van homself as 'n onsterflike geestelike wese meer bewus te word en om sy volle geestelike potensiaal te rehabiliteer; en, om die erkenning van daardie geestelike bestaan en tot 'n verhouding met die Opperwese te kom. God word in Skiëntologie geïdentifiseer as die 'Agste Dryfveer'".* ['What is Scientology'. Online].

Van naderby beskou ontbloot Skiëntologie homself as niks meer nie as 'n soort 'Panteïsme' van 'n VVV ('UFO') kultus normaalweg geassosieer met die primitiewe heidendom (sien Skiëntologié se 'Eight Dynamics of Life').

3.1 **Kritiese Denke #1:** In die eerste plek bestaan daar nie soiets soos 'n mens se "volle potensiaal" nie, maar, wel soiets soos 'n mens se *ware potensiaal*. Die woord 'potensiaal' suggereer alreeds 'volle kapasiteit' wat die ekstra 'volle' dus onnodig maak. Nietemin, na welke 'god' verwys hulle met die "Agtste Dryfveer"? Was dit die God van Moses en die berg Sinai, (d.w.s. YHWH, Yahweh, Jehova of die 'EK IS') sou (i) hulle dit mos duidelik en onomwonde in hul geloofsbelydenis verklaar het en (ii) die Bybel dus erken het as hulle finale Bron van Gesag en Moréle Kompas. Hier is 'n groot probleem met die Skiëntologie: Waarom leer hulle hul volgelinge dat die doel van die lewe beskou moet word as (i) *die strewe na "oneindige oorlewing"* wanneer hulle terselftertyd leer (ii) dat *die mens 'n "onsterflike wese" is* (my vertaalde parafrase)?

> *"Die doel van die lewe kan beskou word as oneindige oorlewing. Dat die mens probeer om te oorleef is al lank bekend, maar dat dit sy primêre dryfveer is, is nuut. Van die mens, as 'n vorm van lewe, kan aangetoon word dat hy in al sy handelinge en doelwitte die een gebod gehoorsaam: OORLEEF!"* [What is Scientology. Online].

Dit laat mens wonder:

- Waar het die "Agste Dryfveer" dit neergeskrywe dat die mens 'n "onsterflike wese" is maar terselftertyd moet streef om te "oorleef"? Joseph Smith lewer immers die geheimsinnige 'goue plaatjies' en die 'Boek van Mormon' as sy oorspronklike Bron van Gesag; wat lewer L. Ron Hubbard behalwe homself en sy 'Dianetika' gissings?

- Hierdie buitengewone klem op die konsep van "oorlewing" kan net een ding beteken, nl., die Skiëntologié se getroue, slaafse onderdanigheid aan die (ideológies verouderde, uitgediende) Darwiniaanse Evolusionisme. Waarom sou dit vir 'n "onsterflike geestelike wese" nodig wees om hom te bekommer oor sy "oorlewing"?

3.2 **Kritiese Denke #2:** Ek herhaal: Indien die mens dan 'n onsterflike wese is, waarom dan die wanhopige behoefte om te oorleef; sal hy nie vanselfsprekend oorleef nie, danksy sy onsterflikheid? Onlogiese, absurde uitsprake soos hierdie tesame met die verloëning en verwerping van die moréle voorskrifte, beginsels en gebooie van God, vandag bekend as tydbeproefde Joods-Christelike waardes en tradisies, werp die Skiëntologie (geregistreer as 'n bona fide 'kerk' of 'Ekklesia', nl., 'Die Kerk van Skiëntologié') dadelik in die arena van 'n valse godsdienskultus waarteen die Bybel eksplisiet die gelowige waarsku. Die Bybel leer:

> "Maar ek [PAULUS] vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval" [2Korinthiërs11:3-4AOV].
>
> "As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta! ...
>
> "k [PAULUS] verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai. Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees! Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie." [1Korinthiërs16:22; Galasiërs1:6-10OV].

3.3 **Kritiese Denke #3:** Die Skiëntologié verwerp die Bybel as die finale Bron van Moréle Gesag of Moréle Kompas van die Skepper, asook die Evangelie van Jesus Christus as die finale oplossing vir afvalligheid, sonde en ewige verderf. Die Skiëntologié, met ander woorde, preek, metafóries gesproke, net soos die Christelike Postmoderniste en die Wêreld Transformasie Beweging, (i) 'n 'ander (alternatiewe) Jesus', (ii) 'n 'ander (alternatiewe) gees' en (iii) 'n 'ander (alternatiewe) Evangelie'.

4. **Die Skiëntologié erken nie vir Jesus Christus as die Seun van God nie.** Skiëntologié leer dat die mens inherent "goed" is dat sy "redding" uitsluitlik van homself en sy medemens afhang ('What is Scientology'. Online) terwyl die Christendom egter, in totale teenstelling, leer dat die mens in wese in sonde (nie 'met' sonde) gebore (ontvang) word en dat hy, sodra hy 'n regsaanspreeklike ouderdom bereik, hom moet bekeer deur die evangelie te glo en Jesus Christus as Heer en Meester te aanvaar. Terloops, waarom (en waarvan) moet lede van die beweging "gered" word wanneer hulle dan "onsterflike wesens" is? Nietemin, die Bybel leer verder dat die Ewige Lewe (Redding) 'n gawe (geskenk) van God is en in elk geval nie op verdienste of persoonlike meriete verdien kan word nie:

> "Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."
> [Romeine6:22-23AOV].
>
> "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie ...
> "Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit? Sy antwoord Hom: Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom."
> [Johannes3:16-17; 11:25AOV].

5. **Samevatting.** Die feit is dat die Skiëntologié soos volg leer/preek:

(i) 'n ongeïdentifiseerde 'Opperwese' (Die 'Agste Dryfveer') wat niks met die Joods-Christelike konsep van 'n Opperwese te doen het nie, en, trouens, 'n stel arm, verbeeldinglose idees oor die wêreld wat deur geen stel kultuurhistoriese geskrifte of argeológiese dokumente (behalwe die onsamehangende pseudo-wetenskaplike filosoféring van L. Ron Hubbard) onderskryf word nie en dit alles terwyl die Joods-Christelike erfenis van die Bybel eenvoudig as irrelevant verwerp word.

(ii) die wanhopige, teenstrydige alomalié van die stryd en strewe van die "onsterflike mens" om ten alle koste te moet "oorleef" (!) en dit terwyl die mens in wese buitendien (ii) "goed" is maar steeds "gered" moet word, alles werp die in Skiëntologie in die arena van net nog 'n voorstedelike Darwiniaanse, Sekulêr Humanistiese (Ateïstiese) kultus. Die Bybel waarsku:

"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei ...
En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei ...
En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom ...
Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei ...
En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."
[Mattheüs24:4,5,11,14,24,37-39AOV].

L.W. 'Deskundiges' uit die velde van Panteïsme, Ateïsme-Evolusionisme, Sekulêre Humanisme en Darwiniaanse Skepping is dikwels geneig om te ontken dat daar ooit so iemand soos 'Noag' geleef het en dat daar ooit soiets soos 'n históriese 'Sondvloed' en 'ark' was, wat dan gewoonlik afgeskryf word as Joodse mites, legendes en oorleweringe. Ek sal gladnie verbaas wees indien Suid-Afrikaners, hipotéties gesproke, oor 300 jaar gaan ontken dat daar ooit iemand soos Jan van Riebeeck of Nelson Mandela bestaan het; linksgesindes se geheues is maar kort. Let egter op hoe Jesus self, wie nooit gelieg het nie, hierbo na Noag, die ark en die Sondvloed as histories feitelik en korrek verwys.□

"Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand."
[Job28:28AOV].

80

WAAROM EVANGÉLIESE CHRISTENE NIE 'N WAARSÊER SAL RAADPLEEG NIE

Bygeloof is die godsdiens van die skraal intellek

Edmond Burke
(1729-1797)

1. **Inleiding.** Evangeliese Christene raadpleeg in die reël nie waarsêers nie. Enkele redes daarvoor:

1.1 God keur sogenaamde 'sieners', 'heldersiendes', 'mediums', 'fortuinvertellers' en 'waarsêers' nie goed nie

"Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: Jy moet ook aan die kinders van Israel sê: Elkeen uit die kinders van Israel of uit die vreemdelinge wat in Israel vertoef, wat van sy kinders aan Molog gee, moet sekerlik gedood word. Die volk van die land moet hom stenig. En Ek sal my aangesig teen dié man rig en sal hom uitroei onder sy volk uit; want hy het van sy kinders aan Molog gegee om my heiligdom te verontreinig en my heilige Naam te ontheilig. En as die volk van die land hulle oë maar enigsins toemaak vir dié man as hy van sy kinders aan Molog gee, sodat hulle hom nie doodmaak nie, dan sal Ek my aangesig rig teen dié man en sy geslag, en Ek sal hom en almal wat agter hom aan hoereer om agter Molog aan te hoereer, uitroei onder hulle volk uit. En as 'n persoon hom begewe tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê om agter hulle aan te hoereer, sal Ek my aangesig teen dié persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit. Toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is die HERE julle God. En onderhou my insettinge en doen dit. Ek is die HERE wat julle heilig."
[Levitikus20:1-8AOV]

" ... of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit. Opreg moet jy wees met die HERE jou God. Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so iets toegelaat nie."
[Deuteronomium18:11-14AOV].

"En hy het altare gebou vir die hele leër van die hemel in altwee die voorhowe van die huis van die HERE; ook sy seun deur die vuur laat deurgaan en met goëlery en verklarings van voortekens omgegaan en dodebesweerders en waarsêers aangestel; hy het baie gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE om Hom te terg ... Ook het Josía die dodebesweerders en die waarsêers en die huisgode en die drekgode en al die verfoeisels wat in die land van Juda en in Jerusalem te sien was, uitgeroei, om die woorde van die wet te bevestig wat geskrywe is in die boek wat die priester Hilkía in die huis van die HERE gekry het. En voor hom was daar geen koning soos hy nie wat hom tot die HERE bekeer het met sy hele hart en met sy

hele siel en met al sy krag volgens die hele wet van Moses, en ná hom het nie een soos hy opgestaan nie."
[2Konings21:5-6; 23:24-25AOV].
"Want so spreek die HERE van die leërskare, die God van Israel: Laat julle profete en julle waarsêers wat onder julle is, julle nie bedrieg nie, en luister nie na julle dromers vir wie julle laat droom nie. Want hulle profeteer vir julle vals in my Naam; Ek het hulle nie gestuur nie, spreek die HERE."
[Jeremia29:8-9AOV].
"Bid tot die HERE om reën in die tyd van die laat reëns; die HERE maak die weerligte, en Hy sal aan hulle 'n stortreën gee, plante op die veld aan iedereen. Want die huisgode spreek bedrog, en die waarsêers sien leuens en verkondig nietige drome, hulle troos met wind. Daarom het hulle weggeswerwe soos 'n kudde; hulle verkeer in verdrukking, omdat daar geen herder is nie."
[Sagaria10:1-2AOV].

1.2 **Waarsêers kan nie eers hulle eie dreigende katastrófes voorspel en voorkom nie, wat nog die katastrófes van ander?** Waarsêers het geen idee wat die dag van môre vir hulle voorlê nie ... wat nog wat vir ander mense voorlê? Waar was hulle toe die Rwanda volksmoord-ramp plaasgevind het, of aardbewings plekke in Turkye, en storms plekke elders in die wêreld verwoes het?

Waarom kon hulle nie die sluipmoorde op mense soos Abraham Lincoln (1865), John F. Kennedy (1963) en Bobby Kennedy (1968) voorsien en verhoed het nie? Verder kon geen van die sogenaamde heilige manne, godmanne, fakirs, ghoeroes, swamis en waarsêers van Indië, 'n land ryk aan die tradisies van Indiese mistici en die paranormale, die sluipmoord op Mahatma Ghandi (1948) voorsien en voorkom het nie; dieselfde geld vir die sluipmoord op Benazir Bhutto van Pakistan in 2007.

Reis na Nazi-Duitsland, waar die sogenaamde "Ariese Ras" van die brutale, verwarde Nazis vanaf 1933 tot 1945, op die aandrang van die hoofnar van die "Ariese Ras", d.i., Adolf Hitler, sy "superras"' fantasiëe probeer uitleef het. Lees gerus oor die lewe van Adolf Hitler en sien hoe Josef Goebbels, sy minister van propaganda, vir Hitler in die aande met groot fanfare vermaak het oor hoe Hitler die een verdrag na die ander met Europese nasies skaamteloos verbreek het, soveel so dat Hitler na bewering naderhand gelag het dat die trane loop. Geeneen van die waarsêers in Hitler se sirkel van twyfelagtige karakters, waaronder sterrewiggelaars wat vir Hitler gereeld 'n 'horoskoop' op sy aandrang moes opstel, kon al die aanslae op Hitler se lewe (na bewéring meer as 40 beplan, net ongeveer 25 uitgevoer) voorsien of keer nie; net so kon geeneen van hulle waarsêers die mislukte opblaas van die Hitler geselsskap se konferensie-kamer deur Von Stauffenberg of die sluipmoord op Richard Heydrich, 'n latere hoof van die Gestapo, voorsien of gekeer het nie.

Geen enkele 'Nazi-profeet' het ooit Hitler se mislukkings met die 'Slag van Brittanje' ('The Battle of Britain'), die 'Barbarossa' kampanje in Rusland, die

val van Mussolini in Italië, die 'D-Dag' ('D-Day') inval in Normandië op 6 Junie 1944 voorsien nie. So 'effektief' was die Nazi sieners op daardie historiese dag (D-Dag) dat die beroemde Duitse 'Wehrmacht' 200 myl (322 kilometers) in Rennes verwyderd was vanaf die strande van Normandië besig met lesings en voorbereidings ('military war games') vir (van alle dinge) 'n moontlike inval deur die Geallieerdes by die 'Pas de Calais' verder noord!

Op daardie dag, net soos die Voorsienigheid dit seker wou hê, was Duitsland se beroemde generaal, Erwin Rommel, kommandant in bevel van die verdediging van die Atlantiese Verskansing ('Atlantic Wall'), ook nie eers teenwoordig by sy troepe nie, maar tuis besig om sy vrou se verjaardag saam met haar te vier, alles te danke aan die magiese kragte van die misterieuse "Ariese Superras". Verder, waarom kon geen enkele begaafde waarsêer in Amerika of elders die 'Twin Towers (9/11)' ramp op 11 September 2001 voorsien het nie? Dit was eintlik skokkend onvergeetlik: In daardie tragiese oomblikke, toe die eerste visuele materiaal op die wêreld se nuuskanale begin verskyn het, was 'n vriend en ek besig om koffie te drink tuis by ons woning in Sinoville in die noorde van Pretoria en was ons albei vireers onder die indruk dat dit tonele uit 'n nuwe Hollywood rolprent was.

1.3 **Met hulle 'voorspellings' giet waarsêers (onnodig, onskriftuurlik) die toekoms van hul klante in permanente, ononderhandelbare beton wat oorspronklik van nature deur God, by sulke klante se geboorte, oop en onderhandelbaar aan die individu geskenk was as 'n gawe van God.** God wil nie hê dat ons ons toekoms in die hande van waarsêers plaas net om vertel te word wat kwansuis in die toekoms vir ons voorlê nie. Dit herinner my aan die vrou in Engeland wat gesê het, dat aangesien Engeland ses ure vóór Amerika is, die Amerikaners welkom is om haar te bel dan voorspel sy vir hulle die toekoms ses ure vooruit (!). God het die mens as 'n vrye morele agent geskape met die reg om oor sy lewe te besluit, daaroor na te dink en te bid, en om God om leiding in die verband te vra. Natuurlik is dit steeds God se voorreg en prerogatief om die mens, veral Christene, se voetstappe te rig aangesien God se agenda vir die wêreld voorkeur bo ons persoonlike agenda kry, maar dit beteken nie dat ons breinlose bliksoldate of kuborge ('cyborgs') is nie; watter soort 'God' sal aanbid wil word deur 'n nasie van triljoene bliksoldaatjies? In so geval sou slegs één soldaatjie ook voldoende gewees het (minder om skoon te hou).

Die feit dat God soewerein is en die toekoms vooruit ken beteken nie outomaties dat die toekoms ononderhandelbaar in beton gegiet is nie; waarom dink u het God dan aan ons die reg en vermoë gegee om te bid oor sake? En, wat van die goue reël, *"Gebed verander sake!"?* God kan die toekoms steeds weet ten spyte daarvan dat mense bid en daagliks sien hoe omstandighede verander word, want God kan dit doen omdat Hy God is. Hy is alreeds in die toekoms en Sy intellek werk 'n duisend maal vinniger en méér

effektief as die kragtigste rekenaar beskikbaar op aarde om elke liewe besluit wat ons ooit sal neem (en die gevolge daarvan) blitsvinnig en spoedeisend te integreer met die wêreld geskiedenis, maak nie saak hoe dikwels en hoe vinnig ons van plan verander nie. Daar is niks wat ons ooit sal doen of besluit wat God sal verras of onkant betrap nie; daarom dat ons so dikwels verstom staan oor wat met mense, regerings en korporasies gebeur. Trouens het die *Boek van Openbaring* alreeds bekend gemaak wat die somtotaal van die God se Voorsienigheid vir die mensdom gaan wees; alles wat ons as mense dus daagliks besluit en doen word onvermydellik in God se Wil en eindbestemming vir die mensdom ingereken, nie omdat God 'n diabóliese, deterministiese regeringstelsel bedryf nie, maar omdat Hy God is, buite die grense van die kalender en die tyd leef en die geskiedenis van die mensdom vooruit weet en antisipeer en terwyl Hy vir elke denkbare, moontlike gebeurlikheid alreeds voorsiening gemaak het.

Neem 'n voorbeeld uit die dae van Abraham: Toe God vir Abraham gesê het dat sy seun by Hagar, d.i., Ishmael, eendag 'n "wilde esel van 'n mens sou wees", het God net daar en dan Ishmael se lot as 'n "wilde esel van 'n mens" teen sy wil heen in beton verseël? Dit sou darem baie wreed van God gewees het om mense te verplig om op 'n diabóliese wyse die een of ander voorafbeplande, Hemelse 'draaiboek' te moet uitleef. Evangeliese Christene sou eerder wou glo dat God dit kon sê bloot omdat Hy die toekoms alreeds vooruit geweet het en bewus was van hoe Ishmael, 'n 'vrye moréle agent' en geskape na die beeld van God, uiteindelik uit eie keuse in terme van sy temperament en opvoeding (teen die agtergrond van omstandighede) sou uitdraai. God rig die mens (veral die gelowige) se voetstappe, maar meng nooit in met ons moréle keuses nie. Nataniël (van die Nuwe Testament) het vrywillig, spontaan onder die vyeboom gaan staan, terwyl Jesus (vér verwyder daarvan) tog daarvan geweet het. Dit beteken nie dat Jesus Nataniël profétie spesifiek na die vyeboom toe gestuur het nie. Ons mag miskien vry wees om ons moréle keuses onafhanklik van God (of afhanklik van Hom) uit te oefen, maar ons is nie vry van die gevolge van sulke keuses nie.

Toe God die mens geskape het, het Hy die mens na Sy beeld geskape. Met ander woorde, as God, wie sekerlik oor Vrye Wil beskik, sou vir hulle wat na Sy beeld geskape is, mos ook vrye wil beskik het. Die verskil is dat God se Vrye Wil absoluut, oneindig en totaal is, terwyl die vrye wil van die mens geleende, beperkte vrye wil, d.w.s., vrye wil aan 'n halsband, is. God is Almagtig, maar die mens is nie almagtig nie. God het absolute en oneindige Lewe in Homself terwyl die mens se lewe geleende lewe afgelei word van die Lewe van God. Die mens se vrye wil mag nooit as 'almag' vertolk word nie.

Evangeliese Christene wend hulle tot God in tye van nood, en nie na waarsêers in vervalle karavane in die mees verslonste dele van die stad nie, wat kettery sou wees van die ergste soort, aangesien die waarsêer en sy/haar klante reken dat hulle beter weet, en oor méér wysheid beskik, as die Skepper

self. Indien hulle regtig die toekoms kon weet, waarom is hulle so arm en waarom het hulle klandisie en geld nodig?

1.4 **'Voorspelde fortuine' wat meedoënloos sonder gesonde verstand en ongegrond impulsief agternagejaag word kan moontlik allerhande selfvervullende professiëe ontketen wat kan lei tot baie probleme, teleurstellings en hartseer.** Goedgelowige mense wat glo dat bedriëers regtig die toekoms, hetsy deur die sterre of die lees van 'n handpalm, kan voorspel, loop die gevaar om so verknog te word aan die gewoonte en versot te word op hierdie tipe leefstyl (onder die invloed van sulke mense) dat hulle uiteindelik heeltemal neuróties word oor die lewe; die voorspelling van mense se 'fortuin' kan sulke mense hopeloos paranoïs en patológies afhanklik van die waarsêer (wie dalk self worstel met probleme tuis) maak, wat kan lei tot allerhande disfunksionele selfvervullings-profesiëe ... God laat Hom nie bespot nie.

1.5 **Ware begaafde, suksesvolle 'waarsêers' wat spesialiseer in die veld van die paranormale behoort almal fabelagtig ryk te wees; so, waarom is hulle nie?** Niemand ken die nommer van die wenperd in die volgende wedloop of van die gelukkige trekking in die lotery van volgende week nie. Maar, soms (maar darem baie raar) gebeur dit dat mens in 'n goedkoop, agterstraatkoerant klein-advertensies opmerk waar mens die wennommers kan koop, en dit teen bv. R10 of R100 per nommer. Daar is net een tipe idioot dommer as die één wat die advertensie geplaas het, en dit is die persoon wat die nommer gekoop het. In sekere kulture kan mens selfs allerhande "doepa" (tradisionele medisyne aangebied deur toordokters of sangómas) koop wat die koper kwansuis in staat sal stel om loterye te wen ens. Bygelowe floreer in Afrika; ek weet van 'n dame met 'n universiteitsgraad wat met "doepa", wat sy by 'n toordokter gekry het, in haar motor rondry, vasgeplak op haar voertuig se stuurwiel, sodat sy nie in ongelukke moet beland nie. Iemand het eendag genoem dat die twee mees volopste elemente in die Heelal die volgende is: "Waterstof en Onnoselheid!" ("Hydrogen and Stupidity!"). Die antwoord word na bewering onderskeidelik toegeskryf aan drie persone, by name Einstein, Ellison en Zappa.

1.6 **In die Bybel berispe die apostel die waarsêer.** Tydens 'n geleentheid waar die apostel deur 'n waarsegster, wie se eienaars slegs op winsbejag gesteld was, gekonfronteer was, het die apostel Paulus haar gees van waarsêery bestraf en weggestuur, natuurlik met onaangename gevolge vir die apostels Paulus en Silas:

> "En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom 'n slavin met 'n waarsêende gees ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het. Sy het

Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê: Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing. En dit het sy baie dae lank gedoen; maar baie ontevrede daaroor, het Paulus hom omgedraai en vir die gees gesê: Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan. En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan. En toe haar eienaars sien dat die hoop van hulle wins weg was, het hulle Paulus en Silas gegryp en hulle na die mark voor die owerheid gesleep en hulle voor die regters gebring en gesê: Hierdie manne bring ons stad in opskudding, omdat hulle Jode is, en hulle verkondig sedes wat vir ons nie geoorloof is om aan te neem of na te volg nie, omdat ons Romeine is. En die skare het saam teen hulle opgestaan, en die regters het hulle klere laat afskeur en bevel gegee om hulle met stokke te slaan."
[Handelinge16:16-18AOV].

2. **Vir mense om eerder vir God te raadpleeg bly steeds die beste opsie.** Mense word gemaan om steeds na God te gaan in tye van moelikheid of teëspoed, en om weg te bly van waarsêers van alle tipes; as God iemand nie eers kan of wil help nie, hoe gaan die waarsêer dit regkry? God is die Outeur van lewe, nie die waarsêer nie. Die Bybel (Jesus) leer:

"En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het. Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde. En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word. Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra. Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen"
[Mattheüs6:6AOV].□

"Want so spreek die HERE van die leërskare, die God van Israel: Laat julle profete en julle waarsêers wat onder julle is, julle nie bedrieg nie, en luister nie na julle dromers vir wie julle laat droom nie. Want hulle profeteer vir julle vals in my Naam; Ek het hulle nie gestuur nie, spreek die HERE."
[Jeremia29:8-9AOV].

81

SO JY DINK DAT JY SLEGS 'N RONDE NUL IS OP 'N KONTRAK EN OP PAD NA NÊRENS?

Hulle wat geneig is om die verlede vergeet word gedoem om dit te herhaal

George Santayana
(1863-1952)

1. **Niks anders as 'n "ronde nul"?** As 'n tiener gedurende die 1960s, en ook later as 'n jong volwassene, het ek dikwels mense hoor kla oor hulle slegte dag met uitdrukkings soos, *"Vandag voel ek soos een groot rooi, ronde nul op 'n kontrak!"*

Dit was 'n man soos Henry Grady Weaver, voormalige hoof van 'Kliënte Navorsing' ('Customer Research') by die 'General Motors Corporation' wat my later gehelp het om my idees oor daardie ronde sirkeltjie, wat mense vandag 'n 'nul' noem, te hersien en beter te verstaan. Blykbaar het die Saracene ('Saracens') die idee van die 'nul' by Hindoes oorgeneem wie die 'nul' oorspronklik begin gebruik het en waarsonder die wetenskap, soos ons dit vandag ken, kwalik sou bestaan het.

> *"**Saracen** (/ˈsærəsən/ SARR-ə-sən) was a term used both in Greek and Latin writings between the 5th and 15th centuries, to refer to the people who lived in and near what was designated by the Romans as Arabia Petraea and Arabia Deserta.[1][2][3] The term's meaning evolved during its history of usage. During the Early Middle Ages, the term came to be associated with the tribes of Arabia.[4]*
>
> *"The oldest known source mentioning "Saracens" in relation to Islam dates back to the 7th century, in the Greek-language Christian tract Doctrina Jacobi. Among other major events, the tract discusses the Muslim conquest of the Levant, which occurred after the rise of the Rashidun Caliphate following the death of the Islamic prophet Muhammad.[5] The Roman Catholic Church and European Christian leaders used the term during the Middle Ages to refer to Muslims."*
>
> [Wikipedia. *Saracen*].

Volgens Weaver, in die wêreld van minuskule berekenings, het die syfers van die desimale stelsel uiteindelik bewys as baie meer gebruikers-vriendelik as die lompe Romeinse syfers wat vroëer elders in die wêreld in gebruik was. Nadat die konsep

van die 'nul' vasgestel was, het die Saracene die rekenkunde en algebra (ingesluit kwadratiese vergelykings, differensiële, bolvormige geometrié plus trigonometrié) ontwikkel. Die leser kan verder lees oor Wiskunde uit die Middeleeuse Islamitiese Wêreld by Wikipedia, *Mathematics in the Medieval Islamic World.*

Die Saracene het ook die astronomié help ontwikkel en sterrewagte op drie kontinente gebou om die hemeltuim te bestudeer. Weaver skryf dat, sonder die 'nul', dissiplines soos die wiskunde, skeikunde, sterrekunde ens. waarskynlik nie sou bestaan het nie, d.w.s., geen behoorlike meting van substansie, tyd of ruimte sou moontlik gewees het nie. Sonder die 'nul' sou daar byvoorbeeld vandag waarskynlik geen moderne wolkekrabbers, metro's, brue, motorvoertuie, radios, rayon, sellofaan, aluminium, elektriese verkoeling of atoomkrag ens. gewees het nie. M.a.w., sonder die 'nul' sou geen moderne wetenskap moontlik gewees het nie. Neem enige sakrekenaar en probeer 'n wiskundige berekening doen sonder die 'nul' in desimale berekenings en gou begin mens daarmee kleitrap.

2. **Selfs God gebruik die 'desimale stelsel'**. Selfs God pas die desimale stelsel toe wanneer Hy, in die 13de eeu vóór Christus, deur Moses gebied:

> "Ook al die tiendes van die land, van die graan van die land, van die vrugte van die bome, behoort aan die HERE; dit is heilig aan die HERE.
> Maar as iemand van sy tiende iets wil los, moet hy die vyfde deel daarvan byvoeg.
> Wat betref al die tiendes van beeste en kleinvee alles wat onder die herderstaf deurgaan die tiende moet aan die HERE heilig wees ...
> Jy moet noukeurig die hele opbrings van jou saad—wat jaar vir jaar uit die land uitspruit—vertien. En jy moet voor die aangesig van die HERE jou God op die plek wat Hy sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, die tiendes eet van jou koring, van jou mos en van jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en van jou kleinvee, dat jy kan leer om die HERE jou God altyd te vrees."
> [Levitikus27:30-32; Deuteronomium14:22-23AOV].

L.W. 'Tiende'/ 'Vertien': Een 'tiende' is 10%.

Die 'Jewish Virtual Library" skryf soos volg:

> *"From the earliest periods of their history the Jews were alive to the necessity of an accurate system of weights and measures, and an honest handling of them. The first legislation in the interest of economic righteousness in general is found in Leviticus 19:35 and Deuteronomy 25:13-16, and the prophets constantly denounced the use of false measures (Amos 8:5; Mich 6:10; see also Prov. 11:1; 16:11; 30:10). Rabbinic legislation went so far as to demand the periodic cleaning of*

> *weights, scales, and measures lest their true standard be impaired by dirt (BB 5:19; see also BB 89a-b).”*
>
> [Jewish Virtual Library].

3. **Desimaliséring in die moderne tyd.** Desimaliséring tussen lande (enkele voorbeelde):

> Rusland (1704); V.S.A. (1792: 13 Kolonies); Frankryk (1795); Holland (1817); Venezuela (1843); Sweden (1855); Oostenryks-Hongaarse Ryk (1857); Kanada (1858); Mexico (1860); Spanje (1868); Argentinië (1881); Ethiopië (1931); Iran (1932); Japan (1953); Indië (1957); Suid-Afrika (1961); Australië (1966); Nieu Zeeland (1967); Bermuda (1970); V.K. & Ierland (1971); Nigerië (1973).
>
> [Wikipedia].

L.W. Lesers is welkom om bogenoemde inligting te verifieer vir akkuraatheid.

4. **In God se oë is alle mense kosbaar.** Daar bestaan nie iets soos ‘n ‘nul’ in God se ekonomié nie: Van die persoon met die spreekwoordelike ‘tien talente’ via diegene met ‘ses talente’ tot diegene met slegs ‘een talent’ (of sonder enige talente hoegenaamd) is almal, veral vanuit ’n Judeo-Christelike en Evangeliese oogpunt, in God se oë kosbaar. Die Bybel leer:

> “Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak. Wees nie wys in jou eie oë nie; vrees die HERE, en wyk af van die kwaad; dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente. Vereer die HERE uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos. My seun, verag die tug van die HERE nie, en laat sy kastyding nie jou weersin wek nie, want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos ‘n vader die seun in wie hy behae het.”
>
> [Spreuke3:5-10AOV].
>
> “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel. Word twee mossies nie vir ‘n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies. Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is.”
>
> [Mattheüs10:29-33AOV].□

Verwysings

1. Jewish Virtual Library. *Weights & Measures.* Onlne
2. Weaver, H.G. (1947) *The Mainspring of Human Progress.*
3. Wikipedia. *Decimalisation*. Online
4. Wikipedia. *Saracen*. Online.

82

WAAROM BOEDDHISTE, HINDOES EN MOSLEMS JESUS CHRISTUS AS VERLOSSER MAG AANNEEM

"Neem net wat jy wil", sê God. "Neem dit ... en betaal daarvoor!"

(Spaanse Spreuk)

1. **Inleiding.** Redes waarom Boeddhiste, Hindoes en Moslems (en enigiemand anders, ateïste ingesluit) vir Jesus Christus as Verlosser mag aanvaar sluit in:

1.1 **Die Christendom is 'n ope geloof.** Die Christendom, gefundeer op die Judaïsme van Moses en die Torah, is 'n beweging deur Jesus Christus in die lewe geroep wat nie net vir sogenaamde 'lede' bedoel is nie, maar 'n Geloof waarvan die deure oopstaan vir iedereen wie Jesus Christus as Verlosser aanvaar met die doel om kinders van God te kan word; met ander woorde: 'n Geloof wat aan almal aangebied word maar op niemand afgedwing word nie. Die vrug van geloof, bekéring, toewyding en heiligmaking groei waarskynlik dan in die harte van gewillige mense wie die LIG van die Evangelie verwelkom danksy die kragtige inwerking van die Heilige Gees.

> "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is."
> [Johannes1:12-13AOV].

1.2 **Jesus Christus nooi alle mense uit alle nasies om hul bekeer en die Evangelie te glo.** Alle mense uit *alle nasies* word uitgenooi om hul te bekeer deur die Evangelie te glo ongeag ras, huidskleur, ouderdom, geslag, sosio-ekonomiese status, politieke oortuiging of huidige godsdiens-oortuiging; daarom is die Bybel in soveel tale vertaal en wêreldwyd versprei. My vrou en ek het, een aand in 1978 op Bloemfontein-stasie, met 'n jong kleurlingseun met die naam 'Clarence' gepraat wat baie moedeloos op die perron vir 'n trein gesit en wag het. Hy vertel toe dat hy vir 'n sirkus gewerk het maar dat hy sopas deur die sirkusbaas afgedank is, maar wáárvoor het ons hom nie uitgevra nie. Hy het wel die verontrustende stelling gemaak dat die sirkusbaas hom vertel het dat kleurlinge, "nie Hemel toe gaan nie"; binne minute het ons egter daarin geslaag om hom te oortuig van wat die Bybel leer, naamlik dat Jesus dit van ons vereis om die Evangelie aan *alle nasies* te verkondig en dat *almal* in terme van Johannes 1:12 kandidate vir die reddende genade van God was.

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie."
[Johannes3:16-18AOV].

"In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom ...
Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom."
[Mattheüs3:1-2; 4:17AOV].

"En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie ... en hulle het uitgegaan en gepreek dat die mense hulle moes bekeer."
[Markus1:15; 6:12AOV].

1.3 **Van elke mens word verwag om die Goeie Nuus van die Evangelie vrywillig op eie keuse te glo en te aanvaar.** Die woord 'Evangelie' beteken 'Goeie Nuus' d.w.s., die goeie nuus dat, wanneer ons ons sondes aan God bely, Jesus Christus oor die mag beskik om ons daardie sondes te vergewe en ons te reinig van alle ongeregtigheid.

"En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie."
[1Johannes1:5-10AOV].

1.4 **Van elke mens word verwag om God se geskenk van die Ewige Lewe te aanvaar.** Die Christendom is daardie Geloof waar die goeie nuus van die gawe van die Ewige Lewe aan 'n persoon geskenk word nie op die basis van meriete, verdienstelikheid of persoonlike prestasie nie, maar op grond van die persoonlike verdienstelikheid van Jesus Christus wie aan die kruis van Golgotha gesterf het vir die sondes van die hele wêreld.

"Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."
[Romeine6:22-23AOV].

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."
[Johannes3:16AOV].

"Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;
want my juk is sag en my las is lig."
[Mattheüs11:27-30AOV].

"Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.
[Openbaring22:16-17AOV].

1.5 **Elke mens het die reg om Jesus Christus vrywillig as Heer en Verlosser te aanvaar.** Alle mense mag Jesus Christus as Verlosser en Voorspraak by God die Vader sonder die noodwendige tussenkoms of bemiddeling van die een of ander 'aardse middelaar' of 'priester' sou hy of sy in sonde val.

"My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld."
[1Johannes2:1-2AOV].

1.6 **Jesus Christus is die enige Middelaar tussen God en die mens.** Jesus Christus is die enigste Middelaar tussen God en die mens bevoeg om te spreek namens hulle wat Jesus Christus as Verlosser aangeneem het en wie op Hom hoop vir redding en die Ewige Lewe.

"As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het 'n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog, nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense. Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins."
[1Timotheüs6:3-6AOV].

"En Moses was wel getrou in sy hele huis as 'n dienaar, om te getuig van wat nog gespreek sou word, maar Christus as Seun oor sy huis. En ons is sy huis as ons net die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou
...

"Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is. Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie ...

"Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees, hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien. En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang. Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word; want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie. Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie ...
... en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel."
[Hebreërs3:5-6; 8:6-7; 9:13-18; 12:24AOV].

" ... laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."
[Handelinge4:10-12AOV].

1.7 **Jesus Christus het Sy dissipels en volgelinge bemagtig om die Evangélie wêreldwyd aan alle nasies te verkondig.** Volgens die Bybel het alle nasies (en nie alleen "Christelike nasies") die reg om die Evangelie te hoor en Jesus Christus as Verlosser te aanvaar.

"En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen."
[Mattheüs28:18-20AOV].□

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is."
[Johannes1:12-13AOV].

83

WÉÉ DIE HERDERS WAT DIE SKAPE VERSTROOI!

'n Ondergeskikte wat nooit fout met sy seniors sien nie kan nie vertrou word nie

J. Churton Collins
(1848-1908)

1. **Postmodernisme onder die soeklig.** Die postmoderne bewegings, 'Jesus Seminar' (VSA) en die 'Nuwe Hervormers' (RSA) onderskryf basiese beginsels opgesom soos volg (my vertaalde parafrase):

- *"Jesus van Nasaret was gebore tydens die regering van Herodes die Grote.*

- *"Die naam van sy moeder was Maria, en hy het 'n aardse vader gehad wie se naam moontlik Josef kon wees.*

- *"Jesus was gebore in Nasaret, nie in Bethlehem nie.*

- *"Jesus was 'n rondreisende wysgeer wie sy maaltye gedeel het met sosiale uitgeworpenes.*

- *"Jesus het gebedsgenesing beoefen sonder die gebruik van medisyne of enige toorkuns, en, geoordeel na die tipe aandoenings van die siekes, kan die genesing as psigosomáties gereken word.*

- *"Hy het nie op water geloop nie, het die menigtes nie met brode en vissies gevoed nie, het water nie in wyn verander nie en het nie vir Lasarus uit die dood opgewek nie.*

- *"Jesus was in Jerusalem gearresteer en deur die Romeine gekruisig.*

- *"Jesus was tereggestel as 'n openbare oorlas, en nie omdat hy beweer het dat hy die Seun van God was nie.*

- *"Geloof in die opstanding is gebaseer op die visioene en ervarings van Paulus, Petrus en Maria Magdalena.*

- *"Die leë graf is fiksie; Jesus was nie liggaamlik uit die dood opgewek nie."*

[Wikipedia, 'Jesus Seminar'].

2. **Die implikasies van hierdie godsdienskultus.** Indien hierdie soort snert vanaf 'n ateïs of professor verbonde aan 'n vooraanstaande linksgesinde universiteit sou gekom het, sou 'n mens dit nog kon verstaan het, maar dikwels, soos dit byvoorbeeld die geval is in Suid-Afrika, is dit afkomstig van sogenaamde teoloë en dit nogal teoloë verbonde aan universiteite waar predikante vir Suid-Afrikaanse Christelike kerke opgelei word! Dit skreeu ten hemele, want, waarom sal enige mens met gesonde verstand hoegenaamd enigiets met die Bybel te doen wil hê sou al hierdie verwronge aantygings teen die Seun van God geldig wees? Tog verdien hierdie einste teoloë hulle brood en botter as leraars van God se Bybel by godsdiens-fakulteite aan sulke universiteite.

Ek het nog nooit 'n groep 'geleerdes' (sogenaamd) ontmoet wat so vasbeslote was om die saak (die Evangelie) en reputasie van Jesus Christus so kwaadwillig af te breek en te ruïneer met idees gefundeer op so 'n swak portefeulje van beginsels (uit die niet opgetower met gekleurde besluit-kraletjies) oor die lewe van Jesus Christus ... byna soos wat Adolf Hitler, Herman Göring, Joseph Goebbels en Heinrich Himmler (hipotéties) skielik, op die kruin van hul gewildheid, sou opstaan en die Nazi en Eugeniese bewegings as kettery met groot fanfare aan die kaak stel na die bywoning van 'n Billy Graham bekéringsboodskap in 'n Berlynse stadion. Hierdie mense herinner my aan 'n tipiese Jim Jones (van 'Peoples Temple') faam doodswens met die 'Kool Aid' (vergiftigde koeldrank) van niks anders is nie as die (Linkse, 'progressiewe') postmoderne vertolking van die Nuwe Testament nie.

Hou in gedagte die ongelooflike teológiese roekeloosheid van hierdie mense; byvoorbeeld, waarom sou iemand wat hierdie anti-evangelie van 'Slegte Nuus' verkondig en dan nog steeds in Christelike kerke en seminariums wou rondhang as predikers en verteenwoordigers van die formele Christendom en leraars verbonde aan die fakulteite Ou en Nuwe Testament? Waarom sluit hulle nie liewer by die Skiëntologie of 'n ander soortgelye beweging aan waar hulle ideológies meer tuis sou voel nie? Een van die voorstanders van die ' Jesus Seminar' anti-evangelie ('n professor in die teologié) is onlangs deur die 'Suid-Afrikaanse Sekulêre Vereniging'* beloon met 'n prys vir sy sogenaamde "progressiewe vertolking van die Bybel".

*'South African Secular Society': Die plaaslike klub vir ateïste in Suid-Afrika.

3. Die Bybel waarsku:

"Wee die herders wat die skape van my weide laat omkom en hulle verstrooi, spreek die HERE. Daarom, so sê die HERE, die God van Israel, aangaande die herders wat my volk oppas: Júlle het my skape verstrooi en hulle verdrywe en hulle nie opgesoek nie. Kyk, Ek besoek oor julle die boosheid van julle handelinge, spreek die HERE. En Ek self sal die oorblyfsel van my skape versamel uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het; en Ek sal hulle terugbring na hulle weiveld, en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig. En Ek sal herders oor hulle verwek wat hulle sal oppas; en hulle sal nie meer bevrees of verskrik wees of vermis word nie, spreek die HERE." [Jeremia23:1-4AOV].

"As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het? Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God." [Hebreërs10:28-31AOV].

"Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval." [2Korinthiërs11:3-4].

"Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai. Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!" [Galasiërs1:6-9AOV].

"Toe roep Jesus 'n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele. En elkeen wat een van sulke kindertjies in my Naam ontvang, ontvang My; maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see." [Mattheüs18:2-6AOV].□

Verwysings

1. Wikipedia. *Jesus Seminar*. Online 2021.

" ... almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." [Romeine3:23AOV].

84

SAGGIES EN TEER IS DIE ROEPSTEM VAN JESUS CHRISTUS

Manne wat uitstaan is selde geïsoleerde bergpieke; hulle kom as bergreekse

T.W. Higginson
(1831-1911)

1. **Kom soos jy is!** Hoeveel maal het ek nie al gehoor van mense se besware teen die Christelike boodskap van bekéring en toewyding aan God, byvoorbeeld:

- "Ek is nie goed genoeg nie!"
- "My lewe is 'n gemors!"
- "Voordat ek my kan bekeer sal ek eers my lewe in orde moet kry!"

Die verskonings hierbo klink byna soos die man wat besluit het hy kom nie naby 'n swembad alvorens hy kan swem nie; dit alles terwyl ons gedurig vermaan word om te kom soos ons is; na twee millenniums roep die stil stem van Jesus Christus, ondersteun deur die bemoedigende vermaning van die Trooster, die Heilige Gees, nog steeds mense oor die hele wêreld heen om hulle tot Christus te keer vir versoening met God, vergifnis en regverdigmaking deur die Bloed van God se Paaslam geslag op Golgotha vir die sondes van die wêreld ... kom net soos jy is!

Volgens 'n onlangs BBC nuusberig gaan méér as die helfte van China se bevolking (van meer as 1500 miljoen mense) teen die jaar 2030, wanneer die bevolking alreeds baie méér as 1500 miljoen mense gaan beloop) reeds Christene wees (alhoewel die statistiek kan fluktueer), en die Evangelie neem steeds sy snelle loop na al die nasies van die wêreld, nes Jesus belowe het. Dit is deesdae die slegste tyd om nie 'n Christen te wees of om te twyfel in die beloftes van die Bybel; die Christendom ry 'n ongelooflike golf van sukses en, ten spyte van al die teëspoed en vervolging, is die Evangelie op 'n steil trajek van groei wat geen demoon uit die Hel of politikus van Satan sal kan keer nie; die honde van ateïsme, ongeloof, kritiek en skeptisisme blaf, maar hierdie Evangelie-karavaan ry lustig voort. Stap vandag by enige bekende Christelike boekwinkel in en die boeke waarvoor daar nie genoeg rakke is nie lê opgestapel tot heuphoogte op die vloer, met gangetjies kwalik wyd genoeg om deur te loop.

Kom vandag na Jesus Christus ... moenie langer tyd verspil, of om uself te probeer "rehabiliteer" of "verbeter" nie; laat Jesus Christus self u lewe vir u in orde kry, want niemand kan dit in elk geval beter doen as Hy nie. Dit is nie vir u nodig om eers 'n "nuwe blaadjie" om te slaan nie; u is alreeds goed genoeg om op te staan en

aan te meld vir Christus wat méér as bereid is om Sy heilige kleed, breed genoeg vir die skouers van die mensdom, van Geregtigheid om u skouers te hang:

> "Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn."
> [Efesiërs5:14AOV].
> "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie ...
> En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag ...
> Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag."
> [Johannes6:37, 40, 44AOV].
> "Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus,
> [Titus2:11-13AOV].

2. **Die verhaal van die filmprodusent en die dronkaard.** Die anekdote word vertel van die filmprodusent wat op soek was na 'n egte, outentieke, vervalle ou swerwer van 'n dronkaard om die rol te vervul van so 'n dronkaard in 'n nuwe dokumentêr of film. Na 'n rukkie se gesoek spoor hy toe een ideale prototipe van 'n tipiese dronklap in die agterstrate van sy stad op en, na 'n kort gesprek en onderhandeling, word toe 'n informele ooreenkoms met die man, wat in bittere armoede probeer oorleef het, gesluit.

Die dronkaard kom toe te hore dat hy die daaropvolgende week op 'n bepaalde datum en tyd by die film-ateljees sal moet aanmeld, en, toe die dag aanbreek vir die dronkaard om sy rol soos afgespreek te gaan lewer, daag hy toe by die ateljees op skoon gewas, glad geskeer en geklee in 'm modieuse snyerspak wat hy êrens gaan leen of huur het, alles natuurlik met die doel om goed versorgd en professioneel voor te kom ... per slot van rekening was dit sy eerste (en enigste) kans om in die filmwêreld "in te breek".

Die produsent, so word vertel, was egter hoog ontsteld en het geen keuse gehad om die man te ontslaan en weg te stuur nie, maar darem met 'n fooitjie vir sy moeite. Die 'respektabele nuwe dronkaard' was nie wat hy in gedagte gehad het nie ... vir die doel van sy film wou hy die oorspronklike, vuil, ongeskeerde verslonste ou dronkaard in vodde, d.i., die 'ware Jakob', gehad het.

3. **Jesus Christus roep die égte artikel.** Wanneer ons na Jesus Christus kom om gered te word, kom ons net soos ons vandag is. Die nuwe, splinternuwe sikspens of méér respektabele burger is nie wie Hy geroep het nie ... Hy roep die 'ware Jakob', nes ons vandag is. Kom vandag nog, môre mag te laat wees! Herinner uself

aan die woorde: *Omdat ek, volgens my opinie, vandag nie noodwendig deftig en goed genoeg is om na Christus toe te kom nie, kom ek vandag juis na Christus toe sodat Hy, deur Sy bloed en Sy heilige, onberispelike Kleed van Geregtigheid, my goed en deftig genoeg vir Sy vriendskap en redding kan maak. Toe ek nie die moeite werd was om voor te sterf nie, het Jesus Christus vir my gesterf om my iemand te maak wie die moeite werd sou wees om voor te sterf.* Bid hierdie 1835 gebed (lied) van Charlotte Elliott (1789-1871):

"Just as I am without one plea,
But that Thy Blood was shed for me;
And that Thou biddest me come to Thee ...
Oh, Lamb of God I come!
I come!

Just as I am and waiting not,
To cleanse my soul from one dark blot;
And that Thy Blood will cleanse each spot ...
Oh, Lamb of God, I come!
I come!"

4. **Wat die Bybel leer.** Die Bybel leer:

"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."
[Jesaja1:18-19AOV].

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie."
[1Johannes1:7-10AOV].

"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."
[Openbaring22:17AOV].□

Verwysings

Gospel Hymns/Evangelie Liedere. *Just as I Am.* Christelike Uitgewers Maatskappy.

85

WAAROM ONS WÉDERGEBORE MOET WORD

"Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en
leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën,
ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,
terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag
van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus,
[Titus2:11-13AOV].

1. **Dinge wat ons nie kan verander nie.** Kom ons wees nou maar eerlik ... daar is dinge wat mens eenvoudig net nie kan verander nie, byvoorbeeld:

1.1 **DNA.** Maak nie saak hoe hard ons sou probeer, ons sal nooit daardie dubbele heliks van DNA*, wat bepaal wie en wat ons fisiológies is, kan verander nie. Selfs al sou ons die laboratorium-tegnikus kon omkoop om die houers waarin mense se DNA bewaar word óm te ruil, sou ons DNA steeds ewe astrant onveranderd bly. Transhumaniste kan na hartelus met ons DNA peuter en ons gene met bio-ingenieurswese probeer verander ens., maar dit sou nie in die minste verander aan wie ons is nie.

*Deoksiribonukleïensuur.

1.2 **Vingerafdrukke.** Maak nie saak hoe hard ons sou probeer, sou ons ook nooit ons vingerafdrukke kon verander nie. Ja, vingerafdrukke mag oor tyd heen vervaag en 'verdwyn', maar geen tegnológiese vindingrykheid of kriminele laboratorium ingenieurswese sal ooit kan verander aan wie ons is nie. Ons vingerafdrukke, nuut, vars, oud of dof, is, nes die strepe van die tier (selfs al sou die grootste roofkat in die wêreld kaal geskeer word) uniek aan elkeen van ons en onuitwisbaar deel van wie ons is.

1.3 **Ons ware identiteit.** Wees nou maar eerlik, al die plastiese snykunde in die wêreld sou nooit kon verander wie ons is nie, selfs nie met 'n operasie, 'n nuwe identiteits-dokument of 'n nuwe adres nie. Die voormalige bokser, Volodymyr Palahniuk, van Ukrainiaanse afkoms, wie in die VSA geboks het onder die naam, 'Jack Brazzo', en wie later bekend geword het as die gewilde Amerikaanse akteur, Jack Palance (1919-2006), het as bomwerper vliëenier gedurende die Tweede Wêreld Oorlog soveel skade aan sy gesig opgedoen sodat plastiese sjirurge, na bewering, na afloop van die oorlog sy gesig van vooraf weer met die plastiese snykunde moes opbou, hoewel sommige bronne die storie as 'n versinsel afskryf. Die sogenaamde 'operasie', of dit nou

gedoen was of nie, het nietemin niks aan sy wáre identiteit verander as die houer van etlike toekennings vir dapperheid gedurende die oorlog nie. Tensy ‘n besondere, aardskuddende wonderwerk sou gebeur, sal ons bly wie ons is vir ewig.

1.4 **Die lewe met die verlede.** Vir baie mense, indien nie inderdaad vir almal, is dit ‘n allemintige uitdaging om met ‘n problematiese verlede te lewe; per slot van rekening, wat maak mens met die pynlike herinneringe van mislukkings, embarrasserende moréle en sosiale indiskresies, en al ons sondes en onbedagsaamhede teenoor ander, teenoor God en teenoor die Heilige Hemelse Hof van Absolute en Oneindige Geregtigheid? Wat maak ons met al die astrantheid, eiegeregtigheid en misdrywe van ons roekelose jeug wat so smalend en knaend gedurig by ons spook?

Winston Churchill het wáár gepraat toe hy genoem het dat ‘n mens se lewe soos ‘n ui oor tyd heen stadig en moeisaam (maar seker) deur die onsigbare hand van Vader Tyd en Moeder Natuur afgeskil word en, met elke nuwe ontblote huid van die ui (en die trane wat daarmee gepaard gaan) ons gedurig (net soos ‘n hardvogtige Nazi kampkommandant of moeilike koshuisvader) attent wil maak op die aaklige, onaanskoulike foute en smette van die ou huid. Die ‘moréle en sosiale indiskrésies en ‘inkongruensies’ van ons voortploeterende, ongepoetste, ongeskikte jeug haal mens in (wil dit byna voorkom) asof teen die spoed van lig. Die meule van God maal langsaam maar deeglik en seker.

Dit is in sulke tye dat die psigoterapeut se raad van, *“Dink jy nie die tyd het aangebreek om jouself te vergewe nie?”* so hol en leeg klink soos ‘n bruin papiersak met die laaste heerlike stuk biltong so pas verorber deur die hond. Ek het die Bybel al kruis en dwars ondersoek en nêrens vind ek enige bewyse dat mens “jouself” kan of mag “vergewe” nie; buitendien, probeer dit maar, dit werk eenvoudig nie. Soos die Bybel leer: Jesus Christus bly die enigste Middelaar tussen God en die mens en daar bestaan geen ander naam deur wie ons gered en vergewe kan word, of die gemoedsrus van ware vergifnis kan ontvang nie.

As ons ons identiteit maar net kon verander sodat ons magies in ‘n nuwe persoon met ‘n nuwe identiteit kon verander; hoe heerlik sou dit wees net om uiteindelik weer voor God te kon staan met die rein gewete (en die skoon, blink en onskuldige gesiggie) van ‘n pasgebore baba! Hoe beny ons nie dikwels mense met geen spyt- of skaam-gevoelens oor die verlede nie.

2. **Waarom ons Wédergebore moet word.** Die woorde van Jesus Christus aan Nikodémus lui nog klokhelder vandag:

"Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie." [Johannes3:7AOV].

Wat beteken dit alles? Dit beteken dat enige poging van ons kant af om te probeer verander wie ons is 'n vermorsing van tyd is, en, om onsself te probeer "hervorm" futiel sou wees; nuwejaars voornemens van 'n "nuwe blaadjie omslaan" (self-rehabilitasie) werk nie; wat ons nodig het is 'n totale transformasie, nie rehabilitasie nie. Ons moet, met ander woorde, *wédergebore* (weer gebore) word. Dit staan bekend as *geestelike regenerasie*. Geestelike regenerasie word deur die Bybel geleer, naamlik dat dit, deur die Almagtige God se genade, moontlik is vir die mens om (geestelik gesproke) in daardie 'nuwe persoon' gebore te word waarna ons so smag. Jesus Christus het geleer: *"Jy moet wédergebore word!"*

3. **Staande op die Beloftes van God.** God, wie nie kan lieg nie, het plegtig belowe:

"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek." [Jesaja1:18AOV].

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is." [Johannes1:12-13AOV].

"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen." [2Korinthiërs5:17-20AOV].

"Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." [Romeine6:22-23AOV].

"So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS] 'n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens [ADAM] was uit die aarde aards, die tweede mens [JESUS] is die Here uit die hemel." [1Korinthiërs15:45-47AOV].

4. **Die Dubbele Waarborg van God om te Red.** Weereens belowe God:

"My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie."
[Johannes10:27-29AOV].

5. **Daar is 'n Heilfontein van Bloed.** In retrospek: Gedurende 1962, na jare van die tipiese verwardheid en onkunde van 'n 14-jarige tiener, het ek by 'n draaipunt in my lewe gearriveer toe ek uiteindelik, in 'n beskeie kerkgeboutjie in Virgina (O.V.S.), die geleentheid aangegryp het om, metafóries gesproke, by die kruis van verootmoediging te kniel en Jesus Christus aan te neem as Heer en Meester van my lewe.

So, alhoewel ons gemeente-leraar, Pastoor (Dr.) Tienie Cronjé, en my skoolvriend by die Hentie Cilliers Hoërskool, Johan Schoeman, wie albei so hard gewerk het daaraan om aan my die wonder van die Evangelie te verduidelik, alreeds intussen oorlede is, en alhoewel my jeugdige entoesiasme vir 'n geruime tyd daarna teen 1965 afgeneem te wyte aan die druk van die lewe en die tipiese voortvarendheid en verstrooidheid van tieners, het ek ten einde laaste in 1974 in my tuisdorp van die tyd, Vanderbijlpark, by 'n kerk uitgekom en my lewe as jong Christen hervat. Dit was moeilik, aangesien ek onder andere moes (en wou) ophou rook, wat ek darem ook so vroeg as 1973 wonderbaarlik alreeds kon regkry; hoe goed onthou ek die oggend toe ek moedeloos voor God en voor my pa se winkel in my astrante, rooi Triumph Chicane gaan sit, die radio aanskakel en John van den Bergh se stem oor die lug hoor kom; hy het gepraat oor die vrou by die put wat gedors het na water en met Jesus wat aan haar die Lewende Water uit die Hemel wou gee. Net daar en dan het opgestaan en die naaste kerk gaan soek; en, ek het nooit weer teruggekyk nie.

Vandag het ek geen ander opsie nie as om my te beroep op die bloed (lyding en offer) van Jesus Christus aan die kruis van Golgotha om my te verlos van die skande en verleentheid van die 'wilde hawer' van my onverantwoordelike jeug. Ek herinner die leser graag aan die woorde van William Cowper:

"There is a Fountain filled with Blood,
Drawn from Emmanuel's [JESUS'] veins;
And sinners plunged beneath that Flood,
Lose all their guilty stains!"

(William Cowper, 1731-1800)

AFRIKAANS

"Daar is 'n heilfontein Bloed,
Vloeiend uit Emmanuel's sy;
En sondaars word in daardie Vloed,
Van al hul vlekke vry!"

6. **God kan jou vallei weer lowergroen maak.** Indien ek my temperament en geloofspad aan aan ander moes verduidelik, sou ek dit graag wou doen aan die hand van die gedig deur ‘n vriend van ons gesin, wyle Nancy Bouwer, lank reeds oorlede en deur haar gedurende die 1970s gepen: Bidders, nes skrywers, is dikwels lede van ‘n introspektiewe, melankóliese groep met baie van hulle dikwels op die randjie van desperaatheid oor die een of ander rede, daarom die gedig hieronder wat sy sekerlik nooit verwag het om ooit verder as die privaatheid van haar kombuis gepubliseer te word nie:

LORD, KNOWEST THOU ME?

Nancy Bouwer

“My Lord, knowest Thou me?
I have a leaning side;
A tendency to go astray
If Thou dost not lead all the way.
My hands are weak,
My heart doth faint
When evil does my soul assail.

“Lord, should You find me, blindly groping,
Wouldst Thou just whisper, ‘Peace ... be still!’
For, I am often lost, so often lonely
On this my pilgrims’ way, O Lord.
My leaning side doth need a helping hand,
Else I could enter Heaven’s portals never
Or dwell o’er there with the immortals.

“Lord, I would be strong for Thee,
Yet am I often weak and cannot walk alone;
Tis Thee I need!
Please lift me up, yes, lift me higher
Above the things I should not do ... yet do.
Yes, lift me higher still, dear Lord
O’er all the things I should have done
Yet oft times left undone.

“O Lord, prop up my leaning side,
O Lord, let me in Thee abide.
Though I am weak, yet Thou art strong.
Let me lean on Thee ever on!
Be Thou my strength, my guide;
Redeemed, I could bravely walk with Thee
Through all Eternity.”

Opgesom kom bogenoemde gebed waarskynlik neer op die woorde: *"Leer ons om op te hou om die verkeerde dinge na te jaag gee sodat die regte dinge 'n kans kan kry om met ons op te vang!"* Miskien het die leser ook by daardie aansluiting in die pad gearriveer waar hy of sy moedeloos en desperaat sonder hulp in die vooruitsig hoop op 'n drastiese verandering. Sy of haar vallei het alreeds lankal droog, uitgedor en bruin geword, maar ons vallei kan weer groen word nieteenstaande ons verlede deur eenvoudig na Jesus Christus te kom vir die Water van die Lewe. Soos Charles Spurgeon eenmaal geskrywe het, God is méér as in staat om verlore tyd, trane gestort en moeilikhede ervaar terug te koop en in die dieptes van vergételheid te gooi met die prys wat by Golgotha betaal is vir die sonde van die wêreld. Die Bybel leer:

\

"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."
[Jesaja1:18-20AOV].

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word ...
Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie."
[Johannes 3:16-17; 6:37AOV].

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie."
[1Johannes1:7-10AOV].

"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."
[Romeine6:23AOV].□

**"Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken nie."
[Romeine4:8AOV].**

86

KYK, HY KOM MET DIE WOLKE!

Meeste mense hang die een of ander tipe godsdiens aan; ten minste weet hulle goed watter kerk dit is vanwaar hulle wegbly

John Erskinde
(1879-1951)

1. **Midde-Ooste ellende.** Hoe ernstig ons geweld mag veroordeel en die verlies aan menselewens aan beide kante betreur, word ons steeds onwillekeurig gekonfronteer deur die grimmige realiteit van die konflik tussen Israelis (en hul simpatiseerders, die Joodse en Christen Weste) en Palestyne (en hul finansiers, die anti-Israel blok). Nietemin, die meeste Evangeliese Christene sou hierdie konflik waarskynlik toeskryf aan die onvermydelike eskatológiese voorlopers van die wederkoms van Jesus Christus.

2. **Daniël het die komende ryk van Jesus Christus geprofeteer.**

"Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie."
[Daniël 7:13-14AOV].

3. **Jesus Christus het Sy wederkoms geprofeteer.**

"Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees ...
En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.
En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid."
[Mattheüs24:27, 29-30AOV].

"In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

[Johannes14:2-3AOV].
"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige."
[Openbaring1:8AOV].

4. **Die geliefde dissipel Johannes het die wederkoms geprofeteer.**

"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!"
[Openbaring1:7AOV].
"En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here."
[Openbaring19:14-16AOV].

5. **Die vooruitsigte van die goddelose.** Vandag is daar onder die goddelose, en selfs onder afvallige, 'postmoderne Christene', mense wat Jesus Christus, indien Hy (soos hulle sou sê) wel bestaan het, wil afskryf as 'n eerste-eeuse godsdiens-fanatikus wat in hegtenis geneem was omdat hy 'n openbare oorlas was en nie omdat Hy aanspraak gemaak op die status as die Seun van God nie. Jesus Christus het egter gewaarsku:

"Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red. Wat baat dit 'n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen? Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele."
[Lukas9:24-26AOV].

6. **Die Messias.** Elke student van die Eskatologié (die studie van die Eindtyd) en die Messiaanse profesiëe van die Bybel, sal spoedig ontdek dat elke persoon wat Jesus Christus as die 'messias' probeer vervang met 'n ander figuur spreekwoordelike by die verkeerde 'ideológiese boom' blaf.

'n Noukeurige studie van Bybelse professiëe sal toon dat Jesus Christus op die toneel verskyn het presies op die oomblik (of presies in die 'historiese profétiese venster') in die geskiedenis waar alle Ou Testamentiese profete met betrekking tot die koms van die Messias en die Nuwe Testamentiese gebeurtenisse rondom die geboorte en lewe van Jesus Christus in 'n perfekte, profétiese samekoppeling mekaar ontmoet, soveel so dat elkeen wat vandag homself as die langverwagte

'Messias' sou wou verklaar en aankondig, die Bybel se profétiese bus rondom die wederkoms alreeds met minstens 2 000 jaar verpas het.

Buitendien behoort elke redelike mens te erken dat, selfs al sou daar 'n saak gemaak wil word dat die lewe van Jesus Christus deur die een of ander buitengewoon begaafde, geniale individu op 'n oneerlike wyse gefabriseer, gemasjineer en ge-orkestreer moes gewees het, dan sou daardie begaafde individu slegs Jesus Christus self kon gewees het in terme van die beginsel, *"Slegs 'n egte, ware unieke Jesus Christus sou in staat gewees het om die egte, ware unieke Jesus Christus van die geskiedenis te kon geproduseer het."* □

"Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval."
[2Korinthiërs11:3-4].

87

WAT JESUS CHRISTUS DIE OORWINNAAR BELOWE HET

Goeie Amerikaners wat sterf gaan na Parys

Oscar Wilde
(1854-1900)

1. **Inleiding.** Jesus Christus het gelowiges wie sou oorwin sewe goud-omboorde beloftes nagelaat, soos volg:

2. Beloftes van Jesus Christus.

2.1 Die Lewensboom.

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is."
[Openbaring2:7AOV].

2.2 Die Kroon van die Lewe.

"Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."
[Openbaring2:10b,11AOV].

2.3 Die Verborge Manna, die Wit Steen en 'n Nuwe Naam.

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang."
[Openbaring2:17AOV].

2.4 Mag oor die Nasies en die Môrester.

"Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.En Ek sal hom die môrester gee."
[Openbaring2:25-28AOV].

2.5 **Wit Klere en die Boek van die Lewe.**

"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele." [Openbaring3:5AOV].

2.6 **'n Pilaar in die Tempel van God; God se Naam en die Nuwe Name van Jesus Christus en die Nuwe Jerusalem.**

"Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam." [Openbaring3:11-12AOV].

2.7 **Die Awondmaal saam met Christus en die deel van Sy troon.**

"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het." [Openbaring3:20-21AOV].

3. **Saligheid op grond van die eerlike belydenis van Geloof.** Alhoewel Saligheid verkry word deur GELOOF in Jesus Christus (deur die Evangelie te glo by bekéring) is 'n gawe van God, en nie verkry op grond van persoonlike meriete of prestasie nie, sal *toepaslike goeie werke in die geheim gedoen* die basis vorm van Hemelse loon vir die gelowige. Die Bybel leer:

3.1 Om *goeie werke* te doen is 'n OPDRAG deur Jesus Christus self.

"Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." [Mattheüs5:16AOV].

"Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet;dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf." [1Timotheüs6:17-19AOV].

3.2 Persone vol van *goeie werke* sal deur God self AANGEPRYS word en deur hulle gemeenskap WAARDEER word.

"En in Joppe was daar 'n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas. Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het."
[Handelinge 9:36AOV].

3.3 Jesus Christus het SELF ook baie *goeie werke* gedoen gedurende Sy kortstondige, merkwaardige bediening op aarde.

"Jesus antwoord hulle: Baie goeie werke het Ek julle getoon van my Vader. Oor watter een van dié werke stenig julle My?"
[Johannes10:32AOV].

3.4 Regerings is in beginsel nie kwaadwillig ingestel teenoor *goeie werke* nie maar sal eerder persone wat daarmee besig is AANPRYS daarvoor.

"Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang."
[Romeine13:3AOV].

3.5 Christene is GESKAPE tot *goeie werke* en is veronderstel om daarin te wandel.

"Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."
[Efesiërs2:10AOV].

3.6 Hulle wie VOORGEE dat hulle God ken maar nie wandel in *goeie werke* nie word deur die Bybel beskryf as gruwelik, ongehoorsaam en ongeskik vir elke goeie werk.

"Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk."
[Titus1:16AOV].

3.7 *Goeie werke* in die GEHEIM gedoen sal beslis deur God beloon word.

"Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by julle Vader wat in die hemele is nie. Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg. Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde."

[Mattheüs6:1-4AOV].

3.8 Jesus Christus heg groot waarde aan enige *goeie werke* wat deur Sy dissipels gedoen word en het paslike BELONINGS, dienooreenkomstig die tipe goeie werke wat gedoen word, belowe daarvoor.

> "Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade."
> [Mattheüs16:27AOV].
> "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees."
> [Openbaring22:12AOV].

3.9 By die BEMA Regterstoel van Christus sal gelowiges formeel beloning ontvang vir *goeie werke* op aarde gedoen.

> "En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf ... En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank ... En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke."
> [Openbaring11:18; 20:4,12AOV].

3.10 VYF SPESIALE KRONE, wil dit voorkom, word gereserveer vir hulle wat in die volgende areas uitgeblink het:

3.10.1 Die Kroon van die LEWE (Vir gelowiges wat versoeking deurstaan het gedurende verdrukking).

> "Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet."
> [Jakobus1:12AOV].
> "Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee."
> [Openbaring2:10AOV].

3.10.2 Die ONVERWELKLIKE Kroon (Vir hulle wat suksesvol aan die wedloop deelgeneem het).

"En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles—húlle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike."
[1Korinthiërs9:25AOV].

3.10.3 Die Kroon van GEREGTIGHEID (Vir diegene wat Jesus Christus se verskyning liefgehad het).

"Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het."
[2Timotheüs4:8AOV].

3.10.4 Die Kroon van HEERLIKHEID (Vir herders wat getrou oor die kudde was).

"En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang."
[1Petrus5:4AOV].

3.10.5 Die Kroon van ROEM/HOOP/BLYDSKAP (Vir gelowiges wat in Christus gewandel het).

"Want wie anders as julle is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms?"
[1Thessalonicense2:19AOV].
"Daarom, my geliefde broeders, na wie ek ook verlang, my blydskap en kroon, staan so vas in die Here, geliefdes."
[Philippense4:1AOV].

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is."
[Openbaring2:7AOV].

88

WEES STIL EN WÉÉT DAT EK GOD IS

Elke raaiskoot van ons met betrekking tot die werke van God is waarskynlik so korrek as die raaiskote van 'n klein kind oor die werke die mens

Thomas Reid
(1710-1796)

Stelling #1. God is die Hoogste Gesag in die Heelal. Hy is die *Absolute & Oneindige Skepper* wie, toe Hy wou sweer by 'n hoër gesag, Hy by Homself moes sweer.

"Versamel julle en kom, kom almal nader, julle wat uit die nasies ontvlug het! Hulle weet niks, wat die hout van hul gesnede beeld dra en 'n god aanbid wat nie kan verlos nie. Verkondig en bring voor, ja, laat hulle saam raad hou: Wie het dit van ouds af laat hoor, lank tevore dit verkondig? Is dit nie Ek, die HERE, nie? En buiten My is daar geen ander God nie: 'n regverdige en reddende God is daar buiten My nie. Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie. Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer."
[Jesaja45:20-23AOV].

"Maar as julle na hierdie woorde nie luister nie, dan sweer Ek by Myself, spreek die HERE, dat hierdie huis 'n puinhoop sal word."
[Jeremia22:5AOV].

"Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer en gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder."
[Hebreërs6:13-14AOV].

2. **Stelling #2. God se weë en gedagtes is oneindig hoër as waartoe ons as sterflike wesens (mense) in staat is.** By gebrek aan 'n beter beskrywing aanvaar ek dat God (die 'YHWH' of 'EK IS' van Moses) metafóries gesproke 'n veronderstelde *I.K. (Intelligensie Kwosiënt)* oneindigheid tot die mag van oneindig het, d.i., ONEINDIG[oneindig].

"Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes."
[Jesaja 55:7-9AOV].

3. **Stelling #3. Die hoogste hemele kan God nie bevat nie.** Dit, onder andere, bewys die sinneloosheid daarvan om die bestaan van God te probeer bewys deur na Hom in die buitenste ruimtes te gaan soek.

> "Maar wie is in staat om vir Hom 'n huis te bou? Want die hemele, ja, die hoogste hemel, kan Hom nie bevat nie. Wie is ek dan, dat ek vir Hom 'n huis kan bou, behalwe om voor sy aangesig offers aan die brand te steek?"
> [2Kronieke2:6AOV].
> "Maar sou God werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het."
> [1Koning8:27AOV].

4. **Stelling #4. God die Vader is die Opperregter in die Hemelse Regsbank van Absolute en Oneindige Geregtigheid.** Die enigste manier om 'n beroep op die Opperregter (vir genade) te doen is om 'n beroep te doen deur middel van Jesus Christus, die Seun van God. By die 'Groot Wit Troon Oordeel' soos geprofeteer deur die geliefde dissipel Johannes, is Jesus Christus egter deur die Opperregter afgevaardig om as Hoofregter vir die verhoor te sit.

> "En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het ...
> Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar ...
> En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel."
> [Mattheüs 3:17; 11:27; 19:28AOV].
> "Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee. Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom ...
> Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie ...
> Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."
> [Johannes3:35-36; 5:22-23; 14:6AOV].

5. **Stelling #5. God is Almagtig.** God is magtig en groot van daad, byvoorbeeld, groot en klein genoeg om (i) alle sterre in die Heelal te tel en name te gee, en (ii) om elke gebroke hart in die Kosmos te herstel. Interessant dus hoe die psalmis, in hierdie psalm, die genesing van 'n gebroke hart net so ernstig en uitdagend te maak

deur dit op ‘n gelyke voet te stel met die vermoë om al die sterre in die Heelal te tel (en name te gee!).

> “Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde. bepaal die getal van die sterre; Hy gee hulle almal name. Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig. Die HERE rig die ootmoediges weer op; die goddelose mense verneder Hy tot die grond toe.”
> [Psalm147:3-6AOV].

6. **Stelling #6. God se primêre woonplek staan bekend as die ‘Vader se Huis van Baie Wonings’.** Hierdie woning is waarskynlik geleë in (waarna Paulus vewys as) die “Derde Hemel” of “Paradys”. God woon ook by die verslae en nederiges van gees, en die Heilige Gees woon ook in die harte van gelowiges.

> “Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle.”
> [Johannes14:1-4AOV].
>
> “Ek weet van ‘n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so ‘n man—of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit— dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat ‘n mens nie mag uitspreek nie.”
> 2Korinthiërs12:2-4[AOV].
>
> “Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes. Want Ek sal nie vir ewig twis en nie vir altyd toornig wees nie, want die gees sou voor my aangesig versmag en die siele wat Ek self gemaak het.”
> [Jesaja57:14-16AOV].
>
> “Weet julle nie dat julle ‘n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle ...
> Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.”
> [1Korinthiërs3:16-17; 6:19-20AOV].

7. **Stelling #7. Die Persona van God is Absoluut & Oneindig diep en kompleks.** God is so diep, kompleks en ondeurgrondelik dat selfs die Gees van God die (misterieuse) dieptes van God ondersoek, wat dit ookal mag behels of beteken.

"Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God."
[1Korinthiërs2:10AOV].

8. **Stelling #8. God is nederig van hart.**

"Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes."
[Jesaja57:15AOV].
"Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel—op 'n jong esel, die vul van 'n eselin."
[Zacharia9:9AOV].
'Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig."
[Mattheüs11:28-30AOV].

9. **Stelling #9. God roep soliede materié uit die 'niks'.** God is magtig en begaafd genoeg om b.v. soliede materié uit die niet te roep asof dit bestaan.

"In die begin het God die hemel en die aarde geskape."
[Genesis1:1AOV].
" ... soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan."
[Romeine4:17AOV].

10. **Stelling #10. God is alwetend, alomteenwoordig en almagtig.** Die ateïs wat beweer dat God nie bestaan nie sal sy saak moet bewys, en wel soos volg: Hy sal oral in die Heelal tegelykertyd op elke plek aanwesig moet wees om seker te maak dat God nie iewers van sy waarneming verberg word nie. Hy sal m.a.w. ALOMTEENWOORDIG moet wees en ook in staat moet wees (d.i., ALMAGTIG) om elke kubieke millimeter in die Heelal op dieselfde oomblik te kan ondersoek vir die moontlike teenwoordigheid of afwesigheid van God.

"Kyk, God is geweldig, nogtans ag Hy niks gering nie—geweldig deur krag van verstand."
[Job36:5AOV].
"Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig."
[Psalm147:5AOV].

"Die HERE het deur wysheid die aarde gegrond, deur verstand die hemele vasgestel; deur sy kennis het die watervloede oopgebreek en het die wolke dou gedrup."
[Spreuke3:19-20AOV].
"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige ...
En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige."
[Openbaring1:8; 19:15AOV].

11. **Stelling #11. In die Kosmos (en daarbuite) bestaan daar geheime dinge sowel as geopenbaarde dinge.** Die Bybel leer:

"Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet."
[Deuteronomium29:29NSV].

12. **Stelling #12. Slegs God is uitgerus met die eienskappe wat dit sou verg om te bewys dat daar geen God is nie.** Slegs God self beskik oor die vermoë en daardie besondere eienskappe, m.a.w., die volmaakte wetenskaplike statuur, gesag, invloed, diskrésie, kennis, wysheid en intellektuele gravitas ens. wat nodig sou wees om te bewys dat God nie bestaan nie. Maar, soos die spreekwoord lui, 'n Arend van God se kaliber spring nie in hok uit vrye wil nie. Laat staan en wéét dat God GOD is!

"Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde."
[Psalm46:11AOV].□

"Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes."
[Jesaja *55*:7-9AOV].

EPILOOG

Alhoewel die Saligheid (en vergifnis van sonde) nie op meriete verdien kan word nie en dit gratis aan elke mens uit alle nasies van die wêreld aangebied word, kom vergifnis nogtans nie goedkoop en maklik nie; net soos bv., 'amnestie', moet dit spesifiek aanvaar word in reaksie op Jesus Christus se uitnodiging van, *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee!"* Dit gaan gewoonlik gepaard met *bekéring* en *belydenis van geloof,* soos vergestalt in of gesimboliseer deur die Christelike doop (ná bekéring en belydenis van geloof).

Ek verduidelik: Toe Jesus gekruisig was, het die soldate getaak met die verantwoordelikheid en taak van Sy kruisiging, die lot gewerp vir Sy kleed. Die Bybel vertel:

> "En daar is nog twee ander, kwaaddoeners, weggelei om saam met Hom tereggestel te word. En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners, een aan die regter– en een aan die linkerkant. En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. En hulle het sy klere verdeel en die lot daaroor gewerp."
>
> [Lukas23:32-34AOV].

By nadere ondersoek het dit egter duidelik geword dat Jesus nie op daardie oomblik die Jode en volk verantwoordelik vir Sy kruisiging summier van die kruis af *en masse* vrygespreek en vergewe het nie, maar dat Hy inderdaad die Vader versoek het om slegs die soldate verantwoordelik vir Sy kruisiging vir hul ligsinnige ongeloof te vergewe. Die vergifnis van die Jode en volk betrokke by Sy terégstelling is eers baie later vergewe, d.i., op Pinksterdag, *nadat hulle tot bekéring gekom het* en Petrus op één dag 3 000 siele gedoop het.

> "Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet–
>
> Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring ... Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."
>
> [Handelinge2:22-23; 37-38AOV].

"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

[Handelinge2:38AOV].

AANHANGSEL A: NAME & TITELS VAN JESUS CHRISTUS

[Gebaseer op die Ou Afrikaanse Vertaling: AOV].

- Aanvoerder [Jes.33:22].
- Afdruksel van Sy Wese [Heb.1:3].
- Afskynsel van Sy Heerlikheid [Heb.1:3].
- Alfa en Omega [Gks. A&Z, Begin & Einde] [Openb.1:8].
- Alleenwyse God Ons Verlosser [Jud.1:25].
- Almagtige [Openb.1:8].
- Amen, Die (Heb. Laat Dit So Wees) [Openb.3:14].
- Apostel en Hoëpriester van ons Belydenis (Gks. Apostólos – Gestuurde) [Heb.3:1].
- Arm van die Here [Jes.51:9].

- Banier van die Volke [Jes.11:10].
- Bedienaar van die Heilige Dinge en die Ware Tabernakel [Heb.8:2].
- Begin en Einde (Sien 'Alfa & Omega') [Openb.22:13].
- Begin van die Skepping van God [Openb.3:14].
- Beproefde Steen [Jes.28:16].
- Bewerker van die Saligheid van Baie Kinders (Sien Jes.9:5) [Heb.2:10].
- Blink Môrester [Openb.22:16].
- Boodskapper van die Verbond [Mal.3:1].
- Borg van 'n Beter Verbond [Heb.7:22].
- Broer van Jakobus, Judas, Joses & Simon [Mrk.6:3].
- Brood van die Lewe [Jhn.6:48].
- Bruidegom [Matt.9:15].

- Christus (Gks. Gesalfde; Dienskneg van die Here) [Matt.1:16; Mark.14:61].
- Christus die Here [Luk.2:11].
- Christus die Koning [Luk.23:2].
- Christus die Uitverkorene van God [Luk.23:35].
- Christus Jesus [Hand.19:4; Rom.6:3; 3:24; 8:1; 16:3; 1 Kor.1:2; 1:30; Heb.3:1; 1 Pet.5:10,14; Gal.2:16; 1 Tim.1:15].
- Christus Jesus, Onse Here [1 Tim. 1:12;Rom. 8:39].
- Christus van die Here, Die [Luk.2:26].
- Christus van God, Die [Luk.9:20].

- Deur van die Skape, Die [Jhn.10:7].
- Dienskneg van die Here (Sien Christus).

- Eerste en Laaste, Die [Openb.22:13; Openb.1:17; Openb.2:8; Jes.48:12].
- Één Middelaar tussen God en die Mens [1 Tim.2:5].
- Eersgeborene, Die [Heb.1:6; Ps.89:28].
- Eersgeborene uit die Dode, Die [Openb.1:5].
- Emmánuel (Gks. God Met Ons) [Jes.7:14;Matt.1:23].
- Ek Is, Die [Jhn. 8:58].
- Engel wat uit teëspoed verlos, Die [Gen.48:16;Exod.23:20,21].

- Engel van die Verbond, Die [Mal.3:1].
- Engel van Sy Aangesig, Die [Jes.63:9].
- Eniggeborene wat van die Vader Kom, Die [Jhn 1:14]
- Eniggebore Seun wat in die Boesem van die Vader is, Die [Jhn.1:18].
- Erekoning, Die [Ps.24:9,10].
- Erfgenaam van Alles [Heb.1:2].
- Ewige Lewe, Die [1 Jhn.5:20].
- Ewige Lig, Die [Jes.60:20].
- Ewige Rots [Jesaja26:4].
- Ewige Vader (Sien Heb.2:10/Jes.9:5].

- Gawe van God, Die [Jhn.4:10].
- Gebieder van die Nasies, 'n Vors en [Jes.55:4].
- Geestelike Rots Christus, Die [1 Kor.10:4].
- Geliefde, Die [Efes.1:6].
- Geneesheer, Die [Matt.9:12].
- Gesalfde, Die HERE se (Sien 'Christus/Messias/Silo') [Ps.2:2].
- Gesalfde, 'n Vors [Dan.9:25].
- Geslag van Dawid, die Wortel en [Openb.22:16].
- Getuie van die Volke, 'n Vors en Gebieder, 'n [Jes.55:4].
- Getroue Getuie, Die [Openb.1:5].
- Getrou en Waaragtig [Openb.19:11].
- Getroue en Waaragtige Getuie, Die [Openb.3:14].
- Getuienis op die Regte Tyd, Die [1 Tim.2:6].
- God (Heb. Aanbiddingswaardige; Here; Jehowa → Heb.Yahweh, YHWH, EEN Wat Bestaan; Elohim; Magtige; Meester) [Ps.45,7,8; Jhn.1:1; Heb.1:8,9].
- God Lofwaardig tot in Ewigheid [Rom.9:5].
- God Geglo in die Wêreld [1 Tim.3:16].
- God Geopenbaar in die Vlees [1 Tim.3:16].
- God Geregverdig in die Gees [1 Tim.3:16].
- God Verkondig onder die heidene [1 Tim3:16].
- God Met Ons (Sien 'Emmánuel/Immánuel') Matt.1:23].
- God Opgeneem in Heerlikheid [1 Tim.3:16].
- God Ons Verlosser [1 Tim.2:3].
- God se Kneg Israel [Jes.49:3].
- God van die Hele Aarde [Jes.54:5].
- God van Israel, Die [Jes.45:15].
- God Verkondig onder die Heidene [1 Tim.3:16].
- God Verskyn aan Engele, Die [1 Tim.3:16].
- Goeie Meester, Die [Matt.19:16].
- Grondsteen, 'n [Jes.28:16].
- Groot Herder van die Skape, Die [Heb.13:20].
- Groot Hoëpriester, Die [Heb.4:14].
- Grote God en ons Verlosser Jesus Christus, Die [Tit.2:13].
- Gunsgenoot van God, Die [Ps.16:10].

- Heerser in Israel [Mig.5:1].
- Heerser oor Dode Sowel as oor Lewende [Rom.14:9].
- Heil, God se (Heb. Voorspoed/Welvaart) [Luk.2:30].

- Heiland (Heb. Redder) [Jes.43:3,11; 45:15;49:6].
- Heiligdom, 'n [Jes.8:14].
- Heilige (Heb. Afgesonderde) [Luk.1:35].
- Heilige en Regverdige, Die [Hand.3:14].
- Heilige Kind Jesus, God se [Hand.4:30].
- Heilige van God, Die [Mrk.1:24].
- Heilige Van Israel [Jes.41:14; 49:7; 54:5].
- Held [Ps.45:4].
- Herder en Opsiener van Siele, Die [1 Pet.2:25].
- Herder Van Israel [Ps.80:2].
- HERE (Sien 'God') [Jes.40:3].
- HERE Geweldig in die Stryd, Die [Ps.24:8].
- HERE God Almagtige, Die [Openb.15:3].
- Here Jesus [Hand.7:59/Kol.3:17/1 Thess.4:2].
- Here Jesus Christus [1 Kor.1:2,3; Hand.11:17; Rom.5:1,11; Hand.16:31; 20:21].
- Here Jesus Christus Ons Verlosser [Tit.1:4].
- Here uit die Hemel, Die [1 Kor.15:47].
- Here van Almal, Die [Hand.10:36; Rom.10:1.2].
- Here van die Leërskare, Die [Jes.54:5].
- HERE ONS GEREGTIGHEID, DIE [Jer.23:6].
- Here Sterk en Geweldig in die Stryd, Die [Ps.24:8].
- Here van die Heerlikheid, Die [Jak.2:1].
- Here van die here [1 Tim.6:15; Openb.17:14;19:16].
- Here van die Sabbat, Die [Mark.2:28].
- Hoëpriester [Heb.8:1].
- Hoëpriester vir Ewig volgens die Orde van Melgisédek [Heb.6:20].
- Hoeksteen, Die [Efes.2:20/Matt.21:42].
- Hom wat Hoogheilig is (Sien 'Heilig') [Dan.9:24].
- Hom Wat Ís en Wat Wás en Wat Kóm [Openb.1:4].
- Hoof van die Gemeente/Liggaam [Efes.5:23/Kol.1:18].
- Hoof van elke Man, Die Hoof [1 Kor.11:3].
- Hoogste onder die konings van die aarde [Ps89:28].
- Horing van Heil (Sien Heil) [Luk.1:69].
- Hy is ons Vrede [Efés.2:14].

- Immánuel/Emmánuel (Heb. God Met Ons) [Jes.7:14; Matt.1:23]

- Jehowa, HERE, HERE-HERE, Allerhoogste (Sien God) [Exod.6:2; Ps.83:19; Jes.12:2;26:4].
- Jehowa-Jireh (Die HERE sal voorsien) [Gen.22:14].
- Jehowa-Nissi (Die HERE is my Banier) [Exod.17:15].
- Jehowa-Shalom (Die HERE is Vrede) [Rigt.6:24].
- Jesus (Heb. Yeshuah, Redder/Verlosser) [Matt.1:16;1:21].
- Jesus Christus (Sien Christus) [Matt.1:1; Jhn.1:17;17:3;Hand.2:38;4:10;9:5;
  Rom.1:1,6;2:16;15,17; 1Kor.2:2;2Kor.1:19;4:65;Gal.2:16;
  Fil.1:8; - Hom wat Hoogheilig is (Sien 'Heilig') [Dan.9:24].
  Heb. 13:8; 1 Jhn. 1:7; 2:1].
- Jesus, Nasaréner (Sien Nasaréner) [Mrk.1:24; Luk.24:19].
- Jesus, die Nasaréner, die Koning van die Jode (Sien Nasarèner) [Jhn.19:19].
- Jesus die Christus [Matt.16:20].
- Jesus, Koning van die Jode [Matt.27:37].

- Jesus Christus Onse Here [Rom.1:4].
- Jesus Christus Ons Verlosser [Tit.3:6].
- Jesus, Seun van Josef [Jhn.6:42].

- Kind, 'n [Jes.9:5].
- Kindjie Jesus, Di) [Luk.2:27].
- Klip waar 'n Mens teen Stamp en Rots waar 'n Mens oor Val vir die Twee Huise van Israel [Jes.8:14].
- Kneg [Sag.3:8; Jes.42:1].
- Kneg van die Heersers, ‘n [Jes.49:7].
- Koning Dawid [Jer.30:9].
- Koning van die Dogter van Sion [Matt.21:5].
- Koning van die Heiliges [Openb.15:3].
- KONING van die Konings [1 Tim.6:15; Openb.17:14; 19:16].
- Koning van Israel [Jhn.1:50].
- Koning oor die Hele Aarde [Sag.14:9].
- Kosbare Hoeksteen, ‘n Uitverkore en [1 Pet.2:6; Jes.28:16].
- Krag en Wysheid van God, Die [1 Kor.1:24].

- Laaste Adam [1 Kor.15:45].
- Lam, ‘n/Die [Openb.5:6,8; 6:16; 7:9,10,17; 12:11;13:8,11;14:1,4; 15:3;17:14;19:7,9;21:9,14,22,23,27].
- Lam Van God [Jhn.1:29].
- Leermeester (Sien Rabbi/Rabboeni/God) [Matt.23:8].
- Leërowerste van die Here [Jos.5:14].
- Leeu uit die Stam van Juda [Heb.7:14;Openb.5:5].
- Leidsman Herder, ‘n [Matt.2:6].
- Leidsman en Voleinder van ons Geloof, Die [Heb.12:2].
- Leidsman tot die Lewe [Hand.3:15].
- Lelie Van Die Dale [Hoogl.2:1].
- Leraar wat van God gekom het, ‘n [Jhn.3:2].
- Lewende, Die [Openb.1:18].
- Lewende Brood wat uit die Hemel neergedaal het, Die [Jhn.6:51].
- Lewende Steen wat deur die mense verwerp is, Die [1 Pet.2:4].
- Lewendmakende Gees, ‘n [1 Kor.15:45].
- Lig van die Nasies, ‘n [Jes.42:6].
- Lig tot Verligting van die Nasies en Heerlikheid van die Volk Israel, ‘n [Luk.2:32].
- Lig van die Wêreld, Die [Jhn.8:12].
- Losprys vir Almal, ‘n [1 Tim.2:6].
- Loot voor Sy Aangesig, ‘n [Jes.53:2].
- Losser van Israel [Jes.41:14].

- Magtige van Jakob, die Heiland en jou Verlosser die [Jes.49:26].
- Magtig om te Verlos, Hy [Jes.63:1].
- Maker en Formeerder van die Moederskoot af, Jou [Jes.44:2].
- Man van Smarte en Bekend met Krankheid, ‘n [Jes.53:3].
- Man wat God se Metgesél is, Die [Sag.13:7].
- Mens Christus Jesus, Die [1 Tim.2:5].
- Mens wat ‘n ‘Vraat en ‘n Wynsuiper’ Is, ‘n (Beledigend!) [Matt.11:19].

- Messias, Die (Heb. Gesalfde) [Jhn.1:42].
- Môrester, Die [2 Pet.1:19].

- Nasaréner (L.W. Van Násaret – Nie 'Nasireër'!) [Matt.2:23].
- Narsing Van Saron, 'n [Hoogl.2:1].

- Onse Here [1 Kor1:2]
- Onse Here en Saligmaker Jesus Christus [2 Pet.1:11; 2 Pet. 3:18].
- Onse Here Jesus Christus [1Kor1:2]
- Opgaande Lig uit die Hoogte, Die [Luk.1:78].
- Opperherder, Die [1 Pet.5:4].
- Opstanding en die Lewe, Die) [Jhn.11:25].
- Owerste oor die Konings van die Aarde [Openb.1:5].

- Paaslam, Ons [1 Kor.5:7].
- Petra (Gks. Rots) [Matt.16:18]. L.W. Christus verwysend na Homself as die 'Petra' (Rots); en, na Petrus ('Petros') as slegs die 'klein klippie'.
- Priester vir Ewig Volgens die Orde van Melgisédek [Heb.7:17].
- Prins van Vrede (Sien 'Silo') [Gen.49:10].
- Profeet uit jou midde, 'n [Deut.18:15,18; Luk.24:19].
- Profeet van Nasaret in Galilea, 'n [Matt.21:11].

- Raadsman [Jes.9:5].
- Rabbi (Ch./Heb. Vername; Leermeester) [Jhn.1:50].
- Rabboeni (Aram./Heb./Gks.: "My Meester!") [Jhn.20:16].
- Regter van Lewende en Dode [Hand.10:42].
- Regter, Ons [Jes.33:22].
- Regverdige, God se Kneg die [Jes.53:11].
- Regverdige Man, Die [Matt.27:19].
- Regverdige Regter, Die [2 Tim.4:8].
- Regverdige Spruit vir Dawid, 'n [Jer.23:5].
- Rots (Gks. 'Petra') [Matt.16:18].L.W. Jesus Christus = Rots ('Petra')/Petrus = Klein Klippie ('Petros').
- Rotssteen, Enigste [Jes.44:8].

- Saad van die Vrou, Die [Gen.3:15].
- Saad van Juda (Sien 'Silo') [Gen.49:10].
- Salige en Enigste Heerser, Die [1 Tim.6:15].
- Saligmaker wat Christus, die Here is, Die [Luk.2:11].
- Seun ('n) [Jes.9:5].
- Seun van die Geseënde God, Die Christus, die [Mrk.14:61].
- Seun van Dawid [Matt.9:27].
- Seun van die Allerhoogste God [Markus5:7; Luk1:32].
- Seun van die Geseënde God [Mrk.14:61].
- Seun van die Mens. Die [Matt.11:19; 16:27,28; 18:11; 20:28; 26:2; 26:45,64; Mark.2:28; 9:9,12; 10:33,45; 14:21,62; Luk.5: Hand.7:56; Jhn.5:27; 12:34; 13:31; Openb.1:13; 14:14 ('Menseseun')]. Verw. Daniel 7:13: 'Seun van 'n mens'.
- Seun Van Die Vader, Jesus Christus, die [2 Jhn.1:3].
- Seun Van God
  [Ps.2:7; 89:27; Matt.3:17; 4:3,6; 10:40; 11:27; 14:33

Mrk1:1; 1:11; 3:11; 5:7; 9:7; 15:39;
Luk.1:32,35; 3:22; 4:3,9; 8:28; 9:35; 10:22; 20:13; 22:29,70; Jhn.1:1,2,14,18
,34,49-50; 3:16,17,18,34,35,36; 5:19,20,21,23,26,27,30,32,36,37; 6:27,38,
40,46,57,69; 7:16,28,29; 8:16,19,26,27,28,29,38,40,42,49,54; 9:35,36,37.
Hand.3:13; 9:20; 13:33; Rom.1:3; 8:3,29,32; 1Kor.1:9; 15:24,27,28;
2Kor.1:3,19; Gal.1:16; 4:4; Efés.1:3; 3:14; Kol.1:3,15,19; 3:17; 1Thess.1:10
Heb1:1,2,3,5; 4:14; 5:5,8,10; 6:6; 7:3; 10:29; 2Pet.1:17;
1Joh.1:7; 2:22,23,24; 3:8,23; 4:9,10,14; Openb.2:18].

- Seun van Maria, Die [Mrk.6:3].
- Seun van 'n Mens [Daniel 7:13]
- Seun van Sy Liefde, Die [Kol.1:13].
- Seun van die timmerman, Die [Matt.13:55].
- Silo (Heb. Gesalfde; Prins Van Vrede; Saad Van Juda) [Gen.49:10].
- Skeidsregter/Bemiddelaar [Job 9:33].
- Skepper van Israel, Die [Jes.43:15].
- Sierlike Kroon en 'n Pragtige Krans vir die Oorblyfsel van Sy Volk, 'n [Jes.28:5].
- Son van Geregtigheid, Die [Mal.4:2].
- Skrynwerker/Timmerman [Mrk.6:3].
- Spruit, God se Kneg, die [Sag.3:8].
- Steenrots van Israel, Die [Jes.30:29].
- Steen des Aanstoots en 'n Rots van Struikeling, 'n [1 Pet.2:7].
- Steen wat die Bouers Verwerp het en wat die Hoeksteen geword het, Die [Matt.21:42].
- Sterke God [Jes.9:5].
- Septer uit Israel, 'n [Num.24:17].
- Seun van die Allerhoogste, Die [Luk.1:32].
- Ster uit Jakob, 'n [Num.24:17].

- Timmerman (Skrynwerker) Die [Mrk.6:3].
- Tweede Mens, die Here uit die Hemel, Die [1 Kor.15:47].

- Uitnemender as Tienduisend [Hoogl.5:10].
- Uitverkore en Kosbare Hoeksteen, 'n [1 Pet.2:6].
- Uitverkorene, God se Keng en [Jes.42:1].

- Vangnet en Strik vir die Inwoners van Jerusalem [Jes.8:14].
- Verlosser, Ons/Die/As [Jes.49:26;59:20;Matt.1:21;Efés.5:23; 1Kor.1:30;2 Tim.1:10; Tit.2:13; 1 Jhn.4:14].
- Voorloper, 'n [Heb.6:20].
- Verbond van die Volk, 'n [Jes.42:6].
- Versoening vir ons en die hele wêreld se Sondes [1 Jhn.2:2].
- Voorspraak by die Vader, 'n [1 Jhn.2:1].
- Vertroosting van Israel, Die [Luk.2:25].
- Vors en Gebieder van die Nasies, 'n [Jes.55:4]
- Vredevors [Jes.9:5].
- Vrees en Verskrikking van Israel, Die [Jes.8:13].
- Vriend van Tollenaars en Sondaars, 'n (Beledigend)[Matt.11:19].

- Waaragtige God en Ewige Lewe, Die [1 Jhn.5:20].
- Waaragtige Lig wat Elke Mens Verlig, Die [Jhn.1:9].

- Ware Wynstok, Die [Jhn.15:1].
- Weg en die Waarheid en die Lewe, Die [Jhn.14:6].
- Wonderbaar [Jes.9:5].
- Woord, Die [Jhn.1:1].
- Woord van God, Die [Openb.19:13].
- Woord Van Lewe, Die [1 Jhn.1:1].
- Wortel en die Geslag van Dawid, Die [Jes.11:10; Openb.22:16].
- Wortel uit Droë Grond, 'n [Jes.53:2].
- Wortel van Dawid, Die [Openb.5:5;22:16].
- Wortel van Isai [Jes.11:10].
- Wysheid [Spr.8:12].
- Wysheid van God, Die Krag en [1 Kor.1:24].
- Wysheid uit God en Geregtigheid en Heiligmaking en Verlossing [1 Kor.1:30].

Erkenning

1. Bybel. *Afrikaans*. AOV. E-Sword.net.
2. Young, Robert (1879) *Young's Analytical Concordance to the Bible.*

AANHANGSEL B: DIE GENEALOGIÉ VAN JESUS CHRISTUS TERUG HERLEI NA ADAM

"En Hy, **Jesus**, was omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het; en Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef, die seun van Eli,

die seun van Mattat, die seun van Levi, die seun van Melgi, die seun van Janna, die seun van Josef,

die seun van Mattatías, die seun van Amos, die seun van Nahum, die seun van Esli, die seun van Nággai,

die seun van Maät, die seun van Mattatías, die seun van Sémeï, die seun van Josef, die seun van Juda,

die seun van Jóhanan, die seun van Resa, die seun van Serubbábel, die seun van Seáltiël, die seun van Neríja,

die seun van Melgi, die seun van Addi, die seun van Kosam, die seun van Elmódam, die seun van Er,

die seun van Joses, die seun van Eliëser, die seun van Jorim, die seun van Mattat, die seun van Levi,

die seun van Símeon, die seun van Juda, die seun van Josef, die seun van Jonan, die seun van Éljakim,

die seun van Meléas, die seun van Mainan, die seun van Máttata, die seun van Natan, die seun van Dawid,

die seun van Isai, die seun van Obed, die seun van Boas, die seun van Salmon, die seun van Nagson,

die seun van Ammínadab, die seun van Ram, die seun van Hesron, die seun van Peres, die seun van Juda,

die seun van Jakob, die seun van Isak, die seun van Abraham, die seun van Tera, die seun van Nahor,

die seun van Serug, die seun van Rehu, die seun van Peleg, die seun van Heber, die seun van Sela,

die seun van Kainan, die seun van Arpágsad, die seun van Sem, die seun van Noag, die seun van Lameg,

die seun van Metúsala, die seun van Henog, die seun van Jered, die seun van Mehaláleël, die seun van Kenan,

die seun van Enos, die seun van Set, die seun van **Adam**, die seun van God."

[Lukas3:23-38AOV].

AANHANGSEL C: AANBEVOLE BOEKE

LYS A (Bybelse Skeppingsleer)

1. Ackerman, Paul D., *In God's Image After All* (Baker Book House, 1990), 101 pp.
2. Ackerman, Paul D., *It's A Young World After All* (Baker Book House, 1986), 131 pp.
3. Andrews, Edgar H., *Concepts in Creationism* (Presbyterian and Reformed, 1994).
4. Andrews, Edgar H., *From Nothing to Nature* (Presbyterian and Reformed, 1978), 120 pp.
5. Andrews, Edgar H., *Christ and the Cosmos* (Presbyterian and Reformed, 1986), 128 pp.
6. Andrews, Edgar H., *God, Science and Evolution* (Presbyterian and Reformed, 1980), 129 pp.
7. Austin, Steven A., ed., *Grand Canyon: Monument to Catastrophe* (Institute for Creation Research, 1994)
8. Austin, Steven A., ed., *Catastrophes in Earth History* (Institute for Creation Research, 1984)
9. Baker, Mace, *Dinosaurs* (Bible Science Association, 1995).
10. Barnes, Thomas G., *Science and Biblical Faith* (Creation Research Society, 1993), 191 pp.
11. Barnes, Thomas G., *Origin and Destiny of the Earth's Magnetic Field* (Creation Research Society, 1983), 132 pp.
12. Bartz, Paul A., *Creation Moments* (Bible Science Association, 1990), 260 pp.
13. Bartz, Paul A., *Letting God Create Your Day* (Bible Science Association, 1991), 267 pp.
14. Bartz, Paul A., ed., *Influencing Our Children: Darwin's Impact on Education* (Bible Science Association, 1992) 213 pp.
15. Bergman, Jerry and George Howe, *Vestigial Organs Are Fully Functional* (Creation Research Society, 1990), 97 pp.
16. Bird, Wendell R., *The Origin of Species Revisited* (Thomas Nelson Co., 1989), 2 vols., 1149 pp.
17. Bliss, Richard B., Duane T. Gish and Gary E. Parker, *Fossils: Key to the Present* (Master Books, 1980), 81 pp.
18. Bliss, Richard B., *Voyage to the Stars* (Institute for Creation Research, 1991), 111 pp.
19. Bliss, Richard B., and Donald DeYoung, *Voyage to the Planets* (Institute for Creation Research, 1994), 128 pp.
20. Bliss, Richard B., *Origins: Creation or Evolution* (Master Books, 1988), 76 pp.
21. Boys, Don, *Evolution: Fact, Fraud, or Faith* (Freedom Publications, 1994), 352 pp.
22. Brown, Walter T., *In the Beginning* (Center for Scientific Creation, 1989), 122 pp.
23. Chittick, Donald, *The Controversy* (Multnomah Press, 1984), 280 pp.
24. Coffin, Harold, *Origin by Design* (Review and Herald, 1983), 494 pp.
25. Cooper, Bill, *After the Flood* (Creation Science Movement, 1995), 250 pp.
26. Cousins, Frank, *Fossil Man* (Creation Science Movement, 1971), 138 pp.
27. Culp, Richard, *Remember Thy Creator* (Historic Christian Publications East, 1990), 207 pp.
28. Curtis, Wm. R., *The Gospel Prior to Moses* (Brentwood Christian Press, 1993), 155 pp.
29. DeYoung, Donald B., *Astronomy and the Bible* (Baker Book House, 1989), 146 pp.
30. DeYoung, Donald B., *Science and the Bible* (Baker Book House, 1994), 110 pp.
31. Dickson, Roger E., *The Fall of Unbelief* (Apologetics Press, 1982), 571 pp.
32. Dillow, Joseph, *The Waters Above* (Institute for Creation Research, 1982), 479 pp.
33. Frair, Wayne and Percival Davis, *A Case for Creation* (Moody Press, 1983), 155 pp.
34. Gentry, Robert, *Creation's Tiny Mystery* (Earth Science Associates, 1986), 315 pp.
35. Gish, Duane T., *The Amazing Story of Creation* (Institute for Creation Research, 1990), 112 pp.
36. Gish, Duane T., *Evolution: The Fossils Still Say No!*, 391 pp.
Formerly: *Evolution: Challenge of the Fossil Record* (Master Books, 1985), 277 pp.
37. Gish, Duane T., *Creation Scientists Answer Their Critics* (Institute for Creation Research, 1993), 451 pp.
38. Gish, Duane T., and Henry M. Morris, *The Battle for Creation* (Institute for Creation Research, 1976), 321 pp.
39. Gish, Duane T., *Dinosaurs by Design* (Master Books, 1992), 88 pp.
40. Gitt, Werner, *Did God Use Evolution?* (Hanssler-Verlag, 1993), 152 pp.
41. Ham, Ken, *Genesis and the Decay of the Nations* (Master Books, 1991), 81 pp.
42. Ham, Ken, *The Lie: Evolution* (Master Books, 1987), 168 pp.

43. Ham, Ken, Andrew Snelling and Carl Weiland, *The Answers Book* (Master Books, 1991), 140 pp.
44. Helfinstine, Robert F. and Jerry D. Roth, *Texas Tracts and Artifacts* (Bible Science Association, 1994), 109 pp.
45. Howe, George F., ed., *Speak to the Earth* (Creation Research Society, 1975), 463 pp.
46. Humphreys, D. Russell, *Starlight and Time* (Master Books, 1994), 133 pp.
47. Huse, Scott, *Collapse of Evolution* (Baker Book House, 1983), 178 pp.
48. ICC Procedings: 1986 (2 vols., Creation Science Fellowship, 1987), 446 pp.
49. ICC Procedings: 1990 (2 vols., Creation Sience Fellowship, 1991), 612 pp.
50. ICC Procedings: 1994 (Creation Science Fellowship, 1995), 645 pp.
51. Johnson, Wallace, *Evolution?* (Tan Books and Publishers, 1976), 138 pp.
52. Keane, G.J., *Creation Rediscovered* (Credis Pty, Ltd., 1991), 302 pp.
53. Lammerts, Walter E., ed., *Scientific Studies in Special Creation* (Creation Research Society, 1971), 343 pp.
54. Lammerts, Walter E., ed., *Why Not Creation?* (Creation Research Society, 1970), 388 pp.
55. Leupold, Herbert C., *Genesis, Chs 1-19* (Baker Book House, 1949), 576 pp.
56. Lester, Lane P. and Raymond G. Bohlin, *The Natural Limits to Biological Change* (Zondervan Publishing House, 1984), 207 pp.
57. Lubenow, Marvin, *Bones of Contention* (Baker Book House, 1992), 295 pp.
58. Manley, Isaac V., *God Made* (College Press Publ. Co., 1994), 209 pp.
59. Marsh, Frank L., *Variation and Fixity in Nature* (Pacific Press, 1976), 150 pp.
60. Martin, Jobe, *The Evolution of a Creationist* (Biblical Discipleship Publishers, 1994), 203 pp.
61. Morris, Henry M., *The Beginning of the World* (Master Books, 1991), 181 pp.
62. Morris, Henry M., *The Remarkable Record of Job* (Baker Book House, 1988), 146 pp.
63. Morris, Henry M., *The Biblical Basis for Modern Science* (Baker Book House, 1986), 516 pp.
64. Morris, Henry M., *Scientific Creationism* (Master Books, 1985), 281 pp.
65. Morris, Henry M., *The Long War Against God* (Baker Book House, 1989), 344 pp.
66. Morris, Henry M., *Many Infallible Proofs* (Master Books, 1974), 381 pp.
67. Morris, Henry M., *Science and the Bible* (Moody Press, 1986), 154 pp.
68. Morris, Henry M., *The God Who is Real* (Baker Book House, 1988) 96 pp.
69. Morris, Henry M., *The Genesis Record* (Baker Book House, 1976), 716 pp.
70. Morris, Henry M., *Biblical Creationism* (Baker Book House, 1993), 276 pp.
71. Morris, Henry M., *The Revelation Record* (Tyndale Publishing House, 1983), 528 pp.
72. Morris, Henry M., *Creation and the Second Coming* (Master Books, 1991), 194 pp.
73. Morris, Henry M., *Men of Science - Men of God* (Master Books, 1988), 107 pp.
74. Morris, Henry M., *Christian Education for the Real World* (Master Books, 1991), 295 pp.
75. Morris, Henry M., *Twilight of Evolution* (Baker Book House, 1963), 103 pp.
76. Morris, Henry M., *History of Modern Creationism* (Institute for Creation Research, 1993), 444 pp.
77. Morris, Henry M., and Martin E. Clark, *The Bible Has the Answer* (Master Books, 1987), 394 pp.
78. Morris, John D., and Henry M. Morris, *Science, Scripture and the Young Earth* (Institute for Creation Research, 1989), 95 pp.
79. Morris, John D., *The Young Earth* (Master Books, 1994), 206 pp.
80. Mulfinger, George, ed., *Design and Origins in Astronomy* Creation Research Society, 1983), 151 pp.
81. Nelson, Ethel R. and C.H. Kang, *Discoveries in Genesis* (Concordia Publishing House, 1979), 139 pp.
82. Nelson, Ethel R. and Richard E. Broadberry, *Genesis and the Mystery Confucius Couldn't Solve*(Concordia Publishing House, 1994), 174 pp.
83. Oakland, Roger, G.S. McLean and L. McLean, *The Evidence of Creation* (1988), 185 pp.
84. Oakland, Roger, and Caryl Matrisciana, *The Evolution Conspiracy* (Harvest House, 1991), 216 pp.
85. Oard, Michael, *An Ice Age Caused by the Genesis Flood* (Institute for Creation Research, 1990), 243 pp.
86. Overton, Basil, *Evolution in the Light of Scripture, Science and Sense* (Apologetics Press, 1988), 165 pp.
87. Parker, Gary, *Creation: Facts of Life* (Master Books, 1994), 215 pp.
88. Parker, Gary and Henry M. Morris, *What is Creation Science?* (Master Books, 1987), 363 pp.

89. Pearcey, Nancy R. and Charles B. Thaxton, *The Soul of Science* (Bible Science Association, 1994), 349 pp.
90. Remine, Walter James, *The Biotic Message* (St. Paul Science, 1993), 538 pp.
91. Rohrer, Donald H. and Henry M. Morris, *The Decade of Creation* (Institute for Creation Research, 1980), 316 pp.
92. Rosevear, David, *Creation Science* (New Wine Press, 1991), 158 pp.
93. Rusch, Wibert H., *The Argument: Creationism vs. Evolutionism* (Creation Research Society, 1984), 87 pp.
94. Rybka, Theodore W., *Geophysical and Astronomical Clocks* (American Writing and Publishing Co., 1993), 134 pp.
95. Sharp, G. Thomas, *Science According to Moses* (Creation Truth Publ., 1992), 442 pp.
96. Sharp, Douglas, *Revoltuion Against Evolution* (Bible Science Assoc. 1993), 107 pp.
97. Sippert, Albert, *Evolution is Not Scientific* (Sippert Publ. Co., 1995), 466 pp.
98. Slusher, Harold S. *The Origin of the Universe* (Institute for Creation Research, 1980), 90 pp.
99. Slusher, Harold S. and Steven G. Robertson, *The Age of the Solar System* (Institute for Creation Research, 1982), 131 pp.
100. Sunderland, Luther D., *Darwin's Enigma* (Master Books, 1984), 177 pp.
101. Taylor, Charles V., *The Oldest Science Book in the World* (Assembly Press, 1984), 142 pp.
102. Taylor, Ian, *In the Minds of Men* (TFE Publishing, 1984), 498 pp.
103. Taylor, Paul and Ken Ham, *The Genesis Solution* (Baker Book House, 1988), 126 pp.
104. Taylor, Paul S., *The Illustrated Origins Answer Book* (Films for Christ, 1990), 128 pp.
105. Taylor, Paul and Mark Van Bebber, *Creation and Time* (Films for Christ, 1994), 128 pp.
106. Thompson, Bert, *Creation Compromises* (Apologetics Press, 1995), 303 pp.
107. Vardiman, Larry, *Ice Cores and the Age of the Earth* (Institute for Creation Research, 1993), 87 pp.
108. Von Fange, Erich A., *Helping Children Understand Genesis and the Dinosaur* (Living Word Services, 1992), 208 pp.
109. Von Fange, Erich A., *Genesis and the Dinosaur* (Living Word Services, 1990), 311 pp.
110. Von Fange, Erich A., *Noah to Abram: The Turbulent Years* (Living Word Services, 1994), 372 pp.
111. Watson, David C., *Myths and Miracles* (Creation Science Foundation, 1988), 118 pp.
112. Whitcomb, John C., *The World that Perished* (Baker Book House, 1988), 178 pp.
113. Whitcomb, John C., *The Early Earth* (Baker Book House,1986), 174 pp.
114. Whitcomb, John C., and Donald B. DeYoung, *The Moon* (BMH Books, 1978), 180 pp.
115. Whitcomb, John C., and Henry M. Morris, *The Genesis Flood* (Presbyterian and Reformed Publ. Co., 1961), 518 pp.
116. Whitcomb, Norma, *Those Mysterious Dinosaurs* (Presbyterian and Reformed Publ Co., 1991), 115 pp.
117. White, A.J. Monty, *How Old is the Earth?* (Presbyterian and Reformed), 126 pp.
118. White, A.J. Monty, *Wonderfully Made* (Presbyterian and Reformed), 128 pp.
119. Wilder-Smith, A.E., *The Natural Sciences Know Nothing of Evolution* (Master Books, 1981), 185 pp.
120. Wilder-Smith, A.E., *He Who Thinks Has to Believe* (Bethany House, 1981), 94 pp.
121. Wilder-Smith, A.E., *The Creation of Life* (Master Books, 1970), 251 pp.
122. Wilder-Smith, A.E., *Man's Origin. Man's Destiny* (Bible Science Association, 1968), 320 pp.
123. Wilder-Smith, A.E., *Scientific Alternative to Neo-Darwinian Evolutionary Theory* (TWFT Publ., 1987), 198 pp.
124. Williams, Emmett L., *Thermodynamics and the Development of Order* (Creation Research Society, 1981), 141 pp.
125. Willis, Tom, *Real Scientists Just Say NO!* (Mid-America Creation Science Association, 1993), 110 pp.
126. Wilson, Clifford, *Visual Highlights of the Bible: From Adam to Abraham* (Pacific Christian Ministries, 1993), 147 pp.
127. Woodmorappe, John, *Studies in Flood Geology* (Institute for Creation Research, 1993), 208 pp.

128. Woodmorappe, John, *Noah's Ark: A Feasibility Study* (Institute for Creation Research, 1996), approx. 300 pp.
129. Wysong, Randy, *The Creation-Evolution Controversy* (Inquiry Press, 1976), 455 pp.
130. *Dr. Henry Morris is Founder and President Emeritus of ICR.
131. Cite this article: Henry M. Morris, Ph.D. 1995. The Young-Earth Creationist Bibliography. *Acts & Facts*. 24 (11). Institute For Creation Research. Online.

LYS B (Teológies/Inspirasioneel/Histórie)

1. Ankerman, John & Weldon, John. *Ready With An Answer*. Eugene, Oregon. Harvest House, 1997.
2. Archer, Gleason L. *The Encyclopedia Of Bible Difficulties*. Grand Rapids. Zondervan, 1982.
3. Barnett, Paul. *Is The New Testament History?* Ann Arbor, Michigan. Vine, 1986.
4. Barnett, Paul. *Jesus And The Logic Of History*. Grand Rapids. Eerdmans, 1997.
5. Behe, Michael J. *Darwin's Black Box: The Biochemical Challenge To Evolution.* [New York, Touchstone, 1996]
6. Behe, Michael J. et al. *Science And Evidence For Design In The Universe.* San Francisco. Ignatius, 1999].
7. Blomberg, Craig. Edited by Michael J. Wilkins & J.P. Moreland. *Jesus Under Fire.* Grand Rapids. Zondervan, 1995.
8. Blomberg, Craig. *The Historic Reliability Of The Gospels*. Downers Groves, Illinois. InterVarsity Press, 1987.
9. Boettner, Loraine. *Roman Catholicism*. London. The Banner of Truth Trust, Presbyterian & Reformed Publishing Co., 1962.
10. Boyd, Gregory A. *Cynic Sage Or Son Of God? Recovering The Real Jesus In An Age Of Revisionist Replies*. Wheaton, Illinois. BridgePoint, 1995.
11. Bruce, F.F. *The Canon Of Scripture*. Downers Grove, Illinois. InterVarsity Press, 1988.
12. Bruce, F.F. *The New Testament Documents: Are They Reliable?* Grand Rapids. Eerdmans, 1960.
13. Bruce, F.F. *Jesus And Christian Origins Outside The New Testament*. Grand Rapids. Eerdmans, 1974.
14. Collins, Gary R. *Can You Trust Psychology?* Downers Grove, Illinois. InterVarsity Press, 1988.
15. Craig, William Lane & Zindler, Frank. *Atheism vs. Christianity: Where Does The Evidence Point?* Grand Rapids. Zondervan, 1993.
16. Craig, William Lane. *Reasonable Faith*. Westchester, Illinois. Crossway, 1994.
17. Craig, William. *Enemy At The Gates: The Battle For Stalingrad.*
18. Dembski, William. *The Design Revolution: Answering The Toughest Questions About Intelligent Design.* InterVarsity Press, 2004.
19. Denton, Michael. *Nature's Destiny.* New York. The Free Press, 1998.
20. Denton, Michael. *Evolution: A Theory In Crisis.* Mt. Bethesda. Adler & Adler, 1986.
21. Dunn, James. *The Living Word*. Philadelphia. Fortress, 1988.
22. Edwards, William D. et al. *On The Physical Death Of Jesus Christ*. Journal Of The American Medical Association (March 21, 1986), pp.1455-63.
23. Ferrell, Vance. B.A., M.A., B.D. *Science versus Evolution*. Evolution-Facts Inc., 2001.
24. Ferrell, Vance. B.A., M.A., B.D. *The Evolution Handbook.* Evolution-Facts Inc., 2001.
25. Finegan, Jack. *The Archaeology Of The New Testament*. Princeton. University Press, 1992.
26. Foreman, Dale. *Crucify Him*. Grand Rapids. Zondervan, 1990.
27. Foxe John. *Foxe's Christian Martyrs.* Barbour Publishing Inc., Ohio, 2005.
28. France, R.T. *The Evidence For Jesus.* Downers Grove, Illinois. InterVarsity Press, 1986.
29. Fruchtenbaum, Arnold. *Jesus Was A Jew*. Tustin, California. Ariel Ministries, 1981.
30. Frydland, Rachmiel. *What The Rabbis Know About The Messiah*. Cincinnati. Messianic, 1993.
31. Geisler, Norman L. & William, E. Nix. *A General Introduction To The Bible*. 1968. Chicago. Moody Press, 1980 [Reprint].
32. Goebbels, Joseph. *The Goebbels Diaries.* London, England. Sphere Books Ltd., 1982.
33. Green, Michael. *Christ Is Risen: So What?* Kent, England. Sovereign World, 1995.

34. Habermas, Gary & Flew, Antony. *Did Jesus Rise From The Dead? The Resurrection Debate*. San Francisco. Harper & Row, 1987.
35. Habermas, Gary & Moreland, J.P. *Beyond Death: Exploring The Evidence For Immortality*. Westchester, Illinois. Crossway, 1998.
36. Habermas, Gary. *The Historical Jesus*. Mo. College Press, 1996.
37. Hagee, John. *Jerusalem Countdown: A Warning To The World*. Lake Mary, Florida. Frontline, 2006.
38. Ham, Ken. *The Lie: Evolution.* Green Forest, AR. Master Books, 1987.
39. Hanegraff, Hank. *The Face That Demonstrates The Farce Of Evolution.* Nashville. Word, 1998.
40. Harris, Murray J. *Jesus As God*. Grand Rapids. Baker, 1993.
41. Harris, Murray J. *Three Crucial Questions About Jesus*. Grand Rapids. Baker, 1991.
42. Hengel, M. *Crucifixion In The Ancient World*. Philadelphia. Fortress, 1977.
43. Hitchens, Peter (2010) The Rage Against God: How Atheism Led Me To Faith. Zondervan
Huyghe René, et al. *Larousse Encyclopedia Of Prehistoric & Ancient Art*. London. Paul Hamlyn, 1957.
44. Johnson, Luke Timothy. *The Real Jesus*. San Francisco. HarperSan Francisco, 1996.
45. Johnson, Phillip E. *Darwin On Trial*. InterVarsity Press, 1993.
46. Josephus, Flavius (Translation: William Whiston, A.M.). *Josephus Complete Works.* Grand Rapids, Michigan. Kregel Publications, 1960.
47. Kaiser, Walter C. Jr. *The Messiah In The Old Testament*. Grand Rapids. Zondervan, 1995.
48. Kuhlman, Kathryn. *I Believe In Miracles*. London, England. Lakeland, Marshall, Morgan & Scott, 1962.
49. Lewis, C.S. *Fern-seed And Elephants*. Glasgow, England. Fount Paperbacks, 1975.
50. Lewis, C.S. *Mere Christianity*. Glasgow, England. Fount Paperbacks, 1944.
51. Lewis, C.S. *Miracles*. London, England. HarperCollins Publishers, 1947.
52. Lewis, C.S. *Surprised By Joy*. London, England. HarperCollins Publishers, 1955.
53. Lewis, C.S. *The Screwtape Letters*. London. Collins-Fontana, 1942.
54. Lewis, C.S. *The Problem Of Pain*. London, England. HarperCollins Publishers, 1940.
55. Lindsey, Hal. *The Liberation Of Planet Earth*. Zondervan Publishing Company & Bantam Books, 1974, 1976.
56. Lockyear, Herbert. *All The Messianic Prophecies Of The Bible*. Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing House, 1973.
57. Lubenow, Martin L. *Bones Of Contention.*
58. Marshall, I. Howard. *I Believe In The Historical Jesus*. Grand Rapids. Eerdmans, 1977.
59. Marshall, I. Howard. *The Origins Of New Testament Christology*. Downers Grove, Illinois. InterVarsity Press, 1976.
60. Martin, W.J. *The Deity Of Christ*. Chicago. Moody Press, 1964.
61. Mc Dowell, Josh & Wilson, Bill. *He Walked Among Us*. Nashville. Nelson, 1994.
62. McBirnie, William Steuart Ph.D. *The Search For The Twelve Apostles.* Illinois. Tyndale House Publishers, 1973.
63. McDowell, Josh & Larson, Bart. *Jesus: A Biblical Defense Of His Deity*. San Bernadino, California. Here's Life, 1983.
64. McDowell, Josh. *More That A Carpenter*. Carol Stream, Illinois. Tyndale House Publishers, Inc., 1977, 2005.
65. McDowell, Josh. *The Resurrection Factor*. San Bernadino. California. Here's Life, 1981.
66. McGrath, Alister. *Dawkins' GOD: Genes, Memes, And The Meaning Of Life.* Victoria, Australia. Blackwell Publishing, 2007.
67. McRay, John. *Archaeology And The New Testament*. Grand Rapids, Baker, 1001.
68. Meir, Golda. *My Life.* London, Futura Publications Ltd., 1975.
69. Metzger, Bruce. *The Canon Of The New Testament*. Oxford. Clarendon Press, 1987.
70. Moreland, J.P. *Scaling The Secular City*. Grand Rapids. Baker, 1987.
71. Morison, Frank. *Who Moved The Stone?* Grand Rapids. Zondervan, 1987.
72. Moule, C.F.D. *The Origins Of Christology*. Cambridge. Cambridge University Press, 1977.
73. Moule, C.F.D. *The Phenomenon Of The New Testament*. London. SCM Press, 1967.
74. Pate, C. Marvin & Pate, Sheryl L. *Crucified In The Media*. Grand Rapids, Michigan. Baker Publishing Group, 2005.
75. Patzia, Arthur G. *The Making Of The New Testament*. Downers Grove. Illinois. InterVarsity Press, 1995.
76. Pfeiffer, Charles F. and Vos, Howard F. *The Wycliffe Historical Geography Of Bible Lands*. Chicago. Moody Press, 1967.

77. Proctor, William. *The Resurrection Report*. Nashville. Broadman & Holman, 1998.
78. Rosen, Moishe. *Y'shua, The Jewish Way To Say Jesus*. Chicago. Moody Press, 1982.
79. Rosen, Ruth ed. *Jewish Doctors Meet The Great Physician*. San Francisco. Purple Pomegranate, 1997.
80. Russell of Liverpool, Lord. C.B.E., M.C. *The Scourge Of The Swastika.* London, England. Cassell & Co, Ltd., 1954.
81. Sada, Georges & Black, Jim Nelson. *Saddam's Secrets*. Brentwood, TN. Integrity Publishers, 2006.
82. Sampson, Philip. *Six Modern Myths.* Downer's Grove, Illinois. InterVarsity Press, 2000.
83. Sereny, Gitte. *Speer's Battle With Truth.* London, England. Macmillan General Books, 1995.
84. Sheikh, Bilquis. *I Call Him Father*. Lincoln, Virginia. Chosen Books, 1977.
85. Speer, Albert. *Inside The Third Reich.* London, England. Weidenfeld & Nicolson, 1970.
86. Spurgeon, Charles H. *Lectures To My Students*. Basingstoke, Hants, UK. Marshall, Morgan & Scott.
87. Stott, John. *Basic Christianity*. Grand Rapids. Eerdmans, 1986.
88. Stowell, Joseph. *I Would Follow Jesus*. Chicago. Moody Publishers, 2005.
89. Strobel, Lee. *The Case For A Creator*. Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing Company, 2004.
90. Strobel, Lee. *The Case For Christ*. Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing Company, 1998.
91. Strobel, Lee. *The Case For Faith*. Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing Company.
92. Telchin, Stan. *Betrayed?* Grand Rapids. Chosen, 1982.
93. Ten Boom, Corrie. *The Hiding Place.* Minneapolis, Minnesota. World Wide Publications, 1971.
94. Thompson, J.A. *The Bible And Archaeology*. Grand Rapids. Eerdmans, 1975.
95. Trevor-Roper, Hugh. *The Last Days Of Hitler.* London, England. Pan Books Ltd., 1947.
96. Warren, Rick. *The Purpose Driven Life*. Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing Company, 2002.
97. Wells, Jonathan. *Icons Of Evolution: Why Much Of What We Teach About Evolution Is Wrong.* Washington, D.C., Regnery, 2000.
98. Witherington, Ben, III. *The Christology Of Jesus*. Minneapolis. Fortress, 1990.
99. Wilkins, Michael J. & Moreland, J.P. *Jesus Under Fire*. Grand Rapids. Zondervan, 1995.
100. Yamauchi, Edwin. *The Stones And The Scriptures*. New York. J.B. Lippencott, 1972.
101. Yancey, Philip. *Where Is God When It Hurts?* Grand Rapids, Michigan.
102. Zodhiates, Spiros. *Was Christ God?* Grand Rapids. Eerdmans, 1966.

OUTEUR PROFIEL

P. J. Stassen, gebore in 1947 in Randgate, Suid-Afrika, beskik oor ‘n B.A. graad in Bedryfsielkunde en Sosiologié (Bedryfs) van die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA). ‘n Voormalige sakeman wie, ná sy verpligte militêre diensplig in 1966, sy loopbaan in ‘n Tekstiel & Algemene Handelaar sake-onderneming begin het soos gestig in 1964 deur sy vader, waarna hy in verskeie hoedanighede in die kleinhandel omgewing gewerk het totdat hy in 1986 by Kumba Resources (voorheen YSKOR) in die Bosveld omgewing van Thabazimbi gearriveer het.

In Thabazimbi het hy in 1997, ná ongeveer 11 jaar se diens, uitgetree en na Pretoria verhuis. Ten tye van sy aftrede in 2013, was hy deeltyds betrokke in die veld van Beroepsgesondheid & Veiligheid Opleiding by ‘n firma in Randburg. P.J. Stassen en sy eggenote woon tans in Centurion, Suid-Afrika en albei het deur die jare onder andere ook opgetree as musikante in verskeie gemeentes van hul denominasie, bv. in stede/dorpe soos Vanderbijlpark, Bloemfontein, Thabazimbi, Sinoville, Witpoortjie, Klerksdorp en Centurion.

P.J. Stassen skryf graag in die veld van die Bybelse Skeppingsleer, die Christen Apologétika (Oorredende Evangelisasie) en die Evangéliese Christendom.

Foto:

PJ Stassen
Valley View Laan,
Puntanshill, Durban
(1964)







Only one life that will soon be past; only what's done for Jesus Christ will last!

ENQUIRIES/NAVRAE
PJ Stassen
EvangelismRSA
SOUTH AFRICA/SUID-AFRIKA
E-mail:/E-pos pjstassen@gmail.com



"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie."

(Jesus van Nasaret, ± 33 N.C.)

[Mattheus24:35; Markus13:31; Lukas 21:33AOV].

ANDER BOEKE DEUR DIESELFDE OUTEUR

Christianity: Saviour on a Mission

Christianity: The Invitation Still Stands

Christianity: Fighting the Good Fight

Christianity: Keeping the Faith

Christianity: Confronting the Trojan Horse in the Church

Meditations & Contemplations: Straight out of Joburg!

Choosing the Right Side of History

Debunking the Myth of Atheism-Evolutionism

Christianity vs. Atheism: Rebuttal of Bertrand Russell's 'Why I Am Not a Christian